

DIE BEELD VAN DIE ANC SOOS GEREFLKTEER IN *BEELD EN THE STAR* VANAF 1989 TOT 1993

Lynnette Mitzi Serfontein

B.A.(Komm.), B.A. Honns. (PU vir CHO)

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in die Departement Kommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. dr. H.J. Groenewald

Medestudieleier: Prof. dr. A.S. de Beer

Potchefstroom
1995

ABSTRACT

The image of the ANC as portrayed in *Beeld* and *The Star* from 1989 to 1993

According to the functional approach, society consists of interdependent sub-systems. In terms of the agenda-setting hypothesis, the mass media, as a sub-system of society, can select and emphasize certain news items, and by setting the media agenda in this way, actually construct a media reality. When these assumptions are applied in terms of political organizations, it means that the media portray a specific image of a political group by emphasising certain traits of the group.

*After thirty years, the ANC was unbanned in 1990. This meant that the ANC had to transform itself by 1994 from a liberation movement to a democratically elected political organisation. The South African press played an important role in reflecting this change in image to society. It was the aim of this study to focus on the image of the ANC portrayed by two leading South African newspapers, *Beeld* and *The Star*, from 1989 to 1993.*

A content analysis of issues relating to the ANC's image was done. As it was impossible to analyse all aspects of the ANC's image, this study focused on the image of the ANC regarding the use of violence as political strategy, negotiation and political transformation, policy making and the image of the ANC leader Nelson Mandela and his estranged wife Winnie Mandela.

*Both papers emphasized that the ANC broadly denounced the use of violence as political strategy. Coinciding with that, the image was also created that the ANC, and especially Nelson Mandela, were increasingly in favour of a negotiated political settlement. In terms of agenda-setting, the ANC policy didn't become more important towards 1993, but it was significant that both *Beeld* and *The Star* portrayed a change in the policy of the ANC, specifically the economic policies of nationalization and sanctions. Nelson Mandela was increasingly portrayed as negotiator, while Winnie Mandela was dissociated from the ANC.*

Voorwoord

Graag wil ek 'n woord van dank teenoor die volgende persone uitspreek wat dié studie vir my moontlik gemaak het.

- In die eerste plek alle eer en dank aan my Skepper, sonder wie se leiding en vertroosting hierdie verhandeling nie moontlik sou wees nie.
- Aan my studieleier, prof. H.J. Groenewald, en medestudieleier, prof. A.S. De Beer - baie dankie vir al u studieleiding, raad en aanmoediging.
- 'n Woord van dank aan al my kollegas in die Departement Kommunikasie, PU vir CHO, vir volgehoue ondersteuning. In die besonder 'n dankie aan die volgende kollegas wat elkeen op hul onderskeie vakgebiede 'n daadwerklike bydrae tot my verhandeling gelewer het, mnr. J.D. Froneman, mev. A.M.E. Naudé, dr. P.J. Schutte en dr. D. van der Waldt.
- Aan my Ouers, Tiaan en Connette baie dankie vir al julle raas, troos, aanmoediging en baie koppies koffie in tye van moedeloosheid.
- Aan die SNO dank vir finansiële ondersteuning. Die standpunte in die studie kan egter nie aan die SNO toegeskryf word nie en is die standpunte van die navorser.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOELSTELLINGS

1.1 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.2 DOELSTELLINGS	3
1.2.1 Algemene doelstelling	3
1.2.2 Spesifieke doelstellings	3
1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLINGS.....	4
1.4 OMVANG VAN DIE STUDIE	5
1.5 BEGRIPOMSKRYWINGS	7
1.6 METODE	9
1.6.1 Literatuurondersoek	9
1.6.2 Empiriese ondersoek.....	10
1.7 HOOFSTUKINDELING	10

HOOFSTUK 2

POLITIEKE MEDIAREALITEIT: DIE VERHOUDING TUSSEN DIE PERS EN POLITIEKE SUBSISTEME IN DIE SAMELEWING

2.1 INLEIDING.....	12
* 2.2 FUNKSIONELE BENADERING	12
2.2.1 Basiese uitgangspunte van die funksioneel-analitiese benadering	12
2.2.2 Die afhanklikheidsteorie	15
2.2.3 Motivering vir die gebruik van die funksionele benadering	16
2.3 VORMING VAN 'N SOSIALE REALITEIT	16
2.3.1 Konstruktivisme	17
2.3.2 Sosiale konstruksie: 'n kommunikasieperspektief.....	18
2.3.2.1 Vroeë navorsing oor die konstruksie van die realiteit.....	19
* 2.4 AGENDASTELLINGSHIPOTESE	21
2.4.1 Agendastelling en die bestudering van media-effekte	21
2.4.2 Navorsing van McCombs en Shaw	22
2.4.3 Die agendastellingsproses	23

2.4.4 Die openbare agenda	24
2.4.5 Faktore wat moontlik die agendastellingsproses beïnvloed	27
2.4.5.1 Behoefte aan oriëntasie	27
2.4.5.2 Opsigtelike en onopsigtelike strydpunte en kognitiewe begronding	28
2.4.5.3 Sloertyd	30
2.4.5.4 Konkrete vs abstrakte strydpunte	32
2.4.5.5 Media	34
2.4.5.6 Interpersoonlike kommunikasie	34
2.4.6 Verdere implikasies van agendastelling	35
2.4.6.1 Persoonlikheidsbeklemtoning en instrumentele aktualisering	36
2.4.7 Media-agenda	38
2.4.7.1 Strydpunte vs gebeure	38
2.4.7.2 Verpakking van die media-agenda	39
2.4.7.2.1 Nuusvensters	39
2.4.7.3 Faktore wat 'n rol by die vorming van die media-agenda speel	40
2.4.7.3.1 Interne faktore	41
2.4.7.3.2 Eksterne faktore	41
* 2.5 DIE SUID-AFRIKAANSE PERSOPSET	42
2.5.1 Engelstalige pers	43
2.5.1.1 Argus-groep	43
2.5.2 Die Afrikaanstalige pers	46
2.5.2.1 Nasionale Pers	47
2.5.3 Noodtoestand	50
2.6 POLITIEK: 'N GEMEDIEERDE REALITEIT	52
2.7 SAMEVATTING	55

HOOFSTUK 3

DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS: POLITIEKE STRATEGIE EN DIE ROL VAN DIE MEDIA

3.1 INLEIDING	57
3.2 DIE BEGINJARE VAN DIE ANC	58
3.2.1 Aanvanklike doelstellings van die ANC	58
3.2.2 Die begin van 'n massabeweging	59
3.2.3 Gewapende opstand	60
3.3 DIE ANC AS REGERING IN BALLINGSKAP	60
3.3.1.1 Implementering van die <i>people's war</i> -strategie	61
3.3.1.2 Politieke pilaar: regverdiging van die <i>people's war</i> strategie	62
3.3.2 Massamobilisasie	63
3.3.2.1 Die United Democratic Front	64

3.3.2.2 Die Massa Demokratiese Beweging	64
3.3.2.3 Cosatu	64
3.3.3 Organisasiestruktuur van die ANC	65
3.3.4 Gewapende stryd	65
3.3.4.1 Die begin van protespolitiek	65
3.3.4.2 Soweto-onluste	67
3.3.4.3 Terreurdade	67
3.3.4.4 Rewolusionêre geweld in townships	69
3.3.4.5 Die reaksie van die NP-regering	72
3.3.4.5.1 Aanvalle op buurstate	72
3.3.4.5.2 Noodtoestand	73
3.3.5 Internasionale isolasie	74
3.3.5.1 Diplomatieke isolasie	75
3.3.5.2 Sanksieveldtog	76
3.3.5.3 Verhore as deel van die isoleringsproses	76
3.3.5.4 Konferensies	78
3.4 TERUGKEER NA KONVENSONELE WETTIGE POLITIEK	78
3.4.1 Organisasiestruktuur van die ANC	79
3.4.1.1 Vereniging van eksterne en interne organisasiestruktuur	79
3.4.1.2 Aanpassing van politieke strategie	81
3.4.1.2.1 Ekonomiese beleid	82
3.4.1.2.2 Behuisingsbeleid	84
3.4.1.2.3 Onderwysbeleid	85
3.4.1.2.4 Gesondheidsbeleid	85
3.4.1.2.5 Sportbeleid	86
3.4.2 Beleid ten opsigte van die gewapende stryd en onderhandeling	86
3.4.2.1 Gewelddadige optrede	87
3.4.2.1.1 Botsings tussen die ANC en Inkatha	87
3.4.2.1.2 Treinaanvalle	88
3.4.2.2 Onderhandeling	88
3.4.3 Boikotte en massa-aksie	90
3.5 SAMEVATTING	92

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK: METODOLOGIE

4.1 INLEIDING	93
4.2 INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE	94
4.2.1 Begripomskrywing	94
* 4.2.2 Kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsanalise	95
4.2.3 Manifeste en latente inhoud	96

✱ 4.3 VEREISTES VIR INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE.....	96
4.3.1 Betroubaarheid.....	96
4.3.2 Sisteemvereiste	97
4.3.3 Geldigheid.....	97
✱ 4.4 VOORDELE EN NADELE VAN INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE	98
4.4.1 Bruikbaarheid van inhoudsanalise.....	98
4.4.2 Probleme met inhoudsanalise	98
✱ 4.5 DIE RASIONAAL VIR DIE GEBRUIK VAN INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE.....	99
4.6 WERKWYSE	99
4.6.1 Steekproef.....	99
4.6.2 Steekproefeenheid	101
4.6.3 Ontwikkeling van kategorieë	102
4.6.3.1 Ontledingseenheid.....	102
4.6.3.2 Kontekseenheid.....	104
4.6.3.3 Ontwikkeling van koderingskriteria.....	104
4.7 OPLEIDING VAN KODEERDERS.....	106
4.8 BETROUBAARHEIDSTOETS	106
4.9 KODERING.....	107
4.9.1 Koderingsreëls	108
4.10 VERWERKING VAN DATA	109
4.11 BESPREKING EN AANBIEDING VAN DIE RESULTATE	110
4.12 SAMEVATTING	111

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN RESULTATE: DIE ANC SE BEELD TEN OPSIGTE VAN GEWELD AS POLITIEKE STRATEGIE

5.1 INLEIDING	111
5.2 ALGEMENE TENDENSE TEN OPSIGTE VAN DIE BEELD VAN DIE ANC MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN GEWELD AS POLITIEKE STRATEGIE.....	112
5.3 ONTLEDINGS VAN TEMAS IN DIE ONDERSOEK TYDPERK	114
5.3.1 Die gewapende stryd	114

5.3.3 Geweld in townships	123
5.3.4 Massa-aksie	126
5.3.5 Massa-oproer	130
5.3.6 Die ANC verbintenis met die SAKP	133
5.3.7 Trein-/busaanvalle	135
5.3.8 Bomontploffings	135
5.3.9 Algemene geweld	136
5.4 SAMEVATTING	136

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN RESULTATE: DIE ANC AS DEMOKRATIESE POLITIEKE BEWEGING

6.1 INLEIDING	138
6.2 STRUIKELBLOKKE IN POLITIEKE VERANDERING	139
6.2.1 Algemene tendense met betrekking tot temas wat verband hou met die struikelblokke in politieke verandering	140
6.2.2 Ontleding van die temas in die ondersoektydperk	141
6.2.2.1 Noodtoestand	141
6.2.2.2 Ontbanning van politieke organisasies	144
6.2.2.3 Terugkeer van bannelinge	145
6.2.2.4 Vrylating van politieke gevangenes	146
6.3 POLITIEKE DEELNAME EN ONDERHANDELING	148
6.3.1 Algemene tendense met betrekking tot stellings wat verband hou met politieke deelname en onderhandeling	149
6.3.2 Bespreking van die temas in die ondersoektydperk	150
6.3.2.1 Onderhandeling	150
6.3.2.2 Voorvereistes vir onderhandeling	155
6.3.2.3 Hervorming of politieke verandering	156
6.3.2.4 Nuwe grondwet en erkenning van die regte van minderhede	160
6.3.2.5 Regering	163
6.4 SAMEVATTING	166

HOOFSTUK 7

BESPREKING VAN RESULTATE: DIE ANC EN DIE FORMULERING VAN BELEID

7.1 INLEIDING	167
7.1.1 Algemene tendense by beriggewing oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i>	169

7.2 ONTLEDING VAN TEMAS IN DIE ONDERSOEKTYDPERK.....	170
7.2.1 Ekonomiese beleid	170
7.2.1.1 Sanksies	170
7.2.2 Nasionalisering.....	175
7.2.2.1 Herverdeling van rykdom	178
7.2.2.2 Algemene ekonomiese beleid	179
.....	180
7.2.3 Onderwysbeleid.....	181
7.2.3.1 Een onderwysdepartement.....	182
7.2.3.2 Stakings in die onderwys.....	183
7.2.3.3 Algemene onderwysbeleid	184
7.2.4 Gesondheidsbeleid	185
7.2.5 Sportbeleid	185
.....	186
7.2.6 Behuisingsbeleid	187
7.2.6.1 Informele behuising.....	187
7.2.6.2 Algemene behuisingsbeleid.....	188
7.2.7 Algemene beleidsaspekte	189
.....	190
7.3 SAMEVATTING	191

HOOFSTUK 8

BESPREKING VAN RESULTATE: DIE BEELD VAN NELSON MANDELA EN WINNIE MANDELA IN VERGELYKING MET BEELD VAN DIE ANC

8.1 INLEIDING	192
8.2 ALGEMENE TENDENSE BY DIE STELLINGS OOR NELSON MANDELA, WINNIE MANDELA EN DIE ANC	193
8.2.1 Nelson Mandela	195
8.2.2 Winnie Mandela	197
8.2.3 Die ANC.....	198
8.2.4 Evaluering.....	199
8.3 STELLINGS TEN OPSIGTE VAN GEWELD	200
8.3.1 Nelson Mandela	200
8.3.2 Die ANC.....	202
8.4 STELLINGS OOR POLITIEKE DEELNAME.....	204
8.4.1 Nelson Mandela	204
8.4.2 Die ANC.....	205
8.5 SAMEVATTING	207

HOOFSTUK 9

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1 INLEIDING	208
9.2 GEVOLGTREKKINGS	208
9.2.1 Literatuurstudie.....	208
9.2.1.1 Agendastellingshipotese van die pers	208
9.2.1.2 Die African National Congress.....	209
9.2.2 Empiriese gevolgtrekkings	210
9.2.2.1 Die ANC as organisasie wat geweld as politieke strategie voorstaan	210
9.2.2.2 Die ANC as demokratiese politieke beweging	213
9.2.2.3 Die ANC en beleidformulering	216
9.2.2.4 Nelson Mandela & Winnie Mandela.....	218
9.2.3 Samevattende gevolgtrekking.....	219
9.3 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	220
9.4 AANBEVELINGS.....	220
 Bibliografie.....	 221
Bylae A	242
Bylae B	250
Bylae C	254
Bylae D.....	246
Bylae E	265
Bylae F	283
Bylae G.....	299

Lys van figure

Figuur 2.1	Die vorming van 'n sosiale realiteit
Figuur 2.2	Aktuele, media-, ontvangers- en sosiale realiteit
Figuur 2.3	Die agendastellingsproses
Figuur 2.4	Behoeftes aan oriëntasie en agendastelling
Figuur 2.5	Konkrete en abstrakte strydpunte en agendastelling
Figuur 2.6	Terrorisme driehoek
Figuur 5.1	Persentasie uiteensetting van temas oor geweld in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> 1989-1993
Figuur 5.2	Persentasie uiteensetting van temas oor geweld in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> 1989-1993
Figuur 5.3	Persentasie uiteensetting van stellings oor die gewapende stryd in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 5.4a	Persentasie uiteensetting van stellings oor die gewapende stryd in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 5.4b	Persentasie uiteensetting van stellings oor die gewapende stryd in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 5.5	Persentasie uiteensetting van stellings oor veiligheidsoptrede in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> 1989-1993
Figuur 5.6a	Persentasie uiteensetting van stellings oor veiligheidsoptrede in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 5.6b	Persentasie uiteensetting van stellings oor veiligheidsoptrede in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 5.7	Persentasie uiteensetting van stellings oor geweld in <i>townships</i> in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 5.8	Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-aksie in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> 1989-1993
Figuur 5.9a	Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-aksie in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 5.9b	Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-aksie in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 5.10	Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-oproer in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 6.1	Persentasie uiteensetting van temas oor struikelbokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)

- Figuur 6.2 Persentasie uiteensetting van stellings wat verband hou met struikelbokke in politieke verandering in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.3 Persentasie uiteensetting van stellings oor die noodtoestand in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.4 Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.5 Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.6 Persentasie uiteensetting van stellings oor onderhandeling in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.7a Persentasie uiteensetting van stellings oor onderhandeling in *Beeld* (1989-1993)
- Figuur 6.7b Persentasie uiteensetting van stellings oor onderhandeling in *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.8 Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke hervorming in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.9a Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke hervorming in *Beeld* (1989-1993)
- Figuur 6.9b Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke hervorming in *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.10 Persentasie uiteensetting van stellings oor die noodsaaklikheid van 'n nuwe grondwet in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.11a Persentasie uiteensetting van stellings oor 'n nuwe grondwet in *Beeld* (1989-1993)
- Figuur 6.11b Persentasie uiteensetting van stellings oor 'n nuwe grondwet in *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.12 Persentasie uiteensetting van stellings oor die regering in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 6.13a Persentasie uiteensetting van stellings oor die regering in *Beeld* (1989-1993)
- Figuur 6.13b Persentasie uiteensetting van stellings oor die regering in *The Star* (1989-1993)
- Figuur 7.1 Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)
- Figuur 7.2 Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)

Figuur 7.3	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se ekonomiese beleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.4	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se beleid van sanksies in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.5a	Persentasie uiteensetting van stellings oor sanksies in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 7.5b	Persentasie uiteensetting van stellings oor sanksies in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.6	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se beleid van nasionalisering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.7a	Persentasie uiteensetting van stellings oor nasionalisering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 7.7b	Persentasie uiteensetting van stellings oor die nasionalisering in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.8	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene ekonomiese beleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.9a	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene ekonomiese beleid in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 7.9b	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene ekonomiese beleid in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.10	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se onderwysbeleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.11	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se sportbeleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.12	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se behuisingsbeleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 7.13	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene beleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 8.1	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC (1989-1993)
Figuur 8.2	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC (1989-1993)
Figuur 8.3a	Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor geweld in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Figuur 8.3b	Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor geweld in <i>The Star</i> (1989-1993)
Figuur 8.4a	Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor geweld in <i>Beeld</i> (1989-1993)

- Figuur 8.4b Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor geweld in *The Star* (1989-1993)
- Figuur 8.5a Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor politieke deelname in *Beeld* (1989-1993)
- Figuur 8.5b Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor politieke deelname in *The Star* (1989-1993)
- Figuur 8.6a Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor politieke deelname in *Beeld* (1989-1993)
- Figuur 8.6b Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor politieke deelname in *Beeld* (1989-1993)

Lys van tabelle opgeneem in Bylae D

Tabel 5.1	Persentasie uiteensetting van temas oor geweld in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 5.2	Persentasie uiteensetting van tems oor geweld in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 5.3	Persentasie uiteensetting van tems oor geweld in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 5.4	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor geweld in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 5.5	Persentasie uiteensetting van tems oor geweld in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 5.6	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor geweld in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 5.7	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>Beeld</i> (1989)
Tabel 5.8	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>The Star</i> (1989)
Tabel 5.9	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>Beeld</i> (1990)
Tabel 5.10	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>The Star</i> (1990)
Tabel 5.11	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>Beeld</i> (1991)
Tabel 5.12	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>The Star</i> (1991)
Tabel 5.13	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>Beeld</i> (1992)
Tabel 5.14	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>The Star</i> (1992)
Tabel 5.15	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>Beeld</i> (1993)
Tabel 5.16	Persentasie uiteensetting van bronne oor geweld in <i>The Star</i> (1993)

Lys van tabelle opgeneem in Bylae E

Tabel 6.1	Persentasie uiteensetting van temas oor die struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.2	Persentasie uiteensetting van temas oor die struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 6.3	Persentasie uiteensetting van temas oor die struikelblokke in politieke verandering in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.4	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.5	Persentasie uiteensetting van temas oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 6.6	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor struikelblokke in politieke verandering in <i>The Star</i> (1989-1993)

Tabel 6.7	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 6.8	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.9	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1990)
Tabel 6.10	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>The Star</i> (1990)
Tabel 6.11	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1991)
Tabel 6.12	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>The Star</i> (1991)
Tabel 6.13	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1992)
Tabel 6.14	Persentasie uiteensetting van bronne oor struikelblokke in politieke verandering in <i>Beeld</i> (1993)
Tabel 6.15	Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.16	Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 6.17	Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.18	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor politieke verandering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.19	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 6.20	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 6.21	Persentasie uiteensetting van van bronne oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989)
Tabel 6.22	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1989)
Tabel 6.23	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1990)
Tabel 6.24	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1990)

Tabel 6.25	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1991)
Tabel 6.26	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1991)
Tabel 6.27	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1992)
Tabel 6.28	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1992)
Tabel 6.29	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1993)
Tabel 6.30	Persentasie uiteensetting van bronne oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1993)

Lys van tabelle opgeneem in Bylae F

Tabel 7.1	Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 7.2	Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 7.3	Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 7.4	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 7.5	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> (1989)
Tabel 7.6	Persentasie uiteensetting van verspreiding van temas oor die ANC se beleid in <i>The Star</i> (1989)
Tabel 7.7	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> (1989)
Tabel 7.8	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>The Star</i> (1989)
Tabel 7.9	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> (1990)
Tabel 7.10	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>The Star</i> (1990)
Tabel 7.11	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> (1991)
Tabel 7.12	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>The Star</i> (1991)

Tabel 7.13	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>Beeld</i> (1992)
Tabel 7.14	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC se beleid in <i>The Star</i> (1992)
Tabel 7.15	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC in <i>Beeld</i> (1993)
Tabel 7.16	Persentasie uiteensetting van bronne oor die ANC in <i>The Star</i> (1993)

Lys van figure opgeneem in Bylae G

Tabel 8.1	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.2	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.3	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.4	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 8.5	Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.6	Persentasie uiteensetting van stellings oor Winnie Mandela in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 8.7	Persentasie uiteensetting van stellings oor Winnie Mandela in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.8	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 8.9	Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.10	Persentasie uiteensetting van stellings oor geweld in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.11	Persentasie uiteensetting van stellings oor geweld in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 8.12	Persentasie uiteensetting van stellings oor geweld in <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.13	Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke verandering in <i>Beeld</i> en <i>The Star</i> (1989-1993)
Tabel 8.14	Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke verandering in <i>Beeld</i> (1989-1993)
Tabel 8.15	Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke verandering in <i>The Star</i> (1989-1993)

Lys van Afkortings

ANC	African National Congress
NP	Nasionale Party
COSAS	Congress of South African Students
Cosatu	Congress of South African Trade Unions
NEC	National Executive Committee
JMS	Joint Management System
MK	Umkohonto we Seizwe
VN	Verenigde Nasies
HOP	Heropbou- en ontwikkelingsplan
NPU	Nasionale Pers Unie
KODESA	Konfensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
IVP	Inkatha Vryheidsparty

Hoofstuk 1

Inleiding en doelstellings

1.1 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING

Volgens die funksioneel-analitiese benadering bestaan die samelewing uit verskillende interafhanklike subsisteme. Die media-sisteem tree dikwels as skakel tussen die verskillende subsisteme op en die implikasie hiervan is dat die openbare sisteem grootliks van die media sisteem vir inligting oor die politieke sisteem afhanklik is (vgl. Jansen, 1979, De Beer, 1993a:23-34; Hoofstuk 2).

Meer spesifiek kan gesê word dat, volgens die agendastellingshipotese (vgl. MCombs & Shaw, 1972; Hoofstuk 2), die dagbladpers bepaalde vraagstukke in die samelewing identifiseer, beklemtoon en op die nuusagenda plaas. Hierdeur vervul die dagbladpers dan ook 'n besondere funksionele mediërende rol deur 'n mediarealiteit te skep deur beriggewing, vertolking en kommentaar oor nuusgebeure.

Die agendastellingshipotese veronderstel nie dat die pers 'n direkte invloed op die samelewing het nie, met ander woorde dit kan nie vir 'n individu voorskryf hoe om te dink nie, maar wel riglyne bied waaroor om te dink (McCombs & Shaw, 1972). Binne die konteks van realiteitskepping (vgl. De Fleur en Ball-Rokeach, 1982), beteken dit dat 'n nuusgebeurtenis binne 'n bepaalde konteks aangebied word en dat die pers so direk of indirek 'n oordeel oor die gebeurtenis vel. Dit is teen die agtergrond dat die konsepte *persoonlikheidsbeklemtoning* en *instrumentele aktualisering* ontwikkel het (vgl. McCombs, 1992; Edelstein, 1993; Brosius & Kepplinger, 1992). Daarvolgens evalueer die pers nie self 'n politieke groep nie, maar stel die kriteria daar waarvolgens die groep geëvalueer kan word.

In die huidige studie word spesifiek ondersoek na die beeld van die ANC ingestel soos dit in *Beeld* en *The Star*, tydens 'n tydperk van ingrypende politieke verandering in Suid-Afrika gereflekteer is. Die ontbanning van die ANC op 2 Februarie 1990, na dertig jaar, het die begin van 'n nuwe Suid-Afrikaanse politieke bedeling aangedui. Dit het die weg gebaan vir die afskaffing van apartheid en die daarstelling van 'n nuwe onderhandelde demokratiese politieke bedeling.

Die ANC was een van die belangrikste buite-parlementêre groepe in hierdie transformasieproses en het 'n deurslaggewende rol gespeel in die bepaling van 'n post-apartheid samelewing. In hierdie hele transformasieproses, het die leierskap van Nelson Mandela 'n belangrike rol gespeel en is hy dikwels as die versoenende staatsman geskets (vgl. paragraaf 3.4.1.1). Daarenteen het sy vrou, Winnie, wat tydens sy gevangenskap die titel van *moeder van die nasie* gekry het, na die ontbanning van die ANC begin om soms 'n verleentheid vir die ANC te word (vgl. paragraaf 3.3.5.3). Dit is daarom 'n akademies geldige en relevante vraag om te bepaal hoe die dagbladpers die ANC en sy leierskapfigure deur middel van die agendastellingshipotese getipeer en daardeur 'n bepaalde beeld van die ANC geskep het.

Weens die omvang van so 'n vraag, kan alle tersaaklike aspekte uiteraard nie in hierdie studie aangespreek word nie. Daarom word slegs gekonsentreer op watter beeld *Beeld* en *The Star* van bepaalde aspekte van die ANC, volgens die agendastellingshipotese, op die nuusagenda geplaas en watter mediarealiteitsbeeld daardeur na vore gekom het. Die spesifieke element waarop in hierdie ondersoek gefokus sal word, is die verskuiwing van die ANC as sogenaamde terroristiese/vryheidsvegtersorganisasie (vgl. Barrel, 1990; Norval, 1990) na 'n erkende politieke party in 'n demokratiese verkiesingsopset.

Die ontbanning van die ANC het beteken dat die ANC van erkende bevrydingsbeweging na 'n legitieme politieke beweging moes transformeer. Die implikasie hiervan was dat die ANC in 'n mindere of meerdere mate van die pers afhanklik was om 'n andersoortige beeld van die organisasie tydens hierdie oorgangsproses te projekteer. Tydens ballingskap, het dit die ANC gepas om as nasionale bevrydingsbeweging voorgestel te word en kon die gebruik van geweld as politieke strategie maklik geregverdig word. As wettige politieke organisasie is die ANC met 'n nuwe dilemma gekonfronteer. Aan die een kant was daar die eis om nog steeds op die gevestigde patroon van bevrydingsbeweging voort te gaan, maar aan die ander kant ook die eis om as 'n politieke party te organiseer en voor te berei vir onderhandeling en waarskynlike oorname van die regering. Dit het die implikasie gehad dat die ANC in die oorgangstadium 'n dubbele beeld moes projekteer om die tradisionele ondersteuners, maar ook die meer gematigde onderhandelaar, tevrede te stel. Hierdie dilemma het veral op drie wyses na vore gekom: die ANC se beeld ten opsigte van die gebruik van geweld as politieke strategie; die ANC se beeld as onderhandelaar en die beeld van die ANC se hergestruktureerde organisasiestruktuur. Laasgenoemde het veral ten opsigte van beleidformulering en

hersamestelling van die leierskapstruktuur en veral die rol van Nelson Mandela in die transformasieproses, na vore gekom (Norval, 1990:237-238; 421; Ottaway, 1991, 1991:2-3).

Na aanleiding van bogenoemde is die navorsingsvraag wat in hierdie studie aan die orde kom: Watter beeld van die ANC is in *Beeld* en *The Star* vanaf 1989 tot 1993 ten opsigte van sy politieke strategieë weerspieël ?

1.2 DOELSTELLINGS

1.2.1 Algemene doelstelling

Ten einde bogenoemde navorsingsvraag te beantwoord, is dit die doelstelling van die studie om deur middel van inhoudsanalise te bepaal watter beeld van die ANC deur *Beeld* en *The Star* ten opsigte van sy politieke strategie vanaf 1989 tot 1993 weerspieël is. Om dié doelstelling te bereik, moet meer spesifiek aan die volgende aandag gegee word.

1.2.2 Spesifieke doelstellings

- (a) Om deur middel van 'n literatuurstudie aan te toon dat die media en spesifiek die dagbladpers, deur middel van die agendastellingsfunksie van die pers, binne die konteks van die funksionele benadering, 'n mediarealiteit skep en so ook 'n bepaalde beeld van die ANC voorhou. Die implikasie van bogenoemde is dat die Suid-Afrikaanse persopset en die ANC ook aan die orde moet kom.
- (b) Om deur middel van inhoudsanalise ondersoek te doen na die wyse waarop *Beeld* en *The Star* die ANC ten opsigte van die gebruik van geweld as politieke strategie vanaf 1989 tot 1993 getipeer het.
- (c) Om deur middel van inhoudsanalise ondersoek te doen in watter mate *Beeld* en *The Star* die ANC vanaf 1989 tot 1993 getipeer het as organisasie wat vreedsame politieke verandering, onderhandeling en demokratiese politieke deelname voorgestaan het.
- (d) Om deur middel van inhoudsanalise te bepaal of *Beeld* en *The Star* na 2 Februarie 1990, toenemend meer blootstelling aan beleidsuitsprake (met spesifieke verwysing na ekonomiese, sport-, gesondheids-, behuisings- en

onderwysbeleid) van die ANC gegee het en op watter wyse *Beeld* en *The Star* hierdie uitsprake geëvalueer het.

- (e) Om deur middel van inhoudsanalise ondersoek te doen na die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela ten opsigte van die gebruik van geweld as politieke strategie en politieke onderhandeling vanaf 1989 tot 1993 in *Beeld* en *The Star*.

1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLINGS

Bogenoemde vrae berus op die sentrale aanname dat sowel *Beeld* as *The Star*, die ANC vanaf 1989 toenemend minder as 'n terreurbeweging en meer as 'n demokratiese politieke beweging getipeer het en sodoende 'n bydrae gelewer het om die ANC as legitieme politieke akteur te vestig.

Hierdie aanname berus op die volgende rigtinggewende argumente:

- Die kernaanname wat in hierdie studie gemaak word, is dat die media 'n mediërende rol speel tussen onder andere politieke groepe en die publiek en dat die media daardeur 'n mediarealiteit skep, wat ook beteken dat die media 'n bepaalde beeld van 'n politieke party kan voorhou.
- Volgens die agendastellingshipotese (vgl. persoonlikheidsbeklemtoning en instrumentele aktualisering) kan die media 'n politieke groep of persoon aan 'n bepaalde politieke strategie verbind. Deur dan dié bepaalde strategie te evalueer, spreek die media ook indirek 'n oordeel oor die politieke groep of persoon uit (vgl. MCombs, 1992; Edelstein, 1993; Brosius & Kepplinger, 1992).
- Die ANC het van 'n erkende bevrydingsbeweging na 'n demokraties verkose regerende party getransformeer, wat deel van die regering van nasionale eenheid in 1994 sou word (vgl. Ottaway, 1991; Norval, 1990). Dit het die implikasie dat die organisasie ook sy politieke strategieë sou moes aanpas en dienoreenkomstig 'n ander beeld in die dagbladpers moes weerspieël.
- Hoewel *Beeld* en *The Star* albei, voor 1990, hoofsaaklik die belange van blanke kapitaal en politiek verteenwoordig het (vgl. Louw, 1991; Owen, 1987), was daar veral sedert 1948, skerp ideologiese verskille tussen *Beeld* en *The Star*. *Beeld* het tradisioneel die NP-regering gesteun (vgl. Scholtz, 1992b; Scholtz, Du Plessis & De

Beer, 1992), terwyl *The Star* sterk kritiek teen die apartheidsbeleid uitspreek het (vgl. Benjamin, 1987; Clarke, 1987a; 1987b; Tyson, 1993). Dit het beteken dat *Beeld*, veral voor 1990, waarskynlik meer krities teenoor die ANC as *The Star* sou staan, maar dat verwag kon word dat albei koerante na 1990, 'n positiewer beeld van die ANC sou reflekteer.

1.4 OMVANG VAN DIE STUDIE

'n Literatuurondersoek vir hierdie studie het aan die lig gebring dat die meeste fasette wat aan die orde kom, reeds goed gedokumenteerd is. Daar is al heelwat navorsing oor die algemeen binne die konteks van die funksionele benadering, oor die interafhanklikheid tussen die media en politieke groepe gedoen (vgl. De Fleur, 1970; Vorster, 1986; De Fleur & Ball-Rokeach, 1982; Hiebert, Ungurait & Bohn, 1991). Die verhouding tussen die media en gewelddadige en/of terreurbewegings is ook goed gedokumenteerd (vgl. Samuel, 1989; Tan, 1988; Tan, 1989; Vorster, 1984; Gerrits, 1992; Weiman & Brosius, 1991; Muller, 1986; Alexander, 1978; Bassiouni, 1982; De Beer, 1993b).

Die agendastellingsfunksie van die pers is 'n gevestigde teoretiese benadering in die vakgebied van massakommunikasie, en daar bestaan reeds meer as twintig jaar se navorsingsresultate (vgl. McCombs & Shaw, 1972; Rogers & Dearing, 1988; Rogers & Dearing, 1993; McCombs, 1992; McCombs & Shaw, 1993). In hierdie studie is nie gepoog om die agendastellingsfunksie te toets nie, maar die gegewe literatuur is as uitgangspunt geneem om aan te toon dat die media deur die beklemtoning van bepaalde nuusgebeurtenisse en strydpunte 'n bepaalde mediarealiteit daar kan stel (vgl. Shapiro, 1991; Arbib & Hesse, 1986; Watzlawick, 1984). In hierdie studie word egter nie 'n filosofiese ondersoek na die aard van die werklikheid onderneem nie, maar slegs ondersoek gedoen na die werklikheid wat *Beeld* en *The Star* ten opsigte van die ANC voorgehou het.

Ten spyte daarvan dat die ANC vir dertig jaar lank in Suid-Afrika 'n verbode organisasie was, is die historiese ontwikkeling van die ANC goed gedokumenteerd. Veral na die ontbanning van die ANC, het heelwat publikasies verskyn en is plaaslike literatuur in Suid-Afrika oor die ANC geredelik beskikbaar (vgl. Norval, 1990; Esterhuyse & Nel, 1990; Le Roux, 1993; Lodge & Nassen, 1991; Holland, 1989; Mbeki, 1992). In die huidige studie word ook geensins 'n diepgaande studie oor die ANC *per se* onderneem nie, maar die ontwikkeling van die ANC se politieke strategieë sedert sy stigting word wel bespreek ten einde te bepaal in watter mate *Beeld* en *The Star* na die ontbanning van die ANC nuwe of andersoortige

politieke strategieë van die ANC gereflekteer het. In hierdie studie handel dit dus nie primêr oor 'n historiese oorsig van die ANC nie, maar watter beeld van die ANC in *Beeld* en *The Star* weerspieël is. As sodanig word daar aanvaar dat die studie nie 'n volledige analise van die ANC is nie. Daar is al studies oor die beeld van die ANC (vgl. Valentin, 1987) onderneem. Sover vasgestel kon word, is daar egter nog geen navorsing oor die beeld van die ANC gepubliseer, met betrekking tot die verandering van terreurbeweging na politieke party, in dié bepaalde ondersoektydperk, binne die konteks van die agendastellingsfunksie van die pers nie.

Dit is hierdie leemte wat in die huidige studie aangespreek word. In hierdie studie gaan spesifiek ondersoek ingestel word na nuus- en kommentaardekking van die ANC in *Beeld* en *The Star* vanaf 1989 tot 1993. Die kwessie gaan vanuit die funksioneel-analitiese benadering en spesifiek die agendastellingsfunksie bespreek word.

Die ondersoektydperk (1989-1993) is as gevolg van die historiese belangrikheid daarvan gekies. Dit word gesien as die tydperk waarin die ANC gekonfronteer is met die probleem om homself as legitieme politieke rolspeler te vestig, voordat die eerste algemene demokratiese verkiesing in April 1994 in Suid-Afrika sou plaasvind.

Omdat dit 'n onmoontlike taak is om die totale spektrum van die dagbladpers te ondersoek, is die studie beperk tot die bestudering van *Beeld* en *The Star*. Die koerante is 'n besondere wins vir die huidige studie omdat die twee koerante vir die doeleindes van wetenskaplike media-analise in talle opsigte vergelykbaar is: ten tyde van die ondersoek was *Beeld* en *The Star* die dagblaie met onderskeidelik die hoogste Afrikaanstalige en Engelstalige oplaag (vgl. Hoofstukke 2 & 4); albei verskyn in Johannesburg wat 'n analise van nuusvloei vergemaklik; albei kan as sogenaamde kwaliteitskoerante (teenoor populêre tabletgrootte-koerante) beskou word; albei het geloofwaardigheid binne hul lesersgemeenskap, as die belangrikste of voorste koerante in hul kategorie.

1.5 BEGRIPOMSKRYWINGS

Vir groter duidelikheid word 'n paar begrippe omskryf, wat vir die studie van belang is.

- **Mediarealiteit**

Verwys na die vermoë van die media, om as gevolg van sy mediëringsfunksie, 'n mediarealiteit - wat nie noodwendig met die outentieke realiteit ooreenkom nie - aan die publiek te kan voorhou (vgl. De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:234-247; Von Glasersfeld,

1984; Hoofstuk 2). Dit kom ooreen met Lippmann (1922:468) se konsep van *the world outside and the pictures in our head* (vgl. paragraaf 2.3.2). Daar word met ander woorde onderskei tussen 'n outentieke werklikheid (die werklikheid soos dit bestaan), mediarealiteit (die beeld wat die media van die werklikheid bring) en ontvangerswerklikheid (die wyse waarop die ontvanger die mediarealiteit ervaar). In die huidige studie word primêr na die mediarealiteit ondersoek gedoen (vgl. paragrawe 2.3 & 2.6).

- **Beeld**

Beeld is die bewustelike beskouing van 'n individu, groep of objek wat deur ondervinding en waarneming aangepas word. In die konteks van hierdie studie word aanvaar dat die beeld van 'n politikus of politieke party dus die persepsie of beskouing is, wat 'n individu of groep daarvan het en dit kan die opinie, houding en selfs gedrag van die individu of groep beïnvloed (Kotzé & Van Wyk, 1986:13). Vir die doeleindes van hierdie studie, verwys *beeld van die ANC* spesifiek na die verbale voorstelling of persepsie van die ANC wat *Beeld* en *The Star* aan hul onderskeie lesers voorgehou het.

- **Gewelddadige optrede**

Gewelddadige optrede word in hierdie studie as sambreelterm gebruik om te verwys na die verskillende vorme van geweld, insluitende terreur, wat die ANC as politieke strategie gebruik het. Dit verwys egter ook na byvoorbeeld massa-onrus en geweldpleging in swart woonbuurte (vgl. De Beer, 1993b:37; Hudson, 1990:33-36). Wanneer die term terreur gebruik word, verwys dit spesifiek na die meer tradisionele dade van terreur¹ byvoorbeeld bomaanvalle

- **Regering**

Vir die doeleindes van die studie word aanvaar dat verwysings na die regering verwys na die NP-regering wat ten tyde van die ondersoek (1989-1993) aan bewind was².

1 Daar word na die ANC as terreurbeweging binne hierdie konteks verwys, naamlik dat die ANC 'n politieke beweging is wat soms van geweld as politieke strategie gebruik gemaak het. Dit word nie gebruik om die ANC as 'n terroristiese organisasie te tipeer nie.

2 Alle plekname in die studie is soos dit ten tyde van die ondersoek, in 1989 tot 1993, was.

- ***Establishment***

Vir die doeleindes van die studie word die establishment beskou as die regering (soos hierbo beskryf) en al die metodes, wat die regering ingespan het om aan bewind te bly, asook die ondersteuners van die politieke *status quo* (vergelyk Tomaselli & Louw, 1989:72-74).

- ***Nuus/beriggewing***

Nuus is, sover as moontlik, 'n objektiewe verslag van 'n unieke resente gebeurtenis of aktuele onderwerp (vergelyk De Beer, 1982:3-6). Daar moet egter in gedagte gehou word dat nuus nie aan die nuusgebeurtenis gelyk gestel kan word nie. Dit bly 'n poging van die joernalis/nuusorganisasie om die werklikheid of nuusgebeurtenis in verslagvorm weer te gee en sodoende word die nuusgebeurtenis in 'n berig/kommentaar gerekonstrueer (De Beer, 1994:133).

- ***Kommentaar***

Vir die doel van die studie word kommentaar beskou as die verklaring, verduideliking en inkleding van nuus. Dit verteenwoordig die betrokke koerant se standpunt oor die gebeure van die dag. Die begrippe redaksionele kommentaar en hoofartikel word telkens gebruik om na dié kommentaar te verwys (Wainwright, 1982:79).

- ***Strydpunt***

Die term strydpunt word binne die konteks van agendastelling gebruik om te verwys na nuusgebeure, wat volgens die agendastellingshipotese, beklemtoon word of op die nuusagenda geplaas word. Dit verwys met ander woorde nie net na konfliktsituasies of standpunte nie, maar na *salient issues* oor die algemeen.

1.6 METODE

1.6.1 Literatuurondersoek

In die literatuurondersoek gaan aangetoon word dat die media, en spesifiek die dagbladpers, as gevolg van sy mediëringsfunksie tussen verskillende subsisteme in die samelewing, oor die vermoë beskik om 'n mediarealiteit aan sy lesers te bied. Daar is verskeie teorieë wat mediarealiteitskepping probeer verklaar, maar in hierdie studie word spesifiek aandag aan die

agendastellingshipotese gegee. Meer spesifiek sal aangedui word hoe dit bydra tot die tipering van die ANC ten opsigte van sy politieke strategie.

1.6.2 Empiriese ondersoek

Daar sal gepoog word om die vraag na die beeld van die ANC te beantwoord deur 'n inhoudsanalise (vgl. Wimmer & Dominick, 1987; Holsti, 1969; Krippendorf, 1980) te doen van berigte wat in *Beeld* en *The Star* oor die ANC vanaf 1989 tot 1993 verskyn het. 'n Kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsanalise gaan gebruik word. Die data sal op kwantitatiewe wyse ingesamel word, maar die resultate sal kwalitatief weergegee word. Die temas wat ondersoek gaan word, hou verband met die ANC se beeld ten opsigte van die gebruik van geweld as politieke strategie, die ANC as onderhandelaar, die ANC se beeld ten opsigte van beleidformulering en die beeld van onderskeidelik Nelson Mandela en Winnie Mandela as leiersfigure binne die ANC.

1.7 HOOFSTUKINDELING

In die eerste hoofstuk word die navorsingsprobleem gestel en 'n uiteensetting van die beoogde werkwyse gegee.

In die tweede hoofstuk word die teoretiese raamwerk waarbinne die studie onderneem word, uiteengesit. Daar word aangetoon dat daar, volgens die funksionele benadering, 'n interafhanklikheid tussen die media en politieke sisteme in die samelewing bestaan en dat die media 'n mediërende rol tussen die openbare en politieke sisteme speel. Dit bied aan die media die moontlikheid om, volgens die agendastellingshipotese, bepaalde aspekte van die ANC te identifiseer en beklemtoon en sodoende 'n bepaalde mediarealiteit of beeld van die ANC aan die publiek te bring.

In die derde hoofstuk word 'n kort uiteensetting van die historiese ontwikkeling van die ANC gegee. Daar word spesifiek aan die ANC se verskillende politieke strategieë aandag gegee.

In hoofstuk 4 word 'n beskrywing van inhoudsanalise as wetenskaplike metode gegee en word aangetoon hoe dit spesifiek in dié studie toegepas word.

In hoofstuk 5 word 'n bespreking van die resultate wat hoofsaaklik verband hou met die ANC se beleid rondom die gebruik van geweld as politieke strategie gebied. Daar word spesifiek

aandag aan die vraag gegee, of die ANC as organisasie wat geweld as politieke strategie voorstaan, getipeer word.

In hoofstuk 6 word die resultate wat verband hou met die ANC, se beeld as demokratiese onderhandelaar bespreek. In aansluiting met hoofstuk 5 word daar ondersoek na die beeld van die ANC gedoen, as organisasie wat onderhandeling as politieke strategie voorstaan.

In hoofstuk 7 word aan die resultate aandag gegee, wat met die ANC se beeld ten opsigte van beleidformulering verband hou. Dit word teen die agtergrond gedoen van die ANC wat na, dertig jaar van ondergrondse protespolitiek, met die probleem gekonfronteer is dat daar nou beleid met die oog op moontlike oornome van die regering, geformuleer moes word.

In hoofstuk 8 word die resultate wat verband hou met die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela in vergelyking met die beeld van die ANC bespreek. Daar is spesifiek ondersoek gedoen na die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela onderskeidelik as voorstanders van onderhandeling of geweldpleging en dan met die ANC se standpunt ten opsigte van onderhandeling en geweldpleging vergelyk.

In hoofstuk 9 word samevattende gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen.

Hoofstuk 2

Politieke mediarealiteit: Die verhouding tussen die pers en politieke subsisteme in die samelewing

2.1 INLEIDING

Die basiese aanname van die huidige studie is dat die media 'n bepaalde mediarealiteit skep en aan sy lesers voorhou. Vir die doeleindes van hierdie studie word dié aanname op die basiese uitgangspunte van die funksionele benadering gegrond. Volgens hierdie benadering is daar 'n funksionele verhouding en wedersydse afhanklikheid tussen die verskillende subsisteme in die samelewing, onder andere ook die politieke en mediasisteme. Die media dien dikwels as skakel tussen die subsisteme en dus ook as skakel tussen politici en die publiek. Dit beteken dat die media 'n gemedieerde politieke realiteit aan die publiek kan voorhou (Kepplinger, 1989:182-183).

Binne die konteks van die agendastellingsfunksie (vgl. McCombs & Shaw, 1972), beteken dit dat die pers bepaalde kwessies/strydpunte met betrekking tot 'n politieke groep kan identifiseer, beklemtoon en binne 'n bepaalde raamwerk aanbied. Dit het die implikasie dat die pers 'n bepaalde beeld van 'n politieke groep aan die publiek kan voorhou. In die huidige studie word spesifiek na die beeld van die ANC ondersoek gedoen, soos dit deur *Beeld* en *The Star* vanaf 1989 tot 1993, voorgestel is.

In dié hoofstuk gaan die media se vermoë om 'n mediarealiteit te skep aan die orde kom. Dit gaan beskryf word deur te verwys na die interafhanklikheid tussen die media-, openbare en politieke subsisteme. Binne hierdie konteks gaan die agendastellingshipotese spesifiek beskryf word. Daar sal deurgaans aandag gegee word aan die rol wat die agendastellingsfunksie van die pers by die vorming van 'n mediarealiteit en by implikasie die tipering van 'n politieke groep soos die ANC speel.

2.2 FUNKSIONELE BENADERING

2.2.1 Basiese uitgangspunte van die funksioneel-analitiese benadering

Dit moet vooraf duidelik gestel word dat hierdie nie 'n streng funksionalistiese ondersoek in die tradisionele sin is nie, maar dat daar slegs enkele funksionele uitgangspunte geneem en

dan toegepas word soos dit betrekking het binne die konteks van die mediërende rol van die media, tussen verskillende samelewingsisteme en gevolglik die rol wat die media by die daarstelling van 'n mediarealiteit speel.

Die basiese aanname van die funksionele benadering is dat die samelewing uit verskillende interafhanklike sisteme bestaan. Elke sisteem het 'n bepaalde hiërargie wat beteken dat elke sisteem deel van 'n groter of suprasisteem is. Vir die doeleindes van hierdie studie kan daar byvoorbeeld aanvaar word dat daar 'n mediasisteem is, wat weer uit kleiner sisteme byvoorbeeld die radio, pers, ensovoorts bestaan. Binne die perssisteem is daar dan weer kleiner sisteme, waaronder die dagbladpers waarvan *Beeld* en *The Star* dan weer subsisteme is.

Die primêre taak van die funksionalis is nie om die verskillende komponente in die sisteem te bestudeer nie, maar die verband tussen die komponente (Jansen, 1977:18-19). Hierdie verband word in terme van funksies beskryf. Elke subsisteem het bepaalde funksies wat in die behoeftes van ander subsisteme voorsien. Daar is dus gedurig 'n wisselwerking tussen die komponente en streef die sisteem na ekwilibrium of balans. Ten einde ekwilibrium in hierdie sisteem te handhaaf, lewer elkeen van die komponente, of subsisteme 'n bydrae (funksie), om die sisteem in stand te hou. Dit beteken dat die verskillende subsisteme elkeen bepaalde noodsaaklike funksies verrig, sodat die stelsel kan oorleef. Elke komponent verrig nie noodwendig net een funksie nie en verskillende komponente of selfs subkomponente kan dieselfde funksie verrig. Wanneer daar in die behoeftes van die subsisteme voorsien word, word 'n dinamiese ekwilibrium of balans in die sisteem gehandhaaf. Nie alle funksies hou die sisteem in stand nie. Sommige bydraes poog juis om die ekwilibrium te versteur (De Fleur, 1970:160-172; Littlejohn, 1989:34-35; Jansen, 1977:4; De Fleur & Ball-Rokeach, 1982:16; Jansen, 1979:5; Wright, 1964:98).

Wanneer meer spesifiek na die pers ondersoek gedoen word, kan minstens vyf funksies geïdentifiseer word (vgl. Lasswell, 1948:117-119; Casatta & Asante, 1979:99-100; McQuail, 1987:70-72; Wright, 1964:97; De Beer, 1988:54-56).

- **Inligting/waarneming**

Die pers moet byvoorbeeld inligting oor die stand van omstandighede in die samelewing weergee, asook magsverhoudinge in die samelewing aantoon en nuwe idees en gepaardgaande aanpassings bekend stel.

- ***Interpretasie***

Die media voorsien nie net 'n feitelike weergawe van gebeure nie, maar bied dit ook in 'n bepaalde raamwerk aan. Dit kan beteken dat sekere inligting verduidelik word of dat kommentaar op gebeure gelewer word.

- ***Sosialisering***

Deurdat die media gebeure binne 'n bepaalde konteks aanbied, bied die media ook 'n persepsie van die realiteit aan en leer die individu wat van hom verwag word en wat aanvaarbare gedrag is. Dikwels word die dominante kultuur van die samelewing op die hele samelewing *afgedwing*. Gewoonlik poog die sosialiseringfunksie om die sisteem in stand te hou, maar dit kan ook 'n disfunksionele funksie verrig, indien die media 'n geweldkultuur of negatiewe stereotipes van politieke groepe in die samelewing kweek.

- ***Mobilisering***

Die media kan persone met dieselfde belangstelling of doelwitte bymekaar bring en sodoende individue rondom bepaalde strydpunte of gebeurtenisse mobiliseer.

- ***Vermaak***

Die pers is nie net op die voorsiening van inligting ingestel nie, maar moet ook vermaak verskaf.

Word bogenoemde funksies binne die konteks van die funksionele benadering geplaas, soos dit in hierdie studie gebruik word, blyk dit dat die perssisteem 'n skakelings- of mediërende funksie tussen ander subsysteme in die samelewing het.

Dit is veral waar in terme van die politieke en openbare subsysteme in die samelewing. Die meerderheid lede van die publiek het nie 'n direkte ervaring met die politiek nie. Hulle is dus van die media (en interpersoonlike bronne) vir inligting oor politieke gebeure en politieke bewegings en organisasies afhanklik. Deur die inligting wat die media daarstel, word 'n bepaalde mediarealiteit gevorm, waarop die publiek dan weer hul besluite en optrede grond. Die pers beskik dus nie net oor die vermoë om die politieke spektrum te definieer nie, maar ook oor die vermoë om politieke groepe binne 'n bepaalde mediakonteks te posisioneer (Schoemaker, 1984:67; Negrine, 1989:6-7; Kraus & Davis, 1976:209-211; Schoemaker, 1982; Tan, 1982).

Die afhanklikheidsteorie verduidelik hierdie interafhanklikheid tussen sub sisteme baie duidelik en dit is derhalwe sinvol om kennis te neem van enkele standpunte van die afhanklikheidsteorie. Hoewel dié outeurs self ontken dat hulle 'n funksionele benadering gebruik (vgl. Ball-Rokeach, 1976), word sommige aannames van die afhanklikheidsteorie vir die doeleindes van hierdie studie binne die konteks van die funksionele benadering toegepas.

2.2.2 Die afhanklikheidsteorie

Die basiese uitgangspunt van die afhanklikheidsteorie is dat die interafhanklikheid tussen die media, samelewing en gehoor, media-effekte bepaal. Die mate wat die gehoor van die media afhanklik is, bepaal die grootte van die effek. Die mate van afhanklikheid word op sy beurt deur die behoefte aan inligting bepaal. Hoe groter die behoefte aan inligting, hoe groter die afhanklikheid en hoe groter die effek (De Fleur & Ball-Rokeach, 1982:240-241; Ball-Rokeach & De Fleur, 1976:3-5; Ball-Rokeach, 1985:489-490; Kepplinger, 1989:177; Vorster 1986:48; McQuail, 1987:68).

Volgens De Fleur & Ball-Rokeach (1982:241-242) vermeerder die publiek se afhanklikheid van die media veral in twee gevalle. Eerstens wanneer die inligting vir 'n betrokke individu of groep belangrik en noodsaaklik is. Tweedens wanneer konflik en verandering in 'n samelewing toeneem, neem die behoefte aan inligting ook toe. Deur middel van sosiale konflik poog groepe of individue in die samelewing gewoonlik om bestaande instellings, houdings en gebruike omver te werp of te verander. Wanneer hierdie aansprake suksesvol is, kan bestaande verwysingsraamwerke nie meer die situasie hanteer nie en moet 'n nuwe raamwerk gesoek word. In so 'n geval wend die publiek hulle na die media vir inligting en neem die publiek se afhanklikheid van die media toe. Die media kan dan die bestaande politieke raamwerk versterk of aanpas (De Fleur & Ball-Rokeach, 1982:253; Ball-Rokeach & De Fleur, 1976:19).

Tydens die ondersoektydperk in die huidige studie was daar ingrypende politieke verandering in Suid-Afrika (vgl. paragraaf 3.4). Die ANC is na 30 jaar ontban en moes transformeer van 'n erkende bevrydingsbeweging na 'n legitieme politieke beweging wat deel van die demokraties verkose regering van nasionale eenheid in 1994 sou word. Daar behoort dus 'n hoë mate van afhanklikheid ten opsigte van die media vir politieke inligting met betrekking tot die ANC by die publiek te gewees het. Die ANC op sy beurt was ook weer afhanklik van die media om sy veranderende beeld na die publiek te projekteer.

2.2.3 Motivering vir die gebruik van die funksionele benadering

Daar kan heelwat kritiek teen die gebruik van die funksionele benadering ingebring word. Een van die belangrikste besware teen die funksionele benadering, is dié uitgangspunt dat ekwilibrium in die sisteem nagestreef word en die *status quo* dus ondersteun word. Dit impliseer dat die funksionele benadering nie verandering in die samelewing kan verklaar nie.

In dié studie word daar juis ondersoek na berigging in 'n veranderende politieke sisteem ingestel en plaas dit 'n vraagteken agter die geskiktheid van die funksionele benadering in die studie. Dit gaan egter nie in dié studie primêr of die pers die verandering in die samelewing veroorsaak het nie (vgl. in die verband Fair, 1989:129-150), maar oor die beeld of persepsie van die veranderende ANC wat die pers weerspieël het. Dit moet gesien word binne die konteks van die afhanklikheidsteorie (vgl. paragraaf 2.2.2) dat die inligtingsfunksie van die pers juis in veranderende en konflikomstandighede belangriker word, omdat die behoefte aan inligting toeneem.

Voorts moet dit gestel word dat die navorser die deterministiese siening dat individue aan die werking van sisteme uitgelewer is, vanuit 'n Christelike wetenskapbeskouing, verwerp. Daar word aanvaar dat die mens 'n individuele en verantwoordelike wese is wat keusemoontlikhede het en daarom ook die keuse het om te kommunikeer en die media te gebruik of nie (vgl. Snyman, 1985:12).

Die funksionele benadering word dus in die studie as 'n verklaringsraamwerk gebruik om aan te toon dat daar 'n besondere verhouding tussen die media en politieke sisteme bestaan. Meer spesifiek om ondersoek te doen na die verhouding (funksies) tussen *Beeld* en *The Star* en die ANC as politieke beweging en die publiek. Die kernaanname wat gemaak word, is dat die publiek van die pers vir inligting oor die ANC afhanklik is en dat die pers daardeur 'n bepaalde mediarealiteit skep of persepsie van die ANC kan voorhou. Teen die agtergrond gaan daar nou meer spesifiek gefokus word op die pers se vermoë om 'n sosiale realiteit aan sy lesers voor te hou.

2.3 VORMING VAN 'N SOSIALE REALITEIT

Hoewel daar nie in hierdie studie gepoog word om by 'n filosofiese gesprek oor die aard van die realiteit betrokke te raak nie, is dit tog nodig om van enkele standpunte van die konstruktivisme kennis te neem. Hierdie uitgangspunte vorm die basis vir die sosiale konstruksieteorie soos dit, onder andere ook in die kommunikasiekunde gebruik word.

2.3.1 Konstruktivisme

Die konstruktiviste verskil van die metafisiese realiste wat meen dat iets net korrek of waar is, as dit met die onafhanklike objektiewe realiteit ooreenkom. Die aanname wat die konstruktiviste maak, is dat kennis nie 'n objektiewe ontologiese realiteit reflekteer nie. Kennis is eerder die produk van organisering en ordening van die mens se ervarings (Von Glasersfeld, 1984:24).

Kennis is dus die beskrywing van die beeld of persepsie van die realiteit. Daar is egter nie 'n waarborg dat hierdie beeld of persepsie die *waarheid* is nie. Die enigste toets vir hierdie persepsies is ander persepsies. God kan die hele realiteit ken, maar die mens ken net die realiteit soos wat hy dit vir homself gekonstrueer het (Von Glasersfeld, 1984:25-28; Von Foerster, 1973:42; Arbib & Hesse, 1986:2).

Opsommend kan gestel word dat die realiteit soos wat dit geken word, 'n eksperimentele realiteit is, wat uit menslike ervarings bestaan en wat geensins aanspraak maak op *waarheid* of ooreenkoms met 'n objektiewe ontologiese realiteit nie.


Die konstruktiviste het ook radikaal met die behavioristiese benadering gebreek, wat meen dat die mens aan samelewingskragte uitgelewer is en aanvaar dat die mens verantwoordelik vir sy gedagtes, sy kennis en sy dade is. Dit beteken dat 'n passiewe ontvanger nie kennis kan bekom nie, maar dat kennis die produk van 'n aktiewe proses is. As in ag geneem word dat menslike kennis egter nie 'n geheel en waar beeld van die realiteit kan bied nie, kan dit eerder as 'n proses beskou word waardeur die realiteit gerekonstrueer word. Die praktiese implikasie is dat die mens een ervaring interpreteer in terme van 'n reeds bestaande ervaring en sodoende word dit deel van die realiteit. Die sosiale realiteit word dus deur beskrywings of persepsies van die outentieke realiteit gevorm. Ten einde te bepaal wat dié realiteit is, probeer die konstruktiviste bepaal op watter wyse kennis van die realiteit verkry word (Von Glasersfeld, 1984:31-33; Von Foerster, 1973:44-48; Arbib & Hesse, 1986:61).

Teen dié agtergrond gaan meer spesifiek aan die sosiale konstruksieteorie aandag gegee word, soos dit in die kommunikasiekunde gebruik word.

2.3.2 Sosiale konstruksie: 'n kommunikasieperspektief

Daar is 'n paar sentrale uitgangspunte waarop sekere teoretici wat navorsing doen oor die aard van die realiteit en op watter wyse persepsies oor die realiteit gevorm word, hulle aannames baseer.


- Die realiteit waarin die individu lewe, bestaan uit 'n sogenaamde objektiewe natuurlike realiteit waaroor daar konsensus bestaan, sowel as die bo-natuurlike realiteit waaroor daar nie konsensus bestaan nie. Daar is egter nie 'n objektiewe realiteit wat waargeneem kan word nie, dit is eerder die produk van menslike ervaring wat hoofsaaklik deur taal gevorm word.
- Die taal wat die realiteit vorm, is die produk van kommunikasie tussen lede van 'n bepaalde groep.
- Hoe die realiteit waargeneem word, word bepaal deur die konvensies van kommunikasie op daardie tydstip. Dit is met ander woorde 'n mediërende proses waardeur die mens subjektiewe betekenis van die realiteit vorm.
- Sosiale konstruksies van die realiteit het ook 'n invloed op ander aspekte van die sosiale lewe want dit bepaal die norme en reëls wat weer die individu se gedrag rig (De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:234-247; Gergen, 1985:266-271).



Figuur 2.1: Die vorming van 'n sosiale realiteit (De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:234-247).

Die kernaspek in bogenoemde aannames is die proses waardeur die mens kennis verkry, of weet en kom dit dus ooreen met die vraag, wat die konstruktiviste vra (vgl. paragraaf 2.3.1). Verskeie outeurs (vgl. Shapiro, 1991:3; Shapiro & Lang, 1991:686; O'Keefe & Reid-Nash, 1987:147) sluit hierby aan en meen dat wanneer 'n persoon besig is om vir homself 'n sosiale realiteit te konstrueer, daar van verskillende kognitiewe prosesse gebruik gemaak word, om

die kommunikasie te interpreteer ten einde 'n realiteit daar te stel (kyk figuur 2.1). Lee (1976:129-130) verduidelik die problematiek as volg. Daar bestaan 'n *aktuele realiteit* wat die totale realiteit daar buite beslaan. Elke individu vorm 'n weergawe van dié realiteit en dit staan as die *ontvangersrealiteit* bekend. Dit is met ander woorde elke individu se weergawe van die *aktuele realiteit* en kan gesien word as 'n beeld of persepsie van die aktuele realiteit. Wanneer 'n individu dan sy betrokke weergawe van die realiteit kommunikeer, ervaar die volgende persoon hierdie gekonstrueerde weergawe van die realiteit, as die totale realiteit en vorm hy weer sy eie persepsie of beeld daarvan (vgl. figuur 2.2). Wanneer die vraag dus binne 'n kommunikasiekonteks bestudeer word, word daar ondersoek gedoen na die rol wat die media by die vorming van hierdie sosiale realiteit speel, of dan om kennis oor die sosiale realiteit te bekom. Binne die konteks van hierdie studie beteken dit dat die media deur middel van sy beriggewing, 'n bepaalde politieke realiteit of beeld van 'n politieke groep daar kan stel. Dit word dan deur die publiek as die realiteit aanvaar en kan ook hulle optrede en houding teenoor die politieke groep of situasie beïnvloed.



Figuur 2.2: Aktuele, media-, ontvangers- en sosiale realiteit

2.3.2.1 Vroeë navorsing oor die konstruksie van die realiteit

Plato was waarskynlik die eerste navorser wat reeds na 'n gemedieerde realiteit verwys het. Hy gebruik die vergelyking van persone wat in 'n grot woon en nog nooit buite die grot was nie. Hulle kon egter persone buite die grot hoor en hulle skaduwees sien. Plato maak dan die gevolgtrekking dat, omdat die persone in die grot nog nooit die persone buite die grot gesien het nie, aanvaar hulle dat die skaduwees van die persone die realiteit is (De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:237-239; O'Neill, 1991).

Lippmann (1922:469-477) en Park (1925:13-20) het reeds in die vroeë jare twintig gemeen dat die media op die een of ander wyse die samelewing beïnvloed. Lippmann (1922) het navorsing oor die rol van die media in die vorming van die openbare mening gedoen, terwyl Park (1925) ondersoek na die effek van die selektering en aanbieding van inligting gedoen het.

Dit is veral Lippmann (1922) wat navorsing gedoen het oor die wyse waarop die media deur middel van sy mediërende rol 'n bepaalde beeld van die realiteit bied. Hy baseer sy aannames op gebeure rondom die Eerste Wêreldoorlog. Die gewone burgers, wat nie deel aan die oorlog gehad het nie, het nie 'n eerstehandse ervaring van die gebeure gehad het nie, maar slegs 'n gemedieerde ervaring daarvan. Lippmann kom tot die gevolgtrekking dat die pers se uitbeelding van die realiteit soms misleidend kan wees en dat dit vals *prente* van die realiteit in die individu se gedagtes kan vorm. Die individu reageer dan op dit wat hulle dink gebeur het (pers se weergawe) en nie op wat werklik gebeur het nie.

Hoewel nie 'n formele teorie nie, was hierdie beskrywing van Lippmann 'n eerste poging om die mediërende rol van die media te beskryf. Sy beskrywing het spesifiek op nuusberiggewing in die pers betrekking gehad, maar dieselfde beginsels sou later ook op radio en televisie van toepassing wees (Beniger, 1978:444; McLeod *et al.*, 1974:133-139; Black, 1982: 183; Nimmo & Combs, 1990:1-2; De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:259-262).

Kurt & Gladys Lang (1952:553-554) het op Lippmann se werk voortgebou en dieselfde bevindings ten opsigte van televisie gemaak. Hulle ontleding van die *MacArthur Day*-parade in Chicago het getoon dat die persone wat die parade fisies bygewoon het dit as baie minder opwindend ervaar het, as die persone wat dit op televisie gesien het (De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:259-262).

Van die belangrikste kontemporêre teorieë wat op realiteitskepping fokus, is die kultiveringsteorie en die agendastellingshipotese. George Gerbner (vgl. Gerbner & Gross, 1976; Gerbner, Gross, Signorielli, Morgan & Jacksen-Beeck, 1978; Gerbner, Gross, Jackson-Beeck & Signorielli, 1977; Gerbner, Morgan & Signorielli, 1980) was die belangrikste eksponent van die kultiveringsteorie en het spesifiek navorsing oor die effek van televisiegeweld op die samelewing gedoen. Kultiveringsteoretici stel belang in die algemene effek van televisie op die samelewing, eerder as die invloed van spesifieke gebeure of inhoud op die samelewing. Die basiese uitgangspunt is dat televisie 'n homogeniserende effek op die samelewing het. Dit gaan dus nie oor media-effekte *per se* nie, maar oor die vorming van kultuur, met ander woorde die realiteit wat televisie as 'n rekonstruksie van die realiteit aanbied. Die sentrale aanname is dus dat televisie op die lang duur bydra om kultuur te homogeniseer en ook in stand te hou (De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:262-264; Littlejohn, 1989:270-271; Shapiro & Lang, 1991:686-687; O'Keefe & Reid-Nash, 1987:147-148).

Aangesien die kultiveringsteorie primêr met televisie gemoeid is, en die pers in die huidige studie ondersoek word, kom die kultiveringsteorie³ nie verder aan die orde nie. Die kultiveringsteorie het 'n belangrike bydrae gelewer by navorsing oor realiteitskepping. In die huidige studie gaan realiteitskepping egter binne die konteks van die agendastellingshipotese bestudeer word. Daar sal aangetoon word hoe die media en spesifiek die pers, 'n bydrae kan lewer om 'n sosiale realiteit te konstrueer.

2.4 AGENDASTELLINGSHIPOTESE

2.4.1 Agendastelling en die bestudering van media-effekte

Die basiese uitgangspunt van die agendastellingshipotese is dat die media, deur middel van die selektering van inligting, strydpunte kan identifiseer wat 'n rol by die vorming van die openbare mening speel (McCombs & Shaw, 1972). Waar navorsing oor media-effekte vroeër klem op houdingsverandering geplaas het, het die klem later na persepsieverandering verskuif. Die agendastellingshipotese verskil in dié verband van die spuitnaaldteorie (vgl. De Fleur, & Ball-Rokeach, 1982:162; Cassata & Asante, 1979:79; Woods & Leps, 1983:248-249; Agee *et al.*, 1985:30) en veronderstel dat die media vir die individu riglyne kan bied waaroor om te dink, maar nie noodwendig hoe om daaroor te dink nie. Met ander woorde die media kan gesprekvoering rondom bepaalde strydpunte of vraagstukke stimuleer, maar kan nie die publiek kategorieë 'n bepaalde standpunt teenoor die vraagstuk laat inneem nie. Die media het dus eerder 'n effek op die wyse wat die mens die realiteit ervaar as op hul houding (Katz, 1987:S28; Ramaprasad, 1983:122-123; Shaw, 1979:96-97).

Meer as twintig jaar se navorsing oor die agendastellingshipotese het nie onomwonde bewys dat daar 'n kousale verband tussen die media- en openbare agendas bestaan nie, maar daar is wel aangetoon dat daar een of ander duidelike verband tussen die media- en openbare agendas bestaan. Die meer resente agendastellingnavorsing (vgl. McCombs, 1992; Edelstein, 1993; Brosius & Kepplinger, 1992) gaan selfs verder en toon aan dat die media nie net strydpunte identifiseer nie, maar dat die media ook oor die vermoë beskik om die strydpunte binne 'n bepaalde raamwerk aan te bied en sodoende nie net aspekte te identifiseer waaroor die publiek kan dink nie, maar ook *hoe* om daaroor te dink.) Met ander woorde die wyse waarop

3 Vir 'n vollediger beskrywing van die kultiveringsteorie vgl. Gerber *et al.*, 1976; 1977; 1978; 1979; 1980; Gerbner & Gross, 1976; Hirisch, 1980; 1981a; 1991b.

hierdie gekose standpunte aangebied word, kan tog die gesprek in 'n bepaalde rigting stuur.' Op dié wyse dra die media by tot die vorming van 'n bepaalde standpunt.

Hier volg nou 'n literatuuroorsig van die belangrikste navorsing rondom agendastelling. In die eerste plek gaan die aanloop en eerste studies bespreek word. Tweedens sal navorsing wat die vraag na kousaliteit probeer beantwoord het, bespreek word. Daarna sal faktore wat agendastelling beïnvloed, aan die orde kom. In die laaste instansie gaan meer spesifiek gefokus word op die media-agenda en faktore wat die media-agenda beïnvloed. Daar sal deurgaans aangetoon word hoe dié navorsing vir die huidige studie relevant is.

2.4.2 Navorsing van McCombs en Shaw


Die hele idee van die agendastellingshipotese was tot en met die navorsing van McCombs & Shaw (1972) net 'n teoretiese konsep. Hulle het die agendastellingsfunksie van die pers tydens die 1968-Presidentsverkiesing ondersoek. McCombs & Shaw (1972) se hipotese was dat die media, die agenda vir dié politieke veldtog bepaal het. Met ander woorde, dat die media bepaalde strydpunte geïdentifiseer en beklemtoon het en dat dié strydpunte bygedra het tot die vorming van die openbare agenda.

'n Steekproef van honderd besluitlose kiesers van Chapel Hill in die VSA is geneem. Die respondente moes aantoon wat hulle as die staat, North Carolina, se grootste probleme beskou het. Terselfdertyd is die media wat die gebied bedien deur middel van inhoudsanalise ontleed. Dié studie het tot 'n groot mate die gestelde hipotese ondersteun. Daar was 'n duidelike verband tussen probleme wat deur die kiesers geïdentifiseer is en dié wat deur die media beklemtoon is (McCombs & Shaw, 1972:178-184). Die verband tussen die media-agenda en openbare agenda het egter nie die agendastellingsfunksie van die pers bewys nie, maar wel aangetoon dat die media 'n bydrae lewer tot die vorming van die openbare mening. Soos in die geval van die kultiveringsteorie kan egter ook nie gestel word, dat die media die enigste bepaler van die openbare mening was nie.

Volgens Rogers & Dearing (1988:564) het die waarde van McCombs & Shaw (1972) se werk daarin gelê dat dit die eerste studie was wat die agendastellingshipotese empiries getoets het. Daardeur het hulle die weg vir verdere navorsing oor die agendastellingsfunksie van die pers gebaan.

2.4.3 Die agendastellingsproses

Soos reeds beskryf, het die media 'n mediërende rol deurdat dit verskillende subsisteme in die samelewing aan mekaar verbind. (By die agendastellingsproses is daar drie subsisteme betrokke, die media, die publiek/samelewing en beleidmakers (regering)). Na aanleiding hiervan word drie agendas binne die agendastellingsproses onderskei, naamlik die media-, openbare en beleidsagenda (kyk figuur 2.3).



Figuur 2.3: Die agendastellingsproses (Aangepas uit Rogers & Dearing, 1988)

Navorsing oor die openbare agenda probeer die verband tussen die media- en openbare agenda bepaal (Rogers & Dearing, 1988:588-589; Mannheim, 1987:504-506). Dit is in wese 'n vraag na die invloed van die media en kan teruggevoer word na die werk van Park (1925) en Lippmann (1922). In die huidige studie is daar nie ondersoek na die openbare agenda gedoen nie.

Die media-agenda bestaan uit die strydpunte, gebeure, standpunte, ensovoorts, wat in die media gepubliseer of deur die media uitgesaai word. Die studie van die media-agenda gaan dus om te bepaal hoe dié agenda lyk en watter faktore 'n rol by die vorming van die media-agenda speel (Westley, 1976:43; Kosicki, 1993:101; Mannheim, 1987:500-504). Dit is met ander woorde 'n studie na hoe die mediarealiteit lyk. In hierdie studie is primêr aandag aan die media-agenda gegee en spesifiek die media-agenda bestaan uit die strydpunte, gebeure, standpunte, ensovoorts, wat in die media gepubliseer of deur die media uitgesaai word. Die

studie van die media-agenda gaan dus om te bepaal hoe dié agenda van *Beeld* en *The Star* ten opsigte van die ANC se politieke strategieë gelyk het.

Die beleidsagenda is die standpunte wat beleidformuleerders formeel vir oorweging aanvaar het. Navorsing oor die beleidsagenda is nie in die eerste plek die taak van die kommunikasiekundige nie, maar word hoofsaaklik deur politieke wetenskaplikes onderneem. Daar word onder andere ondersoek na faktore gedoen, wat 'n rol by die identifisering van strydpunte speel, wat formeel deur die regering bespreek word (Kosicki, 1993:101; Rogers & Dearing, 1988:559-560; Mannheim, 1987:506-507).

Kosicki (1993:101) maak die geldige aanname dat die drie agendas nie in isolasie bestudeer kan word nie, maar as 'n geheel in interaksie met mekaar beskou moet word. Daarom moet daar ook in die huidige studie, wat primêr oor die media-agenda handel, kennis geneem word van die belangrikste navorsing oor die kousale verband tussen die media- en openbare agendas. Die empiriese studie berus op die aanname dat daar wel 'n verband tussen die media- en openbare agendas bestaan.

Wanneer ondersoek na die ontwikkeling van agendastellingnavorsing gedoen word, blyk dit dat daar 'n klemverskuiwing rondom die bestudering van dié agendas was. McCombs & Shaw (1993:59) identifiseer vier ontwikkelingsfases in agendastellingnavorsing. Die eerste fase is deur McCombs & Shaw (1972) se eerste studie ingelei. Die ondersoek het antwoorde probeer vind oor die verband tussen die media en openbare agenda. McCombs & Shaw (1976) se opvolgstudie het die tweede fase aangedui. In dié studie het hulle gepoog om die resultate van die eerste studie te bevestig, maar ook om te bepaal watter ander faktore 'n invloed op agendastelling het. Die derde fase het begin met navorsing tydens die 1976-Presidentsverkiesing toe daar begin is om ondersoek te doen na persoonlikheidsbeklemtoning en ander faktore soos byvoorbeeld die aard van strydpunte wat agendastelling mag beïnvloed. Tydens die vierde fase het die navorsingsklem op die media-agenda begin val. In die huidige studie val die klem op laasgenoemde twee fases en word primêr ondersoek gedoen na die wyse waarop die media-agenda aangebied is, met verwysing na persoonlikheidsbeklemtoning en instrumentele aktualisering (vgl. paragraaf 2.4.6.1).

2.4.4 Die openbare agenda

Die meeste navorsing oor die openbare agenda het oor 'n moontlike verband tussen die media-agenda en openbare agenda gehandel. Ten einde media-effekte aan die hand van

agendastelling te kon verklaar, moes die navorsing ook dieper strek en moes daar in werklikheid bepaal word, of daar 'n kousale verband tussen die media- en openbare agenda bestaan het.

Volgens Kosicki (1993:107) is daar vier kriteria waaraan kousaliteit gemeet kan word: die media moet die oorsaak van die effek wees; die persoon wat *geaffekteer* is, moes aan die media-inhoud blootgestel wees; ander faktore wat 'n invloed kon hê, moes so beheer word om die interne geldigheid van die media-effek en respons te verseker en die invloed van ander faktore uit te skakel; die proses of meganismes wat by die effek betrokke is, moet gespesifiseer kan word.

Die eerste studie van McCombs & Shaw (1972) het bloot aangetoon dat daar 'n verband tussen die media- en openbare agenda bestaan het, maar genoemde studie het nie aangetoon of die media-agenda die openbare agenda beïnvloed het, of andersom nie. Om dié vraag aan te spreek onderneem McCombs & Shaw (1976) 'n opvolgstudie. Dié studie was op die 1972- Presidentsverkiesing gerig en is in Charlotte in die VSA gedoen. Om die kousale verband te bepaal, is respondente in twee verskillende tydperke (Junie en Oktober) ondervra. Die data van die twee tydperke is gekruiskorreleer om die kousale verband tussen die media en openbare agendas te bepaal. Die Charlotte-studie kon nie klinkklaar 'n antwoord op die vraag bied nie, maar daar was tog bewyse dat dit eerder die media-agenda is wat die openbare agenda bepaal het, as andersom (Severen & Tankhard, 1988:269-270).

Funkhouser (1973a; 1973b) en Zucker (1978) het ook dié vraag probeer beantwoord deur tussen werklike gebeure en die gemedieerde weergawe daarvan te onderskei. Funkhouser (1973b) se navorsing oor publisiteit met betrekking tot dwelmmisbruik, het aangetoon dat daar minder prominensie aan dwelmmisbruik in die media verleen is, voordat die probleem werklik begin afneem het. Die media-agenda het dus nie met die realiteit ooreengekom nie. Hy bevind na aanleiding hiervan dat die openbare agenda eerder met die media-agenda as die realiteit ooreengekom het. Dié studie het dus die gedagte dat die media-agenda die openbare agenda voorafgaan, bevestig. Zucker (1978:233-239) sluit by Funkhouser aan en kom tot die gevolgtrekking dat die individu in 'n outentieke wêreld (realiteit) en 'n gekonstrueerde mediawêreld leef. Die outentieke wêreld word deur persoonlike ervaring begrens, terwyl die mediawêreld slegs deur besluite van die media beperk word. Aangesien die mens se ervaringsveld beperk is, steun hy op die media vir inligting om besluite te neem. Die media se invloed lê dus nie op die vlak wat die spuitnaaldteorie dit beskryf het nie, maar eerder deur die skep van 'n mediarealiteit. Dié mediarealiteit beïnvloed weer op sy beurt die openbare

agenda. Albei outeurs het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die media dalk nie 'n direkte uniforme effek op die samelewing het nie, maar dat die media wel 'n rol by die definiëring van die realiteit speel. Dit is in ooreenstemming met die navorsing oor die skepping van 'n mediarealiteit (vgl. paragraaf 2.3.2).

Latere studies (vgl. Iyengar, Peters & Kinder, 1982:852-853; Cook, Tyler, Goetz, Gordon, Protess, Leoff & Molotch, 1983:17-33; Behr & Iyengar, 1985:38-57) het ook getoon dat die media-agenda die openbare agenda voorafgegaan het.

Verskeie ander outeurs (vgl. Rogers & Dearing, 1988:570; Smith, 1987:382-383; Sohn, 1984:897; Kosicki, 1993:108) meen dat daar veeleer 'n wisselwerking tussen die openbare en media-agendas bestaan. Hekwagters en agendabepalers beskik oor 'n idee waarin die teikenpubliek belang sou stel en word die media-agenda sodoende, met inagneming van die openbare agenda, bepaal. Dit beteken dat sowel realiteitsprobleme as openbare belangstelling die media-agenda prikkel, daarom kan die media-agenda nie as die enigste bepaler van die openbare agenda gesien word nie.

Brosius & Kepplinger (1990:185) skryf die teenstrydige bevindinge toe aan die andersoortigheid van die strydpunte wat ondersoek is, maar erken dat daar nog nie bepaal is watter faktore/oorsake 'n bepalende rol speel nie. Hulle eie navorsing het 'n tweerigtingeffek getoon.

The results of the dynamic model revealed two types of effects, television coverage causes problem awareness and problem awareness caused television coverage (Brosius & Kepplinger, 1990:204).

Dit word verklaar omdat agendastelling net by strydpunte plaasgevind het, wat 'n hoë profiel van dekking gehad het. Hieruit vloei dit voort dat die media nie direkte reaksie uitlok nie, maar eerder 'n sensitiwiteit rondom 'n bepaalde strydpunt, byvoorbeeld energie,⁴ skep en dat dié sensitiwiteit 'n reaksie by die publiek veroorsaak. Aangesien die sensitiwiteit ten opsigte van die strydpunte wissel, verklaar dit waarom langtermynstudies eerder 'n interaktiewe effek as duidelike kousale verband aangetoon het. Binne die breë agendastellingsproses, beteken dit dat strydpunte deur verskillende ontwikkelingsstadia beweeg, met verskillende moontlike kousale verhoudings. Op 'n spesifieke tydstip kan sommige strydpunte dus deur die media, en ander deur die openbare mening, beïnvloed word. Dié kousale verband verander gedurig tydens die agendastellingsproses (Brosius & Kepplinger, 1990:204-205; Schoenbach &

Semetko, 1992:837-847). Vergelyk paragraaf 2.4.5.3 vir 'n meer volledige beskrywing van die rol wat tyd in die agendastellingsproses speel.

As bogenoemde navorsing egter aan Kosicki (1993) se kriteria vir *kousaliteit* gemeet word, kan dit nie onomwonde gestel word dat daar 'n kousale verband tussen die media-agenda en openbare agenda bestaan nie.

Opsommend kan dus gesê word dat daar onderskei kan word tussen 'n sosiale realiteit en outentieke realiteit. (Die media speel 'n bepaalde rol by die skepping van hierdie sosiale realiteit, maar is nie die enigste bepaler daarvan nie.) Dit is ook die standpunt wat in hierdie ondersoek onderskryf word.

2.4.5 Faktore wat moontlik die agendastellingsproses beïnvloed

Uit bogenoemde navorsing het dit verder geblyk dat agendastelling 'n baie komplekse proses is en dat dit nie 'n eenvormige effek veronderstel nie. Daar gaan vervolgens gefokus word op (faktore wat moontlik 'n invloed op die agendastellingsproses kan hê. Die relevansie van dié faktore vir die huidige studie sal deurgaans aangetoon word.


2.4.5.1 Behoeftes aan oriëntasie

Die gedagte van die klem op behoeftes, is aan die gebruike- en bevredigingsbenadering ontleen. Die aanname word gemaak dat psigologiese en sosiale behoeftes mediagebruik beïnvloed. Hoe groter 'n persoon se behoefte aan byvoorbeeld inligting, hoe hoër sal sy mediagebruik wees en hoe hoër die mediagebruik, hoe groter die agendastellingseffek (Shaw, 1979:99; Swanson, 1988b:606).

McCombs (in Swanson, 1988b:606; Ramaprasad, 1983:123) meen dat veral twee faktore behoefte aan oriëntasie, ten opsigte van 'n bepaalde onderwerp, bepaal - (die persoonlike relevantheid van die onderwerp en onsekerheid oor die onderwerp) (vgl. die afhanklikheidsteorie). Die twee faktore word gekombineer om drie vlakke van oriëntasie te bepaal (kyk figuur 2.4). Volgens dié model is daar dan 'n kettingeffek, 'n hoër behoefte aan oriëntasie en 'n hoër mate van onsekerheid, of 'n hoër vlak van relevantheid en lae onsekerheid, sal 'n matige behoefte aan oriëntasie tot gevolg hê.

Wanneer hierdie aannames binne die konteks van dié studie beskou word, kan aangeneem word dat daar 'n hoër behoefte aan oriëntasie by die publiek sou wees ten opsigte van politieke

verandering in Suid-Afrika en spesifiek die ANC se posisie daarin. Daar kan met ander woorde aanvaar word dat daar 'n behoefte aan inligting rondom die verandering van die ANC van 'n terreurbeweging na 'n politieke beweging was (vgl. paragraaf 3.4). Die implikasie hiervan vir die huidige studie, in terme van agendastelling, is dat daar aanvaar kan word dat die behoefte aan inligting oor die ANC 'n verhoogde agendastellingseffek tot gevolg sou hê.



Figuur 2.4: Behoefte aan oriëntasie en agendastelling (Ramaprasad, 1983:123)

2.4.5.2 Opsigtelike en onopsigtelike strydpunte en kognitiewe begronding

(Aansluitend by die vraag na die behoefte aan oriëntasie is die kwessie van opsigtelike en onopsigtelike strydpunte.

Opsigtelike strydpunte is vraagstukke waar daar persoonlike ervaring of kontak by betrokke is, terwyl onopsigtelike strydpunte kwessies is waar die media die enigste bron van inligting is (Swanson, 1988b:607; Yagada & Dozier, 1990:4). Na aanleiding van die afhanklikheidsteorie (Ball-Rokeach, 1985), is die basiese aanname dat hoe minder opsigtelik die strydpunt hoe groter die agendastellingseffek, omdat daar dan 'n groter afhanklikheid van die media vir inligting is (Demers, Craff, Choi & Pessin, 1989:793; Yagada & Dozier, 1990:4). Daar is met ander woorde nie 'n ander metode waarteen die gemedieerde realiteit gemeet kan word nie. Navorsing oor bogenoemde het egter ook teenstrydige resultate opgelewer, veral ten opsigte van opsigtelike en onopsigtelike strydpunte. Palmgreen & Clark (1977) en Zucker (1978) se navorsing het getoon dat daar by onopsigtelike strydpunte groter agendastellingseffekte was.

Die teorie van kognitiewe begroting word daarteenoor gestel. Dié aanname is dat persoonlike ervaring die agendastellingseffek verhoog, omdat persoonlike ervaring belangstelling in 'n bepaalde saak verhoog (Demers *et al.*, 1989:794). Hierdie aanname is deur Erbring *et al.*(1980) bevestig, wat bevind het dat agendastelling oor werkloosheid groter was by werklose persone of persone wat 'n werklose familielid gehad het. Iyengar, Peters & Kinder (1982) het ook bevind dat berigte wat oor *menseregte* gehandel het, 'n groter effek op swart persone as blanke persone gehad het.

Demers *et al.* (1989) meen 'n moontlike verklaring vir dié teenstrydige resultate, is die wyse waarop opsigtelike en onopsigtelike strydpunte gedefinieer word. (Die konsep van opsigtelikheid moet nie met strydpuntbeklemtoning verwar word nie. Opsigtelikheid moet nie gedefinieer word in terme van hoeveel persone 'n saak as 'n strydpunt beskou nie, maar slegs in terme van persoonlike ervaring.)

Verder moet opsigtelikheid van interpersoonlike kommunikasie onderskei word. In sy eenvoudigste vorm is interpersoonlike kommunikasie 'n gesprek tussen individue oor 'n strydpunt, terwyl opsigtelikheid 'n direkte ervaring met 'n strydpunt is. Erbring *et al.*(1980) se navorsing het getoon hoe belangrik dié onderskeid is. 'n Persoonlike ervaring met 'n strydpunt kan verhoogde agendastelling tot gevolg hê, terwyl interpersoonlike kommunikasie rondom 'n strydpunt agendastelling kan teenwerk. 'n Werklose persoon (persoonlike ervaring) sal byvoorbeeld meer oor werkloosheid te wete wil kom en homself daarom meer aan inligting oor werkloosheid blootstel. Dié groot hoeveelheid inligting oor werkloosheid lei dan tot 'n groter bewustheid van werkloosheid en het derhalwe ook 'n verhoogde agendastellingseffek. Aan die ander kant - wanneer daar 'n gesprek oor werkloosheid gevoer word, het dit die implikasie dat die media nie die enigste bron van inligting is nie en neem die agendastellingseffek van die media af.

Opsommend blyk dit dat agendastelling veral in twee gevalle plaasvind. Eerstens waar die media die enigste bron van inligting is en daar nie 'n persoonlike ervaring van die tema is waarteen die media weergawe geverifieer kan word nie. In teenstelling daarmee vind agendastelling ook juis plaas by strydpunte waar belangstelling as gevolg van persoonlike ervaring geprikkel is. In laasgenoemde geval stel die persoon homself aan baie inligting rondom die strydpunt bloot, wat tot verhoogde agendastelling lei. In bogenoemde word dus ook 'n onderskeid getref tussen persoonlike ervaring wat agendastelling kan verhoog en interpersoonlike kommunikasie wat agendastelling kan teenwerk.

Politieke inligting rondom die ANC, soos dit in hierdie studie betrekking het, sou in die meeste gevalle as 'n onopsigtelike strydpunt beskou kon word. Die meerderheid van *Beeld* en *The Star* se leserskorps het nie direkte kontak met die ANC nie en was dus van die koerante (en ander media) afhanklik vir inligting, wat die moontlikheid vir agendastellingseffekte verhoog het.

Binne die konteks van die teorie van kognitiewe begronding sou daar ook aanvaar kon word, dat die politieke verandering van so aard sou wees, dat dit ook individue raak en so ook bydra tot 'n groter behoefte aan politieke inligting rondom die ANC.

2.4.5.3 Sloertyd

Navorsing oor sogenaamde media-effekte, onder meer die tweestapvloeiteorie, het getoon dat media-effekte nie altyd onmiddellik waargeneem kan word nie en dat daar tussen kort- en langtermyn-effekte onderskei kan word (Stone & McCombs, 1981:51; Eaton, 1989:943).

By agendastelling is die vraag na die invloed van tyd op die agendastellingsproses 'n tweeledige vraag (Eaton, 1989:943). In die eerste plek moet bepaal word hoe lank dit 'n strydpunt neem om van die media- na die openbare agenda te verskuif en tweedens die vraag na die kumulatiewe effek van mediadekking (Ramaprasad, 1983:129; Salwen, 1988; Stone & McCombs, 1981; Behr & Iyengar, 1985; Brosius & Kepplinger, 1990; McLeod, Kosicki & Pan, 1991:244).

Stone & McCombs (1981:52-55) meen dat agendastelling oor 'n langer tydperk as gevolg van herhalende (kumulatiewe) beriggewing plaasvind. Op grond van die korrelasies tussen die media- en openbare agenda kom hulle tot die gevolgtrekking dat daar 'n sloertyd van twee tot ses maande verloop, voordat die media-agenda die openbare agenda beïnvloed. Hierdie studie werp egter nie baie lig op die agendastellingsproses self nie, en toon ook nie aan of dit maande se (kumulatiewe) mediadekking neem of oormatige beklemtoning van 'n saak wat 'n strydpunt op die openbare agenda plaas nie.

Aan die ander kant is daar navorsers (vgl. Salwen, 1988:100-106; Zucker, 1978:332-239; Winter & Eyal, 1981:375-383; Shaw & Slater, 1988:407-411) wat beweer dat agendastelling 'n meer onmiddellike effek het. Hulle navorsing het getoon dat die grootste ooreenkomste tussen die media-agenda en openbare agenda na twee tot tien weke voorgekom het.

Shaw & Slater (1988:407-411) meen ook dat agendastelling 'n meer onmiddellike effek het, maar beklemtoon dat opsigtelike en onopsigtelike strydpunte andersoortige resultate toon. Hulle het navorsing oor werkloosheid in Richmond in die VSA gedoen en bevind dat daar in Richmond 'n onmiddellike effek was, terwyl dit langer geneem het om op nasionale vlak op die media-agenda te verskyn. Shaw & Slater (1988:411) skryf dit daaraan toe dat werkloosheid nie in Richmond 'n probleem was nie en dus 'n onopsigtelike strydpunt. Daar was egter 'n ses maande sloertyd, voordat werkloosheid as nasionale strydpunt gesien is. Dit wil dus voorkom of die publiek vinnig leer uit die pers, maar dat dit langer neem om die openbare agenda of mediarealiteit te vorm.

DeFleur & Dennis (1991:560-565) se teorie oor kumulatiewe media-effekte sluit baie goed hierby aan. Die media begin die publiek se aandag op 'n bepaalde aspek fokus. Oor 'n langtydperk word die gehoor met 'n volgehoue konstante boodskap gekonfronteer. Individue binne die samelewing begin bewus word van die boodskap wat die media versprei en begin dit verstaan. Namate hulle die boodskap begin verstaan, begin die individue se houdings ook verander. Later begin die individuele houding in groepshoudings kulmineer. Op dié wyse slaag die media daarin om geleidelik die houding van die publiek te verander. Die media het dus nie op die korttermyn baie invloed nie, maar herhaalde blootstelling aan 'n boodskap het wel 'n invloed op 'n persoon. Aanvanklike blootstelling kan dalk nie 'n groot invloed hê nie, maar na 'n tydperk kan daar 'n taamlike houdingsverandering plaasvind.

Na aanleiding van Shaw & Slater (1988) is verskeie studies onderneem (vgl. Eaton, 1989:942-949; Brosius & Kepplinger, 1990:205; Watt, Mazza & Snyder, 1993:412-413) wat bevestig het dat die aard van die strydpunt tot 'n groot mate bepaal hoe lank dit 'n strydpunt op die media-agenda neem om 'n vraagstuk op die openbare agenda te word.

Die navorsing van Watt *et al.* (1993) is van besondere belang vir hierdie studie. Hulle verklaar die teenstrydige resultate oor sloertyd deur na *nuussiklusse* te verwys. Strydpunte waaroor daar nog min berig is (wat vroeg in die nuussiklus is), het groter agendastellingseffekte as strydpunte waaroor daar al baie meer beriggewing verskyn het.

Watt *et al.* (1993) het ondersoek gedoen na die invloed van opsigtelike en onopsigtelike strydpunte en aandagsiklusse en prominensie op sloertyd. Drie strydpunte, naamlik nuus oor inflasie, Iran en die Sowjet-Unie is ondersoek. Inflasie is geneem omdat dit as opsigtelike strydpunt beskou is, Iran omdat dit 'n taamlike nuwe nuusitem was (voor 1979 was daar nie veel beriggewing in die VSA oor Iran nie) en die Sowjet-Unie omdat dit 'n redelike

gevestigde nuustema was. Die meeste agendastelling het voorgekom by die strydpunt wat onopsigtelik en vroeg in die nuussiklus was (Iran), gevolg deur 'n strydpunt wat opsigtelik, maar later in die nuussiklus was (inflasie). Die minste agendastelling het plaasgevind by die strydpunt wat onopsigtelik en laat in die nuussiklus was (Sowjet-Unie). Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die hoeveelheid voorafgaande dekking oor die strydpunt en opsigtelikheid, agendastellingseffekte laat afneem het.

Wanneer die navorsing van Watt *et al.* (1993) op die huidige studie van toepassing gemaak word, word die aanname gemaak dat nuusdekking oor die ANC, as wettige politieke organisasie, 'n opsigtelike strydpunt en nog taamlik vroeg in die nuussiklus sou wees, en daarom 'n hoë agendastellingseffek sou hê.


Samevattend kan gestel word dat die navorsing oor sloertyd nie eenstemmige resultate opgelewer het nie. Oor die algemeen wil dit voorkom of agendastelling 'n meer langtermyn- as onmiddellike effek het, maar dit is ook duidelik dat die aard van die strydpunt en hoeveelheid dekking oor die strydpunt agendastelling beïnvloed. Die vraag na die tyd wat dit 'n strydpunt neem om vanaf die media na die openbare agenda te verskuif was nie krities vir die studie nie, aangesien die studie nie primêr die effek of invloed van mediadekking op die publiek probeer bepaal het nie.

2.4.5.4 Konkrete vs abstrakte strydpunte

Die onderskeid tussen konkrete en abstrakte strydpunte is nog 'n poging om teenstrydige navorsing oor agendastelling te verklaar. (Die basiese aanname is dat daar groter agendastellingseffekte by konkrete strydpunte is) (Yagada & Dozier, 1990).

Waar opsigtelikheid met 'n direkte ervaring verband hou, het konkreetheid te doen met die mate wat 'n strydpunt gekonseptualiseer kan word. Agendastelling neem by abstrakte strydpunte af omdat individue moeilik 'n strydpunt wat hulle nie verstaan nie, deel van hul ervaringsveld kan maak.

Yagada & Dozier (1990:3-5) het die navorsing oor kumulatiewe houdingsvorming op konkrete en abstrakte strydpunte toegepas. Houdings versamel *kognitiewe massa* namate meer boodskappe oor die bepaalde houding ontvang word. Houdings met 'n groot *kognitiewe massa* verander moeilik. Wanneer kognitiewe massa met die beklemtoning van 'n strydpunt vergelyk word, beteken dit dat 'n konkrete strydpunt aan 'n spesifieke gebeurtenis of stel gebeure (klein massa) gekoppel word. Die media bied nuusgebeure binne die raamwerk van bepaalde strydpunte aan om 'n betekenis daaraan te heg. Hoe meer direk die verband tussen 'n gebeurtenis en konkrete strydpunt is, hoe makliker word die boodskap verstaan. Konkrete strydpunte sal dus 'n groter agendastellingseffek tot gevolg hê (vgl. figuur 2.5). Yagada & Dozier (1990:10) het bevind dat daar by 'n strydpunt soos kernwapens min agendastelling plaasgevind het, omdat dit 'n abstrakte konsep is. Binne die konsep van kernwapens was nie gebeure wat maklik gevisualiseer kon word nie. Daarteenoor was daar agendastellingseffekte by die strydpunt oor energie omdat dit aan alledaagse gebeure gekoppel kon word.



Figuur 2.5: Konkrete en abstrakte strydpunte en agendastelling
(Aangepas uit Yagada & Dozier, 1990:5).

Daar kan waarskynlik aanvaar word dat die *beeld van 'n politieke groep* 'n abstrakte konsep is wat nie maklik agendastellingseffekte sal toon nie. Om dié probleem te oorbrug is daar na spesifieke fasette wat met die ANC se beeld verband hou, ondersoek gedoen.

2.4.5.5 Media

Die aard van die media speel ook 'n rol by die agendastellingseffek (Gandy, Matabane & Omachonu, 1987:645). Televisie bied slegs kort grepe of indrukke van 'n komplekse samelewing. Televisienuus plaas die klem op aksie, eerder as die ontleding van gebeure en word dit dikwels as 'n *prentjie*-weergawe van die koerant se hoofnuus gesien. Televisiekykers weet gewoonlik meer van die wat/wie-elemente van 'n berig, maar kom nie noodwendig oor die hoe/waarom-elemente uit televisienuus te wete nie (Gandy *et al.*, 1987:645; Ramaprasad, 1983:129).

(Die drukmedia daarenteen, fokus meer op die ontleding van gebeure en kommentaar lewering op gebeure. Oor die algemeen beskou, wil dit voorkom of die drukmedia in die meeste gevalle op die langtermyn 'n groter agendastellingseffek het (Allen & Izciary, 1988:31-34; McClure & Patterson, 1974; Clarke & Freden, 1978:145). Die verskynsel moet egter ook binne sosio-ekonomiese konteks gesien word, aangesien persone met 'n hoër opvoedingspeil gewoonlik meer koerant lees.)

In die huidige studie is die drukmedia ondersoek, en kan aanvaar word dat daar waarskynlik 'n meer langtermynagendastellingseffek binne die konteks van die skepping van 'n mediarealiteit sou wees.

2.4.5.6 Interpersoonlike kommunikasie

Navorsing oor die invloed van interpersoonlike kommunikasie op die agendastellingsproses het uiteenlopende resultate opgelewer. Sommige studies, waaronder McLeod, Becker & Byrnes (1974), het bevind dat interpersoonlike kommunikasie agendastelling versterk, terwyl Atwater, Salwen & Anderson (1985) en Erbring, Goldenberg & Miller (1980) meen dat interpersoonlike kommunikasie agendastelling teenwerk en Lasorsa & Wanta (1990) meen dat dit geen effek op agendastelling het nie.

Wanta & Wu (1992) poog om bogenoemde teenstrydighede te verklaar. In hulle studie word tussen massamediastrydpunte en nie-mediastrydpunte onderskei. Die aanname word gemaak dat strydpunte wat deur die media beklemtoon word, ook deur individue as belangrik beskou sou word. As daar nou op interpersoonlike vlak oor hierdie strydpunte gekommunikeer word, word die agendastellingseffek versterk.

Volgens die agendastellingshipotese sal strydpunte wat nie deur die media aangespreek word nie, nie beklemtoon word nie en dus ook nie vir individue belangrik wees nie, tensy hulle deur ander bronne (byvoorbeeld interpersoonlike kommunikasie) van die strydpunt verneem het. Wantu & Wu (1992) kom tot die gevolgtrekking dat hoë mediablootstelling wat met interpersoonlike kommunikasie gepaard gaan, groter agendastelling tot gevolg sou hê. Interpersoonlike kommunikasie kan dus agendastelling versterk wanneer daar baie oor die strydpunt berig word. Wanneer daar nie baie oor 'n strydpunt berig word nie, werk interpersoonlike kommunikasie eerder agendastelling teen, omdat strydpunte in dié geval deur 'n ander bron as die media beklemtoon word. Interpersoonlike kommunikasie kan dus agendastelling versterk of teenwerk.

In die huidige studie is die rol van interpersoonlike kommunikasie nie spesifiek ondersoek nie. Dit is egter nodig om kennis te neem dat (die media nie die enigste bepaler van die openbare agenda is nie en dat interpersoonlike faktore ook 'n rol kan speel.)

2.4.6 Verdere implikasies van agendastelling

Soos reeds vroeër genoem, het agendastelling aanvanklik ontwikkel uit die konsep dat die media bepaalde aspekte of strydpunte in die samelewing identifiseer en dan gesprek rondom hierdie aspekte stimuleer, maar nie noodwendig oor die vermoë beskik om die publiek van 'n bepaalde standpunt te oortuig nie. 'n Meer resente gedagterigting (vgl. Roberts, 1992; Shaw & Martin, 1992; Edelstein, 1993; McCombs, 1992), meen egter dat agendastelling verder strek as om bloot 'n strydpunt op die openbare agenda te plaas, maar dat dit ook impliseer dat die media 'n invloed het op *hoe* daar oor die strydpunt gedink word. Die media kan dus meer doen as om net bloot strydpunte te identifiseer - in sy aanbieding van die strydpunt weerspieël die media 'n bepaalde standpunt.

Die navorsing van Roberts (1992) en Shaw & Martin (1992) het meer spesifiek ondersoek gedoen na hoe mense reageer na aanleiding van die media-agenda wat gestel is. Veral Shaw & Martin (1992) se resultate is vir die huidige studie van waarde. Hulle het bevind dat die media 'n aantal strydpunte identifiseer waar rondom individue in die politieke en sosiale sisteme dan *gesprek* voer. Na aanleiding hiervan maak hulle die aanname dat agendas makliker vir groepe as individue gestel kan word en dat 'n bepaalde groep konsensus oor die strydpunte op sy bepaalde agenda het. Hulle bevind dat media-agendas soos sosiale magnete funksioneer, wat verskillende groepe in die samelewing nader aan mekaar trek of verder wegstoot. Die argument is dat 'n bepaalde groep 'n persepsie met die geheel kan deel, wat

byvoorbeeld die gevolg van historiese ontwikkeling is. Shaw en Martin (1992) kwalifiseer die aanname dat daar nie noodwendig eenstemmigheid oor die oplossings van die strydpunte hoef te wees nie. In hulle studie het Noord-Amerika en Suid-Amerika byvoorbeeld saamgestem dat slawerny 'n strydpunt was, maar hulle het nie saamgestem oor die hantering van die probleem nie.

Word die aannames van Shaw & Martin (1992) op die huidige studie van toepassing gemaak, beteken dit dat *Beeld* en *The Star*, in terme van elkeen se onderskeie leserskorps, 'n bepaalde agenda daarstel of probleme identifiseer byvoorbeeld dat politieke verandering nodig is. Deur eenvormige oplossings vir die probleme daar te stel, kan *Beeld* en *The Star* 'n integrerende funksie in die samelewing hê, deur ideologies verskillende groepe van die bevolking nader aan mekaar te bring. *Beeld* en *The Star* kan ook 'n rol speel om gevestigde stereotipes van die ANC by hul onderskeie leserskorps te bevestig of verander en sodoende aan te toon dat daar verandering in die ANC was of nie.

(Twee metodes waarvolgens die agendastellingsfunksie die publiek se gedagtes kan rig, is deur middel van persoonlikheidsbeklemtoning en instrumentele aktualisering)

2.4.6.1 Persoonlikheidsbeklemtoning en instrumentele aktualisering

Persoonlikheidsbeklemtoning verwys na die vermoë van die media om bepaalde kriteria daar te stel, waarvolgens politieke leiers beoordeel kan word. Dit is 'n uitbreiding van die agendastellingshipotese en maak die aanname dat die beklemtoning van sekere kriteria en/of strydpunte wat 'n rol by politieke besluitneming speel, kan bydra tot die vorming van persepsies oor 'n politieke leier. In 'n nuusberig beoordeel die media byvoorbeeld nie self die politieke leier as goed of sleg nie, maar stel die kriteria waarvolgens die publiek dié leier kan beoordeel (Iyengar & Simon, 1993:368; McCombs & Shaw, 1993:64-65).

Iyengar & Simon (1993) bevestig hierdie aanname in 'n studie oor mediadekking van die Golf-oorlog. Hulle het bevind dat die klem wat op buitelandse beleid, as gevolg van die Golf-oorlog geplaas is, tot gevolg gehad het dat president George Bush eerder in terme van buitelandse beleid as ekonomiese beleid beoordeel is. Voor die Golf-oorlog (1988) was ekonomiese beleid die belangrikste kriterium vir Bush se sukses gewees.

Wanneer hierdie aannames binne die konteks van die huidige studie geplaas word, beteken dit dat daar onder meer ondersoek gedoen sal word of *Beeld* en *The Star* Nelson Mandela en

Winnie Mandela onderskeidelik as onderhandelaars of voorstanders van geweld as politieke strategie skets. Indien *Beeld* en *The Star* dan 'n mening oor onderhandeling of geweld uitspreek, spreek hulle ook indirek 'n mening oor Nelson Mandela en Winnie Mandela uit.

Instrumentele aktualisering word gegrond op die aanname dat daar verskillende wyses is waarop 'n konflik-/probleemsituasie hanteer kan word. Die media skets nie net 'n bepaalde probleemsituasie nie, maar toon ook aan wat die *ideale* oplossing vir die probleem sou wees. Die media skep met ander woorde 'n persepsie van wat die korrekte wyse is om die probleem te hanteer. Binne hierdie konteks kan die media die persepsie voorhou dat 'n bepaalde politieke groep die probleem beter hanteer as 'n ander groep en sodoende 'n bepaalde persepsie van dié groep aan sy leserskorps voorhou. Die publiek evalueer dan die verskillende politieke groepe se optrede aan die hand van hierdie *korrekte* oplossing wat die media aan hul voorgehou het (Edelstein, 1993:86-96; Brosius & Kepplinger, 1992).

Dit is teen dié agtergrond dat Brosius & Kepplinger (1992) probeer bepaal het hoe die hantering en uitbeelding van politieke aangeleenthede as *probleme* op televisie die vier belangrikste partye in die *Bundestag* beïnvloed het. Hulle het bevind dat televisiedekking nie net 'n verandering in die bewustheid van die strydpunte meebring het nie, maar ook implikasies ten opsigte van stemgedrag gehad het. Oor die algemeen is die kleiner partye meer bevoordeel, terwyl die groter partye weer op spesifieke strydpunte bevoordeel is. Die agendastellingsfunksie van die media is dus nie net tot strydpuntbeklemtoning beperk nie, maar kan soms ook 'n rol speel by die vorming van persepsies oor 'n bepaalde aspek of politieke groep.

In terme van hierdie studie, beteken dit dat die media byvoorbeeld die situasie kon skets dat die ou politieke orde uitgedien was en dat politieke verandering noodsaaklik was. Daar kan dan gestel word dat 'n gewelddadige omverwerping van die politieke bestel die aangewese oplossing sou wees, of dat politieke onderhandeling voorgegaan is. Deur dan die ANC te skets as voorstander van 'n oplossing wat die pers afkeur, sou die ANC byvoorbeeld negatief geskets word.

Samevattend kan gesê word dat meer as twintig jaar se navorsing oor die verband tussen die media- en openbare agenda nie 'n presiese antwoord gebied het nie. Tog het uit die navorsing geblyk dat daar 'n besliste verband tussen die media- en die openbare agenda bestaan. Dit is egter ook duidelik gestel dat die media nie die enigste faktor is wat die openbare agenda beïnvloed nie. Waar daar in die aanvanklike agendastellingstudies slegs die aanname gemaak

is dat die media bepaalde strydpunte identifiseer en beklemtoon. is in latere studies van die standpunt uitgegaan dat die media in sy aanbieding van die strydpunte in werklikheid ook vir die publiek 'n bepaalde denkrigting of houding aandui. Dit het aanleiding gegee tot die vraag na die wyse waarop hierdie strydpunte aangebied word en het agendastellingnavorsing ook na die media-agenda begin uitbrei.

2.4.7 Media-agenda

In die navorsing oor die media-agenda is probeer bepaal op watter wyse die media-agenda aangebied word en watter faktore 'n rol speel by die bepaling van dié agenda. Agendastelling word in dié afdeling binne die raamwerk van nuuskonstruksie bestudeer (vgl. McCombs & Shaw, 1993:60-61; Rogers, Dearing & Bregman, 1993:79-80; Berkowitz, 1987:508-513; Kosicki, 1993:110-116).

2.4.7.1 Strydpunte vs gebeure

Verskeie outeurs (vgl. Funkhouser, 1973; Ramaprasad, 1983:127; Shaw, 1977) het in 'n poging om die media-agenda te definieer begin om 'n onderskeid tussen strydpunte en gebeure te tref. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n nuusgebeurtenis *per se* nie deel van die media-agenda is nie. Eers wanneer hierdie nuusgebeurtenis binne 'n bepaalde konteks aangebied en verklaar word, word dit 'n strydpunt op die media-agenda.

Rogers & Dearing (1988:565-566) het van bogenoemde outeurs verskil en gemeen dat sowel gebeure as strydpunte deel van die media-agenda kan vorm, maar meen dat daar meer navorsing oor die agendastellingseffek van strydpunte as gebeure gedoen is. Hulle beskryf die media-agenda as volg:

... a list of issues and events that are viewed at a point in time as ranked in a hierarchy of importance (Rogers & Dearing, 1988:565).

Rogers & Dearing (1988), Shaw (1977) en Ramaprasad (1983) onderskei dog tussen gebeure en strydpunte. Gebeure word as insidente gesien, wat deur tyd en plek beperk word en strydpunte is kumulatiewe dekking van verbandhoudende nuusgebeure, wat binne 'n breër raamwerk geplaas word. Gebeure is dus komponente van strydpunte - die dood van twee atlete, Len Bias en Don Rogers (nuusgebeurtenis), is byvoorbeeld aan dwelmmisbruik

gekoppel en dit het die strydpunt van dwelmmisbruik op die nasionale nuusagenda geplaas (Rogers & Dearing, 1988).

Uit bogenoemde navorsing blyk dit dat (agendastellingseffekte eerder by strydpunte voorkom, wat binne 'n bepaalde konteks of raamwerk aangebied word.)

2.4.7.2 Verpakking van die media-agenda

2.4.7.2.1 Nuusvensters

Nuusvensters kan gesien word as raamwerke of skemas wat strydpunte binne 'n bepaalde konteks verduidelik en dien as hulp om die nuus te verstaan. (Die media het die vermoë om nuus binne bepaalde raamwerke of diskoerse aan te bied, met ander woorde binne bepaalde ideologiese of waardeperspektiewe.) Wanneer nuus bestudeer word, wil dit voorkom of nuus dikwels die realiteit in die vorm van 'n mite voorstel. Mites verklaar en verduidelik moeilik begrypbare realiteite, maar weerspieël nie noodwendig die objektiewe realiteit nie (Iyengar & Simon, 1993:370; Nimmo & Combs, 1990:27-28; Bird & Dardenne, 1988:67-74; Knight & Dean, 1982:146-150; Kosicki, 1993:114-116; Tuchman, 1978:182-183).

Kosicki (1993) verduidelik die konsep aan die hand van 'n voorbeeld. President Bush het gesê dat hy *oorlog* op dwelms verklaar het. Sy bekamping van dwelmmisbruik word dus as 'n oorlog deur hom geskets en daardeur word streng optrede gesuggereer. Die opposisieparty, het weer van 'n ander nuusvenster gebruik gemaak en gesê dat strenger wetgewing alleen nie die probleem sou aanspreek nie en dat dit as 'n breër sosiale probleem hanteer moes word. In terme van die huidige studie, hou dit in dat ondersoek gedoen sou kon word of die ANC voorgestel word as organisasie wat geweld of onderhandeling voorstaan.

Iyengar & Simon (1993:370) onderskei tussen episodiese en tematiese nuusvensters. Episodiese vensters stel gebeure in terme van konkrete of spesifieke gebeure voor byvoorbeeld, 'n moord, werklose persoon, slagoffer van geweld, ensovoorts. Gewoonlik kan episodiese nuusvensters maklik visueel aangebied word. Binne 'n tematiese nuusvenster word 'n gebeurtenis binne 'n breër algemene konteks geplaas, byvoorbeeld 'n landwyse toename in werkloosheid of die sosiale of politieke eise van groepe wat vir geweld verantwoordelik is.

Iyengar & Simon (1993:379-381) maak die aanname dat wanneer nasionale probleme episodies aangebied word, is dit nie samelewingstrukture nie, maar eerder individuele groepe

wat verantwoordelik gehou word. Wanneer armoede, misdaad en terrorisme byvoorbeeld episodies voorgestel word, is die oorsake onderskeidelik arm mense, misdadigers, en terroriste. In hierdie ondersoek kan aangeneem word dat aangesien die pers bestudeer word, daar eerder van 'n tematiese ontleding gebruik gemaak sou word. Dit het die implikasie dat daar meer op samelewingstrukture as individue gekonsentreer sou word.

McCombs & Shaw (1993:62) maak die aanname dat die media ook vir die publiek 'n bepaalde houding of denkrigting kan aantoon (kyk paragraaf 2.4.6) en bring dit in verband met nuusvensters. Nie net die selektering van strydpunte nie, maar ook die aanbieding van strydpunte binne nuusvensters, kan agendastellingseffekte hê. Daar kan op verskeie wyses oor 'n sosiale beweging berig word. Daar kan byvoorbeeld klem gelê word op die wyse wat sosiale probleme aangespreek word, of op kritiek teen die stelsel en pogings om die probleme aan te spreek. Dieselfde beginsels kan ook op beriggewing oor verkiesings van toepassing gemaak word. Alle partye kan dieselfde hoeveelheid dekking hê, maar die nuusvenster of raamwerk waarbinne dit aangebied word, beïnvloed hoe die publiek op die strydpunt gaan reageer. Binne die konteks van hierdie ondersoek beteken dit dat die ANC byvoorbeeld as 'n organisasie getipeer kan word wat onderhandeling voorstaan.

2.4.7.3 Faktore wat 'n rol by die vorming van die media-agenda speel

Dit is nie die primêre taak van dié studie om ondersoek na faktore te doen wat 'n rol gespeel het by die bepaling van die media-agenda met betrekking tot die ANC nie, maar sekere faktore word tog in ag geneem. Die studie word teen die agtergrond gedoen dat *Beeld* en *The Star*, elkeen sy eie historiese omstandighede en redaksionele beleidsrigting het en dat dit in hul beriggewing gemanifesteer word. Die studie konsentreer egter op die nuusagenda van *Beeld* en *The Star* ten opsigte van die ANC, met ander woorde: Binne watter konteks is nuusgebeure oor die ANC aangebied?

Verskeie studies het aangetoon dat die media-agenda net 'n gedeeltelike weerspieëling van die realiteit is (Funkhouser, 1973; Dominick, 1977; Zucker, 1978; Severen & Tankhard, 1988:280-281; Ammons, Dimmick & Pilotta, 1982). As die media-agenda dan 'n rol by die vorming van die openbare agenda speel en die media-agenda is nie net 'n weerspieëling van die volle realiteit nie, dan moet daar sprake van manipulasie wees (vgl. Westley, 1976:43-45). In wese gaan dit dus oor die wyse waarop die pers te werk gaan om 'n bepaalde mediarealiteit aan die publiek voor te hou.

Daar word hoofsaaklik tussen interne en eksterne faktore onderskei wat die media-agenda beïnvloed.)

2.4.7.3.1 Interne faktore

Interne faktore binne 'n nuusorganisasie kan die media-agenda beïnvloed. White (1950:383-390) en Breed (1955:195) was waarskynlik die eerste navorsers om die begrip *hekswagter* te gebruik om aan te toon dat die joernalis *gedwing* word om nuus te selekteer. Verskeie outeurs (vgl. Tuchman, 1978; Willis, 1991; Koch, 1990; Knight & Dean, 1982) het al aan hierdie konsep aandag gegee. Die basiese standpunte wat gestel word, is dat dit nie noodwendig 'n doelbewuste aksie van die joernalis is om die publiek te mislei nie, maar dat daar bepaalde faktore is wat 'n rol speel en in werklikheid die joernalis noodsaak om keuses te maak om net 'n deel van die realiteit te bied. Van die belangrikste faktore wat 'n rol speel, is die redaksionele beleidsrigting en organisatoriese faktore, waaronder beperkte ruimte en tyd.)

Die media is komplekse organisasies met hul eie bepaalde doelstellings. In ruil vir werk konformeer werknemers en aanvaar hulle die doelstellings van die media-ondernemings. Die interne organisasiestruktuur beïnvloed ook die wyse waarop die boodskap aangebied word (Reese, 1991; Schudson, 1991:148-151). Daarby speel die persoonlike waardes en voorkeure van elke joernalis ook 'n rol by die selektering en aanbieding van nuus (Schudson, 1991:150).

Bogenoemde faktore is egter nie pertinent in hierdie studie ondersoek nie. In die huidige studie het die klem eerder op die invloed van eksterne faktore op die media-agenda geval.

2.4.7.3.2 Eksterne faktore

Die verhouding tussen die verskillende nuusmedia onderling en die nuusmedia en ander samelewingsisteme kan 'n rol by die seleksie van nuus speel (Whitney & Becker, 1982; Westley, 1976:43-46; Rogers & Dearing, 1988:557-558).)

Reese (1991:316) kom tot die gevolgtrekking dat die mag van die media 'n funksie van sy verhouding met ander komponente is. Beide dwang- en ruilverhoudings kan tussen die media en samelewing gevind word, en meer spesifiek is politici en die media van mekaar afhanklik (vgl. paragraaf 2.5.3). Die verhouding is soms simbioties en dit is nie duidelik watter party mag bo die ander het nie. Om die magsverhoudings tussen die media en samelewing te ondersoek, moet aspekte soos die afhanklikheid van die betrokke partye van mekaar,

beskikbaarheid van bronne vir albei partye en die waarde wat elke party aan die verhouding heg, in ag geneem word.

Die verhouding tussen die media en sy nuusbron kan ook die media-agenda beïnvloed. Mag is hier dikwels 'n funksie van interafhanklikheid. Organisasies is afhanklik van mekaar in die sin dat die bereiking van een organisasie se doel afhanklik is van 'n ander organisasie. Wanneer 'n organisasie ook as 'n nuusbron beskou word, is dit duidelik dat die verhouding tussen die joernalis en sy bron 'n definitiewe invloed het op die wyse waarop die nuus aangebied word (vgl. De Fleur & Ball-Rokeach, 1985; Shoemaker & Reese, 1991:150-151; Reese, 1991:325; Schudson, 1991:148).

Teen die agtergrond is dit nodig om ondersoek na die Suid-Afrikaanse persopset in te stel en spesifiek na die eksterne faktore wat 'n rol by die seleksie van nuus by *Beeld* en *The Star* gespeel het.

2.5 DIE SUID-AFRIKAANSE PERSOPSET

Wanneer die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis bestudeer word, word dit duidelik dat veral die politieke, maar ook die ekonomiese subsysteme, in die samelewing 'n invloed op die ontwikkeling van die pers gehad het. Dit het onder andere tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaanse pers vandag grootliks 'n weerspieëling van die politieke opset is.

Na aanleiding van Tomaselli & Louw (1989:72) en Diederichs (1993:76-79) se vroeëre klassifikasie van die Suid-Afrikaanse pers, kon daar in die jare tagtig en vroeg negentig hoofsaaklik onderskei word tussen die sogenaamde *establishment*- of hoofstroompers aan die een kant en *alternatiewe* of progressiewe pers aan die ander kant.

Ondanks ooreenkoms tussen die Afrikaanstalige en Engelstalige pers in dié sin dat albei primêr blanke politieke belang en kapitaal verteenwoordig het, was daar veral sedert 1948 'n skerp ideologiese verdeling tussen apartheid en anti-apartheidsgroepe.

In die jare 1989 tot 1993 het die Suid-Afrikaanse politiek 'n soortgelyke verdeling getoon. Daar kon hoofsaaklik onderskei word tussen die sogenaamde parlementêre groepe (verteenwoordig deur die hoofstroompers) en buite-parlementêre groepe (verteenwoordig deur die alternatiewe pers). Die ontbanning van die ANC en die opheffing van die noodtoestand het die posisie van die alternatiewe pers verswak (Froneman & De Beer,

1993:6-7). Dit het beteken dat die Engelstalige pers toenemend meer die funksie van die alternatiewe pers begin oorneem het.

In hierdie studie val die klem op die wyse waarop twee koerante van die *establishment*pers, eenersyds 'n ondersteuner van die NP-regering (*Beeld*) en andersyds 'n skerp *opponent* van die regering se apartheidsbeleid (*The Star*) oor 'n buite-parlementêre groep, die ANC, berig het.

2.5.1 Engelstalige pers

Die Engelstalige pers is vroeër deur twee persgroepe naamlik Argus en Times Media gedomineer. Beide dié groepe is hoofsaaklik deur mynkapitaal en spesifiek die Anglo-American groep en Johannesburg Consolidated Investment (JCI) beheer (Tomaselli & Tomaselli, 1987:57). Hieruit volg dit logies dat die Engelse pers, onder andere die belange van Engelssprekende mynkapitaal sou verteenwoordig.

Albei Engelse persgroepe (Argus en Times Media) het aanvanklik 'n beleid gevolg wat as *Broad South Africanism* bekend gestaan het. In die praktyk was dit 'n poging om aan die Engelssprekendes, wat polities in die minderheid was, 'n spreekbuis te bied. Die beleid het egter ook swart Suid-Afrikaners uitgesluit, en was dus in wese ook 'n vorm van apartheid (Owen, 1987:63-65). Later het die Engelse persgroepe al hoe meer swart lesers begin kry en het Engelse koerante toenemend krities teenoor die NP-regering en sy apartheidsbeleid begin staan.

2.5.1.1 Argus-groep

Die wortels van die Argus-groep strek terug na die stigting van *The Argus* in Kaapstad in 1857. In 1881 het Francis Dormer die eienaarskap daarvan oorgeneem. Die Argus-groep het formeel in 1889 tot stand gekom toe 'n susterskoerant *The Star* in Johannesburg gestig is. Dié groep is van die begin af deur C.J. Rhodes gesteun en deur die mynbedryf gefinansier.

Teen 1910 het die eienaarskap van die Argus-groep duidelik mynbelange gereflekteer en het die aandeelhouders mynmagnate, soos die Joel-broers, JB Robinson, Barnato-broers en Alfred Beit ingesluit. Dit is teen dié agtergrond dat die groep 'n vryemarkeconomie, en spesifiek die belange van die mynbedryf en Britse imperialisme voorgestaan het (Louw, 1991:3; Diederichs, 1993:78; Neame, 1956:1-33; Potter, 1975:39).

Op politieke gebied het dit beteken dat die Argus-groep ook politieke partye gesteun het wat na die belange van die Engelse mynbedryf omgesien het, met ander woorde die regerings van Louis Botha, Jan Smuts en die Smuts-Hetzog-pakt, en later partye soos die Verenigde Party (VP), Progressiewe Federale Party (PFP) en die Demokratiese Party (DP) (Louw, 1991:3; Kotzé & Greyling, 1991:30).

Hoewel die Argus-groep gedurende die jare vyftig en sestig die regering gekritiseer en apartheid veroordeel het, was hulle volgens Louw (1991:4) in die besonder teen die ekonomiese beleid van herverspreiding gekant, waarvolgens die Afrikaner ook kapitaal mag bekom het.

Sedert republiekwording in 1961 het die Argus-groep die regering se beleid bly bevraagteken. Eers in 1989 met die begin van hervorming deur die destydse staatspresident, FW de Klerk, het die Argus-groep begin om positiewe kommentaar oor die NP te lewer (Louw, 1991:4).

• *The Star*

The Star het as die *Great Eastern* in Grahamstad in 1869 ontstaan. In 1887 is daar besluit om na die Rand uit te brei en word die koerant as die *Eastern Star* in Johannesburg uitgegee. In 1889 word dit net *The Star* met Francis Dormer as redakteur (Clarke, 1987a:78).

The Star het van die begin van sy ontstaan onder redakteurskap van Dormer 'n baie sterk onafhanklike houding ingeneem en aspekte soos beter paaie, sanitêre geriewe en polisie-optrede is aangespreek. *The Star* het in baie opsigte, in die afwesigheid van 'n sterk plaaslike regering, as forum vir die plaaslike belange in Johannesburg gefunksioneer (Neame, 1956:60-61; 79; 85; Clarke, 1987b:8).

Op politieke gebied was *The Star* onpopulêr. Op 23 Maart 1879 het Paul Kruger opdrag gegee dat publikasie van *The Star* vir drie maande opgeskort moes word, omdat dit volgens hom die vrede en orde van die Republiek bedreig het. *The Star* het die probleem oorbrug deur die koerant se naam na *The Comet* te verander en het die volgende dag met publikasie voortgegaan (Neame, 1956:98-101; Clarke, 1987b:8; Benjamin, 1987:71). Namate die politieke situasie vanaf 1891 in Transvaal versleg het, het dit al hoe moeiliker geword om oor die gebeure te berig. Die laaste uitgawe van *The Star* het op 11 Oktober 1899 met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog verskyn. Op 2 Januarie 1902, vyf maande voor 'n vredesooreenkoms bereik is, het *The Star* weer verskyn (Neame, 1956:120-133; Clarke, 1987b:8).

In 1924 is die Smuts-regering deur die koalisie regering van J.B.M. Hertzog vervang. *The Star* het nog altyd Hertzog se republikeinse strewe geopponeer (Neame, 1956:229-230). Dit het *The Star* voor 'n probleem te staan gebring oor die wyse van hantering van 'n opposisie party wat toe die regering geword het. *The Star* het veral die Hertzog regering se ekonomiese beleid bevraagteken en het Smuts se oproepe dat die Unie hom eerder aan Sterling as aan goud moes verbind, gesteun. Dit alles het bygedra tot 'n potensiële konfliktsituasie tussen die pers en regering. In 1926 het die nuwe regering dan ook vir die eerste keer beperkings op die pers geplaas het, wat veral die Engelse pers geraak het (Neame, 1956:229-230).

Die politieke verdeling wat deur die Tweede Wêreldoorlog te weeg gebring is, het ook 'n invloed op die redaksionele beleidsrigting van *The Star* gehad en het *The Star* sterk standpunt ten gunste van Suid-Afrikaanse deelname aan dié oorlog ingeneem (Benjamin, 1987:71).

Die jare vyftig is deur 'n toename van Afrikaner nasionalisme gekenmerk. *The Star* het hom deurgaans hierteen uitgespreek. Die kwessie is op 'n spits gedryf toe *The Star* kapsie gemaak het teen die verwydering van die kleurlinge van die kiesersrol en veral die wyse waarop dit gedoen is. *The Star* is gedagvaar oor sy beriggewing in hierdie verband en het wel die saak verloor, maar het sy aansien as onafhanklike spreekbuis versterk. Vanaf die jare vyftig het die regerende NP toenemend die pers begin inperk (Benjamin, 1987:71).

In 1972 het *The Star* die eerste koerant geword wat, in terme van die Verdedigingswet, vervolg is. *The Star* het berig dat PW Botha, toe minister van verdediging, met Lissabon onderhandel het met die oog om wapentuig aan te koop. Nadat die redakteur, John Jordi, in die hof verkyn het, het die Staat sy saak teruggetrek (Benjamin, 1987:71; Clarke, 1987a:208).

McClurg (1982:30) meen dat die Engelstalige pers in toenemend moeiliker omstandige moes funksioneer. Hoewel *The Star* in sy begin jare ook soms konflik met sy lesers ervaar het, veral met verwysing na sy beriggewing oor die mynwerkerstaking, het *The Star* later 'n meer gemaklike verhouding met sy lesers ontwikkel en die waardes van die VP ondersteun. Hierdie situasie het teen die middel jare tagtig verander. Daar was aan die een kant die kritiek en beperkings van die regering en aan die ander kant die eise van die liberales en swart aktiviste en beskuldigings dat *The Star* te gematigd was.

The Star het, vanaf die vroeë jare tagtig toenemend met die regering begin bots, na aanleiding van die regering se strategie van die *totale aanslag*. Die sluiting van die *Rand Daily Mail* in 1985 het, veral wat die opposisie pers betref, 'n gaping gelaat. Dit is binne hierdie konteks wat

The Star begin het om weg te beweeg van 'n meer gematigde (*middle of the road*) benadering na 'n meer radikale houding (Tyson, 1993:325-326).

Na die afkondiging van die noodtoestand was *The Star* dikwels aan beperkings onderhewig. *The Star* het in hierdie tyd deurgaans 'n vel stryd teen persvryheid gevoer en het dikwels met die regering in hierdie verband gebots (Clarke, 1987a:231-232).

In 1984 is *The Star*, in terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid, aangekla. Die redakteur, Harvey Tyson, moes in die hof verskyn, omdat hy die verbanne president van die ANC, Oliver Tambo, aangehaal het. In Maart 1987 het die polisie by *The Star* se kantore opgedaag en gedreig om te verhoed dat 'n uitgawe verskyn, waarin *The Star* 'n advertensie geplaas het wat die vrylating van aangehoudenis bepleit het. Daarna het *The Star* ook voortgegaan en 'n lys van aangehoudenis gepubliseer. Ander koerante het gemeen dat dit volgens die noodmaatreëls nie toelaatbaar was nie. In 1988 is daar R100 000 van *The Star* geëis omdat *The Star* 'n brief gepubliseer het waarin Stoffel Botha, destydse minister van binnelandse sake, gekritiseer is omdat hy 'n uitgawe van die *Weekly Mail* ingeperk het. *The Star* het gedurende die jare tagtig ook voortdurende oproepe vir die ontbanning van die ANC en vrylating van Nelson Mandela gedoen (Benjamin, 1987:71;76; Clarke, 1987a:321-323; Tyson, 1993:331-332; 337; 270-272).

Harvey Tyson, redakteur van *The Star*, het sy protes teen dié beperkings aangedui deur die woorde *report restricted* onder aan die berigte te plaas om aan te toon dat *The Star* verhoed is om sekere aspekte bekend te maak. Later is die beperkende wetgewing in so 'n mate verander dat koerante ook verbied is om blanko spasies te publiseer om aan te toon dat sensuur toegepas is (Clarke, 1987a:231; Tyson, 1993:37-340).

2.5.2 Die Afrikaanstalige pers

In teenstelling met die Engelse pers, het die Afrikaanse pers nie as 'n ekonomiese instelling begin nie en was daar nie sprake van kapitaal van groot ondernemings nie. Die totstandkoming van Nasionale Pers was 'n voorbeeld van die mobilisasie van *volkskapitalisme*. Dit het die mobilisering van spaargeld van die middel en werkersklas-Afrikaners deur finansiële instellings behels, hoewel enkele welaf Bolandse boere ook 'n sleutel rol gespeel het. Die doel was om naas die Engelse instellings ook Afrikaanse ekonomiese instellings daar te stel, sodat die Engelse instellings geboikot kon word. *Volkskapitalisme* het dus nie kapitalisme nie, maar eerder Engelse beheer van Suid-

Afrikaanse kapitaal bevraagteken (Muller, 1990; Tomaselli & Tomaselli, 1987:87; Hachten & Giffard, 1984:179; Louw, 1991:7-8; Anon., 1990:B12). Op ekonomiese gebied het die Engelse en Afrikaanse pers dus die teenoorgestelde doelstellings gehad.

Die Afrikaanse pers was die produk van die Afrikaner, verteenwoordig deur die NP, se politieke aspirasies. Die NP het vir hom 'n pers gestig om sy gedagterigting uit te dra (Hachten & Giffard, 1984:178-179; Muller, 1984:63).

2.5.2.1 Nasionale Pers

Nasionale Pers het van meet af 'n verbintenis met Afrikaanse en spesifiek NP politiek gehad. Die Kaapse Nasionaliste het *Die Burger* in 1915 gestig met Dr. D.F. Malan as eerste redakteur om die NP aan bewind te bring en daar te hou. In die praktyk het dit beteken dat die Afrikaanse pers tot en met 1948 toe die NP aan bewind gekom het, bykans geen kritiek teen die NP gelever nie. Daar is nie eens oor onderlinge verskille tussen Afrikaners verslag gedoen nie, omdat daar gemeen is dat 'n verdeelde Afrikanerdom tot verdeelde leierskap kon lei (Potter, 1975:181; McClurg, 1982:56; Tomaselli & Tomaselli, 1987:90; Louw, 1991:7; Diederichs, 1993:80-81; Muller, 1987:121-24; De Beer & Steyn, 1992:2-4; Muller, 1990:50-57 & 665; Anon., 1990:B5; Cillié, 1992:458-460).

Daar was enkele voorvalle waar Nasionale Pers, en spesifiek *Die Burger*, NP-beleid bevraagteken het. *Die Burger* het byvoorbeeld twee aspekte in die ontwerpgrondwet van 1942 bevraagteken. Die een aspek het voorsiening gemaak vir die skepping van sogenaamde tweedeklas-burgers, terwyl die ander aspek Afrikaans tot eerste landstaal wou verhef en Engels as tweede landstaal aangedui het (Cillié, 1992:461-462).

Die Burger het in 1959 die regering gekritiseer omdat swartes verbied is om die opvoering van *Messiah* in Pietermaritzburg by te woon (McClurg, 1987:56; De Beer & Steyn, 1992:6). *Die Burger* het ook, onder andere berig dat klagtes van swartes na aanleiding van die gebeure by Sharpeville (1960) ondersoek moes word en dat Suid-Afrika gereed vir kleurling- en Indiër-verteenwoordiging was (McClurg, 1982:57; Potter, 1975:57; Cillié, 1992:466). Dr. H.F. Verwoerd, destydse eerste minister, het deur middel van *Die Transvaler* gereageer en gesê dat *Die Burger* verkeerdelik die idee geskep het dat daar blankes was wat nie algehele blanke dominansie voorgestaan het nie. Dié debat tussen *Die Burger* en *Die Transvaler* was die eerste debat binne die NP wat in meer as dertig jaar in die pers gevoer is (Potter, 1975:185-187; Tomaselli & Tomaselli, 1987:90-91; Muller, 1990:670-671).

Nasionale Pers het hom aanvanklik tot die Kaapse mark beperk en het eers in die jare sestig die Transvaalse mark betree. Die toetreding van die Transvaalse mark met die Sondagkoerant *Die Beeld* (1965), kan in 'n groot mate as 'n politieke skuif gesien word. *Die Beeld* moes as spreekbuis vir die meer *verligte* nasionaliste (suidelike nasionalisme) in Transvaal dien. Aanvanklik is *Die Beeld* nie baie gunstig in die meer konserwatiewe Transvaal ontvang nie en hy moes met *Dagbreek* vir 'n aandeel in dié mark kompeteer (Louw, 1991:7; Diederichs, 1993:81; McClurg, 1987:57; Hachten & Giffard, 1984:184-185; Muller, 1987:131; De Villiers, 1992:220-221). Dr. H.F. Verwoerd was self ook teen die totstandkoming van *Die Beeld* gekant en het gesê dat hy meen dat daar net ruimte vir een Afrikaanse Sondagkoerant in Transvaal was. Vanaf die eerste uitgawe van *Die Beeld* was dit duidelik dat 'n nuwe aanslag gevolg sou word en is daar oor interne verskille binne die NP berig (Potter, 1975:189; Cillié, 1992:471; De Villiers, 1992:220-235).

Die stryd om die Afrikaanse Sondagkoerantmark tussen *Die Beeld* en *Dagbreek* het al hoe skerper geword. Die wedywering tussen *Dagbreek* en *Die Beeld* het nie net politieke onmin veroorsaak nie, maar hulle het mekaar ook ekonomies benadeel. In 1971 het die twee koerante as 'n kompromie saam gesmelt en *Rapport* gevorm (Hachten & Giffard, 1984:185; Potter, 1975:190; Louw, 1991:8; Diederichs, 1993:91; De Villiers, 1992:253; Scholtz, 1992a:254-255).

Die Transvaalse Nasionaliste het die samesmelting verwelkom, omdat dit in effek 'n oorname deur Nasionale Pers was. *Rapport* het basies *Die Beeld* se redaksie oorgeneem. Willem Wepener, eerste redakteur van *Rapport*, het aan Afrikaanse standaarde 'n liberale koers ingeslaan en het soms Nasionale Party politici met van sy beriggewing ontstel. Anders as die ander Nasionale Pers koerante, het *Rapport* 'n groter afstand van die party gehandhaaf. Dit het die koerant in staat gestel het om 'n meer kritiese houding teenoor die regering in te neem. Dit was veral vanaf 1983 die geval toe Willem de Klerk die redakteur geword het (Richard, 1986:102-104; Hachten & Giffard, 1984:185-186; Potter, 1975:47; McClurg, 1982:58; Scholtz, 1992a:261-273).

• *Beeld*

Na aanleiding van die sukses wat Nasionale Pers met *Rapport* gehad het, het hulle in 1974 'n nuwe dagblad, *Beeld*, geloods. *Beeld* moes onder redakteurskap van Schalk Pienaar as spreekbuis vir die NP in Transvaal dien (Louw, 1991:8; Hachten & Giffard, 1984:187; Muller, 1987:132; Scholtz, 1992b:277-278).

Beeld het in sy eerste hoofartikel aangetoon dat hy in diens van die Afrikanervolk wou staan, maar dat die Afrikaner geen toekoms gehad het, as hy nie homself as deel van 'n breër Suid-Afrikaanse nasie gesien het nie. Die gedagte wat *Beeld* dus uitgedra het, was dié van inklusiewe nasionalisme. Dit is uiteraard nie baie gunstig in meer konserwatiewe kringe ontvang nie. *Beeld* het dan ook doelbewus homself teen persone en instansies uitgespreek, wat ver-regse standpunte gehandhaaf het (Scholtz, Du Plessis & De Beer, 1992:314-317).

Scholtz, Du Plessis & De Beer (1992:318-322) toon aan dat *Beeld* soms standpunte uitgespreek het wat nie NP-beleid verteenwoordig het nie. Dit wil voorkom of dié uitsprake meestal hervorming voorgestaan het. Daar is byvoorbeeld reeds in 1981 daarvan melding gemaak dat die regering met die ANC sal moet onderhandel, en dat die ANC deel van die Suid-Afrikaanse politieke realiteit was. Die NP se beleid rondom die groepsgebiedewet is ook bevraagteken, en daar is ook suggesties gemaak dat Nelson Mandela vrygelaat moes word.

Tydens die bewind van PW Botha, het Nasionale Pers-koerante oor die algemeen nie 'n probleem gehad om die meer hervormingsgesinde beleid te ondersteun nie. Dié pers het die afskaffing van *klein apartheid*, die skepping van die driekamerparlement en die hantering van die Konserwatiewe Party (KP) as amptelike opposisie gesteun. Dit was in dié tyd dat *Beeld* ook die stryd om die oggendmark in Transvaal gewen het en die grootste Afrikaanstalige dagblad geword het.

Uit bogenoemde het dit geblyk dat *Beeld* en *The Star* hoofsaaklik deur blanke kapitaal bedryf is en ook hoofsaaklik die blanke politiek verteenwoordig het. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar 'n ideologiese verdeling tussen *Beeld* en *The Star* was. *The Star* het homself tradisioneel as die verteenwoordiger van die swart onderdrukte se belange gesien, terwyl *Beeld*, minstens tot die jare tagtig, die NP-regering se beleid van apartheid ondersteun het. Ten tyde van die ondersoek het die ANC nog nie formele politieke verteenwoordiging gehad nie, en is dit dan in werklikheid twee *establishment*-koerante wat oor 'n buite parlementêre groep berig het. Daar sou verwag kon word dat *The Star* 'n meer simpatieke benadering as *Beeld* teenoor die ANC sou openbaar. Aan die ander kant het *Beeld* van die begin van sy bestaan 'n reputasie opgebou as vooruitloper van NP-beleid en behoort hy in daardie lig ook 'n positiewe beeld teenoor onderhandeling met die ANC, te reflekteer.

In die huidige studie word nie in die eerste plek ondersoek gedoen na faktore wat nuusseleksie beïnvloed nie, maar na die wyse waarop die nuus aangebied word. Die

aanbieding van nuus kan egter nie bestudeer word, sonder om bogenoemde konteks te verreken nie.

2.5.3 Noodtoestand

Na aanleiding van die politieke onrus wat vanaf 1985 begin voorkom het (vgl. paragraaf 3.3.4.4), is 'n landwye noodtoestand op 12 Junie 1986 afgekondig (vgl. paragraaf 3.3.4.5.2). Vir die huidige studie is die implikasies wat bogenoemde beperkings vir die media gehad het, van besondere belang. Die destydse staatspresident, PW Botha, het dit veral teen die alternatiewe pers gehad en het gemeen dat die alternatiewe pers deel van die *totale aanslag* teen die regering geword het en binne dié konteks ingeperk moes word (Tomaselli & Louw, 1989:77-78).

Hoewel daar sedert 1986, regeringsuitsprake gemaak is dat die pers beheer moes word, is daar nooit werklik deur die Mediaraad of NPU teen die pers opgetree nie. Die noodregulasies van 21 Julie 1985 tot 7 Maart 1986 het bykans geen spesifieke beperkings op die media geplaas nie. Die belangrikste regulasies wat op die media betrekking gehad het, was regulasies 9, 10 en 11. Dit het onder andere beteken dat die neem of plaas van fotografiese materiaal of klankopnames van onrusgebiede van enige lid van die SAW verbied was. Verder is die publiserings van 'n subversiewe stelling verbied of enige materiaal wat weermag optrede bevat het of enige materiaal wat iemand kon aanmoedig om aan protesoptrede of boikotte deel te neem. Die Minister van Wet en Orde of 'n persoon wat hy magtiging gegee, kon 'n publikasie inperk (Armstrong, 1987:202-203; Engelbrecht, 1989:61-63; Tomaselli & Louw, 1989:77-85).

In Desember 1986 word bogenoemde maatreëls vervang met stappe wat spesifiek op die media van toepassing sou wees. Dié nuwe maatreëls was spesifiek op die *alternatiewe pers* gerig. Voor die wysiging van die maatreëls was daar druk op die NPU om sy gedragskode ten opsigte van verantwoordelike beriggewing, tydens die noodtoestand op te stel, wat die implikasie gehad het dat die NPU-koerante in praktyk van die maatreëls vrygestel sou wees (Armstrong, 1987:205-206).

Op 28 Augustus 1987 is daar weer nuwe mediaregulasies in die staatskoerant afgekondig. Hoewel die regulasies op alle publikasies van toepassing was, was dit spesifiek daarop gerig om die *alternatiewe pers* aan bande te lê. Daarmee saam het die regering ook op 2 September 1987 'n Direktoraatsaam van mediaverhoudinge tot stand gebring om die vloeï van nuus te monitor (Tomaselli & Louw, 1989:78).

Op 12 Desember 1989 het die regering 'n Interdepartementele Persskakelingssentrum tot stand gebring, waar koerante vrywillig toestemming kon kry om bepaalde berigte te publiseer. Van die 201 navrae wat tot op 22 Desember ontvang is, is daar slegs toestemming verleen vir die publikasie van 19 berigte. Die meeste van die navrae kon nie hanteer word nie, omdat dit buite die bevoegdheid van die sentrum geval het, en is na ander staatsdepartemente verwys (Tomaselli & Louw, 1989:79).

Die regulasies het die teenwoordigheid van joernaliste in 'n onrusgebied verbied. Dit het verder ook die publikasie van enige materiaal verbied, wat iemand aangemoedig het om deel te neem aan boikotte of enige alternatiewe strukture soos byvoorbeeld die *people's courts*. Voorts was die pers nie toegelaat om ingeperkte persone aan te haal nie of name van aangehoudenis sonder verhoor, bekend te maak nie (Engelbrecht, 1989:61-63).

Regulasie 7 van die noodmaatreëls het verwys na subversiewe standpunte en het bepaal dat die media na publikasie gemonitor is. Die minister van Binnelandse Sake het die reg gehad om te bepaal of hy 'n ondersoek na 'n bepaalde publikasie of bepaalde artikel in 'n publikasie wou loods. Hy moes dan die redes vir sy ondersoek bekend maak, asook die riglyne waarteen die ondersoek geloods sou word. Die publikasie het dan twee weke tyd gekry om skriftelik op die versoek van die Minister te reageer. Die Minister kon dan die publikasie waarsku dat, volgens sy mening, die betrokke publikasie besig was om artikels of stellings te publiseer wat die algemene veiligheid van die land bedreig het. Indien dié publikasie na waarskuwing voort sou gaan met die publisering van sogenaamde subversiewe stellings, moes die Minister weer die publikasie waarsku en spesifiek aandui op watter grond hy sy bewerings gemaak het. Die publikasie het dan weer twee weke geleentheid gekry om op die aantuigings te reageer. Na afloop van bogenoemde prosedure kon die minister dan besluit om geen stappe teen die publikasie te neem nie, die publikasie tydelik in te perk of dat die publikasie vir 'n sekere tyd vir goedkeuring aan die Minister voorgelê moes word (Engelbrecht, 1989:62-63).

In die praktyk het dit beteken dat 12 publikasies in kennis gestel is dat bepaalde aspekte wat hulle gepubliseer het, ondersoek is. Hiervan het 11 amptelike waarskuwings in die Staatskoerant ontvang. Drie publikasies is vir drie maande ingeperk en twee vir korter tydperke (Engelbrecht, 1989:63).

Bogenoemde het die implikasie dat die pers onder moeilike omstandighede moes funksioneer om 'n bepaalde mediarealiteit aan die lesers te bring. Dit het dikwels ook beteken dat hoewel 'n koerant nie formeel ingeperk of gewaarsku is nie, die koerant in elk geval selfsensuur

toegepas het. In hierdie opsig was die noodmaatreëls ook 'n faktor wat nuusseleksie beïnvloed het en sodoende ook 'n rol by die bepaling van die media-agenda gespeel het.

2.6 POLITIEK: 'N GEMEDIEERDE REALITEIT

Na aanleiding van bogenoemde word die gevolgtrekking gemaak dat die media 'n besondere rol speel om verskillende subsisteme in die samelewing, en in besonder die politieke en publieke subsisteme, aan mekaar te koppel.


Die meerderheid lede van die publiek het nie 'n direkte ervaring met die politiek nie. Hulle is dus van die media (en interpersoonlike bronne) vir inligting oor politieke gebeure en politieke bewegings afhanklik. Dit het die implikasie dat die media oor die vermoë beskik om 'n bepaalde mediarealiteit van die politiek daar te stel (vgl. paragraaf 2.3.2). Deur die inligting wat die media daar stel, vorm die publiek 'n bepaalde realiteit waarop hulle dan weer hul besluite en optrede grond. Die media kan dus 'n politieke beweging binne 'n bepaalde politieke konteks plaas (Schoemaker, 1984a:67; Negrine, 1989:6-7; Kraus & Davis, 1976:209-211; Shoemaker, 1982; Tan, 1982; De Beer, 1993a:23-24).

As dit binne die konteks van die funksionele benadering (wat die *status quo* voorstaan) beskou word, kan aanvaar word dat die politieke realiteit wat geskep word ook die *status quo* sal voorstaan. Cooper (1991:14-14) gebruik die begrip *kontroversiële perspektief* om die tendens dat die media die *status quo* voorstaan, te beskryf. Mediadekking neig om die groepe wat die mag bevraagteken of wil oorneem as die *vyand* te tipeer. Met ander woorde, die aanvaarbaarheid van groepe se optrede word aan die bestaande norme gemeet (McQuail, 1992:240-247; 253-258; Hewitt, 1992:199-201).

Bogenoemde word meer kompleks wanneer dit binne die konteks van 'n veranderende konfliktsamelewing, soos Suid-Afrika, geplaas word. In die laat jare tagtig en vroeë jare negentig, was die dilemma dat die Suid-Afrikaanse regering self nie meer die *status quo* ondersteun het nie, maar politieke verandering voorgestaan het. Die media is dus voor die dilemma geplaas dat hy nie die regering en *status quo* albei kon ondersteun nie. Indien die media die bestaande orde bevraagteken het, het hy eintlik die bestaande regering ondersteun. Dit het aan die media 'n unieke geleentheid gebied om 'n nuwe politieke bestel te skets en politieke groepe binne dié nuwe konteks te plaas en op die politieke spektrum te herposisioneer (vgl. De Beer & Steyn, 1993; De Beer 1993a; De Beer, 1993b).

Dit het veral betrekking op 'n politieke groep soos die ANC, wat aanvanklik 'n verbode organisasie was en homself toe as deel van die legitieme politieke proses moes vestig. Tydens ballingskap het die ANC van geweld as politieke strategie gebruik gemaak en moes daarna as ontbanne organisasie deel van die onderhandelingsproses word. Dit moet verder gesien word in die konteks dat die ANC nie oor formele openbare kommunikasiekanale in Suid-Afrika beskik het nie, en daarom van geweld en/of ander metodes gebruik gemaak het om sy standpunte oor te dra. Dié daad het egter nie trefkrag as die media dit nie wyer bekend maak nie. Hierdie beginsels is, wat die gebruik van terreur betref, reeds goed gedokumenteer.

Wanneer definisies van terreur bestudeer word (vgl. Lass, 1981:33; Wolf, 1976:1289-1290; Muller, 1986:29; Alexander, 1978:102-104; Bassiouni, 1982:128; Sameul, 1989:35; Vorster, 1984:1-3), blyk dit dat die terreurbeweging, ten einde sy doelstellings te kan bereik, van die media vir publisiteit afhanklik is. Die doelstelling van terreur is nie in die eerste plek 'n fisiese oorwinning *per se* nie, maar eerder dié van 'n psigologiese stryd. Aangesien die media help om 'n simboliese wêreld (mediarealiteit) te skep, speel dit ook 'n rol in die wyse waarop geweld uitgebeeld word. Die implikasie hiervan vir terreur is dat die media die fisiese terreurdaad herkonstrueer en sodoende versprei. Dit is dan nie meer die fisiese daad nie, maar die simboliese daad wat die bedreiging is. Om 'n politieke effek te hê of die openbare mening deur intimidasie te beïnvloed moet die gewelddaad bekend gemaak word (Gerbner, 1991:3; Vorster, 1984:1-3).



Figuur 2.6: Terrorisme driehoek (Vorster, 1984)

Gerrits (1992:35-45) som die redes as volg op; terreurbewegings soek publisiteit om die mag van die organisasie ten toon te stel; om die regering se onderdrukking van die organisasie uit te buit; opponente te demoraliseer en eie moraal te verbeter; om simpatie en steun vir die beweging te werf; polarisasie van die politieke situasie; om dit onmoontlik te maak om te regeer en die regverdiging van die gebruik van geweld deur die organisasie.

Hier is in werklikheid drie hoofkomponente ter sprake: die terroris, teiken, en slagoffer (vgl. figuur 2.6). In die meeste gevalle is die slagoffer en teiken nie identies nie. Die daad moet dus aan die slagoffer gekommunikeer word en sodoende koppel die pers dikwels sy slagoffer aan die teiken (Vorster, 1984:5-6; Gerrits, 1992:29-30; Weiman & Brosius, 1991:332-335; Tan, 1988; Tan, 1989).

Uit bogenoemde blyk dit dat die terreurbeweging swaar op publisiteit steun om sy doelwitte te bereik. Dieselfde sou ook gesê kon word van sogenaamde vreedsame protesoptrede (vgl. Du Toit, 1994) byvoorbeeld, stakings, massa-optogte en die oorhandiging van memoranda. De Wet (1994:36-43) stel dit dat die hoofdoelwit van vreedsame protes is om die mag en gesag van die opposisie af te breek. Deur massa-optogte en stakings word 'n bepaalde protesboodskap uitgedra en is hierdie gedrag grootliks simbolies van aard. Die geslaagdheid van die protes word hoofsaaklik bepaal deur die mate waarin die media daarin slaag om die boodskap op die nuusagenda te plaas. Daarby is dit belangrik dat daar simpatie vir die protesteerders by die publiek geskep word.

Daarenteen kan ongekwalifiseerde beriggewing oor 'n politieke groep, wat van geweld gebruik maak, ook dié groep in 'n swak lig stel. Deur selektiewe beriggewing kan die geweldpleging buite konteks aangebied word. Deur 'n groep as terroriste te tipeer, beteken ook dat hulle makliker geterroriseer kan word (hetsy deur die staat of 'n ander politieke groep) - deur die groep as die vyand voor te stel, word dit aanvaarbaar om oorlog teen die groep te verklaar (Gerbner, 1991:3-4; Cooper, 1991:10; Lule, 1991:42-44).

Dit is teen dié agtergrond dat De Beer (1990) argumenteer dat daar 'n nuwe tendens by terreurbewegings ontstaan het, naamlik om publisiteit te vermy. Terreurbewegings maak nie meer staat op willekeurige nuusdekking nie, en poog hulle toenemend om nuus te manipuleer en selfs te verhoed dat bepaalde nuus verskyn.

Waar terreurdade vroeër as skokmeganisme vir psigologiese impak aangewend is, het terreur in terme van nuuswaarde, *gewoon* geword. Daarby het sommige terreurbewegings 'n meer gematigde beeld begin voorhou en is geweldspublisiteit nie meer eerste prioriteit nie.

In Suid-Afrika het hierdie verskynsel wat De Beer (1990) as terreursensuur tipeer, sedert 1989-1990 na vore begin kom. Dit behels dat veral swart joernaliste deur middel van aanranding, dreigemente, beskadiging van eiendom, moord en ideologiese druk geïntimideer word om nuus op 'n bepaalde wyse te berig (De Beer, 1990:14-17; De Beer, 1993b; Mazwai, 1990; Koningkramer, 1990; Picard, 1991:65-69).

Uit albei bogenoemde standpunte blyk dit dat die media 'n belangrike rol speel as dit by politieke groepe kom wat van gewelddadige optrede gebruik maak. Aan die een kant is daar die tradisionele uitgangspunt dat terreurbewegings afhanklik van publisiteit vir hulle voortbestaan is. Aan die ander kant is die standpunt dat groepe wat van geweld gebruik maak, nuus manipuleer of vermy om 'n meer gematigde beeld voor te hou. Dit het alles 'n invloed op die agendastellingsproses van die pers.

2.7 SAMEVATTING

Die pers het 'n mediërende rol tussen die media en politieke sisteme. Dit stel die media in staat om deur middel van selektiewe berigging 'n bepaalde beeld (mediarealiteit) van 'n politieke groep aan die publiek voor te hou. Wanneer die agendastellingsfunksie binne bogenoemde konteks bestudeer word, blyk dit dat die pers dus bepaalde aspekte in verband met 'n politieke groep kan identifiseer, beklemtoon en sodoende op die nuusagenda plaas.

Die navorsing het getoon dat daar 'n verband (hoewel nie noodwendig kousaal) tussen die media en openbare agendas bestaan. Dit het verder geblyk dat daar verskeie faktore is wat 'n rol by agendastelling speel, waaronder 'n behoefte aan inligting, interpersoonlike faktore, die aard van die strydpunt, ensovoorts.

Die meer resente navorsing (vgl. McCombs, 1993; Edelsten, 1993; Brosius & Kepplinger, 1993; Roberts, 1992; Shaw & Martin, 1992) toon dat die media ook deur die wyse waarop bepaalde standpunte aangebied word, 'n bepaalde gedagterigting by die publiek kan stimuleer. Volgens instrumentele aktualisering en persoonlikheidsbeklemtoning kan die media bepaalde kriteria daarstel waarvolgens, politieke leiers, groepe of probleemsituasies geëvalueer word.

Hoewel die media nie self 'n bepaalde oordeel uitspreek nie, word die publiek se gedagtes in 'n bepaalde rigting gestuur (vgl. doelstelling 1.2.1a).

Dit is teen dié agtergrond wat hierdie studie ondersoek instel na die beeld van die ANC soos dit deur *Beeld* en *The Star* gereflekteer is. Daar gaan spesifiek gefokus word op die kriteria wat *Beeld* en *The Star* daar gestel het, as riglyne vir die evaluering van die ANC. Ten einde so 'n studie te kan onderneem is dit nodig om eers die ANC as politieke beweging binne historiese konteks te plaas (vgl. Hoofstuk 3).

Hoofstuk 3

Die African National Congress: Politieke strategie en die rol van die media

3.1 INLEIDING

Volgens die funksionele benadering (vgl. paragraaf 2.2) is 'n politieke beweging soos die ANC in 'n groot mate van die media afhanklik om sy politieke strategie aan die publiek te kan oordra. Dit het die implikasie dat die media in werklikheid 'n bepaalde beeld aan 'n politieke groep kan gee deur bepaalde eienskappe van dié groep te beklemtoon. Dit hou besondere implikasies vir 'n organisasie, soos die ANC in, waar geweld aanvanklik 'n belangrike deel van sy politieke strategie gevorm het en die organisasie toe moes transformeer na 'n politieke beweging wat aan die tradisionele legitieme politiek van die land sou deelneem.

Tydens ballingskap, het dit die ANC gepas om as nasionale bevrydingsbeweging voorgestel te word en kon die gebruik van geweld betreklik maklik geregverdig word. Daar kan selfs aanvaar word dat die ANC na publisiteit vir sy terreurdade gestreef het (vgl. paragraaf 2.6). As wettige politieke organisasie het die ANC 'n nuwe probleem gehad. Aan die een kant was daar die eis om nog steeds op die gevestigde patroon van die bevrydingsbeweging voort te gaan, maar aan die ander kant ook die eis om as 'n politieke party te begin organiseer en voor te berei vir onderhandeling en waarskynlike oornamme van die regering. Dit het die implikasie gehad dat die ANC in die oorgangstadium 'n dubbele beeld moes projekteer om sowel die tradisionele massa van ondersteuners, asook die meer gematigde onderhandelars tevrede te stel. Hierin het die media 'n belangrike rol gespeel. Daar word spesifiek ondersoek gedoen na die beeld van die ANC, soos dit in *Beeld* en *The Star*, in hierdie oorgangstyd geprojekteer is.

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n oorsig van die vroeë jare van die ANC gebied. Daarna word op die ANC in ballingskap gefokus en spesifiek hoe die organisasie die sogenaamde *people's war*-strategie in dié tyd gebruik het. Laastens word die ANC as wettige politieke organisasie bespreek en word daar spesifiek na die dilemmas verwys, waarmee die ANC in dié hoedanigheid gekonfronteer is. Daar word telkens aangedui watter rol die media in die verskillende politieke strategieë gespeel het. Hoewel dit in die huidige studie spesifiek gaan oor die bestudering van die pers, word daar in dié hoofstuk na die media in die algemeen verwys. Dit sou nie heeltemal korrek wees om net na die pers te verwys nie, aangesien die

elektroniese media ook 'n belangrike politieke funksie het en in wisseling met die perssisteem funksioneer.

3.2 DIE BEGINJARE VAN DIE ANC

3.2.1 Aanvanklike doelstellings van die ANC

Pixley ka Isake Seme en Solomon Plaatjie het die *South African Native National Congress* (later die ANC) op 8 Januarie 1912 in Bloemfontein gestig (Karis, 1983:380). Die hoofdoel van die organisasie was om 'n forum daar te stel wat die belange van swart mense kon verteenwoordig. Die ANC het aanvanklik gematigde doelstellings gehad, naamlik politieke eenheid tussen verskillende etniese groepe; steunwerwing vir swart politieke regte; sosialisering van die openbare mening in verband met swart politieke aspirasies en verteenwoordiging van swart mense in die sentrale en plaaslike regering. Die groot oorkoepelende doelwit was om 'n verenigde front van swart mense daar te stel (Kirsten, 1987:5; Norval, 1990:2-3; Hugo & O'Malley, 1989:161; Esterhuyze, 1990a:10; Greyling, 1987:44; Le Roux, 1993).

Op enkele uitsonderings na, het hierdie basiese vreedsame politieke ingesteldheid tot die jare veertig onveranderd gebly. Die ANC was in 1919 by 'n passiewe opstand teen die dra van passie deur swartes betrokke. Verder het die ANC sy steun aan die grootskaalse mynwerkerstaking van die daaropvolgende jaar (1920) toegesê. Gedurende die jare twintig, het die belangrikheid van die ANC afgeneem en het die *Industrial and Commercial Union* (ICU) onder leiding van Clements Khadali as protesbeweging na vore gekom (Kirsten, 1987:5; Greyling, 1987:44-45; Kotzé, 1990b:51).

Die ANC het aanvanklik nie 'n sterk verbintenis met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) gehad nie. Hierdie situasie het in 1926 begin verander toe Josiah Gumede, 'n gelyste kommunist, tot president-generaal van die ANC verkies is. In 1927 is E. J. Khaile, 'n lid van die sentrale komitee van die SAKP, tot algemene sekretaris van die ANC verkies (Norval, 1990:32-35; Lodge, 1985:6; Greyling, 1987:44-45; LeRoux, 1993:55; 62-67). Gumede se pogings om die SAKP by die ANC te betrek, het daartoe gelei dat hy in 1930 as president uitgestem en deur Seme opgevolg is (Anon., 1984a:285; Radu, 1987:60). Seme was nie so rewolusionêr nie, en het probeer om die ANC na 'n selfhelporganisasie vir swartes om te skakel. Daarenteen het die SAKP die ANC as 'n massa-frontorganisasie gesien waardeur sy

lidmaatskap verbreed kon word, sonder dat die SAKP self nodig gehad het om te veel swart lede te werf (Norval, 1990:35-36; Hugo & O'Malley, 1989:161-162).

3.2.2 Die begin van 'n massabeweging

In die laat jare dertig het sogenaamde intellektueles, onder wie Nelson Mandela, Oliver Tambo en Walter Sisulu, wat voorheen nie primêr in die politiek belang gestel het nie, begin om by die ANC aan te sluit. Hulle het krities teenoor die gevestigde leierskap van die ANC en hul gematigde liberalisme gestaan en het oor die potensiaal beskik om die leierskap oor te neem (Norval, 1990:37; Lodge, 1985:6).

Terselfdertyd was daar ook tekens van 'n interne ideologiese stryd binne die ANC. Onder leiding van Anton Lembede is die jeugvleuel, *The African National Congress Youth League* (ANCYL) gestig. Baie van die prominente lede van die ANCYL soos Oliver Tambo, Walter Sisulu en Nelson Mandela sou later ook prominente leiersfigure in die ANC word. Die doelstelling van die ANCYL was om swart belange te bevorder sonder om met die stelsel saam te werk (Radu, 1987:61).

Die ANC het die ANCYL se program van beginsels aanvaar. Daar is van die standpunt uitgegaan dat blanke dominansie slegs deur radikale taktieke soos stakings, boikotte en ander vorme van burgerlike ongehoorsaamheid beëindig kon word. Die betogings en stakings het in die ANC se *Defiance Campaign* gekulmineer. Deur passiewe weerstand is daar gepoog om 'n massa-organisasie van die ANC te maak (Anon., 1985:285; Lodge, 1985:6; Norval, 1990:44; Le Roux, 1993).

Die SAKP het begin om anti-apartheidsorganisasies en veral die ANC binne te dring. Tydens die *Defiance Campaign Against Unjust Laws* in 1952 is daar teen apartheidswette wat die vorige jaar ingestel is, betoog. Hoewel die veldtog vreedsaam beplan is, was daar genoeg voorvalle van geweld om polisie optrede te regverdig. Toe die veldtog aan die einde van 1952 beëindig is, het dit aan die ANC 'n massa-aanhang verskaf. Die oorspronklike doelstelling om die regering te ontwig en omver te werp is dalk nie behaal nie, maar dit het die ANC-ledetal aansienlik laat aangroei. Lidmaatskap het binne 'n paar maande van 7 000 tot 1 000 000 toegeneem (Radu, 1987:62; Anon., 1985:286; Norval, 1990:45; Hugo & O'Malley, 1989:165; Le Roux, 1993:68-70).

Nadat die *Defiance Campaign* nie daarin kon slaag om die omstandighede van die swartes te verander nie, het dit lede van die ANCYL nog verder links gedryf en moes daar weer beplan word (Norval, 1990:46). Dit het tot Mandela se *M-plan* gelei, waarvolgens ANC-lede hulself in selle moes begin organiseer om semi-ondergronds te werk. Die *Defiance Campaign* het verder ook aangedui dat 'n *popular programme of demands* wat verder strek as die *program of action* nodig was (Anon., 1985:286; Lodge, 1983:74-78; Kotzé & Greyling, 1991:33; Nel, 1990:27). Laasgenoemde het gelei tot die *Freedom Charter*, wat tydens die *Congress of the People* by Kliptown, 25-26 Junie 1955, as program van beginsels aanvaar is (Leonard, 1983:29; Norval, 1990:46; Kotzé & Greyling, 1991:32).

3.2.3 Gewapende opstand

Vanaf 1958 het die ANC van boikotte as politieke strategie begin gebruik maak. In Desember 1959 het sowel die *Pan Africanist Congress* (PAC) as die ANC aangekondig dat hulle teen die *paswette* deur middel van massa-optogte gaan protesteer. Op 21 Maart 1960 het grootskaalse protes teen die paswetstelsel begin en is 'n massa-optog na die polisiestasie naby Sharpeville onderneem. Die omvang van die optog het die polisie onkant betrap en hulle het op die skare begin skiet. Ongeveer 70 mense is dood en 180 beseer (Lodge, 1983:201-211; Karis, 1983:382; Kotzé & Greyling, 1991:37).

Die belangrikheid van dié Sharpeville insident was daarin geleë dat dit die keerpunt in die opkoms van swart nasionalisme aangedui het. Protes het in weerstand oorgegaan en daar is in terme van 'n rewolusionêre strategie begin dink. Volgens Lodge (1983:225-226) het die gebeure by Sharpeville getoon dat die paniek wat so 'n insident veroorsaak, bedingingsmag aan 'n organisasie verleen. Daarby het die NP-regering se reaksie op die geweld - om die ANC te verbied - 'n instrument geword om legitimiteit aan die ANC in die buiteland te verleen. Hierin het die media 'n belangrike rol gespeel (vgl. paragrawe 2.6 & 3.3.5).

3.3 DIE ANC AS REGERING IN BALLINGSKAP

Op 8 April 1960 is die ANC en die PAC verban (Greyling, 1987:46; Kotzé & Greyling, 1991:37; Nel, 1990:27). Ballingskappolitiek het 'n nuwe uitdaging aan die ANC gebied en het positiewe en negatiewe gevolge vir die ANC gehad. Negatief gesien, het dit die ANC voor ernstige logistieke en organisatoriese probleme te staan gebring. Aan die positiewe kant het dit die ANC genoodsaak om sy organisering op te knap en het dit 'n mate van legitimiteit, veral in die buiteland, aan die ANC verleen. Daarby het die regering se eie aansien as gevolg

van sy beleid van apartheid in die buiteland afgeneem (Esterhuyze, 1990a:18-19; Nel, 1990:33).

As regering in ballingskap, was dit vir die ANC nodig om te herorganiseer en daar is begin met die beplanning van 'n terreurveldtog teen Suid-Afrika. Binnelands moes begin word om 'n ondergrondse steunbasis vir die ANC te vestig (Lodge, 1983:295; Norval, 1990:61-64; Hugo & O'Malley, 1989:165-166).

Lodge (1983: 295-304) identifiseer vier fases in die ontwikkeling van die buitelandse vleuel van die ANC. In die eerste fase (1960-1963) is gepoog om buitelandse missies vir finansiële steun en militêre opleiding te vestig. In 1963 is die tweede fase ingelui met die arrestasie van die meeste binnelandse leiers van die ANC by Rivonia en het dit die versterking van die eksterne vleuel genoodsaak. In die derde fase (1970-1976) het die klem op die indringing van Suid-Afrika deur middel van wettige immigrasie metodes geval. Die vierde fase was 'n sabotasieveldtog waardeur die ANC hom as mag in die swart politiek probeer vestig het.

3.3.1.1 Implementering van die *people's war*-strategie

Na die 1976 Soweto-onluste en gepaardgaande stygende ledetal van die ANC, het die ANC hom meer op die sogenaamde *people's war*-strategie begin toespits. Die ANC het veral die Vietnam-oorlog bestudeer ten einde die geskiktheid van dié taktiek te bepaal. Dié organisasie het tot die gevolgtrekking gekom dat die gewapende stryd met ander strategieë gekombineer moes word, om suksesvol te wees. Die ANC het vier pilare geïdentifiseer waarop sy sogenaamde *people's war*-strategie berus het naamlik, mobilisering van die massas om aan die stryd deel te neem; organisasiestruktuur (om 'n ondergrondse netwerk in Suid-Afrika te vestig); gewapende stryd (terreur en geweld deur die gewapende vleuel) en om Suid-Afrika op diplomatieke, ekonomiese en sportgebied te isoleer (Norval, 1990:119-121).

Daar moet in gedagte gehou word dat die SAKP 'n baie groot invloed in die ANC gehad het en 'n sentrale rol in die hele *people's war*-strategie gespeel het. Dié organisasie het wat getalle betref nie noemenswaardige steun gehad nie, maar dit is eerder deur die strategiese plasing van SAKP-lede in die *National Executive Council* (NEC) dat die ANC beheer is. Die NEC het hierdie stryd gekoördineer omdat dit belangrik was dat die rewolusionêre stryd eenvormig toegepas moes word (Norval, 1990:120-122; Le Grange, 1986:2-9; Booyse, 1988:42-43; Lodge, 1985:7-8; Le Roux, 1993:71-78).

3.3.1.2 Politieke pilaar: regverdiging van die *people's war* strategie

Die politieke pilaar, met die *Freedom Charter* as grondslag, het nie net die stryd geregverdig nie, maar ook as riglyn gedien waarvolgens beplan en opgetree moes word.

Die ANC/SAKP se politieke program was daarop gerig om individue binne en buite Suid-Afrika te oorreed om die rewolusionêre stryd te steun. In dié verband het die organisasies bestaande politieke, ekonomiese en sosiale probleme in die land vir sy rewolusionêre veldtog misbruik. Daardeur is gepoog om 'n negatiewe gevoel teenoor die *status quo* in die land en die regering te vestig (Norval, 1990:124-125; Nel, 1990:49-53; Jacobs, 1993:125-137).

Die ANC se propagandaveldtog het hierin 'n sleutelrol gespeel. Behalwe sy eie publikasies *Sechaba*, *Dawn*, *Mayibuye*, *Voice of Woman*, *The African Communist*, *Umsebenzi* en uitsendings soos *Radio Freedom* het die ANC ook swaar op gewapende propaganda gesteun. Deur middel van terreurdade en sabotasie is gepoog om mense simpatiek teenoor die doelstellings van die ANC te maak, en ook om die gewapende stryd aan te help.

Volgens Norval (1990:124-125) het die ANC se terreurveldtog die volgende politieke doelstellings gehad:

- Om die persepsie te vestig dat die *people's war* die metode is waardeur die mag oorgeneem gaan word;
- Om politieke organisasies en aktiwiteite te steun;
- Om 'n magsbeeld te skep dat die ANC ongehinderd funksioneer, terwyl die onvermoë van die veiligheidsmagte aangetoon word;
- Om die massa te dwing om deel te neem aan die stryd deur byvoorbeeld polisie-offisiere, staatsgetuies, ensovoorts, aan te val;
- Om 'n klimaat van vrees, veral onder blankes, te vestig en hulle sodoende te oorreed dat 'n bloedbad net voorkom kan word deur aan die eise van die ANC toe te gee;
- Om 'n militêre/rewolusionêre klimaat te skep en dade van politieke geweld te laat toeneem;
- Om jong radikale persone in die organisasie te behou;

- Om aan die internasionale gemeenskap te toon dat die ANC oor werklike mag beskik.

Uit bogenoemde blyk dit dat die ANC nie net 'n militêre stryd wou voer om die regering omver te werp nie. Dit was veel eerder 'n uitgerekte psigologiese stryd om politieke mag te bekom. Die sentrale uitgangspunt in bogenoemde was dat daar 'n persepsie onder die blanke bevolking geskep moes word, dat die bestaande regering nie in staat sou wees om die situasie te kan hanteer nie. Dit het ooreen gekom met die algemene werkwyse van 'n terreurbeweging. Dit het verder ook beteken dat die media 'n belangrike rol in die ANC se politieke doelstellings sou moes speel, om hierdie persepsies te versprei (vgl. paragraaf 2.6).

3.3.2 Massamobilisasie

Voor 1990 was die ANC *gedwing* om binnelands deur middel van frontgroepe te funksioneer en het die frontorganisasies 'n sleutelrol in mobilisering gespeel (Radu, 1987:68). Die doel van mobilisasie was om die massa by die rewolusionêre konflik te betrek óf deur oorreding óf deur intimidasie. Deur so veel as moontlik van die massa by die stryd teen die NP-regering te betrek, het die ANC gehoop om politieke mag te kan bekom (Nel, 1990:26; Booyse, 1989:37). Die ANC het deur sy frontorganisasies begin om van boikotte, stakings en burgerlike ongehoorsaamheid gebruik te maak om sy steun te vertoon.

In 1986 het die ANC 'n oproep om 'n landwyse staking gedoen om die 10-jarige herdenking van die Soweto-onluste te vier. Op 1 Mei 1986 het ongeveer 2 miljoen werkers aan 'n wegbly-aksie, deelgeneem. Dit was tot in daardie stadium die grootste wegbly-aksie nog in Suid-Afrika. Die ANC het verder ook verantwoordelikheid vir skoolboikotte, verbruikersboikotte en stakings om politieke regte aanvaar.

Van die belangrikste frontorganisasies was die United Democratic Front (UDF), Congress of South African Trade Unions (Cosatu) en die Mass Democratic Movement (MDM). In die huidige studie word nie spesifiek na die frontorganisasies ondersoek gedoen nie. Dié organisasies is weggelaat uit die empiriese studie omdat die ANC toe nie meer verban was nie, en nie meer van frontorganisasies gebruik gemaak het nie, maar self massamobilisasie onderneem het. Dié aksies van die ANC moet egter binne die konteks van die vroeër optrede van die frontorganisasies gesien word.

3.3.2.1 Die United Democratic Front

Die UDF het in 1983 in reaksie op die nuwe grondwet, onder die leierskap van Albertina Sisulu (vrou van Walter), Archie Gumede en Oscar Mpetha tot stand gekom.⁵

In baie opsigte kon die UDF as die binnelandse vleuel van die ANC beskou word, hoewel die UDF bande met die ANC ontken het. Die grootste bydrae van die UDF het gelê by die instelling van die sogenaamde *street committees* wat 'n belangrike aspek van die ANC se *people's war*-strategie gevorm het. In 1986 het die NP-regering die UDF as 'n sogenaamde *affected* organisasie verklaar. Dit het beteken dat die UDF nie meer buitelandse fondse kon ontvang nie. Die UDF is ook volgens die noodregulasies ingeperk (vgl. paragraaf 3.3.4.5.2). Die UDF het daarom nie meer buitengewone waarde vir die ANC gehad nie (Norval, 1990:130-136; Kotzé, 1990b:59-60; Kotzé & Greyling, 1991:207-212; Radu, 1987:70).

3.3.2.2 Die Massa Demokratiese Beweging

Die MDM was in praktyk niks anders as die UDF in 'n nuwe baadjie nie. Die behoefte aan groter samewerking tussen Cosatu en die UDF, het die grondslag vir die organisasie gelê. Die MDM moes eerder as 'n politieke beweging as 'n organisasie gesien word. Daar was geen permanente strukture nie en die woordvoerders van die MDM was dieselfde persone wat aan die hoof van die UDF en Cosatu gestaan het⁶ (Kotzé & Greyling, 1991:127).

3.3.2.3 Cosatu

Cosatu is op 3 November 1985 gestig met die doel om die maatskaplike en ekonomiese welsyn van sy lede te bevorder. Cosatu was dus nie in die eerste instansie 'n politieke organisasie nie, maar het gou by politieke bedrywighede betrokke geraak. Tydens die nasionale konvensie van Cosatu in Julie 1987, het Cosatu die *Freedom Charter* onderskryf en samewerking met die UDF voorgestel. Cosatu het veral in die *living wage campaign* en die *hands of Cosatu* veldtogte 'n prominente rol gespeel.

Die invloed van Cosatu was dus minder direk as dié van die UDF, maar hy het 'n groot rol by die mobilisering van die massa gespeel. Cosatu was duidelik bereid om sy industriële krag vir politieke doelwitte aan te wend en gevolglik het die NP-regering ook beperkings op Cosatu se

5 Vir 'n vollediger oorsig van die UDF vgl. Radu, 1987:70; Hugo & O'Malley, 1989:144-145.

6 Vir 'n meer volledige uiteensetting van die MDM vgl. Kotzé & Greyling, 1991:127-128.

politieke bedrywighede geplaas. In April 1990 is Cosatu formeel as vakbondarm by die ANC-SAKP-alliansie ingesluit (Kotzé & Greyling, 1991:220-221). Cosatu sou ook na die ontbanning van die ANC nog steeds 'n belangrike rol in massamobilisasie speel.

Uit bogenoemde blyk dit dat massamobilisasie 'n belangrike rol in die binnelandse organisasie van die ANC gespeel het, veral vanaf die laat jare tagtig. Wanneer hierdie tendens binne die breër konteks van die *people's war*-strategie geplaas word, vorm hierdie massa-protes deel van sy propagandaveldtog en het die media ook hierin 'n belangrike rol gespeel om die boodskap verder uit te dra. Teen dié agtergrond word die aanname gemaak dat die ANC ook hier soveel as moontlik mediadekking probeer bekom het (vgl. paragraaf 3.4.2.3). Die ANC het ook na ontbanning nog steeds van massamobilisasie as uitdrukking van protes gebruik gemaak (vgl. paragraaf 2.6).

3.3.3 Organisasiestruktuur van die ANC

Tydens ballingskap kon die ANC se organisasiestruktuur in drie basiese komponente ingedeel word. In die eerste plek was daar 'n geïntegreerde stelsel van wettige frontorganisasies waardeur die ANC gefunksioneer het. Hulle was deur 'n klein onafhanklike *Umkohonto we Sizwe* (MK)-struktuur binne Suid-Afrika bygestaan. In die tweede plek was daar 'n buitelandse vleuel wat hoofsaaklik vanuit Lusaka in Zambië gefunksioneer het. In die laaste plek was daar MK, wat hoofsaaklik in Angola en ander buurstate gesetel was. Hoewel die *Nasionale Kongres* die hoofliggaam was, het bogenoemde drie komponente in werklikheid onder die NEC gefunksioneer (Radu, 1987:64; Nel, 1990:29-30; Lodge & Nassen, 1991:174-175; Norval, 1990:143).

Tydens ballingskap het die ANC slegs drie keer vergader. In 1962 by Lobatse in Botswana, in 1969 by Morogora in Tanzanië en in 1985 by Kabwe in Zambië (Radu, 1987:64-66; Lodge & Nassen, 1991:174-175).

3.3.4 Gewapende stryd

3.3.4.1 Die begin van protespolitiek

Na dekades van vreedsame protes, het weerstandspolitiek in protespolitiek oorgegaan en het die ANC hom die eerste keer in 1960 tot geweld gewend. Op 16 Desember 1961 is die ANC se militêre vleuel, MK, gestig en het die ANC met die beplanning van sy terreurveldtog in

Suid-Afrika begin (Norval, 1990:139; Herbst, 1988:666; Lodge, 1985:233). Daar is op dié datum besluit om simbolies saam te val met die herdenking van die Slag van Bloedrivier. Die stigting het met verskeie sabotasiepogings gepaard gegaan. Die eerste bomontploffings het in Durban en Johannesburg op 15 en 16 Desember 1961 plaasgevind en is opgevolg deur meer as 200 voorvalle van terreur, oor 'n tydperk van 18 maande. Die doel was om 'n uitgerekte guerrillastryd te voer (Lodge, 1985:7; Holland, 1989: 128-147; Esterhuyse, 1990a:16-17; Kotzé, 1990b:51).

Die ANC se rewolusionêre program is in *Operation Mayibuye* saamgevat. *Mayibuye* is 'n Zoeloewoord wat terugkeer beteken en was bedoel om volgens 'n 6-puntplan chaos en terreur in die land te saai (Norval, 1990:68-69). Die plan het guerrilla-oorlogvoering, mobiele-oorlogvoering en die moontlikheid van militêre inmenging ingesluit. Verder is die aanname gemaak dat rewolusie afhanklik is van populêre steun en die ekonomiese en diplomatieke isolasie van die NP-regering (Norval, 1990:97-99; 139-140; Barrel, 1990:13-16; Kotzé & Greyling, 1991:37).

In hierdie stadium het die NEC nog amptelik 'n beleid van geen geweld voorgestaan, maar lede van die ANC wat by geweld en sabotasie betrokke wou raak, sou nie gekeer word nie. Om die ANC te beskerm is gepoog om MK van die ANC te onderskei (Greyling, 1987:46; Karis, 1983:383; Lodge, 1983:234).

Aanvanklik het MK hom op die sabotasie van ekonomiese instellings en ander teikens van simboliese waarde toegespits. Die besluit is teen die agtergrond geneem dat die ANC se oproep om ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika redelik suksesvol was. Ekonomiese sabotasie sou nie internasionale steun soveel skade as 'n openlike guerrillastryd doen nie. Die doel was eerder om ekonomiese vertroue in die blanke regering te skaad (Lodge, 1983:230-235; Barrel, 1990:1-6).

Die sukses van MK se veldtog is aan bande gelê toe die NP-regering die grootste gedeelte van die *High Command* by Rivonia in 1963 gearresteer het. Die noodtoestand en verbanning van die ANC en PAC het hul bedrywighede grootliks aan bande gelê en teen die einde van die jare sestig het dit voorgekom of die invloed van die ANC begin afneem het (Lodge, 1983:236-238; Booyse, 1989:33-36; Barrel, 1990:12-16; Esterhuyse, 1990a:16-17; Karis, 1983:383).

By die Morogora-kongres in 1969 het die ANC homself opnuut tot die gebruik van geweld verbind (Norval, 1990:140). Volgens Kotzé & Greyling (1991: 37) het die ANC daardeur

geweld amptelik as beleid aanvaar en is daar wegbeweeg van politieke deelname na politieke magsoorname.

3.3.4.2 Soweto-onluste

Die Soweto-onluste in 1976 het 'n nuwe era in swart onrus-voorvalle ingelei. Hoewel die ANC nie 'n direkte rol in die onluste gespeel het nie, het dit tog verreikende implikasies vir dié organisasie gehad.

Aan die een kant het die 1976-onluste die ANC onkant gevang en tot gevolg gehad dat sy buitelandse vleuel met rekrute oorstroom is. Dit het die ANC gedwing om sy situasie weer te evalueer en sy beplanning aan te pas. Aan die ander kant, het die ANC ook die situasie goed uitgebuit. Volgens die ANC se *people's war*-strategie moes bestaande politieke, sosiale, ekonomiese en ander probleme deur middel van manipulasie, dwang of gewapende propaganda, gebruik word om 'n rewolusionêre klimaat te skep. Dié onrus het 'n rewolusionêre klimaat geskep en aan die ANC die geleentheid gebied om sy *people's war*-strategie te implementeer (Karis, 1983:384; Barrel, 1990:31-32; Norval, 1990:140; Schlemmer, 1985:399; Esterhuyse, 1990a:18-19).

3.3.4.3 Terreurdade

Voor 1985 het die ANC hoofsaaklik teikens vir publisiteit (ook in die media) aangeval. Sy standpunt was dat die fisiese ongevallen nie so belangrik was nie, maar eerder die dramatiese trefkrag van die daad (vgl. paragraaf 2.6). In hierdie fase was die bevelstruktuur van die ANC buite Suid-Afrika gevestig en moes die aanvalle fyn beplan word (Booyse, 1987:83; Barrel, 1990:46-47; Anon., 1988a:36074; Lodge & Nassen, 1991:177; Herbst, 1988: 681-683).

Herbst (1988:683) meen dat die ANC nie militêr vir Suid-Afrika 'n bedreiging was nie en was meer as 60% aanvalle tussen 1979 en 1987 op infrastrukture met simboliese waarde gerig. Die ANC beskryf self dié optrede as gewapende propaganda. In wese was dit nog dieselfde strategie as dié wat die ANC tydens die arrestasie van Nelson Mandela gevolg het.

In 1980 het die ANC daarin geslaag om sy eerste groot strategiese teiken, naamlik drie SASOL-aanlegte te saboteer. Daar was geen ongevallen nie. Na 'n aanval op Maseru in 1982 deur die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), reageer die ANC deur vier bomme oor 'n tydperk van 12 uur by die Koeberg-kernkragsentrale te laat ontplof. Op 20 Mei 1983 word die eerste

aanval op 'n sagte teiken geloods. Tydens spitstyd het 'n motorbom in Pretoria ontplof, waarin 19 mense dood en ongeveer 200 beseer is (Karis, 1983:385-386; Barrel, 1990:49; Lodge & Nassen, 1991:177-178). In hierdie terreurveldtog wat die ANC gevoer het, het die media 'n belangrike rol gespeel om die geweld bekend te maak en sodoende die psigologiese vrees te versprei (vgl. paragraaf 2.6).

Teen die einde van 1984 het dit egter begin blyk dat die strategie van geïsoleerde terreurvoorvalle van die ANC nie meer voldoende was nie. Die beleid van gewapende propaganda (1977-1984) was suksesvol om die ANC as politieke mag te vestig en om, ten minste, onder die jeug legitimiteit te vestig. Die onrus in die swart woonbuurte het egter in 'n groot mate die gebrekkige binnelandse organisasiestruktuur van die ANC blootgelê. Dit het die ANC laat besef dat daar probleme was, wat hy moes aanspreek en dat die organisasie sy taktiek sou moes verander. Tydens die Kabwe-kongres het hierdie probleme aan die orde gekom. Die antwoord wat by dié kongres verkry is, was tweeledig naamlik: die stryd moes meer takties gevoer word en moes op groter skaal plaasvind. Dit het die implikasie gehad dat die verbod op sagte teikens opgehef moes word en dat die ANC meer klem op die *people's war*-strategie moes plaas (Barrel, 1990:59-61; Esterhuyse, 1990a:21-22).

Tydens die Kabwe-kongres is besluit dat die gewapende stryd versterk moes word. In ooreenstemming met dié besluit is daar vanaf 1986 toenemend uitsprake gemaak waarin bevestig is dat burgerlikes moontlik in die *people's war* kon omkom, hoewel dit nie die primêre doelstelling was nie (Anon., 1985:527; Lodge & Nassen, 1991:181). Na dié kongres het geweld dan ook merkbaar toegeneem, meer mense is bewapen en guerrillas is toenemend opgelei. Dit het met toenemende aanvalle op inkopiesentrums gepaard gegaan. Op 23 Desember 1985 is vyf mense in 'n bomontploffing in Amanzimtoti dood. Passiewe weerstand het begin om in geweld oor te gaan (Anon., 1986b:34659; Lodge & Nassen, 1991:183; Seekings, 1988:221-223; Lodge, 1987:8; Hudson, 1990:44).

In 1985 is begin met 'n reeks landmynaanvalle op Noord-Transvaalse grensboere. Die aanvanklike rasionaal was dat die boere in hierdie omgewing, as gevolg van hulle betrokkenheid by die weermag, nie van die weermag onderskei kon word nie. Na 'n jaar, is die beleid laat vaar omdat die slagoffers in die meeste gevalle, vroue, kinders en arbeiders en nie noodwendig die *gemilitariseerde* boer was nie (Lodge & Nassen, 1991:183; Anon., 1986c:34659; Barrel, 1990:6). Herbst (1988:684-685) toon aan dat die ANC tog hier 'n mate van sukses behaal het in die sin dat hul optrede bygedra het tot die ontvolking van dié gebied.

Die eerste helfte van 1988 is deur toenemende bomaanvalle in stedelike gebiede gekenmerk. Dit het saamgeval met toenemende ANC-uitsprake dat sogenaamde sagte teikens aangeval sou word. Die doel was om aan te toon dat die NP-regering nie blankes se veiligheid kon waarborg nie en dat aanvalle in die toekoms daarop gerig sou wees om die blanke se lewenspatroon te ontwig. 'n Voorbeeld hiervan was die bomontploffing in Julie 1988, net na 'n rugby-wedstryd in Johannesburg, asook verskeie bomontploffings in *Wimpy-kitskoswinkels* (Lodge & Nassen, 1991:183; Anon., 1988a:36074; Norval, 1990:150-153). Bogenoemde tydperk is deur geïsoleerde terreurvoorvalle gekenmerk. Aan die een kant was daar die ANC wat probeer het om die NP-regering deur *gewapende* propaganda te destabiliseer, en aan die ander kant het die Suid-Afrikaanse regering gepoog om deur oorgrens-optrede buurstate te waarsku om nie die ANC te huisves nie.

3.3.4.4 Rewolusionêre geweld in townships

Die klem op die gewapende stryd het beteken dat daar militêre basisse binne Suid-Afrika gevestig moes word, van waar die stryd gevoer kon word. Die swart woonbuurte was die aangewese plekke om die basisse te vestig, maar die regte klimaat moes geskep word.

Die instelling van die driekamerparlement en streekdiensterade, het die geleentheid vir so 'n rewolusionêre klimaat gebied. Dié strukture is as moontlike opposisie vir ANC-strukture gesien, en moes geëlimineer word. Die verhoging van huur deur die nuwe streekdiensterade in 1984 het die vonk vir geweld gebied (Norval, 1990:140-143; Esterhuyse, 1990a:21; Kock, 1988:358-360; Seekings, 1989:210-214). Daarby het die verswakte ekonomie tot verhoogde werkloosheid onder swartes gelei, wat weer tot ontevredenheid in die *townships* gelei het.

Dit het aan die ANC die ideale geleentheid gebied om sy *M-plan* te implementeer (Norval, 1990:193; Lodge, 1987:6). Die ANC het deur die UDF as frontorganisasie te gebruik, die situasie uitgebuit en bevel gegee dat alle swartes wat by die administrasie van die *townships* betrokke was, geëlimineer moes word. Hulle moes alle swart raadslede, staatsamptenare, en swartes wat as *collaborators* van die Suid-Afrikaanse NP-regering beskou kon word, om die lewe bring. Kortom, die ANC het probeer om Suid-Afrika onregeerbaar te maak en sodoende die *M-plan* geïmplementeer (Norval, 1990: 194-295).

Dié opstande het met boikotte en ontwigting van swart skole begin. Die kleurling- en Indiër-verkiesings in Augustus 1984 het onrus in swart woonbuurte verder aangeblaas. Dit alles het tot die geweldpleging bygedra, wat aanvanklik in die Vaaldriehoek gebied (Sharpeville en

Sebokeng) begin het, maar later ook na ander dele van die land begin versprei het. Teen 1985 het die onrus na die Oos-Kaap, Vrystaat, Wes-Kaap en KwaZulu uitgebrei. Die onrus is deur klipgooiery, plundery, *molotov cocktail*-aanvalle en skermmutselinge met die polisie gekenmerk. Die onrus het ook die vorm van skoolboikotte, wegbly-aksies en verbruikersboikotte aangeneem (Herbst, 1988:667; Schlemmer, 1985:400; Price, 1991:192-197; Norval, 1990:193; Seekings, 1988:211-216).

Die ANC het sy strategiese doktrine verander om by die nuwe omstandighede aan te pas. Die massa moes by die stryd betrek word en Tambo (in Herbst, 1988:671) het gesê dat MK die *mass combat units* moes lei. Die konsep van die *people's war* is aangepas om massa-opstande te kon akkommodeer. Dit het 'n stryd geword wat deur al die onderdruktes teen die onderdrukkers gevoer is (Anon., 1986d:532 & 540-541; Lodge & Nassen, 1991:90; Hudson, 1990:43).

Daar is wegbeweeg van sogenaamde *high-tech*-bomaanvalle op geselekteerde teikens vir propaganda-waarde na veelvuldige kleiner aanvalle op regeringspersoneel of konserwatiewe elemente in die *townships* (Lodge & Nassen, 1991:183; Herbst, 1988:667-668).

Die uitgangspunt was dat die *people's war* verder as die gewapende stryd moes strek. Die massa moes sy eie omgewing organiseer, daar moes byvoorbeeld teen hoë huur en ongelyke onderwysstelsels geveg word. Die massa van mense moes teen die onderdrukker gemobiliseer word. Werkers moes aan 'n vakbond behoort en om basiese regte, beter salarisse en werkomstandighede veg. In werklikheid moes die organisasiestruktuur van die ANC so aangepas word dat die geweld beter *gelei* kon word (Anon., 1987b:130; Lodge & Nassen, 1991:181; Kock, 1988:365-367; Esterhuyse, 1990a:23; Herbst, 1988:670-672).

Hoewel hier dus streng gesproke wegbeweeg is van terreuraanvalle op teikens vir simboliese waarde, het die onrus ook simboliese waarde gehad, omdat dit steeds teen die strukture van apartheid gerig was. Die ANC het wel die *people's war*-strategie aangepas sodat die massa aan die opstand kon deelneem, maar onrus was nog steeds tot sekere geografiese gebiede beperk en was die ANC nog steeds van die media afhanklik om hul ontevredenheid verder bekend te maak en die rewolusionêre gees te versprei (vgl. De Wet, 1994).

Hierdie benadering het die ANC met 'n nuwe dilemma gekonfronteer. Die ANC het nog nie 'n gevestigde binnelandse organisasiestruktuur gehad nie en moes nog op die eksterne leierskap staat gemaak het. Dit was 'n suksesvolle benadering wat die gewapende stryd betref. By die

organisering van 'n oorhoofse *people's war*-strategie, wat ook massa-opstande ingesluit het, was dit egter nie voldoende nie. Dit het die implikasie gehad dat die insurreksie wat die organisasie self begin het, begin dreig het om hande uit te ruk. Jong militantes het aan hulself politieke mag begin toe-eien en veral die toename in halsnoermoorde was kommerwekkend (Price, 1991:203-205; Barrel, 1990: 53-56; Lodge & Nassen, 1991:179).

Die UDF (wat as frontorganisasie vir die ANC opgetree het) het die geleentheid gesien om alternatiewe regeringstrukture daar te stel. Die polities beduidendste van die alternatiewe strukture was die *street committee system*. Die grondbeginsel was om elke *township* in klein geografiese eenhede of selle te verdeel, wat as politieke eenhede gefunksioneer het. Die stelsel is met groot welslae in onder meer die Oos-Kaap geïmplementeer. Hierdie komitees het onder andere aandag gegee aan vraagstukke rondom misdad, vullisverwydering en watervoorsiening (Price, 1991:204-207; Anon., 1986d: 531; Anon., 1987a:130-131; Esterhuyse, 1990a:22-23; Lodge & Nassen, 1991:135; Herbst, 1988:668-669).

Alternatiewe stelsels met meer spesifieke funksies het ook ontstaan. Die mees kontroversiële was waarskynlik die sogenaamde *people's courts*, wat deur militante jeugdiges op die been gebring is. Aanvanklik is kriminele aanklagte verhoor, maar die hoewe het later in politieke verhoore ontaard. Daar word aanvaar dat die sogenaamde halsnoermoorde 'n uitvloeisel van die *people's courts* was (Price, 1991:209-211; Anon., 1987b:515-516; Lodge & Nassen, 1991:135-138; Ebersohn, 1987:39-42; Seekings, 1989:119-133).

Die toenemende skoolboikotte was 'n verdere probleem. Waar die boikotte aanvanklik gebruik is om die onrus aan te blaas, het die gevaar later ontstaan dat daar 'n geslag swart jeug sonder skoolopvoeding sou wees. Om die probleem te hanteer is die *National Education Crisis Committee* gestig. Dié komitee het hom op die hervorming van onderwys toegespits en 'n vrywel vrugtelose beroep op die jeug gedoen om na die skole terug te keer (Price, 1991:211-214; Anon., 1990g:71).

Dit word beraam dat tussen September 1984 en Oktober 1989, 399 mense as gevolg van halsnoermoorde omgekom het en 327 in hulle huise dood is, nadat petrol daaroor gegooi en dit aan die brand gestee is. Nie net 'n verlies aan menselewens is gelei nie, maar ook beskadiging van eiendom het plaasgevind (Norval, 1990:194-205). Veral die Oos- en Weskaap, Durban-omgewing en die Witwatersrand is swaar getref. Op 20 Julie 1985 kondig die destydse staatspresident, P.W. Botha, 'n gedeeltelike noodtoestand af. Op 12 Junie 1986

word 'n algehele noodtoestand afgekondig nadat onrus en geweldpleging verder toegeneem het (Herbst, 1988:667; Booyse, 1987:83).

3.3.4.5 Die reaksie van die NP-regering

Die Suid-Afrikaanse regering het wel besef dat die basisse in buurstate vernietig of ontwig moes word om die ANC te kon verlam. Hoewel die buurstate die Suid-Afrikaanse regering nie goedgesind was nie, was hulle in 'n mate ekonomies van Suid-Afrika afhanklik en het dit die regering bedingingsmag gegee (Norval, 1990:219-221). Behalwe ekonomiese druk is ook van militêre oorgrens-optrede gebruik gemaak.

3.3.4.5.1 Aanvalle op buurstate

Die Suid-Afrikaanse weermag het aanvalle op buurstate geregverdig deur aan te voer dat dié state aan die ANC basisse gebied het, om sy terreurveldtog vanaf te voer (vgl. Johns, 1988:58; Norval, 1990:226-227; Barrel, 1990:52-53).

In Januarie 1981 is 'n aanval op Maputo, in Mosambiek geloods (Barrel, 1990:46; Karis, 1983:385; Norval, 1990:226). In 1982 het die SAW 'n helikopteraanval op Maseru in Lesotho, geloods (Barrel, 1990:48; Norval, 1990:224-226; Karis, 1983:385-386). Op 10 Junie 1985 is 10 ANC-geboue wat in Gaborone versprei was, aangeval. In Mei 1986 is grondaanvalle op Gaborone en Harare geloods en 'n lugaanval op ANC-basisse buite Lusaka in Zambië geloods (Norval, 1990:224-226; Anon., 1986c:34662).

Een van die probleme waarmee Suid-Afrika gekonfronteer is, was dat hy op konvensionele oorlogvoering en nie noodwendig 'n rewolusionêre oorlog voorbereid was nie. Die doel van rewolusionêre oorlogvoering was om die bewind deur middel van uitgerekte konflik oor te neem. Daar is eerder van intimidasie, gewapende propaganda en subversiewe optrede as konvensionele oorlogmetodes gebruik gemaak (Norval, 1990:211-211):

- Deur middel van intimidasie is mense gedwing om by die rewolusionêre strategie aan te pas;
- Terreurdade is gepleeg met die doel om die media uit te buit. Daar is selfs beweer dat sommige van die halsnoermoorde vir die TV-kamera *opgevoer* is;
- Protes- en massa-optogte is georganiseer (Norval, 1990 212-214).

Die probleem wat die NP-regering dus moes aanspreek, was nie 'n militêre probleem *per se* nie, maar ook 'n probleem waarin propaganda - en uiteraard die media - 'n sentrale rol gespeel het.

Dit het die NP-regering genoodsaak om te herstruktureer met die oog op beter koördinerings tussen militêre en politieke optrede. Die komiteestelsel was nie baie geskik vir die bekamping van rewolusionêre oorlogvoering nie. Volgens dié stelsel het die kabinet en staatsveiligheidsraad effektief die politieke besluite geneem. Hulle was egter nie kenners op alle terreine nie, en is deur verskeie komitees geadviseer. Dit het beteken dat besluitneming 'n baie stadige en lomp proses was. Om die probleem te oorbrug is die *Joint Management Committee (JMC)* in die lewe geroep. Die JMC's se hoofdoel was om die komitees van grondvlak tot bestuur te integreer en koördineer en sodoende die besluitnemingsproses meer te stroomlyn (Norval, 1990:215; Moss, 1987:141-143; Anon., 1987b:512-514; Barrel, 1990:58-59; Herbst, 1988:674; Kotzé, 1989:183-191).

3.3.4.5.2 Noodtoestand

Van die mees effektiewe maatreëls was die instelling van die noodtoestand, wat ook vir die pers implikasies gehad het (vgl. paragraaf 2.5.3 vir 'n uiteensetting van die implikasies van die noodtoestand vir die pers). Die NP-regering het beperkings op die media geplaas, wat besig was om hulle eie beweerde *oorlog* teen die NP te voer en simpatiek teenoor die ANC was (Norval, 1990:232).

Op 21 Julie 1985 het die destydse staatspresident 'n gedeeltelike noodtoestand afgekondig. Die noodtoestand is aanvanklik in 36 landdrosdistrikte afgekondig, hoofsaaklik in die Witwatersrand en Oos-Kaap. Sowat agt maande later, in Maart 1986, is die noodtoestand opgehef (Moss, 1987:141-143; Norval, 1990:232). Op 12 Junie 1986 is 'n algehele noodtoestand afgekondig (Webster, 1987:141-158).

Verskeie organisasies, waaronder die UDF, is in hierdie tyd as ongewens verklaar. Dit het die implikasie gehad dat hy van buitelandse kapitaal afgesny is. Daar is ook begin om persone tot bepaalde landdrosdistrikte te beperk. In 1986 is 'n naamlys van 180 persone gepubliseer wat as *gelyste* persone bekend sou staan en wat nie deur die media aangehaal mag word nie. Opelugvergaderings en massa-byeenkomste is ook verbied (Webster, 1987).

Die instelling van die noodtoestand het wyd kritiek uitgelok en veral die gebruik van die JMC's is bevraagteken. Die gebruik van sogenaamde *kitskonstabels* is ook gekritiseer (Anon., 1987b:512-514; Moss, 1987:141; Cock, 1990:91-95). Oosthuizen (1991:38) argumenteer dat die pers selfs na die opheffing van die noodmaatreëls op 2 Februarie 1990 nog steeds nie vry was nie.

Die NP-regering het die afkondiging van die noodtoestand geregverdig deur te beweer dat daar sekere elemente was wat die land onregeerbaar wou maak. Die NP-regering het beweer dat hy inligting tot sy beskikking gehad het dat sekere radikale en rewolusionêre elemente in die daarop volgende dae, met die herdenking van die 1976-Soweto onluste, die totale bevolking sou bedreig. In die lig hiervan het die staat dit as sy plig beskou om na die veiligheid van die bevolking om te sien (Anon., 1987b:831; De Beer, 1986:25-29; De Beer, 1988:54-56).

Hierdie teeninsurgensieveldtog van die NP-regering het uit langtermyn- sowel as korttermyn-doelstellings bestaan. Die korttermyn-doelstellings was soos volg:

- Die beperking van intimidasie, deur dié wat daarvoor verantwoordelik was, uit die samelewing te onttrek;
- Die gebruik van gewapende propaganda te beperk deur beperkings op die media te plaas;
- Die politieke aktiwiteite van 'n groep te beperk en sodoende ook sy politieke mobiliteit te beperk.

Die korttermyn-doelstellings het dus hoofsaaklik probeer om die ANC se kommunikasie te beperk en baie van die maatreëls het spesifiek op die media betrekking gehad. Die langtermyn-doelwit was om meer spesifiek aandag aan die sosiale en politieke oorsake van die onrus te gee (Norval, 1990:217).

3.3.5 Internasionale isolasie

Een van die uitgangspunte van rewolusionêre oorlogvoering is om buitelandse steun te wen en om die opponent te isoleer. Die ANC het hoofsaaklik deur 'n propagandaveldtog probeer om Suid-Afrika te isoleer (Vale, 1988:41).

3.3.5.1 Diplomatieke isolasie

Norval (1990:181-183) meen dat Suid-Afrika veral op diplomatieke, ekonomiese, militêre en sosio-kulturele gebied, geïsoleer was. Op diplomatieke gebied het Suid-Afrika voor 1990 slegs met 23 state diplomatieke betrekkings gehad. Dit is maar ongeveer 13% van alle state. Die ANC het daarenteen (nie-amptelik) diplomatieke betrekkings met 33 state gehad (Norval, 1990:181-183).

Benewens die isolering van Suid-Afrika, het die ANC ook gepoog om sy eie internasionale verhoudings te verstewig. Om diplomatieke betrekkings te vestig, was een van die belangrikste funksies van die buitelandse vleuel van die ANC. Veral omdat die ANC baie van sy aksies vanuit die buurstate rondom Suid-Afrika geloods het, het dit 'n belangrike komponent van sy strategie gevorm. Van die state waar militêre opleiding plaasgevind het was die USSR, Angola, Algerië, Zimbabwe, Botswana, Ethiopië, Libië en Uganda. Die hoofkantoor van die ANC se buitelandse vleuel was in Lusaka, Zambië, gesetel (Norval, 1990:146-146; Booyse, 1987:88; Esterhuyse, 1990b:83-84).

Wat die nie-kommunistiese state betref, was die Nordiese lande van die eerste regerings wat die ANC as 'n legitieme beweging erken en gesteun het. Behalwe die handhawing van sanksies, is humanitêre en politieke steun aan die ANC verleen (Esterhuyse, 1990b:80).

Verder het die ANC ook steun ontvang van organisasies soos die Verenigde Nasies (VN), Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) en die Wêreld Raad van Kerke (WRK) (Esterhuyse, 1990b:77-99). In die meeste gevalle het dié organisasies finansiële steun en 'n forum aan die ANC om sy standpunte vanaf bekend te maak, gebied.

Daar was ook 'n tweede kategorie - die state wat die ANC toegelaat het om in hul gebied te organiseer, waarvan Brittanje (vgl. Esterhuyse, 1989:33; Esterhuyse, 1990b:82-83) 'n goeie voorbeeld is. Die Verenigde State, het soos Brittanje, erken dat die ANC 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel het, maar nie formeel die organisasie gesteun nie (vgl. Waller, 1988:59; Esterhuyse, 1990b:81). Dié Westerse lande het in baie gevalle dubbele standaarde gehandhaaf. Terreur wat egter hulle eie veiligheid bedreig het, is verdoem, maar hulle het nie teen die ANC opgetree nie (Booyse, 1987:87; Anon, 1989a).

Die belangrikheid van ontmoetings tussen ANC-leiers en ministers van Westerse lande het nie soseer in die inhoud van die ontmoetings nie, maar die simboliese waarde daarvan gelê

(Lodge & Nassen, 1991:184-185). Dit was hoofsaaklik 'n poging van die ANC om sy beeld as bevrydingsbeweging in Europa te vestig, ten einde steun te bekom en fondse te werf.

3.3.5.2 Sanksieveldtog

Die sanksieveldtog van die ANC het die Suid-Afrikaanse ekonomie benadeel. Volschenk (1992b:12-13) meen dat Suid-Afrika moontlik sedert die vroeë jare sewentig met gemiddeld een persentasiepunt per jaar vinniger sou gegroei het, as dit nie vir die internasionale veldtog teen die ekonomie was nie. In 1984 het sewe Amerikaanse ondernemings uit die land onttrek, 38 in 1985 en 48 in 1986. Die gevolg hiervan was dat teen 1988, meer as 160 Amerikaanse ondernemings uit dié land onttrek het. Dié strategie was egter, nie in alle opsigte suksesvol nie. Maatskappye, soos IBM en Kodak, het nie hul produk uit die land onttrek het nie, maar slegs onder 'n ander naam bemark het, terwyl ander produkte soos *Coca-Cola* plaaslik vervaardig is (Norval, 1990:185-188; Battersby, 1989:4-10). Sommige Suid-Afrikaanse bedrywe waaronder die wyn-, hout- en vrugtebedryf het ook nog daarin geslaag om ten spyte van sanksies hulle produkte uit te voer (Anon., 1988b:42; Coetzee, 1991:30). Die geslaagdheid van die wapenboikot sedert 1977, kan ook bevraagteken word. Hoewel dit Suid-Afrika aan die een kant toegang tot gesofistikeerde wapentuig ontnem het, het dit aan die ander kant die ontwikkeling van wapentuig gestimuleer. Op kulturele gebied het die VN begin met die opstel van 'n sogenaamde swartlys van kunstenaars wat in Suid-Afrika opgetree het. Internasionale sportboikotte het nie net van regeringskant gekom nie, maar ook van ander organisasies soos die Internasionale Olimpiese Komitee (Norval, 1990:185-193; Masekela, 1987:19-21).

3.3.5.3 Verhore as deel van die isoleringsproses

Bogenoemde hele isoleringsproses is deur 'n fyn beplande propagandaveldtog gerugsteun. Politieke verhore is dikwels vir propaganda gebruik. In hierdie hele propagandaproces het die media 'n sentrale rol gespeel, aangesien die media grootliks daarvoor verantwoordelik was dat politieke verhore simboliese waarde gekry het.

Die bekendste verhore, was waarskynlik die Rivonia-verhoor en daarop volgende veldtogte wat die vrylating van Nelson Mandela bepleit het. Op 11 Julie 1963 is die Rivonia-saak deur die Suid-Afrikaanse polisie oopgevelek. By Lilliesleaf, 'n plaas naby Rivonia, is die bloudruk vir *Operasie Mayibuye* gevind (Greyling, 1987:48). Nege prominente ANC-lede, onder wie Govan Mbeki, Walter Sisulu en Nelson Mandela, het op aanklag van hoogverraad tereg

gestaan. Sedert dié verhoor het Mandela deel van die propagandaspel geword en is 'n veldtog om Mandela vry te laat hoofsaaklik deur anti-apartheidsorganisasies geloods.

Die ANC het ook verhoore van ANC-lede gebruik om steun en simpatie te verkry. Daar was byvoorbeeld wêreldwye betogings teen die doodstraf van Benjamin Mobise wat op aanklag van moord op 'n polisieman skuldig bevind is.

Die verhoor van die sogenaamde *Sharpeville Six* het ook baie publisiteit geniet. Die ses is skuldig bevind op aanklag van moord op 'n munisipale amptenaar van Sharpeville tydens 'n onrus-voorval in 1984. Na wêreldwye pleidooie het die Staatspresident hulle begenadig.

Tydens die Delmas-verhoor in 1988 het die beskuldigdes geweier om te pleit, omdat hulle lede van MK was en daarom gemeen het dat hulle nie deur 'n siviele hof verhoor kon word nie. Dit het die verhoor besonder nuuswaardig gemaak (Mtsolengoe, 1989:11). In 1989 is die Broederstroomverhoor ook gebruik om politieke munt te slaan. Drie verdagdes is op 8 Mei 1988 deur die polisie in 'n huis in Broederstroom aangekeer, waar hulle in die besit van 'n aansienlike hoeveelheid wapens was. Die beskuldigdes is op 32 aanklagte van terrorisme skuldig bevind, nadat hulle skuld erken het (vgl. Gagiano & Pietersen, 1989:4; Bulger, 1989:1; Pauw, 1989:1; Vermaak, 1989:3). Dié verhoor het kort na die vrylating van die Rivonia-gevangenes plaasgevind en is deur dié leiers as 'n platform vir openbare optredes gebruik (Nelmapius, 1989:1; Chandler, 1989:3).

Die verhoor van mev. Winnie Mandela, na die moord op die jeugaktivis Stompie Moeketsi Sepei, het ook baie aandag getrek. Sy het op 4 Februarie 1991 in die hof verskyn op 8 aanklagte van medepligtigheid by die ontvoering van en die aanranding op vier jeugdiges, onder wie Stompie Sepei, in Desember 1988. Op 13 Mei 1992 is sy op dié aanklagte skuldig bevind en die volgende dag is sy tot ses jaar tronkstraf gevonnis. Haar aansoek om appèl is toegestaan en tydens dié uitspraak is haar vonnis verminder na 'n boete van R15 000.

Dié verhoor van Winnie Mandela het deurgaans baie publisiteit in die media geniet. Hoewel dit aan die een kant baie publisiteit vir die ANC beteken het, het dit die ANC in 'n swak lig gestel. Daar was duidelik aanduidings dat die ANC hom van dié gebeure probeer distansieer het. Haar prokureur, Krish Naidoo, het hom byvoorbeeld van die saak onttrek. Nelson Mandela het vanuit die tronk opdrag gegee dat die sogenaamde *Mandela Football Club* moes ontbind. Dié eis is ook deur die ANC se hoofkantoor in Lusaka gesteun. Die ANC het dit ook duidelik gemaak dat Winnie Mandela tot in daardie stadium nie 'n spesifieke portefeulje in

die ANC beklee het nie (Anon., 1989g:54; Anon., 1989h:46-47; Anon., 1989i:48-50; Anon., 1991c:37992; Anon., 1993a:39497; Anon., 1991m: 38179; Anon., 1991l:38324).

3.3.5.4 Konferensies

Vale (1988:50) beskryf ook 'n ander propagandategniek wat die ANC gebruik het en noem dit *trail by conference*. Dit het behels dat konferensies oor anti-apartheidstemas in verskillende dele van die wêreld gehou is. Dié tegniek het die voordeel dat kritiek deur 'n sogenaamde onafhanklike bron uitgespreek word. Verder was dit maklik toeganklik vir die media en het dit dus baie publisiteit geniet.

3.4 TERUGKEER NA KONVENSIENELE WETTIGE POLITIEK

In die laatjare tagtig was daar tekens dat daar 'n verandering in beleid van sowel die NP-regering as die ANC was. Nadat die meeste van die Rivonia-verhoorders vrygelaat is, was daar ook bespiegeling dat Nelson Mandela kort daarna vrygelaat sou word. Daarby het die ANC begin aandui dat hy dalk van die gewapende stryd sou afsien, maar nog steeds sanksies sou voorstaan (Anon., 1989j:4; Anon., 1989b:7; Anon., 1989c:19; Anon., 1989d:3; Anon., 1989e:6; Mkhwanazi, 1988:16).

Op 2 Februarie 1990 ontban die destydse staatspresident, FW de Klerk, die ANC na dertig jaar. Terwyl dit die moontlikheid vir 'n onderhandelde skikking in die vooruitsig gestel het, het dit ook die ANC voor nuwe probleme te staan gebring.

In ballingskap het die ANC as 'n bevrydingsbeweging gefunksioneer, as wettige organisasie moes die ANC in 'n demokratiese politieke opset funksioneer. Die dilemma wat die ANC in die oë gestaar het, was dat die bevrydingsbeweging - as simbool van die stryd teen apartheid - bykans outomaties internasionale steun geniet het. Teen dié agtergrond is tekortkominge van die ANC dikwels oor die hoof gesien. As 'n politieke party sou die ANC nie meer agter die anti-apartheidsettiket kon skuil nie. Daarby kon 'n politieke beweging, wat vir dertig jaar ondergronds gemobiliseer het, nie onmiddellik demokraties funksioneer nie. Die moontlikheid van deelname aan die onderhandelingsproses, het ook die ANC se aansprake op die sogenaamde *armed struggle* minder legitiem gemaak (Ottaway, 1991:62-63; Norval, 1990:237-238 & 241; Anon., 1990c:37232).

Dit het die implikasie gehad dat die ANC aanvanklik 'n dubbele rol sou moes speel, om aan die een kant 'n gematigde beeld voor te hou en aan die ander kant nog steeds sy meer radikale ondersteuners tevrede te stel. In die projektering van hierdie beeld sou die media 'n belangrike rol speel. Daar is besluit om aanvanklik nie die ANC as politieke party te registreer nie, maar om eerder op die loodsing van massa-aksie klem te lê (Anon., 1992r:474-475; Karon, 1991a:12; Anon., 1991e:38324).

Daar gaan nou kortliks 'n oorsig gegee word van die wyse waarop hierdie probleem telkens gemanifesteer het. Binne dié konteks gaan spesifiek verwys word na die organisasiestruktuur van die ANC, die onderhandelingsproses, en die gebruik van geweld.

3.4.1 Organisasiestruktuur van die ANC

Die eerste probleem wat die ANC na ontbanning moes aanspreek, was om te herorganiseer. Net soos ballingskap bepaalde organisatoriese eise gestel het, moes daar nou aan nuwe en andersoortige behoeftes voldoen word.

3.4.1.1 Vereniging van eksterne en interne organisasiestruktuur

Een van die grootste probleme waarmee die ANC gekonfronteer was, was die vereniging van die eksterne en interne organisasie- en leierskapstrukture. Die bannelingleierskap van die ANC was versprei tussen Lusaka, Zambië en verskeie Europese stede; 'n klein maar invloedryke leierskorps wat vrygelaat is; die militêre vleuel, *MK*, en massa-ondersteuners wat nie formeel lid van die ANC was nie, maar eerder by die UDF ingeskakel was. Die eksterne vleuel se aansien het begin verminder as gevolg van die beperkte sukses van die gewapende stryd en die agteruitgang van Oliver Tambo se gesondheid. Aan die ander kant was daar die binnelandse leiers van die frontorganisasies (veral op die arbeidsfront) wat die werk op die grond gedoen het en wat nie lus was om terug te staan vir leiers wat uit ballingskap teruggekeer het nie (Norval, 1990:243; Ottaway, 1991:69-70; Anon., 1990a:47-48).

Dit het tot konflik tussen die eksterne en interne leierskapstrukture gelei. Om die probleem te oorbrug, is Nelson Mandela op 2 Maart 1990, tydens 'n vergadering van die NEC in Lusaka, tot visepresident van die ANC verkies. Walter Sisulu en Govan Mbeki is ook tot die NEC verkies. Hierdeur is bevestig dat Mandela se leierskap aanvaar en erken word, terwyl Tambo steeds in naam die president van die ANC sou bly. Die ANC het ook aangekondig dat sy

hoofkantoor so gou as moontlik van Lusaka na Johannesburg verskuif moes word (Anon., 1990d:37305).

In Julie 1991 het die ANC daarin geslaag om finaal sy leierskapstryd op te los deur 'n kompromie tussen die ou tradisionele leierskap en nuwe elemente te bewerkstellig. Mandela is tot president en Cyril Ramaphosa tot sekretaris-generaal verkies (Omer-Cooper, 1993:775; Norval, 1990:240; Karon, 1991a:8). Mandela was by uitnemendheid geskik om die interne struktuur van die ANC te verenig. Hy het oor die waardigheid beskik waarvoor leiers tradisioneel voor die insurgensie tydperk beskik het, maar ook oor die geloofwaardigheid en respek wat hy in die vryheidstryd en as politieke gevangene verwerf het (Lodge, 1992b:4-5). Mandela word beskryf as die Suid-Afrikaanse politieke leier met die meeste status in Suid-Afrika, sowel as in die buiteland. Die vraag is egter gevra of Nelson Mandela sowel versoenende staatsman as party politieke leier sou kon wees, aangesien dit bepaalde teenstrydighede geïmpliseer het. Mandela, as leier van die ANC wat 'n verkiesing moes beveg sou tog nie net versoenende uitsprake kon maak nie (Anon., 1993e:24 Anon., 1992k:22-25).

Winnie Mandela het ook 'n belangrike rol in die transformasie van die ANC gespeel. Tydens Nelson Mandela se gevangenskap het sy 'n belangrike rol in die vryheidstryd gespeel. Na Nelson Mandela se vrylating het haar posisie egter verander. Op 13 April 1992 het Nelson Mandela aangekondig dat hy en sy vrou uitmekaar gaan. Kort daarna, op 15 April 1992 het Winnie Mandela bedank as hoof van die Departement Maatskaplike Werk (Anon. 1992s:38850-38851). Sedert 1993 was sy Presidente van die ANC se vroueliga en in 1994 word sy adjunk-minister van wetenskap, kuns en kultuur (Anon. 1994:3991). Weens toenemende druk, doen sy in 1995 van albei posisies afstand.

'n Verdere probleem wat aangespreek moes word, was die status van die UDF. Na die ontbanning van die ANC, het die ANC nie werklik meer nut vir die UDF gehad nie. Die ANC het grootliks die bestaan van die UDF geïgnoreer, hoewel hy van die UDF se selle in sy eie politieke strukture opgeneem het. Van die UDF leiers is ook in die ANC se organisasiestruktuur opgeneem, maar as individue en nie as verteenwoordigers van die UDF nie.

Teenoor die *civics* in die *townships* het die ANC 'n ander houding ingeneem. Die gedagte was dat hulle moes bly voortbestaan. Die uitgangspunt was dat daar 'n balans moes wees tussen organisasies wat die regering en die burgerlike samelewing verteenwoordig. Die ANC het homself nie as 'n organisasie beskou wat die grondvlak samelewing verteenwoordig het nie,

maar eerder as 'n organisasie wat gereed gemaak het om die regering oor te neem. Die ANC het ook die *civics* as strukture gesien waardeur sy steun in plattelandse gebiede uitgebrei kon word (Ottaway, 1991:72-73; Karon, 1991a:15).

Die ANC het verder ook die probleem gehad van bannelinge wat na Suid-Afrika begin terugkeer het. Naas die probleem om die bannelinge in die ANC se binnelandse strukture op te neem, is hulle ook met 'n groot werkloosheidsprobleem gekonfronteer (Anon., 1992r:427-428; Gevisser, 1991:48-50). Daarby het sommige van die terugkerende bannelinge daarop aangedring dat daar ondersoek gedoen moes word na die ANC se genoemde straffkampe (Anon., 1992r:463-464).

3.4.1.2 Aanpassing van politieke strategie

Die ANC moes ook sy politieke strategie aanpas. As bevrydingsbeweging het die ANC hom op massasteun toegespits. Ná ontbanning het die ANC gehoop om die regerende party te word, en in dié verband is van die organisasie verwag om beleid te formuleer. Die dilemma wat die ANC gehad het, was dat spesifieke beleidformulering nie met die werwing van massasteun versoenbaar was nie en dit het 'n tweeledige organisasiestyl tot gevolg gehad. Aan die een kant het die topbestuur begin om seminare te hou en beleidsdokumente beskikbaar te stel, terwyl daar op grondvlak met die werwing van massasteun voortgegaan is. Dit sou later aan die ANC die probleem besorg oor die wyse waarop die spontane lojaliteit van die massas binne 'n gedissiplineerde raamwerk geakkommodeer kon word (Ottaway, 1991:60; Omar-Cooper, 1993:775; Hudson, 1990:32; Anon., 1992e:33).

Op 21 April 1992 het vyf voormalige DP-parlementslede na die ANC oorgeloop. Hoewel hulle as onafhanklikes in die parlement aangebly het, het die ANC nou teoreties verteenwoordiging in die parlement gehad (Anon., 1992t:474). Dit het weer die ANC se dilemma beklemtoon om aan die een kant te wil deelneem aan die formele politieke proses, maar aan die ander kant ook sy status as bevrydingsbeweging te wil behou.

In Desember 1990 het die ANC, vir die eerste keer in 31 jaar, in Suid-Afrika vir 'n konsulerende kongres byeengekom. Tydens dié kongres het die ANC hom ten gunste van onderhandeling, asook massa-aksie om die onderhandelingsproses te verhaas, uitgespreek (Anon., 1991k:38047). Ses maande later - 2-7 Julie 1991 - is die eerste nasionale ANC-kongres binne Suid-Afrika (in Durban) gehou. Tydens die kongres is die nuwe uitvoerende komitee van 55 lede aangewys (Anon., 1991e:38324). Die kongres het nie 'n nuwe

denkrigting aangedui nie, maar het eerder gekonsentreer om die bande tussen die algemene lidmaatskap en leierskorps te verstewig en is beleidformulering vir die kongres in Desember te Durban gelaat. Tydens die kongres is daar ook selfondersoek gedoen. Die ANC se onvermoë om massaveldtogte te organiseer en relatiewe swak steun op die platteland en onder ander bevolkingsgroepe, is as swakplekke geïdentifiseer (Karon, 1991a:8).

Tydens 'n beleidskongres van die ANC op 28-31 Mei 1992, is die ANC se beleidsdokument die *Freedom Charter*, in oënskou geneem. Die ANC het ook sy verbintenis tot onderhandeling herbevestig, maar gedreig om met 'n massa-aksie veldtog te begin (Anon., 1992n:38897). Tydens die ANC se nasionale kongres naby Johannesburg in Junie 1992, het die ANC federalisme as regeringsvorm verwerp en hom ten gunste van 'n een-mens-een-stem stelsel binne 'n unitêre staat uitgespreek.

Teen die einde van Augustus 1992, het die ANC aangekondig dat die massa-aksieveldtog (gedurende Julie en Augustus 1992) sy ledetal aansienlik vergroot het en dat daar toe ongeveer 868 000 lede was (Anon., 1992r:474-475; Karon, 1991b:12; Anon., 1991m:38324).

Ten tyde van die ondersoek was die ANC se heropbou- en ontwikkelingsprogram (HOP) (vgl. ANC, 1994a; ANC, 1994b), wat later as beleidsraamwerk aanvaar sou word, nog nie geformuleer nie. In terme van die agendastellingshipotese (vgl. paragraaf 2.4), is dit tog van waarde om ondersoek te doen na die aspekte wat vanaf 1989-1993 in *Beeld* en *The Star* prominent aandag geniet het en watter van dié aspekte in 1994 in die HOP-plan opgeneem is. Dié aspekte wat basies in die HOP-plan aangespreek word, is die ontwikkeling van menslike hulpbronne waaronder onderwys en opleiding; sport en ontspanning; voorsiening in basiese behoeftes onder andere behuising en gesondheid; die ontwikkeling van die ekonomie en demokratisering van die samelewing.

Vir die doeleindes van die studie is gekonsentreer op ekonomiese, behuisings-, gesondheids-, onderwys- en sportbeleid.

3.4.1.2.1 Ekonomiese beleid

Hoewel die formulering van ekonomiese beleid reeds begin het toe die ANC nog verbode en die ANC-departement van ekonomiese beplanning nog in Lusaka was, het dit eers ernstig aandag begin geniet ná die ontbanning van die ANC in 1990 (Mboweni, 1992b:38). In 1990 het 'n reeks rigtinggewende dokumente oor die ANC se ekonomiese beleid verskyn. Die

eerste dokument het in 1990, na 'n reeks werkwinkels in Harare in April-Mei en in September, verskyn. Die tweede dokument het na 'n werkwinkel in Mei 1991 verskyn. Hoewel laasgenoemde dokument 'n meer gematigde houding ingeneem het en die waarde van privatisering aangespreek het, het albei dokumente meer vrae geopper, as wat daar antwoorde oor die ANC se ekonomiese beleid gebied is. Dit het duidelik geblyk dat die ekonomiese beleid nog in 'n formuleringstadium was en dat daar nog baie interne teenstrydighede in die ekonomiese beleid voorgekom het. 'n Sleutelaspek wat voorgekom het, was dat die nuwe ANC-regering in die ekonomie sou moes ingryp ten einde die belange van die gemeenskap te kon dien (Anon., 1992b:33; Anon., 1992e:33-34).

Van die mees kontroversiële aspekte wat aan die orde gekom het, was die vraag na nasionalisering,⁷ welvaartbelasting en herverspreiding van rykdom. Sedert die ANC se ontbanning, is daar talle teenstrydige uitsprake oor nasionalisering en die aanhang van 'n sosialistiese ekonomiese beleid gemaak. Oor die algemeen wil dit tog voorkom of die ANC stelselmatig begin wegbeweeg het van 'n rigiede navolging van nasionalisering. Kort na die ontbanning van die ANC en vrylating van Nelson Mandela, het die ANC nog baie pertinent nasionalisering gesteun. Dit is as 'n noodsaaklike hulpbron gesien om opheffingsprogramme te finansier. Op dieselfde wyse as wat die gewapende stryd simbolies van die vryheidstryd was, was nasionalisering simbolies van die opheffing van gemeenskappe (Anon., 1990i:28; Thomas, 1990:5-6).

Namate die ANC egter kritiek, veral van besigheidslui, oor sy beleid van nasionalisering ontvang het, is daar vanaf 1991 begin om weg van dié beleid te beweeg. Nelson Mandela het op 12 Oktober 1991 gesê dat die ANC bereid sou wees om van sy beleid van nasionalisering afstand te doen, indien die besigheidsgemeenskap 'n alternatief daar kon stel wat die ekonomiese wanbalans kon aanspreek. Hy het ook beklemtoon dat nasionalisering nie beteken het dat die privaatsektor uit die ekonomie uitgesluit sou word nie en dat die privaatsektor nog steeds 'n belangrike bydrae tot die ekonomie kon lewer. In Februarie 1992 is hierdie standpunt deur Mandela in 'n toespraak voor die Internasionale Ekonomiese Forum in Switserland herhaal (Anon., 1991i:38516; Cargill, 1991b:22; Mboweni, 1992:12-13; Anon., 1992b:29-30; Deeb, 1991:93-94; Oosthuizen, 1992:14).

Hoewel daar nog steeds teenstrydige uitsprake voorgekom het, het die ANC toenemend begin beklemtoon dat hy 'n *gemengde ekonomie* voorstaan. Die ANC het egter nie duidelik

gespesifiseer wat met 'n gemengde ekonomie bedoel word nie (vgl. Mboweni, 1992b:38; Sing, 1991:40; Oosthuizen, 1992:14; Cargill, 1991b:22; Volschenk, 1992a:11).

In aansluiting by nasionalisering, het die ANC steeds uitsprake gemaak waarin daar sprake van regeringsinmenging in die ekonomie was om ongelykhede aan te spreek. Die moontlikheid van die instelling van eiendombelasting of welvaartbelasting en die herverspreiding van rykdom is genoem (Preece, 1991m:12; Anon., 1991:63). Sing (1991:40) en Mboweni (1992b:42) het egter bevestig dat die instelling van 'n sogenaamde welvaartbelasting nie deel van die amptelike beleid van die ANC gevorm het nie. In ANC-geledere, was daar 'n besef dat die instelling van eiendombelasting of die herverdeling van grond baie problematies kon wees, maar daar was 'n besliste gevoel dat die belastingstelsel aangepas sou moes word om ekonomiese ongelykhede in die samelewing reg te stel (Anon., 1991m:63; Sing, 1991:40).

Die instelling van ekonomiese sanksies, was deel van die ANC se poging om Suid-Afrika van die internasionale gemeenskap te isoleer (kyk paragraaf 3.3.5.2). Binne hierdie konteks het sanksies deel van die ANC se stryd geword en ook binne die onderhandelingsproses bedingingswaarde gehad. Sing (1991:40) het gesê dat sanksies opgehef sou word so gou as wat daar 'n tussentydse-regering ingestel is. Teen Januarie 1993 het Mandela die gedagte bevestig en begin aandui dat hy bereid sou wees om aan te beveel dat ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika beëindig sou word, indien 'n datum vir die voorgenome verkiesing bepaal sou word (Anon., 1993:39256).

In die ANC se HOP-plan is gestel dat die fundamentele doelstellings van die ANC se ekonomiese beleid demokratiese deelname en ontwikkeling is (ANC, 1994a:78). Daar is van die standpunt uitgegaan dat nog 'n algeheel sentraal beplande ekonomie nog vryemark ekonomie aan die eise van Suid-Afrika sou kon voldoen nie en is 'n gemengde ekonomiese stelsel voorgestaan (ANC, 1994a:78-86; ANC, 199b:24-28).

3.4.1.2.2 Behuisingsbeleid

Daar het hoofsaaklik twee aspekte in die ANC se behuisingsbeleid voorgekom. In die eerste plek moes aandag gegee word aan die gemeenskappe wat slagoffers van gedwonge verskuiwings was en in die tweede plek moes aandag gegee word aan die behoeftes van diegene, wat as gevolg van apartheidswetgewing, nie toegang tot eiendom gehad het nie. Om die probleem op te los, het die ANC die instelling van 'n grondbelasting oorweeg. Die ANC

het verder gemeen dat daar 'n behuisingstekort van ongeveer 3 miljoen huise was en dat daar so gou as moontlik aan die aspek aandag gegee moes word (Anon., 1993f:218; ANC, 1994a:22-28; De Villiers, 1994:28).

Die ANC het dit egter duidelik gestel dat hy nie bestaande privaateiendom sou onteien nie. Daar sou òf van onbenutte staatseiendom gebruik gemaak kon word, òf grond wat in die mark was kon angekoop word. Daar was ook die meer kontroversiële standpunte dat grond wat op beweerde korrupte wyses verkry is, asook grond van boere met groot staatskuld ook gebruik kon word, met die ooreenkoms dat vergoeding in ooreenstemming met grondwetlike bepalinge sou geskied (Sing, 1991:40; De Villiers, 1994:41).

3.4.1.2.3 Onderwysbeleid

Die ANC (1994a:60-68) het 'n geïntegreerde onderwysstelsel voorgestaan met gelyke geleentheid vir alle individue ongeag, ras, klas, taal, geslag of ouderdom. Onderwys moes daarop gerig wees om die volle potensiaal van die individu te ontwikkel en moes samewerking en verdraagsaamheid in die gemeenskap aanmoedig en die beginsels van die menseregte-akte onderskryf. Voorts moes een nasionale minister verantwoordelikheid vir onderwys aanvaar.

Daar het deurgaans in 1992 onrus by swart skole aan die Rand, en veral in Soweto, voorgekom (Anon., 1993f:424-427). In die begin van 1993 het die *Congress of South African Students* (COSAS) aangekondig dat hy teen die betaling van eksamengeld gaan protesteer. Hierdie protes het dwarsdeur 1993 voorgekom en het met stakings en sporadiese voorvalle van geweld gepaard gegaan (Anon, 1993d:619-623).

3.4.1.2.4 Gesondheidsbeleid

Die gesondheidsbeleid het baie aandag in die ANC se HOP-plan gekry, omdat daar van die standpunt uitgegaan is dat goeie gesondheid ook tot beter lewenstandaarde en 'n beter ekonomie sou lei. Die hoofdoelstelling van die ANC was om die ongelykhede tussen die verskillende gesondheidstelsels uit die weg te ruim. Al die verskillende rolspelers moes binne 'n Nasionale Gesondheidstelsel verenig word, wat aan een minister verantwoordelik sou wees. Daar is verder voorgestel dat alle kinders onder ses jaar en swanger vroue gratis mediese versorging moes ontvang (ANC, 1994a:42-51).

3.4.1.2.5 Sportbeleid

Die ANC se standpunt was dat sportfasiliteite aan alle individue beskikbaar behoort te wees. Daar moes veral aandag aan sportfasiliteite by opvoedkundige inrigtings gegee word (ANC, 1994a:72-73).

In 1992 tydens die wêreldbeker-krieketreeks, het die ANC woordvoerder vir sport, Steve Tshwete, gesê dat Suid-Afrika besig was met 'n ontwikkelingsprogram op sportgebied en dat dié krieketspan op meriete gekies was om Suid-Afrika te verteenwoordig. In Julie 1992 het die ANC sy steun aan Suid-Afrikaanse deelname aan die Olimpiese Spele toegesê, maar bygevoeg dat die besluit in herooring geneem sou word, indien daar nie vordering by die sportontwikkelingsprogramme was nie (Anon., 1993f:431-432).

In Augustus 1992 het die ANC sy ontevredenheid uitgespreek oor die sing van *Die Stem* by 'n rugbytoets op Ellis Park (Johannesburg) en die feit dat die rugbyspelers geweier het om *peace and democracy*-armbande tydens die wedstryd te dra (Anon., 1993f:432-433).

In 1993 het die ANC bekend gemaak dat hy ten gunste daarvan sou wees dat Suid-Afrika vir die 1995-rugby-wêreldbekerreeks en die Olimpiese Spele in 2004 as gasheerland sou optree (Anon., 1993f:625).

Die bydrae van die media op hierdie gebied, het daarin gelê dat inligting oor die ANC, sy besluite, beleidformulering, toekomstige werkwyse en leierskap bekend gemaak moes word, indien die ANC die volgende regering sou wees. Dit was met ander woorde nodig om inligting aan die publiek oor die ANC se toekomstige politieke beleidsrigtings oor te dra.

3.4.2 Beleid ten opsigte van die gewapende stryd en onderhandeling

Die ANC se beleid en houding teenoor die gewapende stryd en onderhandeling kan nie afsonderlik beskou word nie. Hoewel dit op die oog af na twee teenstellende pole lyk, is hulle interafhanklik en is albei deur die ANC as metodes beskou om die regeringsmag te bekom. Norval (1990:238) merk op dat die ANC, onderhandeling as deel van die rewolusionêre strategie om die magsbalans te verskuif, beskou het. Daarby is die dreigement van die gewapende stryd dikwels deur die ANC as drukmeganisme in die onderhandelingsproses gebruik. Bogenoemde is ook kenmerkend van die dubbele rol wat die ANC - as politieke party en bevrydingsbeweging - genoodsaak is, om sedert 2 Februarie 1990, te speel.

3.4.2.1 Gewelddadige optrede

Die ontbanning van die ANC en opheffing van die noodtoestand in 1990, het nie die einde van politieke geweldpleging in Suid-Afrika beteken nie. In sommige kringe word beweer dat daar veral 'n toename was in sogenaamde swart op swart geweld. Hierdie onrus is dikwels gerelativeer tot 'n stryd tussen die ANC en Inkatha.

3.4.2.1.1 Botsings tussen die ANC en Inkatha

Na die ontbanning van die ANC het geweldpleging tussen die ANC en veral Inkatha begin voorkom. Die geweld het aanvanklik in Natal begin, maar het later ook na die Rand versprei. Na raming het meer as 3 000 mense in 1990 in politieke onrus gesterf. Hierdie geweldpleging het in Augustus en September 'n hoogtepunt bereik. Garson (1990:47) meen dat daar in dié twee maande sowat 800 mense in geweld tussen Inkatha en die ANC vermoor is.

In 1992 was daar talle voorvalle waarin die ANC en Inkatha in geweldpleging betrokke was. Meer as 140 mense is vanaf Januarie tot Oktober 1991 in verskeie voorvalle dood (Anon., 1991d:37952; Anon., 1990a:57; Makoe, 1991:8; Anon., 1991f:38271; Anon., 1991i:38516).

Teen dié agtergrond het gerugte ontstaan dat die ANC besig was om selfverdedigingseenhede op die been te bring (Anon., 1990a:60; Anon., 1991b:38132). Dit het vermoedelik tot verdere geweldpleging gelei. Sowat 500 Inkatha ondersteuners het die naweek van 13 en 14 April 1991 'n hostel naby die Mandela-woning aangeval, waartydens vier mense dood en ongeveer 40 gewond is. Twee weke later (27 en 28 April 1991) is ongeveer 60 mense in geweldpleging tussen ondersteuners van die ANC en Inkatha dood (Anon., 1991b:38132).

In 'n poging om dié geweld te bekamp, is 'n nuwe afdeling in die polisie - die interne stabiliseringseenheid - op 8 November 1991 gestig. Die afdeling is spesifiek gestig om geweld in *townships* te bekamp, sodat die res van die polisiemag hom tot die bekamping van kriminele oortredings kon wend (Anon., 1991h:38560).

Op 7 September 1992 vind die Bisho-voorval plaas, waartydens die Ciskei se weermag op 'n ANC-optog begin skiet het. Ongeveer 30 mense is dood en 200 beseer (Omer-Cooper, 1993:775-776). Geweld tussen ANC en Inkatha ondersteuners het nog steeds voortgeduur en in Oktober 1992 het die Staatspresident aangekondig dat die teenwoordigheid van die weermag in Natal verdubbel sou word. Tussen 24 en 26 Oktober 1992 het ongeveer 33 mense in politieke geweld in Natal omgekom (Anon., 1992p:39127).

Daarby het die ANC nie net die NP-regering daarvan beskuldig dat hy versuim het om op te tree om die geweld te bekamp nie, maar is die NP-regering toenemend daarvan beskuldig dat hy die geweld aanblaas en dat sogenaamde spesiale eenhede van die weermag ANC-lede aangeval het. Die ANC was oortuig dat die regering by die aanstigting en verspreiding van die geweld betrokke was in 'n poging om die ANC se onderhandelingsposisie te verswak (Anon., 1990a:58; Anon., 1990f:37698; Anon., 1991e:38319; Anon., 1991f:38271; Anon., 1991c:37992; Anon., 1991a:57; Omer-Cooper, 1993:775; Anon., 1992a:48; Oosterbroek, 1991:2).

3.4.2.1.2 Treinaanvalle

Geweld het vanaf 1990, ook 'n nuwe vorm van terreur, naamlik aanvalle op treinpendelaars, aangeneem. In 'n voorval op 13 September 1990, is minstens 26 mense dood en meer as 100 beseer toe 'n ongeïdentifiseerde bende pendelaars op die Johannesburg-Soweto trein by Thokoza aangeval het (Anon., 1990f:37698). In Januarie 1992 is ses mense dood en verskeie ander beseer toe 'n bende 'n trein tussen Johannesburg en Soweto aangeval en van die passasiers van die trein afgegooi het (Anon., 1992t:463-464). Kriel (aangehaal in Anon., 1993f:761) meen dat daar in 1992, 216 mense in geweld op treine aan die Witwatersrand dood is.

3.4.2.2 Onderhandeling

Die ANC en NP-regering het vir die eerste keer met die oog op konstitusionele onderhandeling in Mei 1990 en later weer in Augustus 1990 byeengekom. In Januarie 1991 het die NP-regering ingestem dat 'n veelpartykongres op die been gebring moes word om te bepaal hoe 'n nuwe grondwet opgestel sou word (Omer-Cooper, 1993:775; Anon., 1990e:37440; Anon., 1991k:38047; Welsch, 1992:15-16).

Die status van MK was een van die probleme waarmee die ANC, met betrekking tot onderhandeling, gekonfronteer is. Anders as bevrydingsbewegings beskik politieke partye nie oor 'n eie private weermag nie. Ten einde as 'n politieke party te kon funksioneer, het die ANC begin om hom van MK te probeer distansieer. 'n Eerste stap in die rigting was die ondertekening van die *Pretoria Minuut*, waarvolgens die gewapende stryd in ruil vir amnestie vir sekere politieke gevangenes opgeskort is. MK het egter nie ontbind nie en die ANC het verklaar dat indien onderhandelinge nie sou slaag nie, hy gereed moes wees om weer die wapen te kon opneem (Ottaway, 1991:71). Dit het tot 'n skaakmatposisie tussen die NP-

regering en die ANC gelei, aangesien die NP-regering gemeen het dat die opskorting van die gewapende stryd, die ontbinding van MK ingesluit het. Die ANC het hom eers weer ses maande later op 15 Februarie 1991 bereid verklaar om te onderhandel (Anon., 1989k:59; Anon., 1991c:37991; Sparks, 1992a:5-6; Welsch, 1992:16).

Na toenemende beskuldigings deur die ANC dat die NP-regering vir die geweld verantwoordelik was, het die ANC in April 1991 begin dreig om van die onderhandelingsproses te onttrek, indien die NP-regering nie stappe sou neem om die geweld te bekamp nie (Omar-Cooper, 1993:775; Anon., 1991b:38131). Teen 18 Mei 1991 het die ANC aangekondig dat hy van die onderhandelingsproses onttrek het, totdat die NP-regering die dra van tradisionele wapens verbied het (Anon., 1991g:38178).

In 'n poging om geweld te bekamp het die destydse staatspresident, FW de Klerk, 'n veelparty Vredeskonferensie vir 24 en 25 Mei 1991 belê. As gevolg van verswakte verhoudinge tussen die NP-regering en die ANC, het die ANC besluit om die konferensie te boikot (Anon., 1991g:38178).

Op 14 September 1991 het die ANC, saam met onder andere die IVP, die belangrikste vakbonde en godsdiensgroepe die *Nasionale Vredesverdrag* onderteken in 'n poging om geweldpleging in die land te bekamp (Anon., 1992a:123; Anon., 1991j: 38422; Nina, 1992:69-70; Anon., 1991o:48-49). Die *Vredesverdrag* was nog nie noodwendig 'n waarborg vir vrede nie, maar eerder 'n bloudruk van 'n wyse waarop die kwessie van geweld aangespreek kon word (Alberts, 1991:15). Dit is deur 'n oproep van die Staatspresident opgevolg dat MK moes ontbind, aangesien dit strydig met die gees van die *Vredesverdrag* sou wees. Die ANC het gereageer deur te sê dat hy nog nie gereed was om 'n politieke party te word nie. Ondanks die *Vredesverdrag* het geweldpleging tussen Inkatha en die ANC voortgeduur.

Teen dié agtergrond van voortslpende geweld en spanning het die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) die eerste keer op 20 Desember 1991 byeengekom (Omer-Cooper, 1993:775; Anon., 1991h:38560). Dit was grootliks 'n simboliese geleentheid en slegs die woordewisseling tussen De Klerk en Mandela het daarop gedui dat dit die begin van werklike onderhandeling was (Welsch, 1992:17).

Teen die einde van Junie 1992 het geweld weer die onderhandelingsproses ontwig. Op 17 Junie 1992 is ongeveer 45 mense dood, toe beweerde Inkatha ondersteuners 'n groep ANC-

ondersteuners by Boipatong in 'n lokval gelei het. Na die Boipatong-voorval het die ANC weer eens onderhandeling met die regering afgelas (Omar-Cooper, 1993:775; Anon., 1993b:26; 477; Anon., 1992m:38991; Anon., 1992i:39038).

In Junie 1992 het KODESA II misluk nadat daar nie 'n ooreenkoms bereik kon word nie, oor onder meer die vasstelling van grense van die streke en die rol van 'n tweede kamer in die wetgewende proses. Daar was egter ook 'n paar belangrike deurbrake voor die onderhandelingsproses opgeskort is.

Teen die einde van September 1992, het die NP-regering en die ANC bilaterale samesprekings onderneem in 'n poging om weer onderhandelinge van die grond af te kry. Daar is onder andere ooreengekom dat 'n verkose wetgewende liggaam verantwoordelik sou wees vir die skrywe van 'n nuwe grondwet en dat politieke gevangenes voor 15 November 1992 vrygelaat sou word. Die NP-regering het ook onderneem om sekere hostelle te omhein en beveilig, die dra van gevaarlike wapens te verbied en politieke partye se reg tot vreedsame massa-aksie te erken. Na aanleiding van die ooreenkoms het die ANC aangekondig dat hy weer bereid sou wees om aan die Veelparty-onderhandelingsproses deel te neem. Die IVP het egter aan dié onderhandelingsforum, uit protes teen die bilaterale samesprekings tussen die ANC en NP-regering, onttrek en het aangedring op die ontbinding van MK (Anon., 1992o:35-36). Op 30 Oktober 1992 bevestig die NP-regering dat alle politieke gevangenes wat voor 8 Oktober 1990 veroordeel is, amnestie sou ontvang (Anon., 1992p:39128).

Dit blyk dus dat ten spyte van die ANC se verbintenis tot 'n onderhandelde politieke skikking het die ANC nog, wanneer hy dit nodig geag het, van dreigemente van geweld gebruik gemaak om protes aan te teken. In die verband het die media nog steeds 'n belangrike rol gespeel om die protesboodskap te versprei. Dit het egter nou nie meer oor ongekwalfiseerde dekking gegaan nie - dit het 'n meer taktiese spel geword waar geweld, as drukmeganisme, tydens die onderhandelingsproses gebruik is.

3.4.3 Boikotte en massa-aksie

Nie net geweld nie, maar ook massa-aksie en boikotte is gebruik om druk op die NP-regering en die onderhandelingsproses uit te oefen. Sogenaamde vreedsame massa-aksie is as 'n meer aanvaarbare vorm van protes gesien. Die ANC-leierskap het 1991 as die *year of mass action for the transfer of power to the people* verklaar (Anon., 1991a:57; Du Toit, 1994:50-55).

Eenersyds om hulle onderhandelingsposisie te versterk, en andersyds omdat hulle die mag van massa-aksie besef het, het die PAC en ANC op 25-27 Oktober 1991 die sogenaamde *Verenigde Front* gevorm. Dit was 'n voorbereidende stap vir onderhandeling om 'n verenigde front daar te stel wat met die NP-regering kon onderhandel. Die *Verenigde Front* het ongeveer 75 organisasies verteenwoordig. Die Front het hoofsaaklik onmiddellike onderhandeling deur al die partye voorgestaan, wat sou uitloop op 'n tussentydse-regering en die verkiesing van 'n grondwetgewende liggaam wat die nuwe grondwet sou opstel (Anon., 1991i:38516).

Die steun van die *Verenigde Front* is op 5 en 6 November 1991 vertoon toe 'n landwye staking uit protes teen die instelling van BTW op basiese voedselsoorte geloods is. 'n Gesamentlike verklaring deur die ANC en Cosatu het gelui dat hulle die staking as 'n straatreferendum beskou het, waarmee hulle hul wantroue in die NP-regering te kenne gegee het. Ongeveer 80% van die land se werkkrag het aan die *referendum* deelgeneem (Anon., 1991h:38560). Dit het duidelik geword dat Cosatu ook 'n toenemend belangriker rol in die massa-optrede sou speel (Shilowa, 1994:7; Du Toit, 94:54; Stone, 94:22).

In 'n poging om steun te werf en mag te bou, het die ANC ook toenemend van optredes voor massa-gehere of sogenaamde *rallies* begin gebruik maak. Byeenkomste is veral gehou op dae wat emosionele politieke gebeure herdenk het.

Op 21 Maart 1992 het Mandela ongeveer 18 000 mense by Khayelitsha, tydens 'n herdenkingsrede van die gebeure by Sharpeville, toegesprek. Op 16 Junie 1992 tydens die herdenking van die Soweto-onluste van 1976 het die ANC sy landwye massa-aksie veldtog geloods. Die aksie is deur daaglikse betogings van wisselende omvang gekenmerk. Een van die prominentste aksies was op 13 Junie 1992 toe 'n paar duisend ANC-ondersteuners na die Unie Gebou gemasjeer het. Dié massa-aksie het vanaf 2-4 Augustus 1992 'n hoogtepunt bereik met 'n landwye wegbly-aksie. Dit het gehelp om van die ANC se militante steun te herwin, maar aan die ander kant het dit weer die sogenaamde middelklas in die ANC geantagoniseer (Anon., 1993d:34-45; Sello, 1992:16; Mering, 1992:17). Bogenoemde massa-aksie is aanvanklik in vier fases beplan met die uiteindelijke doelwit om die regering oor te neem. Die eerste fase sou van 16-26 Junie gewees het en sou op van dag tot dag sake byvoorbeeld korrupsie, kospryse, basiese salarisse, ensovoorts gefokus het. Die oorkoepelende doelwit was met ander woorde om politieke verandering te verhaas. Die tweede fase sou op 1 Julie begin, waartydens daar protes aangeteken sou word teen die feit dat die tussentydse-regering nog nie in plek sou wees nie. In Augustus sou die derde fase

plaasgevind het en as dit nodig sou wees, sou daar begin word met 'n nasionale staking. Die vierde fase is gesien as die fase waartydens die regering deur massa-aksie dan tot 'n val gebring sou word (Anon., 1992e:35).

Die ANC het egter beklemtoon dat die aksie nie primêr op insurgensie gemik was nie, maar 'n meganisme om die instelling van 'n tussentydse-regering, algemene verkiesing en wetgewende liggaam te verhaas (Anon., 1993a:429-430; Anon., 1992m:38991; Anon., 1992i:39037). Mandela het aangevoer dat die doel van die massa-aksie was om mense by die onderhandeling te betrek en die ANC se steun aan te toon. Die grootste waarde van massa-aksie het daarin gelê dat dit 'n vertoon van steun was en aangetoon het dat die ANC 'n wye magsbasis het. Massa-aksie is nie as alternatief vir onderhandeling gesien nie, maar as 'n integrale deel van die onderhandelingsproses - ook as 'n metode om lojaliteit en steun binne die organisasie te vorm en die massa te mobiliseer. In dié opsig is dit ook gesien as deel van die voorbereiding met die oog op die komende algemene verkiesing (Anon., 1992e:35-36). Massa-aksie is gesien as 'n metode om die bewind van die NP-regering te beeindig en politieke verandering af te dwing (Anon., 1992g:47-48; Anon., 1992j:41; Horowitz, 1992:58-59).

Massamobilisasie was nie 'n nuwe strategie nie, en is reeds tydens ballingskap gebruik. Dit het egter na ontbaning 'n belangriker rol begin speel, veral omdat die gebruik daarvan meer aanvaarbaar as die gebruik van politieke geweld was. Die media het ook hierin 'n belangrike rol gespeel om die protesboodskap bekend te stel.

3.5 SAMEVATTING

As regering in ballingskap, het die ANC dertig jaar lank ondergronds beplan en georganiseer. Tydens ballingskap, het die ANC van die sogenaamde *people's war*-strategie gebruik gemaak wat hoofsaaklik op vier pilare berus het naamlik, mobilisering van die massa, organiserings van 'n ondergrondse netwerk, die gewapende stryd en internasionale isolering van die Suid-Afrikaanse NP-regering.

Kommunikasie, en veral die massamedia, het in minstens drie van die pilare - gewelddadige optrede, massamobilisasie en internasionale isolasie - 'n prominente rol gespeel. Die sentrale gedagte hier was dat die media gebruik is om die protesboodskap van die ANC wyer bekend te maak.

In 1990 is die ANC ontban en met 'n nuwe probleem gekonfronteer en moes hy sy politieke strategie hiervolgens aanpas. Die dilemma was dat daar van die ANC aan die een kant verwag is om soos 'n politieke party op te tree, maar aan die ander kant het die ANC vir dertig jaar lank ondergronds georganiseer as terreur/bevrydingsbeweging en op massa-aanhang staat gemaak. Die ANC moes homself veral opnuut posisioneer ten opsigte van die gebruik van geweld as politieke strategie en deelname aan die onderhandelingsproses met die oog op politieke verandering. As die waarskynlike volgende regeerder, moes die ANC ook begin aandag gee aan die formulering van beleid. Dit spreek vanself dat Nelson Mandela as prominente leiersfiguur 'n belangrike rol in die hele transformasie proses sou speel.

Dit is binne dié konteks wat die aanname gemaak word dat die media 'n belangrike rol gespeel het in die posisionering van die ANC vanaf verbanne politieke beweging na 'n legitieme rolspeler in die Suid-Afrikaanse politiek. Voorts gaan meer spesifiek ondersoek ingestel word, na die beeld wat *Beeld* en *The Star* van die ANC tydens sy oorgang van terreurbeweging na politieke party gereflekteer het. Daar gaan spesifiek gefokus word op die beeld van die ANC in terme van die ANC se houding teenoor die gebruik van die gewapende stryd as politieke strategie, onderhandeling as meganisme vir politieke verandering en die ANC se stellings ten opsigte van beleidformulering. Daar gaan ook gefokus word op die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela binne die konteks van verandering binne die ANC.

Hoofstuk 4

Empiriese ondersoek: metodologie

4.1 INLEIDING

Uit voorgaande literatuurstudie het dit geblyk dat die dagbladpers 'n mediërende rol speel om 'n mediarealiteit aan sy lesers te bring. Binne dié konteks is spesifiek aandag aan die agendastellingshipotese van die pers gegee. Uit die huidige literatuuroorsig het dit geblyk dat die pers bepaalde strydpunte of kwessies in die samelewing kan identifiseer en op die nuusagenda plaas. Hierdie beginsel geld ook ten opsigte van 'n politieke groep en kan die pers bepaalde karaktereenskappe of politieke strategieë identifiseer en beklemtoon. Indien die pers dan 'n waarde-oordeel oor die strategie of eienskap uitspreek, word die politieke groep ook indirek beoordeel en word 'n bepaalde persepsie of beeld van die groep aan die lesers voorgehou.

Teen bogenoemde agtergrond is in die empiriese gedeelte van huidige studie, meer spesifiek gefokus op die strydpunte rondom die beeld van die ANC wat *Beeld* en *The Star* geïdentifiseer het en op die wyse wat dié media-agenda aangebied is. Ten einde so 'n ondersoek te kon loods, moes beriggewing oor die ANC in die betrokke koerante (*Beeld* en *The Star*) ontleed word. Die ontleding is deur middel van inhoudsanalise gedoen.

In hierdie hoofstuk word 'n kort oorsig van inhoudsanalise as wetenskaplike metode gegee, asook 'n motivering waarom dit as wetenskaplike metode in hierdie studie gebruik is. Daarna word spesifiek aangedui hoe inhoudsanalise in die huidige studie toegepas is.

4.2 INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE

4.2.1 Begripomskrywing

Wanneer definisies van inhoudsanalise (vgl. Budd, *et al.*, 1967:2; Wimmer & Dominick, 1987:166; Krippendorff, 1980:21; Holtsi, 1969:14; Smith, 1988:263; Stempel, 1989:125) bestudeer word, blyk dit dat inhoudsanalise 'n wetenskaplike metode is waardeur kommunikasie boodskappe op 'n objektiewe en sistematiese wyse ontleed en weergegee

word. In terme van die huidige studie, beteken dit dat inhoudsanalise 'n metode is waardeur die mediarealiteit bestudeer kan word.

Dit is egter ook nodig om enkele kwalifikasies tot dié omskrywing toe te voeg. Eerstens moet bepaal word watter *boodskappe* ontleed word. Aan die een kant is daar die outeurs wat meen dat slegs die manifeste of duidelik waarneembare kommunikasie of boodskap ontleed kan word (vgl. Budd *et al.*, 1967:2) en dat dit slegs op kwantitatiewe wyse (vgl. Wimmer & Dominick) ondersoek kan word. Ander outeurs (vgl. Holsti, 1969; Stempel, 1989) meen dat ook manifeste inhoud ontleed kan word en dat inhoudsanalise ook kwalitatief van aard kan wees. Vervolgens word hierdie konsepte bespreek soos dit in hierdie studie gebruik is.

4.2.2 Kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsanalise

Daar is nie algehele eenstemmigheid oor die aard van kwantitatiewe inhoudsanalise nie. Sommige teoretici beperk kwantitatiewe inhoudsanalise tot sy frekwentatiewe voorkoms, terwyl ander dit so breed as die ontleding van enige boodskap stel (Budd *et al.*, 1967:12, Holsti, 1969:5-7). Die belangrikste voordele verbonde aan kwantitatiewe inhoudsanalise is dat daar presies getel kan word hoeveel keer 'n woord, tema, ensovoorts aan die orde gekom het en dat dit statisties verwerk en weergegee kan word (Holsti, 1969:7-8).

Kwalitatiewe inhoudsontleding is 'n sistematiese ontleding van betekenisvolle inhoud van geselekteerde dokumente. Dit gaan eerder om die beskrywing en vergelyking van die boodskap, as die klassifisering daarvan (Finn, 1978:49). Holsti (1969:10-11) meen dat die voordeel van kwalitatiewe inhoudsanalise is dat dit 'n breër basis vir gevolgtrekkings en afleidings bied. Die konteks waarbinne 'n stelling gemaak word, kan belangriker wees, as hoeveel keer die stelling voorgekom het, want die aantal kere dat 'n stelling voorkom, bepaal ook nie noodwendig sy belangrikheid nie.

By die keuse van 'n metode moet in gedagte gehou word, dat albei metodes voordele en nadele het. Holsti (1969:11) en Rosengren (1980:137-140) meen dat die metodes eerder in kombinasie as in opposisie gebruik moet word. Daar is in alle inhoudsanalises kwantitatiewe en kwalitatiewe elemente. Selfs in die mees kwantitatiewe studie vind kwalitatiewe beoordelings plaas, byvoorbeeld by die opstel van die kategorieë. By sogenaamde kwalitatiewe ontledings vind daar weer dikwels kwantifisering van data plaas.

In die huidige studie is ook 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsanalise gevolg. Die data is kwantitatief ingesamel (getel en geklassifiseer), maar die aanbieding en interpretasie van die resultate is meer kwalitatief gedoen. Daar is nie spesifieke hipoteses gestel wat kwantitatief bewys moes word nie, en daar is eerder gepoog om breë tendense te identifiseer en te bespreek.

Die aard van die inhoud van die studiemateriaal het 'n suiwer kwalitatiewe ontleding baie moeilik gemaak. Aangesien die inhoud sterk polities georiënteerd is en maklik subjektief geëvalueer kon word, is daar eerder besluit om 'n meer kwantitatiewe metode met meer rigiede riglyne te volg. Indien dié resultate egter nie binne 'n breër konteks bespreek sou word nie, het dit ook nie buitengewoon veel empiriese waarde nie. Aangesien 'n groot aantal kategorieë gebruik is, was daar in sommige gevalle min inskrywings in 'n bepaalde kategorie wat in 'n suiwer kwantitatiewe studie nie betekenisvol sou wees nie.

4.2.3 Manifeste en latente inhoud

Die onderskeid tussen manifeste en latente inhoud sluit aan by die vraag rondom kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsontleding. Daar is ook aanvanklik gemeen dat slegs manifeste inhoud ontleed kan word en dat die latente inhoud slegs by interpretasie van die resultate ter sprake kom. Later is daar eerder van die standpunt uitgegaan dat hoewel net manifeste inhoud fisies gekodeer kan word, word dit tog binne die konteks van die latente boodskap gedoen. Dié twee kan dus nie heeltemal van mekaar los gemaak word nie, behalwe waar inhoudsanalise tot sy frekwentatiewe formaat beperk word (Holsti, 1969:12-14).

In hierdie studie is slegs die manifeste inhoud gekodeer, hoewel potensiële latente inhoud by die klassifisering, interpretering en bespreking van resultate in ag geneem is.

4.3 VEREISTES VIR INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE

Uit die genoemde definisies het dit geblyk dat inhoudsanalise betroubaar, sistematies en objektief moet wees.

4.3.1 Betroubaarheid

'n Studie is betroubaar wanneer dieselfde resultate behaal word, wanneer die studie op wetenskaplike wyse deur 'n ander navorser herhaal kan word. Sommige teoretici is van mening dat objektiwiteit in die geesteswetenskappe nie haalbaar is nie. Dit is dan ook waar as daar van die standpunt uitgegaan word dat objektiwiteit aan neutraliteit gelyk is (Snyman, 1985:11). Vir die doeleindes van die huidige studie, beteken objektiwiteit nie neutraliteit nie, maar om rekenskap van bepaalde standpunte te gee en om na onpartydigheid en die waarheid te strewe (vgl. Rosengren, 1980:102-103). Daar moet met ander woorde rekenskap van die metode van ondersoek gegee kan word.

Betroubaarheid in kwalitatiewe inhoudsanalise word grootliks bepaal deur die vaardigheid, ervaring en insig van die kodeerders en die duidelikheid van die koderingskriteria en -reëls (vgl. paragraaf 4.6.1 & Bylae A). Om die betroubaarheid van 'n studie te verhoog, beteken dus dat die kodeerders beter opgelei, of dat die kategorieë beter omskryf moet word (Gerber, 1980:47; Rosengren, 1980:46; Holsti, 1969:135).

Tydens die beskrywing van die werkwyse (vgl. paragraaf 4.6) sal daar deurgaans aangetoon word hoe daar probeer is om die studie so betroubaar moontlik te maak.

4.3.2 Sisteemvereiste

Die sisteemvereiste veronderstel dat die navorsing met inagneming van die teorie beplan en dan volgens die voorafbepaalde plan uitgevoer moet word (Budd *et al.*, 1967:14). Met ander woorde, die inligting moet sistematies ingesamel en weergegee word. Die sisteemvereiste bring groter objektiwiteit mee, omdat die navorser verplig word om alle ter saaklike inligting te ondersoek en nie net die inligting wat sy hipotese ondersteun nie. Die insluiting of uitsluiting van inligting/data in 'n bepaalde kategorie word dus streng volgens 'n voorafbepaalde stel reëls gedoen (Gerber, 1980:42; Budd *et al.*, 1967:15; Holsti, 1969:4-5; Berger, 1991:27).

Vergelyk paragrawe 4.6.3.3 & 4.9.1 vir 'n beskrywing van die wyse waarop die koderingskriteria en koderingsreëls vir die huidige studie saamgestel is om die grootste mate van objektiwiteit te verseker. Vergelyk Bylae A vir 'n volledige uiteensetting van die koderingskriteria.

4.3.3 Geldigheid

Hoewel daar 'n nou verband tussen betroubaarheid en geldigheid bestaan, verseker 'n betroubare meetinstrument nie noodwendig geldige resultate nie. Betroubaarheid is nodig vir geldigheid, maar waarborg nie geldigheid nie (Krippendorf, 1980: 129; Gerber, 1980:51).

Die belangrikheid van geldigheid is daarin geleë dat navorsingsresultate korrek moet wees sodat die gevolgtrekkings wat op grond daarvan gemaak word, vir die gemeenskap van nut en waarde kan wees. Om betroubaarheid te bepaal is daar 'n mate van herhaling nodig, maar om geldigheid te toets moet daar bepaal word of die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet. Daar word verskeie soorte geldigheid onderskei waarvan inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid en konkurente geldigheid by inhoudsanalise van belang is (vgl. Holsti, 1969:142-1144; Krippendorf, 1980:155; Wimmer & Dominick, 1987:186-187).

Inhoudsgeldigheid is die mees algemene vorm van geldigheid by inhoudsanalise en kom daarop neer dat bepaal word of die resultate met ander reeds bestaande resultate oor die onderwerp ooreenkom. Geldigheid is uiteraard nie in dieselfde sin by kwalitatiewe studies as by kwantitatiewe studies haalbaar nie. By kwalitatiewe studies word nie hipoteses gestel wat getoets moet word nie, maar gaan dit om die verstaan van 'n navorsingsverskynsel (vgl. De Beer, 1994:81). Wanneer die doel van die inhoudsanalise gewoon beskrywend van aard is, is inhoudsgeldigheid gewoonlik voldoende. Aangesien dié studie dit slegs ten doel het om algemene tendense op kwalitatiewe wyse te beskryf, is daar volstaan met die vereiste van inhoudsgeldigheid.

4.4 VOORDELE EN NADELE VAN INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE

Om die vraag te kan beantwoord waarom daar op inhoudsanalise as wetenskaplike metode besluit is, is dit nodig om eers kortliks te verwys na die voordele en nadele verbonde aan inhoudsanalise as wetenskaplike metode.

4.4.1 Bruikbaarheid van inhoudsanalise

Ondanks leemtes in bogenoemde metode, is dit in sekere gevalle die enigste metode waarop die navorser hom kan beroep.

Wanneer tyd en geld dit nie toelaat om die onderwerp direk te bestudeer nie, is dit nodig om die onderwerp van 'n afstand deur middel van dokumente te bestudeer. In die tweede plek wanneer 'n bepaalde inhoud of boodskap self die onderwerp van studie is. Derdens wanneer die omvang van studiemateriaal van so 'n aard is dat die navorser dit nie alleen kan onderneem nie, byvoorbeeld studies van koerante, films, ensovoorts. Inhoudsanalise bied aan die navorser die geleentheid om 'n steekproef van die data te trek en ander persone kan behulpsaam wees met die kodering van die studiemateriaal. Vierdens is dit, indien die studiemateriaal redelik maklik bekombaar is, 'n relatief goedkoop metode van navorsing (Berger, 1993:92-93; Holsti, 1969:16; Budd *et al.*, 1967:2).

4.4.2 Probleme met inhoudsanalise

Die grootste probleme lê op die gebied van objektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid. As gevolg van persoonlike verskille sal navorsers nie almal inligting op dieselfde wyse kategoriseer nie en kan dit die betroubaarheid van die studie beïnvloed. By 'n kwalitatiewe ontleding word dit nog moeiliker om die studie betroubaar te hou (Budd *et al.*, 1967:66; Snyman, 1985:11; Gerber, 1980:45-46).

Wimmer en Dominick (1987:170) noem dat daar ook ander beperkinge is - inhoudsanalise kan nie as enigste metode in effekstudies gebruik word nie en dit kan net gebruik word vir temas wat baie blootstelling in die media gehad het. Die navorsing kan ook deur die koderingsstelsel beperk word en dit is 'n baie tydrowende navorsingsmetode.

4.5 DIE RASIONAAL VIR DIE GEBRUIK VAN INHOUDSANALISE AS WETENSKAPLIKE METODE

By die keuse van 'n wetenskaplike metode, moet die navorser hom laat lei deur die doel van die studie, asook die uitvoerbaarheid van die metode. Die metode moet met ander woorde beantwoord aan die doel van die studie, maar dit moet ook prakties uitvoerbaar wees - veral in terme van tyd en finansiële beperkinge.

Die doel van dié studie was om die beeld van die ANC soos dit in *Beeld* en *The Star* aangebied is, te bestudeer. Daar is spesifiek op die verandering van die beeld van die ANC vanaf 1989 tot 1993 gefokus. In dié verband stel Berger (1993:94) dit spesifiek dat inhoudsanalise baie geskik is om data te bestudeer, wat histories van aard of wat vergelyk moet word.

Dit het verder in die studie primêr om die bestudering van die boodskap (mediarealiteit) gegaan, wat inhoudsanalise 'n logiese keuse gemaak het. Die doel was dus nie om vas te stel watter faktore die koerante se keuse van die boodskap bepaal het nie, maar om bloot die gegewe boodskap te bestudeer. Daar is ook geen poging aangewend om die effek van die boodskap op die leser deur middel van 'n opname-ondersoek te bepaal nie.

Die studiemateriaal was geredelik op mikrofilm beskikbaar en dit was relatief goedkoop in vergelyking met byvoorbeeld 'n opname-ondersoek.

4.6 WERKWYSE

Hieronder volg nou 'n kort beskrywing van die metode soos wat dit in hierdie studie gebruik is om die data in te samel en te verwerk, asook die probleme wat met die studie ondervind is.

4.6.1 Steekproef

Steekproeftrekking by inhoudsanalise is 'n meerfasige proses (Wimmer & Dominick, 1987:172-173). In die eerste instansie moet bepaal word watter media (publikasies of programme) deel van die steekproef gaan vorm, en in die tweede plek moet die ondersoektydperk vasgestel word. In die huidige studie is die steekproef nie op ewekansige wyse bepaal nie, maar deur 'n metode wat as *doelwitsteekproeftrekking* bekend staan (vgl. Budd *et al.*, 1967:24-26; Stempel, 1989:130; Smith, 1988:265). Hiervolgens bepaal die doel van die studie en die navorser se vooraf kennis van die media, watter media en watter tydperke in die steekproef ingesluit gaan word.

Beeld en *The Star* is as ondersoekkoerante geneem. Daar is op genoemde koerante besluit omdat hulle tydens die ondersoektydperke onderskeidelik die Afrikaanstalige en Engelstalige dagblaaie met die grootste oplae was. *Beeld* het vir sy weekdaguittgawes die volgende sirkulasiesyfers gehad, in 1989: 205 220, in 1990: 112 920, in 1991: 198 975, 1992: 201 758 en in 1993: 226 193. *The Star* se sirkulasiesyfers vir sy weekdaguittgawes was soos volg: in 1989: 241 764, in 1990: 244 384, in 1991: 422 197, in 1992: 415 570 en in 1993: 410 866. Sedert 1993 het *Sowetan* wel die grootste sirkulasiesyfer gehad, maar *Sowetan* het 'n andersoortige leserskorps wat vergelyking met *Beeld* moeilik sou maak. *Beeld* en *The Star* rig hulle wel nie op dieselfde lesersmark nie, maar het 'n meer vergelykbare lesersmark. *Beeld* het hoofsaaklik 'n blanke Afrikaanse teikenmark, terwyl *The Star* 'n breër leserspubliek het, wat Engelssprekende blanke en swart lesers ingesluit het. Albei koerante het 'n breëbladformaat

wat vergelyking tussen die twee koerante vergemaklik het. Hoewel bogenoemde twee koerante albei voorbeelde van die sogenaamde hoofstroompers was, het hulle tog ideologies verskillende standpunte gehad (vgl. paragraaf 2.5.21). *Beeld* as koerant van Nasionale Pers het tradisioneel die NP ondersteun, terwyl *The Star* van die Argus groep 'n meer liberale standpunt gehuldig het en meer krities teenoor die regering gestaan het.

Die keuse van die tydperk van ondersoek is ook bepaal deur die historiese belangrikheid daarvan. In die eerste plek is 1989 ingesluit omdat daar toe nog 'n noodtoestand en beperkings op die media was en die ANC 'n verbanne organisasie was. Tweedens is die tydperk vanaf die ANC se ontbanning tot voor die eerste demokratiese verkiesing (1990-1993) in Suid-Afrika en bewindsoorname van die ANC in 1994 geneem. Dit kon in 'n groot mate gesien word as die kerntydperk van politieke hervorming. Die tydperk van studie handel dus hoofsaaklik oor die tydperk vandat die ANC ontban is tot voor hy deel van die regering van nasionale eenheid geword het.

Daar is besluit om die Februarimaand-uitgawes van *Beeld* en *The Star* vanaf 1989 tot 1993 te ondersoek, as gevolg van die historiese belangrikheid van die tydperk. In Februarie 1990 is die ANC na dertig jaar ontban en Nelson Mandela vrygelaat. Daarby is Februarimaand tradisioneel 'n politieke-aktiewe maand omdat dit gewoonlik met die opening van die Parlement gepaard gaan.

Berger (1991:29-30) toon aan dat een van die probleme verbonde aan inhoudsanalise die vraag is na watter mate die steekproef verteenwoordigend is. Die feit dat die steekproef nie op ewekansige wyse bepaal is nie, kan bevraagteken word. In die lig hiervan maak die studie geensins daarop aanspraak dat die afleidings wat gemaak word universeel van toepassing is nie, maar slegs op die Februarimaande van die ondersoektydperke.

4.6.2 Steekproefeenheid

Die steekproefeenhede vorm deel van die groter steekproef, maar is onafhanklik van mekaar, en elke eenheid dra 'n eie volwaardige boodskap oor. Die steekproefeenheid vorm die basis op grond waarvan die ontledingsinhoud geselekteer word en gaan ook in 'n groot mate bepaal in watter mate die resultate van die studie veralgemeen kan word (Krippendorff, 1980: 57-58; Hofstetter, 1982:530-531; Smith, 1988:266; Berger, 1991:25-26).

In dié studie was die koerantmateriaal slegs op mikrofilm beskikbaar wat sekere beperkende implikasies gehad het. Koerantbladsye was nie volledig beskikbaar nie en die berigte/artikels ook nie in hul werklike grootte nie en dus kon *spasie* nie effektief gemeet word nie. Dit het beteken dat voorbladberigte en hoofartikels as steekprofeenhede geïdentifiseer is.

Slegs berigte wat op die voorblad (met hul oorloop) verskyn het, is bestudeer. Die studie is tot voorbladberigte beperk om te voorkom dat die studie te omvangryk word. Daar is van die standpunt uitgegaan dat hierdie berigte tot 'n groot hoogte die media-agenda bepaal (vgl. hoofstuk 2). Die voorblad word dikwels met die hooftrekke van TV-nuus vergelyk, want slegs die belangrikste aspekte word weergegee. Die hoofartikel is ook by die studie ingesluit, omdat dit die standpunt van die betrokke koerant weerspieël het.

Alle berigte op die voorblad en hoofartikels wat oor die ANC gehandel het, is as steekprofeenhede ingesluit. Die woorde ANC/Nelson Mandela/Winnie Mandela hoef nie noodwendig in die kop van die berig/artikel voor te gekom het nie, maar moes wel in die berig/artikel voorgekom het. Berigte wat na algemene politieke gebeure verwys het, is nie in die studie opgeneem nie. Hier word verwys na berigte/artikels wat byvoorbeeld oor politieke hervorming, politieke geweldpleging, ensovoorts gehandel het, maar waarin daar nie direkte verwysings na die ANC was nie. Wanneer daar egter verwysings na die ANC/Nelson Mandela/Winnie Mandela was, of uitsprake deur die ANC in die berigte/artikels voorgekom het, is die berig/artikel wel in die studie opgeneem. In totaal is 167 berigte en 152 hoofartikels by die studie betrek. Daar het omtrent ewe veel berigte in *Beeld* (83) en *The Star* (84) verskyn. Daar het egter heelwat meer hoofartikels in *The Star* (90) as in *Beeld* (62) voorgekom.

4.6.3 Ontwikkeling van kategorieë

Die eerste vraag wat beantwoord moes word, voordat kriteria vir die kategorieë opgestel kon word, was om die ontledingseenheid te bepaal.

4.6.3.1 Ontledingseenheid

Die ontledingseenheid is die simbool van die boodskap wat tydens die koderingsproses getel of geëvalueer word. Die doel van die studie en die aard van die ontledingsmateriaal, bepaal in 'n groot mate die ontledingseenheid (vgl. Hofstetter, 1982:531; Krippendorff, 1980:58-59; Holsti, 1969:116-117; Wimmer & Dominick, 1987:174-175; Stempel, 1989:127).

Die doel van die studie was nie om die hoeveelheid dekking oor die ANC in terme van kolom/cm in *Beeld* en *The Star* vas te stel nie. Dit was om te bepaal watter beeld van die ANC deur *Beeld* en *The Star* ten opsigte van sy politieke strategie weerspieël is. Aangesien *beeld* 'n baie wye konsep is, is daar na spesifieke aspekte van die ANC se beeld ondersoek gedoen. Daar is spesifiek verwys na die ANC se beeld met betrekking tot geweld as politieke strategie, onderhandeling as politieke strategie, die ANC se beleidsuitsprake en die beeld van onderskeidelik Winnie Mandela en Nelson Mandela (vgl. spesifieke doelstellings 1.2.2b - 1.2.2e). Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n hele berig nie as ontledingseenheid geneem kon word nie. Daar kon meer as een tema in dieselfde berig aan die orde gekom het en daar kon goedkeurende en afkeurende stellings ten opsigte van dieselfde tema in dieselfde berig voorgekom het. Indien die berig as ontledingseenheid geneem is, sou dit die studie aansienlik beperk het aangesien dit die implikasie het dat slegs een tema per berig/artikel aan die orde sou kon kom.

Om die probleem te oorkom, is daar in die studie van temas (vgl. Weber, 1990:22) as ontledingseenheid gebruik gemaak. Hoewel die gebruik van temas as ontledingseenheid betroubaarheid kan bemoeilik, omdat dit nie altyd 'n duidelik afgebakende eenheid is nie, word die gebruik daarvan geregtig omdat dit baie gedetailleerde en volledige data genereer (Weber, 1990:2; Berger, 1991:27-28).

In die huidige ondersoek was dit, as gevolg van die komplekse aard van 'n ondersoek na die *beeld* van 'n politieke groep, noodsaaklik om die mees volledig moontlike ontleding te doen. Ten einde aan die verskillende doelstellings te voldoen, is daar vyf hoof kategorieë van temas geïdentifiseer naamlik, geweld as politieke strategie (vgl. doelstelling 1.2.2b), struikelblokke in politieke verandering (vgl. doelstelling 1.2.2c), politieke deelname (vgl. doelstelling 1.2.2c), beleidformulering van die ANC (vgl. doelstelling 1.2.2d) en die beeld van die ANC, Winnie Mandela en Nelson Mandela (doelstelling 1.2.2e). Binne elkeen van hierdie breë kategorieë is meer spesifieke temas geïdentifiseer: temas 1-9, verwys na geweld; temas 10-13 na die aanvaarding van die nuwe Suid-Afrika; temas 14-20 na politieke deelname en onderhandeling; temas 21-32 na beleidsuitsprake en temas 33-35 na Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC (vgl. Bylae A vir 'n volledige omskrywing van die kategorieë).

4.6.3.2 Kontekseenheid

Die kontekseenheid is die deel van die studiemateriaal wat bestudeer word om die ontledingseenheid op te spoor (vgl. Budd *et al.*, 1967:36; Hoffstetter, 1982:533; Holsti, 1969:117-119).

In hierdie studie is die paragraaf as kontekseenheid geneem. Die steekproefeenheid (berig/artikel) is paragraaf vir paragraaf deurgewerk en elke keer wat 'n ontledingseenheid (tema) voorgekom het, gekodeer. Dieselfde tema is nie meer as een keer binne 'n bepaalde paragraaf gekodeer nie, maar meer as een tema binne 'n bepaalde paragraaf is wel gekodeer.

4.6.3.3 Ontwikkeling van koderingskriteria

Die koderingskriteria is die reëls wat bepaal in watter kategorieë die inhoud gekodeer gaan word en bepaal tot 'n groot mate die geslaagdheid van die studie. Hoe meer effektief die koderingskriteria is, hoe meer betroubaar sal die studie wees (Holsti, 1969:136; Krippendorf, 1980:130-131; Wimmer & Domnick, 1987:177).

Wanneer koderingskriteria opgestel word, moet 'n paar aspekte in gedagte gehou word. Die kategorieë moet noodsaaklik wees om die doelstellings van die studie aan te spreek. Met ander woorde die data wat gegenereer word, moet die navorsingsvraag kan beantwoord (vgl. paragraaf 4.6.3.1). Tweedens moet die kategorieë funksioneel wees. Dit hang saam met die vraagstuk rondom geldigheid, naamlik dat die kategorieë inligting genereer wat vir die studie relevant is. Die kategorieë moet wedersyds uitsluitend wees, met ander woorde, elke tema moet net in een kategorie pas, maar daar moet ook 'n kategorie vir elke tema wees. Derdens moet die koderingsstelsel hanteerbaar wees. Te veel kategorieë sal die betroubaarheid van die studie beïnvloed omdat dit vir die kodeerders verwarrend kan wees (Wimmer & Dominick, 1987:177; Stempel, 1989:128-129).

Kategorieë kan op induktiewe en deduktiewe wyse opgestel word (vgl. Huishamen, 1993:10-17). Smith (1988:267) meen in dié verband dat daar twee wyses is waarop kategorieë opgestel kan word, naamlik die data-tot-teorie-benadering en die teorie-tot-data-benadering. In die eerste geval stel die navorser vooraf die kriteria op, waarskynlik op grond van kontekstuele inligting oor die onderwerp. In die tweede geval is daar geen vooraf opgestelde kategorieë nie en word die kategorieë ontwikkel soos die data ontleed word. Die keuse word beïnvloed deur die doel van die studie - of die navorser bestaande kategorieë wil toets en of die navorser kategorieë wil ontwikkel.

Ten einde aan die eerste drie empiriese doelstellings (vgl. doelstellings 1.2.2b, 1.2.2c & 1.2.2d) van die studie te beantwoord, is daar vier hoof kategorieë opgestel (vgl. paragraaf 4.6.3.1).

In die huidige studie is 'n voorlopige kodelys opgestel, nadat 'n steekproef van berigte uit elke tydperk deurgewerk en die belangrikste temas in hierdie tydperke geïdentifiseer is. In die eerste instansie is daar dus kategorieë opgestel soos wat die data ontleed is.

Met behulp van universiteitspersoneel is voortoetsing van dié koderingskriteria gedoen. Elkeen van die kodeerders het 'n bepaalde steekproefeenheid (berig), volgens die kodelys gekodeer, en dit is dan daarna bespreek. Op dié wyse is kategorieë geïdentifiseer wat nie duidelik omskryf was nie of wat oorvleuel het. Uit die oefening het dit geblyk dat sommige van die kategorieë oorbodig was, terwyl daar weer, wat ander temas betref, leemtes bestaan het.

Van die belangrikste aanpassings wat gemaak is, was ten opsigte van die tema oor politieke verandering (vgl. Bylae A). Aanvanklik is sub-kategorieë onder die tema onderhandeling (byvoorbeeld, Kodesa, Veelparty-kongres, koalisies, ensovoorts.) ingesluit. Dit het egter geblyk om verwarrend vir die kodeerders te wees, aangesien die kategorieë nie wedersyds uitsluitend was nie. Dieselfde probleem is ten opsigte van verwysings na 'n nuwe grondwet en sub-kategorieë ervaar. Op grond hiervan is besluit om net een kategorie wat onderhandeling aanspreek en een kategorie wat na 'n nuwe grondwet verwys in te sluit. 'n Verdere probleem wat geïdentifiseer is, was dat die onderskeid tussen verwysings na onderhandeling en politieke hervorming nie duidelik was nie. Daar is toe 'n verfyning by die omskrywing van die kategorieë aangebring wat dit duidelik stel dat by eersgenoemde daar spesifiek na onderhandeling verwys moet word en dat dit by die tweede gaan om die noodsaaklikheid van politieke verandering.

By die kategorie oor geweld, is gevind dat die wyse van evaluering soms verwarrend was. Daar was 'n neiging om 'n verwysing na die ANC en geweld as positief te kodeer, omdat daar 'n definitiewe verband tussen die ANC en geweld geïdentifiseer is. In terme van die definisie, moes dit egter 'n neutrale kodering wees, omdat daar nie 'n oordeel gevel word of die ANC die geweld goedkeur of afkeur nie. Dié regstelling is in die definisie gedoen. Verder is bevind dat die kategorieë by die bronne te beperkend was, en is 'n kategorie *ander groepe* bygevoeg.

Nadat die koderingskriteria gestandardiseer is, is dit konsekwent in die studie toegepas. Vergelyk Bylae A vir 'n volledige uiteensetting van die koderingskriteria soos dit in die huidige studie gebruik is.

4.7 OPLEIDING VAN KODEERDERS

Individuele geldigheid of reproduseerbaarheid verwys na die mate wat die kodeerders saamstem oor die wyse wat inligting gekategoriseer word (Holsti, 1969:135-136; Krippendorff, 1980:131; Smith, 1988:267; Wimmer & Dominick, 1987:179; 182). Ten einde die betroubaarheid van die studie te verseker moes die kodeerder 'n deeglike kennis van die koderingskriteria gehad het.

Die navorser het self al die kodering gedoen. Die voordeel hieraan verbonde was dat dit nie nodig was om addisionele kodeerders op te lei nie en dat dit subjektiewe beoordeling tussen verskillende kodeerders uitgeskakel het. Dit was dus nie nodig om interkodeerder betroubaarheid te bepaal nie en individuele geldigheid was nie ter sprake nie. Dit waarborg egter nog nie betroubaarheid nie (vgl. Stempel, 1989:133). Dit is daarom wenslik om aanvanklik 'n tweede persoon te gebruik om die kodering te kontroleer. Om die probleem te oorbrug, is daar in die voorafstudie en die ontwikkeling van kategorieë van universiteitspersoneel gebruik gemaak om die betroubaarheid te toets. Dit is op informele wyse gedoen. Die kategorieë waarvoor daar nie eenstemmigheid was nie, is deur die navorsers bespreek. Daarna is waar nodig aanpassings gedoen. Na afloop van die studie is 'n intrakodeerder betroubaarheidstoets gedoen om die konsekwentheid van die kodeerder te bepaal (vgl. Wimmer & Dominick, 1987:182-186).

4.8 BETROUBAARHEIDSTOETS

Daar is 15 steekprofeenhede op ewekansige wyse geselekteer, dit het beteken dat 264 ontledingseenhede betrek is. Om die steekproef te bepaal is elke twintigste steekprofeenheid geneem.

'n Formule wat algemeen gebruik word om die koëffisiënt van betroubaarheid te bepaal is (vgl. Wimmer & Dominick, 1983:183; Krippendorff, 1980:134; Holsti, 1967:140):

$$CR = \frac{N1+N2}{2M}$$

Waar M die aantal koderings is, waaroor daar eenstemmigheid is, en N die aantal koderings is, wat deur elke kodeerder gemaak is.

$$CR = \frac{2(219)}{219 + 261} = \frac{438}{480} = 0.91$$

Dit word deur Budd (1967:68) en Wimmer & Domnick (1987:185-186) as 'n hoë betroubaarheidsyfer beskryf. Daar kan dus aanvaar word dat die studie in terme van die kodering, betroubaar was.

4.9 KODERING

Die koderingsprosedure self het soos volg verloop. Die steekprofeenheid (berig) is in die eerste plek genommer, waarna daar telkens aan die kontekseenheid (paragraaf) 'n nommer toegeken is. Dit was bloot vir kontrole doeleindes gedoen om byvoorbeeld 'n uitspraak wat strydig met die algemene tendens was, te kon naspur en om 'n betroubaarheidstoets te kon doen.

Vervolgens moes die kodeerder die ontledingseenheid (tema) identifiseer en die bepaalde kode volgens die kodelys daaraan toeken (vgl. Bylae B vir die volledige kodelys). Wanneer sinne of paragrawe gebruik word, is dit 'n eenvoudige proses omdat dit duidelik afgebakende eenhede is. Wanneer temas, soos in die geval van hierdie studie, gebruik word, is dit 'n komplekser proses want meer as een tema kan byvoorbeeld in 'n sin of paragraaf voorkom. Om die probleem te oorbrug, is daar van die standpunt uitgegaan dat indien meer as een tema binne 'n sin voorkom, word die tema elke keer gekodeer (vgl. paragraaf 4.9.1).

Daarna is van die kodeerder verwag om die stelling te evalueer. By die evaluering van die stelling moes die kodeerder besluit of dit neutraal, goedkeurend of afkeurend was. Die evaluering van die stellings is in terme van die betrokke definisie van die tema gedoen. Wanneer die stelling volgens die definisie nie goedkeurend of afkeurend was nie, is dit as

neutraal gekodeer. Deur bogenoemde stelsel te volg, is die probleem van subjektiewe beoordelings oorkom. 'n Goedkeurende stelling is dus nie noodwendig positief, in terme van algemeen goedkeurende norme nie, maar wel in terme van die betrokke definisie. By die evaluering is daar 'n onderskeid tussen die temas (1-32) getref, wat betrekking op doelwitte 1.2.2b, 1.2.2c & 1.2.2d gehad het en die temas (33-35) wat betrekking op doelwit 1.2.2e gehad het. Eersgenoemde is onder *evaluering 1* gekodeer terwyl laasgenoemde by *evaluring 2* aan die orde gekom het (vgl. Bylae C). Verder moes die kodeerder ook bepaal wie die stelling gemaak het en dienoreenkomstig 'n kode toegeken het. In die verband moet daarop gelet word dat daar 'n onderskeid getref is tussen wanneer die koerant 'n bepaalde standpunt huldig of bloot die standpunte van ander partye weergegee het. Vergelyk Bylae A vir 'n omskrywing van die spesifieke bronne wat aan die orde gekom het. Verdere inligting wat op die datavel aangebring moes word, was die koerant waarin die stelling verskyn het, die jaartal en of dit in 'n berig of 'n hoofartikel verskyn het.

Ten einde die hoogste mate van objektiwiteit en betroubaarheid te handhaaf is 'n streng stel koderingsreëls opgestel.

4.9.1 Koderingsreëls

- Ontledings is paragraaf vir paragraaf gedoen, maar waar meer as een tema per paragraaf voorgekom het, is meer as een inskrywing gedoen.
- Die kop is as deel van die berig/artikel gekodeer, maar elke sin is as 'n aparte paragraaf hanteer.
- Wanneer dieselfde tema deur dieselfde bron in dieselfde paragraaf aangespreek is, was dit net een keer gekodeer. Twee identiese inskrywings is dus nie in dieselfde paragraaf gedoen nie. Wanneer dieselfde inskrywing in 'n volgende paragraaf voorgekom het, is dit weer aangeteken.
- Wanneer een bron gesê het dat 'n ander bron iets gesê het, is 'n inskrywing vir elke bron gedoen. Wanneer die koerant egter die eerste bron was, is dié reël nie toegepas nie.
- Wanneer twee bronne uitsprake oor dieselfde tema in dieselfde paragraaf gemaak het, is twee inskrywings gedoen.

- Waar die UDF/MDM namens die ANC stellings of uitsprake gemaak het, is dit geïgnoreer. Dit is gedoen omdat hierdie organisasies as fronte vir die ANC tydens ballingskap opgetree het, maar daar is aanvaar dat die ANC na ontbanning sy eie uitsprake sou kon maak.
- Waar daar verwysings na Nelson Mandela of Winnie Mandela is, maar daar ook na 'n ander tema byvoorbeeld geweld verwys is, is daar twee aparte inskrywings gedoen - een by *evaluering 1* en een by *evaluering 2*.

4.10 VERWERKING VAN DATA

Die data is met behulp van die rekenaarpakket *Statistica* verwerk. Om die datastel meer hanteerbaar en die persentasies meer beduidend te maak, is die verwerkings van elke sub-kategorie afsonderlik gedoen. In totaal is daar 4 360 stellings gekodeer. Omdat daar redelik baie kategorieë was, was daar soms min inskrywings in 'n kategorie wat beteken het dat die persentasies nie altyd statisties beduidend was nie. Om die probleem te oorkom, is die oorspronklike datastel in 6 sub-datastelle verdeel en het temas 1-19, temas 10-13, temas 14-20, temas 21-32 en temas 33-35 elkeen 'n sub-datastel gevorm (vgl. Bylae B). Temas 10-13 en temas 14-20 word in een hoofstuk bespreek, terwyl elkeen van die ander datastelle in afsonderlike hoofstukke aan die orde kom. Dié verdeling is na aanleiding van die verskillende doelstellings van die studie gedoen (vgl. paragraaf 4.8).

Aangesien die doelstellings van die studie kwalitatief van aard was en die doel slegs was om breë tendense te beskryf, is daar nie van gevorderde statistiese verwerkings gebruik gemaak nie. Daar is hoofsaaklik van kruistabulasies gebruik gemaak, wat dit moontlik maak om 'n verband tussen verskillende veranderlikes aan te toon. Dieselfde verwerkings is telkens op elke sub-datastel (temas 1-32) gedoen. Temas 33-34 is effens anders hanteer.

Voorts volg 'n kort beskrywing van die verwerkings wat op temas 1-32 gedoen is. In die eerste plek is die veranderlikes: *datum*, *tema* en *eval1* (vgl. Bylae C) gekruistabuleer om te bepaal watter temas die prominentste dekking in 'n spesifieke tydperk gehad het. Tweedens is ondersoek gedoen na watter temas *Beeld* en *The Star* afsonderlik as die belangrikste temas beskou het en is die veranderlikes *datum*, *tema*, *eval1* & *koerant* met mekaar gekruistabuleer. In die derde plek is onderskei tussen stellings wat in berigte en in artikels voorgekom het. Die veranderlikes *datum*, *tema*, *eval1*, *koerant* en *berig/artikels* is met mekaar gekruistabuleer. In

die vierde plek is ondersoek gedoen na wie die bron van die stellings was en is die veranderlikes *datum*, *tema*, *eval1*, *koerant*, en *bron* met mekaar gekruistabuleer.

In die geval van temas 33-35 is die veranderlikes *datum*, *tema* en *eval2* met mekaar gekruistabuleer om te bepaal watter tema in watter tydperk die meeste mediadekking gehad het. In die tweede plek is bepaal hoe belangrik *Beeld* en *The Star* die temas in die verskillende tydperke beskou het en is die veranderlikes *datum*, *tema*, *eval2* en *koerant* met mekaar gekruistabuleer. Voorts is 'n onderskeid tussen stellings wat in hoofartikels en berigte verskyn het getref en is veranderlikes *datum*, *tema*, *eval2*, *koerant* en *berig/artikels* met mekaar gekruistabuleer. In die vierde plek is bepaal wie die stellings gemaak het en is die veranderlikes *datum*, *tema*, *eval2*, *koerant* en *bron* met mekaar gekruistabuleer. Bogenoemde verwerkings het basies met die verwerkings op temas 1-32 ooreengekom. Op temas 33-35 is daar egter ook 'n vyfde verwerking gedoen en is daar ondersoek gedoen na die voorkoms en aard van die stellings wat deur Nelson Mandela en die ANC oor geweld en politieke verandering gemaak is. Die veranderlikes *bron* (1-2), *tema* (1-10 & 14-20), *koerant*, *datum* en *eval1* is gekruistabuleer.

4.11

BESPREKING EN AANBIEDING VAN DIE RESULTATE

Die doel in hierdie ondersoek was nie primêr om *Beeld* en *The Star* se beriggewing met mekaar te vergelyk nie, maar om aan te toon in watter mate die beriggewing oor die ANC in die verskillende tydperke verander of konstant gebly het. Daar word wel ook afsonderlik beskryf hoe *Beeld* en *The Star* onderskeidelik die genoemde temas hanteer het. Elkeen van die empiriese doelstellings kom in 'n aparte hoofstuk aan die orde. Doelstelling 1.2.2b word in hoofstuk 5, doelstelling 1.2.2c word in hoofstuk 6, doelstelling 1.2.2d word in hoofstuk 7 en doelstelling 1.2.2e in hoofstuk 9 aangespreek.

Daar word telkens eers 'n uiteensetting gegee van watter temas binne die bepaalde kategorie die belangrikste aspekte op die nuusagenda was. Daardeur word gepoog om vas te stel hoe die media-agenda, ten opsigte van die ANC, in die onderskeie tydperke daaruit gesien het. Dié ontleding word telkens ten opsigte van *Beeld* en *The Star* eerstens gesamentlik en dan ook afsonderlik gedoen. Tweedens word dan meer spesifiek na die houdings wat teenoor die tema uitgespreek word ondersoek gedoen - met ander woorde of daar 'n goedkeurende, afkeurende of neutrale evaluering, in terme van die betrokke definisie, van die tema was. Voorts word dan bepaal wie die stellings gemaak het en of die uitsprake in die berigte of redaksionele

kommentaar voorgekom het. Bogenoemde ontleding word telkens ten opsigte van *Beeld* en *The Star* gedoen.

In bogenoemde bespreking het die vraag na die relatiewe belangrikheid van die tema ten opsigte van ander temas in dieselfde kategorie aan die orde gekom, maar dit het nog nie die vraag beantwoord of daar 'n verandering in die aanbieding van 'n bepaalde tema in die ondersoektydperke was nie. Om dié rede is spesifieke temas bestudeer om vas te stel in watter tydperk die meeste stellings oor die tema verskyn het en in watter mate die goedkeurende, afkeurende of neutrale stellings in die verskillende ondersoektydperke gewissel het.

Om die bespreking van die resultate te vergemaklik, word enkele begrippe wat deurgaans in die bespreking voorkom verduidelik.

- **Tema**
Verwys na die verskillende kategorieë op die kodelys (vgl. Bylae B).
- **Kategorie**
Verwys na 'n groep temas wat 'n bepaalde aspek (byvoorbeeld geweld, onderhandeling, ens.) aanspreek.
- **Stellings/verwysings**
Verwys na elke keer wat 'n tema in 'n paragraaf voorgekom en gekodeer is. Met ander woorde dit verwys na elke inskrywing wat gemaak is.
- **Bron**
Verwys na die persoon of instansie wat die stelling gemaak het (vgl. Bylae A).

4.12 SAMEVATTING

Daar is dus besluit om, ten spyte van die gebreke van inhoudsanalise, dit as wetenskaplike metode in die studie te gebruik. Die besluit word daarop gegrond dat inhoudsanalise voldoen aan die eise en behoeftes van die huidige studie. Die doel van die studie was om te bepaal watter beeld van die ANC deur *Beeld* en *The Star* aan hul onderskeie lesers voorgehou is. Dit gaan met ander woorde in die studie primêr oor die bestudering van 'n bepaalde mediarealiteit wat impliseer dat die boodskap bestudeer word. In die daaropvolgende hoofstukke sal die resultate wat deur middel van die ontleding ontgin is, bespreek word.

Hoofstuk 5

Bespreking van resultate: Die ANC se beeld ten opsigte van geweld as politieke strategie

5.1 INLEIDING

Die ondersoek na die beeld van die ANC as politieke organisasie, wat geweld as politieke strategie voorstaan, is teen die agtergrond gedoen dat die ANC vir meer as dertig jaar 'n erkende bevrydingsbeweging was. As sodanig, het die ANC van geweld as politieke strategie gebruik gemaak. Die ANC het hom by die Morogoro-kongres in 1969 tot die gebruik van geweld as politieke strategie verbind. Aanvanklik is teikens hoofsaaklik vir simboliese waarde aangeval, maar sedert die Kabwe-kongres in 1985 is ook begin om sogenaamde sagte teikens aan te val. Die konsep van die *people's war* is later uitgebrei om massa-opstande te kan insluit en die ontwrigting van swart woonbuurte het deel van die ANC se rewolusionêre strategie geword (vgl. paragraaf 3.3.4.3 & 3.3.4.4). Die media het hierin ook 'n belangrike rol gespeel en was die ANC dikwels van die media afhanklik vir publisiteit, ten einde dié beleid te laat slaag (vgl. paragraaf 2.6).

Die ontbanning van die ANC in 1990, het druk op die ANC geplaas om van die gewapende stryd as politieke strategie af te sien, maar die ANC is ook voor die uitdaging geplaas om nog steeds sy meer tradisionele rewolusionêre ondersteuner te behou. Die ANC het hom wel tot 'n onderhandelde politieke skikking verbind en by die *Pretoria Minuut* ooreengekom om die gewapende stryd op te skort, maar was nie bereid om MK te ontbind nie (vgl. paragraaf 3.4.2). Daarby het die ANC na ontbanning nog steeds van alternatiewe kommunikasie of *struggle communication* gebruik gemaak (vgl. paragraaf 2.4) om protes uit te druk. Reeds in die jare vyftig en later in ballingskap, deur middel van frontorganisasies, het die ANC van massa-optrede byvoorbeeld stakings en boikotte as politieke drukmeganisme gebruik gemaak. Massa-aksie sou, na die ontbanning van die ANC, 'n toenemend belangriker politieke strategie geword het. Ook hierin het media-publisiteit nog steeds 'n belangrike rol gespeel.

Tot en met sy ontbanning in 1990 kon die ANC 'n taamlike sterk saak uitmaak om die gebruik van geweld as politieke strategie te regverdig. Na die ontbanning van die organisasie, is die ANC met die probleem gekonfronteer dat hy as wettige politieke organisasie aan die Suid-Afrikaanse politieke proses kon deelneem en waarskynlik die toekomstige regerende party sou

word. Dit het 'n ernstige vraagteken oor die gebruik van geweld as deel van die politieke strategie geplaas. Volgens Brosius & Kepplinger (1992) (vgl. paragraaf 2.7.1) kan die media bepaalde probleemoplossende style aan 'n politieke groep of leier toeskryf. Daardeur kan die media ook 'n bepaalde beeld van die politieke groep skep. Die onderliggende aspek wat dus in hierdie afdeling aandag moet geniet is die mate wat *Beeld* en *The Star*, die ANC as politieke groep wat geweld as politieke strategie gebruik, geskets het. Dit is teen dié agtergrond wat ondersoek gedoen word na die beeld van die ANC ten opsigte van geweld.

Ten einde die vraag te kan beantwoord, is agt temas wat met geweld verband hou ondersoek naamlik, bomontploffings, massa-oproer, geweld in *townships*, massa-aksie, die gewapende stryd, die ANC se verbintenis met die SAKP, optrede van die veiligheidsmagte, aanvalle op busse en treine en algemene geweld. (Kyk Bylae A vir 'n volledige beskrywing van elke tema.)

Die meeste van bogenoemde temas het duidelik met die ANC se beleid ten opsigte van geweld (vgl. hoofstuk 3) verband gehou. Miskien kan die insluiting van die temas oor, massa-aksie, die ANC-SAKP-alliansie en die optrede van die veiligheidsmagte in hierdie kategorie bevraagteken word. Die optrede van die veiligheidsmagte is ingesluit omdat hulle optrede dikwels 'n reaksie was op en in interaksie met geweldpleging waarby die ANC betrokke of na bewering betrokke was en omdat die ANC dikwels die optrede van die veiligheidsmagte as rede vir veral geweldpleging in die *townships* aangevoer het (vgl. paragraaf 3.4.2.1).

Die tema oor die SAKP is teen die agtergrond van die *totale aanslag* ingesluit. Die aanname hier is dat daar 'n persepsie bestaan het dat die SAKP die bestaande orde omver wou werp en dat die ANC een van sy instrumente was (vgl. paragraaf 3.2.2). Massa-aksie is ingesluit omdat dit ook gesien word as 'n metode om protes aan te teken, hoewel dit dikwels vreedsaam verloop kan dit tog aanleiding tot geweld gee (vgl. paragraaf 3.4.3).

Voorts volg 'n verdere ontleding van bogenoemde temas in elkeen van die ondersoektydperke. Daar sal onder andere aandag gegee word aan die prominensie van die tema, wie die stelling gemaak het en watter persepsie van die betrokke tema geskep is.


5.2 ALGEMENE TENDENSE TEN OPSIGTE VAN DIE BEELD VAN DIE ANC MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN GEWELD AS POLITIEKE STRATEGIE

Die meeste stellings oor geweld het in 1990 (39,4%) en 1993 (23,4% N=1046) voorgekom (kyk figuur 5.1). Dit blyk dus dat geweld 'n belangrike plek op die nuusagenda ingeneem het, net na die ontbaning van die ANC in 1990 en weer in 1993 toe 'n onderhandelde skikking na 'n

noodwendigheid begin lyk het. Daar kan aanvaar word dat daar in albei gevalle hernieude druk op die ANC was om van die gewapende stryd as politieke strategie afstand te doen.

Figuur 5.1

Persentasie uiteensetting van temas oor geweld in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=1046)



Oor die algemeen het *Beeld* (50,2% N=1046) en *The Star* (49,7% N=1046) omtrent ewe veel stellings oor geweld geplaas. In terme van die agendastellingshipotese, beteken dit dat nie een van die twee koerante die belangrikheid van geweld meer as die ander een beklemtoon het nie. Verdere ontledings het getoon dat die temas en tydperke wat deur die koerante belangrik geag is, verskil het en dat die koerante soms ook verskillende persepsies van 'n bepaalde tema voorgehou het.


Binne die konteks van die agendastellingshipotese, blyk dit dat veral drie temas wat met geweld verband hou op die nuusagenda geplaas is. In totaal het die meeste van die stellings in die ondersoektydperke na die gewapende stryd (31,7% N=1046), gevolg deur die optrede van die veiligheidsmagte (17,9% N=1046) en geweld in *townships* (14,5% N=1046) verwys (kyk figuur 5.2).

Sowel *Beeld* (34,8% N=525) as *The Star* (29,7% N=521) het die meeste van hul stellings aan die gewapende stryd afgestaan. *The Star* het die tweede meeste van sy stellings aan geweld in *townships* (23,5%) bestee, terwyl *Beeld* die optrede van die veiligheidsmagte (19,8% N=525) as tweede belangrikste aspek geïdentifiseer het. Volgens die definisie van die tema oor die gewapende stryd, het stellings oor die gewapende stryd nie na fisiese geweld *per se* verwys nie, maar eerder dreigemente van geweld. Word bogenoemde binne hierdie konteks gesien,

kan aanvaar word dat die ANC na sy ontbanning nog steeds van dreigemente van geweld, maar minder van fisiese geweld en spesifiek terreur gebruik gemaak het (vgl. paragrawe 5.3.7 & 5.3.8). Geweld in *townships* het egter toegeneem en daarom is dit ook verstaanbaar waarom die tweede meeste stellings aan townshipgeweld afgestaan is.

Figuur 5.2

Persentasie uiteensetting van temas oor geweld in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=1046)



Uit bogenoemde is dit nog nie presies duidelik watter beeld van die ANC deur *Beeld* en *The Star*, met betrekking tot die gebruik van geweld, voorgehou is nie. Ten einde die vraag te kan beantwoord moet die spesifieke temas in meer detail ondersoek word.

5.3 ONTLEDINGS VAN TEMAS IN DIE ONDERSOEKTYDPERK


5.3.1 Die gewapende stryd

Uit die voorafgaande het dit geblyk dat die gewapende stryd die belangrikste tema in hierdie kategorie was, dit het ook deurgaans 'n prominente plek op die nuusagenda in elke tydperk ingeneem. Die meeste stellings oor die gewapende stryd het in 1993 (44,8% N=330) en 1990 (28,2% N=330) voorgekom, dit wil sê tydens die ontbanning van die ANC in 1990 en weer in 1993 toe 'n onderhandelde skikking 'n realiteit begin word het (kyk figuur 5.3 & tabel 5.4⁸). Wanneer ondersoek gedoen word na die belangrikheid van die gewapende stryd, in vergelyking met die ander temas in hierdie kategorie, het die tweede meeste stellings in 1989 (43,6% N=55), 1990 (22,5% N=412), 1991 (21,1% N=189) en 1992 (17,3% N=145) oor die gewapende stryd gehandel, terwyl die meeste stellings in 1993 (60,4% N=245) aan die gewapende stryd aandag gegee het. Die meeste van die stellings in 1990 (9,2% N=412), 1991 (13,2% N=189), 1992

(13,8% N=145) en 1993 (33,9% N=245) het die gewapende stryd veroordeel (kyk tabel 5.1). Dit blyk dus dat daar deurgaans 'n negatiewe persepsie van die gewapende stryd voorgehou is. In ooreenstemming met die tendens dat die meeste stellings oor die gewapende stryd in 1990 en 1993 verskyn het, het die meeste afkeurende stellings ook in 1990 (11,5% N=330) en 1993 (25,1% N=330) verskyn (kyk tabel 5.4). Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat dit ook telkens in dié tydperke was, wat die ANC se beleid van die gewapende stryd opnuut bevraagteken is.

Figuur 5.3

Persentasie uiteensetting van stellings oor die gewapende stryd in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=330)




Binne die konteks van die agendastellingshipotese, blyk dit dat *Beeld* die gewapende stryd as belangrike nuusitem geïdentifiseer het. *Beeld* het die meeste van sy stellings aan die gewapende stryd in 1989 (55,0% N=40), 1992 (36,9% N=19) en 1993 (57,2% N=193) afgestaan, terwyl dit in 1991 (23,1% N=104) die eerste plek met veiligheidsoptrede gedeel het. Die gewapende stryd het minder prominent in *The Star* aandag geniet. In *The Star* het die meeste stellings in 1990 (24,4% N=202) en 1993 (65,6% N=93) oor die gewapende stryd gehandel, terwyl die tweede meeste stellings (14,3% N=126) in 1992 oor die gewapende stryd gehandel het (kyk tabelle 5.2 & 5.3). 'n Afsonderlike ontleding het dan ook getoon dat *Beeld* (55,8% N=330) in totaal meer stellings oor die gewapende stryd as *The Star* (44,2% N=330) geplaas het.

Dit was opmerklik dat daar deurgaans 'n relatief groot persentasie stellings in die redaksionele kommentaar van *Beeld* voorgekom het. Dit dui daarop dat *Beeld* dit as 'n belangrike strydpunt beskou het. In 1989 (72,3% N=22), 1991 (70,8% N=24) en 1992 (85,7% N=7) het die meeste van die stellings oor die gewapende stryd in die redaksionele kommentaar voorgekom, terwyl 20,5% (N=44) stellings in 1990 en 20,7% (N=87) stellings in 1993 in die redaksionele kommentaar voorgekom het. Uit tabel 5.2 blyk dit dat *Beeld* hoofsaaklik stellings geplaas het wat die gewapende stryd afgekeur het, behalwe in 1990 waar daar ewe veel goedkeurende en afkeurende stellings was. In 1989 het al die afkeurende stellings in die redaksionele kommentaar verskyn. In 1990 verander die situasie en het 31,4% (N=35) stellings in berigte en 44,4% (N=9) stellings in artikels die gewapende stryd afgekeur. *Beeld* het dus nie in 1990 so 'n negatiewe persepsie van die gewapende stryd as in 1989 voorgehou nie. Vanaf 1991 het *Beeld* begin om veral in sy redaksionele kommentaar stellings te plaas wat die gewapende stryd afgekeur het. In 1991 het 64,7% (N=17) stellings, in 1992 het 100,0% (N=6) stellings en in 1993 het 77,8% (N=18) van die stellings in *Beeld* se redaksionele kommentaar die gewapende stryd afgekeur.

Figuur 5.4a

Persentasie uiteensetting van stellings oor die gewapende stryd in *Beeld* (1989-1993)



In *The Star*, is die gewapende stryd nie so prominent in die redaksionele kommentaar aangespreek nie. In 1989 het al twee verwysings na die gewapende stryd in die redaksionele kommentaar voorgekom en in 1991 het daar ewe veel stellings in berigte en artikels verskyn, maar in 1990 (73,5% N=49), 1992 (66,7% N=18) en 1993 (77,0% N=61) het die meeste stellings oor die gewapende stryd in berigte verskyn. Daar moet egter in ag geneem word dat *The Star* veral in sy hoofartikels stellings geplaas het wat die gewapende stryd bevraagteken

het. In 1990 (53,8% N=13), 1991 (87,5% N=8), 1992 (83,3% N=6) en 1993 (71,4% N=14) het die meerderheid stellings in die hoofartikels die gewapende stryd afgekeur teenoor die berigte waar 44,4% (N=36) stellings in 1990, 75,0% (N=12) stellings in 1992 en 42,6% (N=47) stellings in 1993 teen die gewapende stryd gekant was.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat sowel *Beeld* as *The Star* hoofsaaklik stellings geplaas het wat die gewapende stryd afgekeur het. Daar moet egter in gedagte gehou word dat *Beeld* aanvanklik goedkeurende stellings geplaas het - in 1990 het slegs 34,1% (N=44) stellings die gewapende stryd afgekeur teenoor die 60,9% (N=87) stellings in 1993. Ook die goedkeurende stellings het dieselfde tendens getoon en daar was 'n afname van 34,1% (N=44) goedkeurende stellings in 1990 na 6,9% (N=87) goedkeurende stellings in 1993 (kyk figuur 5.4a).

Hoewel *The Star* deurgaans die gewapende stryd afgekeur het, was hier nie so 'n skerp toename in afkeurende stellings waar te neem nie - in 1990 het 46,9% (N=49) stellings die gewapende stryd afgekeur teenoor die 49,2% (N=61) in 1993. Daar is egter 'n ander tendens by *The Star* waargeneem, en was dit eerder die goedkeurende stellings wat afgeneem het. In 1990 het 36,7% (N=49) stellings die gewapende stryd gesteun teenoor 11,5% (N=61) stellings in 1993 (kyk tabel 5.6 & figuur 5.4b).


Verdere ontledings van die bronne het getoon dat *Beeld* self hoofsaaklik die stellings gemaak het wat die gewapende stryd afgekeur het. Die meeste afkeurende stellings in 1989 (22,5% N=40), 1991 (9,6% N=104), 1992 (21,1% N=19) en 1993 (13,8% N=152) is deur *Beeld* self gemaak, terwyl die regering in 1990 (2,4% N=202) en 1993 (13,2% N=152) die meeste afkeurende stellings gemaak het. Die aanvanklike goedkeurende stellings in *Beeld* in 1990 is deur die ANC (2,9%) en Nelson Mandela (2,9% N=210) en in 1991 deur die ANC (3,8% N=104) gemaak. Dit was opmerklik dat *Beeld* in 1992 (10,2% N=19) en 1993 (4,6% N=152) stellings geplaas het, waarin die ANC die gewapende stryd bevraagteken het (kyk tabelle 5.7, 5.9, 5.11, 5.13 & 5.15). *Beeld* het dus in sy projektering van die werklikheid aangetoon dat die ANC sy houding teenoor die gewapende stryd verander het.

In *The Star* is die meeste afkeurende stellings net in 1989 (6,7% N=15) en 1991 (4,7% N=85) deur die koerant self gedoen, terwyl die meeste afkeurende stellings in 1990 (5,4% N=202) en 1993 (10,8% N=93) deur die regering gedoen is. In 1992 (4,8% N=126) is die meeste afkeurende stellings deur die ANC gemaak, terwyl die ANC ook 8,6% (N=93) afkeurende stellings in 1993 gemaak het. *The Star* het net in 1990 stellings geplaas wat aangetoon het dat die ANC (1,5%) en veral Nelson Mandela (6,4% N=202) die gewapende stryd gesteun het. In

al die ander tydperke, het die meerderheid stellings wat deur die ANC of Nelson Mandela oor die gewapende stryd gemaak is, dit veroordeel (kyk tabelle 5.8, 5.10, 5.12, 5.14 & 5.16).

Figuur 5.4b

Persentasie uiteensetting van stellings oor die gewapende stryd in *The Star* (1989-1993)



Uit bogenoemde blyk dit dus dat *Beeld* die persepsie geskep het dat die gewapende stryd as politieke strategie afgekeur is. Dit is veral duidelik uit die groot aantal afkeurende stellings in die hoofartikels en stellings wat *Beeld* self gemaak het. *Beeld* het dan aanvanklik aangetoon dat die ANC die gewapende stryd voorgestaan het, maar namate onderhandeling as politieke opsie 'n werklikheid begin word het, het *Beeld* ook toenemend stellings geplaas waarin die ANC die gewapende stryd bevraagteken het. Daardeur is die beeld geskep dat die ANC toenemend minder van die gewapende stryd as politieke strategie gebruik gemaak het. *The Star* het ook aangetoon dat die gewapende stryd nie 'n opsie was om politieke probleme mee aan te spreek nie, maar het ook deurgaans aangetoon dat die ANC die gewapende stryd as politieke strategie verwerp het. Albei koerante het aangetoon dat, namate daar alternatiewe politieke strategieë ontwikkel het, die ANC toenemend krities teenoor die gewapende stryd begin staan het.

5.3.2 Veiligheidsoptrede


Die optrede van die veiligheidsmagte om orde, in veral die swart woonbuurte te handhaaf, is sedert die instelling van die noodtoestand in 1986 bevraagteken, maar het veral in die jare negentig met die toename in onrus in swart woonbuurte weer 'n vraagstuk geword. Nie net is hulle teenwoordigheid in die *townships* bevraagteken nie, maar hulle is ook daarvan beskuldig dat hulle 'n sogenaamde derde mag is, wat juis poog om die geweld aan te blaas en sodoende ook die ANC se magsbasis te destabiliseer (vgl. paragraaf 3.4.2.1). Dit is teen dié agtergrond wat hierdie tema aan die orde gekom het. Daar is veral ondersoek na die beeld van die

veiligheidsmagte gedoen, soos dit deur *Beeld* en *The Star* geprojekteer is, in terme van dié koerante se eie persepsie en die ANC se persepsie oor die optrede van die veiligheidsmagte.

Die meeste stellings oor veiligheidsoptrede het in 1990 (36,9% N=187) verskyn, met 'n redelike eweredige verspreiding in die ander tydperke wat wissel van 12,8% tot 18,7% (N=187) stellings (kyk figuur 5.5 & tabel 5.4). Wanneer ondersoek na die belangrikheid van veiligheidsoptrede gedoen word in terme van die ander temas in hierdie kategorie, blyk dit dat daar in 1989 (43,6% N=55) gesamentlik die meeste stellings oor veiligheidsoptrede en die gewapende stryd verskyn het. In 1991 (18,5% N=189), 1992 (17,9% N=145) en 1993 (13,4% N=245) het die derde meeste stellings oor veiligheidsoptrede gehandel (kyk tabel 5.1). Hoewel die meeste stellings dus oor veiligheidsoptrede in 1990 verskyn het, was die optrede van veiligheidsmagte in terme van die ander temas in 1990 nie so belangrik nie.

Figuur 5.5

Persentasie uiteensetting van stellings oor veiligheidsoptrede in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=187)



Dit wil voorkom of die optrede van die veiligheidsmagte tydens die noodtoestand 'n groter dispuutpunt was. Dit kan moontlik ook daaraan toegeskryf word dat daar ander belangriker nuusgebeure in 1990 was. Die minder klem - in terme van die ander temas - in 1990 kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar na die ontbanning van die ANC en opheffing van die noodtoestand 'n verskuiwing in die magsbalans was en dat die persepsie geskep is dat geweldpleging eerder van die ANC se kant, as die kant van die regering gekom het.

Vanaf 1989 tot 1991 was die meeste stellings telkens neutraal, terwyl die meeste stellings in 1992 en 1993 die optrede van die veiligheidsmagte goedgekeur het. Dit wil voorkom of hier, in

teenstelling met die ander temas in hierdie kategorie, 'n toenemend goedkeurende beeld van die veiligheidsmagte geprojekteer is. In 1989 het 20,8% (N=24) van die stellings die optrede van die veiligheidsmagte goedgekeur teenoor die 24,6% (N=69) in 1990 en 28,5% (N=35) stellings in 1991. Daarna was daar 'n verdere toename na 1992 waar 38,5% (N=26) en 1993 waar 51,5% (N=33) goedkeurende stellings verskyn het. Namate die ANC geleentheid gehad het om op gelyke voet op politieke gebied mee te ding en die onderhandelingsproses gevorder het, was daar 'n neiging by die koerante om die bekamping van geweld deur die veiligheidsmagte meer positief voor te stel.

Voorts volg nou 'n meer spesifieke bespreking van die wyse waarop *Beeld* en *The Star* die optrede van die veiligheidsmagte afsonderlik voorgestel het. *Beeld* (54,5% N=187) het meer stellings as *The Star* (45,5% N=187) oor veiligheidsoptrede geplaas. Dit moet gesien word binne die historiese konteks van *Beeld* se redaksionele beleidsrigting (vgl. paragraaf 2.5.2.1) dat hy vir lank die *status quo* voorgestaan het en ook klem op veiligheidsaspekte geplaas het.


Beeld het ook, in terme van die ander temas, baie aandag aan veiligheidsoptrede gegee. In 1991 (23,1% N=104) en 1992 (42,1% N=19) het die meeste stellings in hierdie kategorie oor veiligheidsoptrede gehandel, terwyl die tweede meeste stellings in 1989 (42,5% N=40) en derde meeste stellings in 1993 (11,9% N=152) oor veiligheidsoptrede gehandel het. Uit tabel 5.2 blyk dit dat *Beeld* deurgaans meer stellings geplaas het, wat die optrede van die veiligheidsmagte goedgekeur as afgekeur het. Die meeste stellings in 1989 (27,5% N=40), 1990 (9,0% N=210), 1991 (9,6% N=104) en 1993 (5,9% N=152) was egter neutraal (kyk tabel 5.2).

Hoewel *The Star* in totaal minder stellings as *Beeld* geplaas het, het *The Star*, in terme van die ander temas in hierdie kategorie, heelwat aandag aan veiligheidsoptrede geskenk en dus binne die konteks van die agendastellingshipotese, veiligheidsoptrede op die nuusagenda geplaas. In 1989 (46,7% N=15) het die meeste stellings oor veiligheidsoptrede gehandel, terwyl in 1990 (17,0% N=202), 1992 (14,4% N=126) en 1993 (16,2% N=93) die tweede meeste stellings hieraan aandag gegee het. Berigging in *The Star* is ook, soos in die geval van *Beeld*, deur 'n hoë persentasie neutrale stellings gekenmerk, maar in 1990 (3,5% N=202) en 1992 (5,6% N=126) was daar meer afkeurende as goedkeurende stellings geplaas (kyk tabel 5.3). In 1993 (9,7% N=93) was daar meer goedkeurende stellings.

Ten spyte van die prominensie, in terme van die hoeveelheid stellings, het veiligheidsoptrede relatief min aandag in die redaksionele kommentaar geniet. *The Star* het net in 1990 (26,5% N=34), 1992 (44,4% N=18) en 1993 (46,7% N=15) stellings in die redaksionele kommentaar geplaas. In die meeste gevalle was die meerderheid stellings in berigte en artikels neutraal. Slegs in 1992 was die meerderheid stellings in artikels (87,5% N=18) afkeurend. In 1993 was die meerderheid stellings in sowel berigte (62,5% N=8) as hoofartikels (57,1% N=7) ten gunste van die optrede van die veiligheidsmagte.

Figuur 5.6a

Persentasie uiteensetting van stellings oor veiligheidsoptrede in *Beeld* (1989-1993)




In *Beeld* het die meeste stellings in 1989 (94,1% N=17), 1990 (82,9% N=53), 1991 (100,0% N=5) en 1993 (88,9% N=18) in berigte voorgekom. Slegs in 1992 het die meeste stellings (87,5% N=8) in hoofartikels voorgekom. Die meeste van die stellings in berigte was in 1989 (68,8% N=16), 1990 (48,3% N=29), 1991 (41,2% N=17) en 1993 (56,3% N=16) neutraal van aard. 'n Interessante tendens wat na vore gekom het, is dat daar vanaf 1991 deurgaans meer goedkeurende as afkeurende stellings in sowel berigte as redaksionele kommentaar verskyn het. Hoewel *Beeld* dus aanvanklik 'n meer negatiewe persepsie voorgehou het, het daar te min stellings voorgekom om werklik te kan sê dat *Beeld* 'n ander beeld van veiligheidsoptrede begin projekteer het. As aanvaar word dat *Beeld* veiligheidsoptrede belangriker as *The Star* beskou het, kan die vraag gevra word waarom *Beeld* nie meer aandag aan dié aspek in sy redaksionele kommentaar gegee het nie.

Samevattend kan gestel word dat *Beeld* meer stellings geplaas het wat veiligheidsoptrede goedgekeur het as *The Star*. Afgesien van 1989, was daar in al die ander tydperke meer goedkeurende as afkeurende stellings (kyk tabelle 5.5 & 5.6). Insiggewend is die toename in

goedkeurende stellings in 1992 en 1993. In 1989 het slegs 23,5% (N=17) goedkeurende stellings teenoor die 75,0% (N=8) goedkeurende stellings in 1992 verskyn (kyk figuur 5.6a). Dit blyk dus dat *Beeld*, namate die onderhandelingsproses begin vorder het, 'n meer positiewe beeld van die veiligheidsmagte begin projekteer het.

In 1990 en 1992 het *The Star* hoofsaaklik stellings geplaas wat die optrede van die veiligheidsmagte bevraagteken het en was daar in 1990, 31,8% (N=34) afkeurende stellings teenoor die 14,7% (N=34) goedkeurende stellings, en in 1992 was daar 38,9% afkeurende stellings teenoor 22,2% (N=18) goedkeurende stellings. Die prentjie het verander na 1993 waar 60,0% (N=15) van die stellings dié optrede goedgekeur het, teenoor die 33,3% afkeurende stellings (kyk figuur 5.6b). Aanvanklik was daar dus hoofsaaklik stellings geplaas wat die optrede afgekeur het, maar in 1993 het *The Star* 'n meer positiewe persepsie van veiligheidsoptrede begin voorhou. Dit kan waarskynlik aan die politieke verandering in die land toegeskryf word. Namate strukture vir vreedsame verandering geskep was, het *The Star* 'n meer goedkeurende houding teenoor die optrede van veiligheidsoptrede getoon en by implikasie 'n meer kritiese houding teenoor die gebruik van geweld ingeneem (kyk tabelle 5.5 & 5.6). Hierdie tendens moet egter ook binne die konteks gesien word dat veiligheidsoptrede in 1992 en 1993 'n minder belangriker strydpunt geword het.

Persentasie uiteensetting van stellings oor veiligheidsoptrede in *The Star* (1989-1993)
Figuur 5.6b



'n Verdere ontleding van die stellings het getoon dat die neutrale stellings hoofsaaklik deur die koerant self gemaak is. In 1989 (27,5% N=40), 1990 (8,1% N=210), 1991 (4,8% N=104) en 1993 (4,6% N=152) is die meeste neutrale stellings in *Beeld* deur die koerant self gemaak. In *The Star* is die meeste neutrale stellings in 1989 (33,3% N=15), 1990 (9,9% N=202), 1991

(10,6% N=85) en 1992 (4,8% N=126) deur die koerant self gemaak. Dit blyk dus dat albei koerante nie self werklik 'n bepaalde persepsie, in terme van die definisie, van veiligheidsoptrede voorgehou het nie, maar meer net oor die gebeure berig het (kyk tabelle 5.7, 5.8, 5.9, 5.10, 5.11, 5.12, 5.13, 5.14, 5.15 & 5.16).

Wanneer die goedkeurende stellings verder bestudeer word, blyk dit dat die meeste van die goedkeurende stellings in 1990 (4,3% N=210), 1991 (4,8% N=104) en 1993 (3,9% N=152) in *Beeld* deur die regering gemaak is. In 1992 (21,1% N=19) is die meeste goedkeurende stellings deur *Beeld* self gemaak, maar dit is interessant dat die tweede meeste goedkeurende stellings deur die ANC (10,5% N=19) gemaak is. Dit kon 'n poging van *Beeld* wees om aan te toon dat die ANC nie heeltemal negatief teenoor die veiligheidsmagte gestaan het nie. In *The Star* het daar nie 'n duidelike tendens na vore gekom oor wie die meeste goedkeurende stellings gemaak het nie (kyk tabelle 5.8, 5.10, 5.12, 5.14 & 5.16).

Die afkeurende stellings wat *Beeld* geplaas het, is in 1990 (1,0% N=210) en 1991 (3,8% N=104) hoofsaaklik deur die ANC gemaak, terwyl die ANC en *Beeld* self (5,3% N=19) in 1992 gesamentlik die afkeurende stellings gemaak het. Die meeste afkeurende stellings in *The Star* is in 1990 (2,0% N=202) en 1992 (2,4 % N=126) deur die koerant self gemaak. In 1993 (2,2% N=93) het die koerant self en die ANC gesamentlik die meeste afkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 5.7, 5.9, 5.11, 5.13, & 5.15). Dit wil dus voorkom of veral *The Star* 'n negatiewe persepsie van die veiligheidsoptrede voorgehou het en ook aangetoon het dat die ANC, dit bevraagteken het. Daardeur het *The Star*, volgens die aannames van instrumentele aktualisering en persoonlikheidsbeklemtoning, 'n positiewe beeld van die ANC voorgehou.

Wanneer die stellings van die ANC en Nelson Mandela oor die onderwerp in 1990 en 1991 bestudeer word, is daar 'n interessante tendens. In 1990 het *Beeld* van stellings deur die ANC en Nelson Mandela gebruik gemaak om steun vir die optrede van die veiligheidsmagte aan te dui, terwyl *The Star* juis van ANC-stellings gebruik gemaak het om dié optrede te kritiseer (kyk tabelle 5.9 & 5.10). 'n Moontlike verklaring sou wees dat *Beeld* die persepsie probeer skep het, dat die ANC 'n meer toegemoetkomende houding teenoor die veiligheidsmagte begin toon het. In 1991 het *The Star* nie stellings deur die ANC en Nelson Mandela geplaas nie (kyk tabelle 5.11 & 5.12). Dit kan moontlik impliseer dat *The Star* nie dié stellings van die ANC gebruik het nie, omdat dit die idee kon skep dat die ANC wet en orde in eie hande wou neem en dat dit juis hieroor is wat *Beeld* wel die stellings geplaas het. Dit moet veral ook gesien word binne die konteks dat *Beeld* self begin het om stellings te maak wat die optrede van die veiligheidsmagte gesteun het en duidelik aangetoon het dat die ANC nie hulle optrede goedgekeur het nie. In dié


verband het *Beeld* begin om 'n persepsie te skep dat die ANC negatief teenoor die optrede van die veiligheidsmagte was en dit het moontlik konflik met die veiligheidsmagte geïmpliseer.

5.3.3 Geweld in townships

In teenstelling met die meeste ander temas in hierdie kategorie, het die meeste stellings rondom geweld in *townships* in 1992 (40,5% N=153) verskyn, gevolg deur 32,6% (N=153) stellings in 1990 en 22,9% (N=150) stellings in 1991. In 1993 het dié aspek byna geen aandag (4,0% N=153) geniet nie (kyk figuur 5.7 & tabel 5.4). Hierdie verspreiding van stellings weerspieël in 'n groot mate die politieke realiteit. Die geweldpleging in *townships* het aanvanklik in 1990 in Natal begin en later na die Rand versprei en daar het na raming in 1990 sowat 3 000 mense in politieke onrus gesterf (vgl. paragraaf 3.4.2.1). Hierdie tendens het in 1991 en 1992 voortgeduur. Teen dié agtergrond het gerugte ontstaan dat die ANC besig was om selfverdedigingseenhede op die been te bring. In 1992 het verskeie voorvalle van geweld voorgekom waaronder die Bisho- en Boipatongvoorvalle (vgl. paragrawe 3.4.2.1 & 3.4.2.2). In terme van realiteitskepping, het dit ook moontlik die implikasie dat namate 'n onderhandelde skikking en demokratiese verkiesing in 1993 'n moontlikheid begin word het, is die geweldsaspek in die samelewing baie minder beklemtoon.

Figuur 5.7

Persentasie uiteensetting van stellings oor geweld in townships in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=153)



Wanneer die belangrikheid van geweld in *townships*, in vergelyking met die ander temas, bestudeer word, blyk dit dat dit in 1992 (42,8% N=145) die belangrikste aspek op die nuusagenda was en in 1991 (18,5% N=189) 'n derde plek saam met veiligheidsoptrede gedeel het (kyk tabel 5.1). In 1990 het 52,0% (N=50) stellings in 1991 het 54,3% (N=35) stellings en

in 1992 het 38,7% (N=62) stellings geweld in *townships* afgekeur. In 1993 was daar ewe veel afkeurende en neutrale stellings. Dit blyk dus dat in die tydperke wat deur 'n hoë mate van politieke geweldpleging gekenmerk is, het albei koerante gesamentlik 'n negatiewe persepsie van geweld in *townships* voorgehou.

'n Afsonderlike ontleding van *Beeld* en *The Star* het getoon dat *The Star* (79,7% N=153) aansienlik meer stellings oor townshipgeweld as *Beeld* (20,3% N=153) geplaas. *Beeld* het net in 1990 (8,6% N=210), 1991 (10,6% N=104) en 1992 (10,5% N=19) stellings geplaas wat townshipgeweld aangespreek het. *The Star* het nie net meer stellings geplaas nie, maar in vergelyking met die ander temas in hierdie kategorie, townshipgeweld as belangriker nuusitem as *Beeld* geïdentifiseer. *The Star* het in 1990 (15,8% N=202), 1991 (28,3% N=85), 1992 (47,6% N=126) en 1993 (6,4% N=93) stellings oor geweld in die *townships* geplaas (kyk tabelle 5.2 & 5.3 en figuur 5.7). Dit blyk dus dat waar *Beeld* meer klem op die optrede van die veiligheidsmagte geplaas het, het *The Star* eerder geweld in *townships* beklemtoon. *The Star* het dus eerder op die geweld self klem gelê, terwyl *Beeld* die wyse waarop die geweld bekamp is, aan die orde gestel het. In terme van instrumentele aktualisering, beteken dit dat *The Star* eerder die probleem op die nuusagenda geplaas het, terwyl *Beeld* meer die wyse waarop die probleem hanteer is, beklemtoon het. Dit blyk ook dat *The Star* toenemend meer oor die geweld in *townships* berig het, terwyl die aantal stellings in *Beeld* daarvoor afgeneem het.

Dit wil voorkom of die kwessie van townshipgeweld eerder in berigte as in hoofartikels aangespreek is. In *Beeld* het die meeste stellings in 1990 (6,7% N=210) en 1991 (7,7% N=104) in berigte voorgekom, terwyl al die stellings in 1992 in die hoofartikels voorgekom het. In verhouding het daar ook in 1990 (57,1% N=14) en 1991 (75,0% N=8) meer afkeurende stellings in berigte verskyn, teenoor die 50,0% (N=4) afkeurende stellings in 1990 en 66,7% (N=3) afkeurende stellings in 1991 in die redaksionele kommentaar. In *The Star* het die meeste stellings in 1990 (12,3% N=202), 1991 (17,6% N=85) en 1992 (41,3% N=126) in berigte voorgekom en al die stellings in 1993 in die redaksionele kommentaar. *The Star* het egter baie duidelik 'n negatiewe persepsie van townshipgeweld in sy redaksionele kommentaar voorgehou en in 1990 (57,1% N=7), 1991 (77,8% N=9), 1992 (100,0% N=8) en 1993 (50,0% N=6) is 'n groter persentasie afkeurende stellings in die redaksionele kommentaar geplaas, teenoor die 48,0% (N=25) afkeurende stellings in 1990, 26,7% (N=15) afkeurende stellings in 1991 en 30,8% (N=52) afkeurende stellings in 1992 in die berigte.

Samevattend kan gestel word dat sowel *Beeld* as *The Star* hoofsaaklik stellings wat geweld in die *townships* afgekeur het, geplaas het. Uit tabelle 5.5 & 5.6 blyk dit dat daar in al die tydperke in *The Star* hoofsaaklik afkeurende stellings geplaas is. *Beeld* het ook telkens meer afkeurende as goedkeurende stellings geplaas, behalwe in 1992 waar al die stellings neutraal was.

Wanneer die stellings verder ontleed word, was dit opmerklik dat albei koerante stellings geplaas het waarin die ANC en Nelson Mandela geweld in *townships* afgekeur het. In 1990 het Nelson Mandela die meeste afkeurende uitsprake in *Beeld* (4,3% N=210) en *The Star* (6,9% N=202) gemaak (kyk tabelle 5.9 & 5.10). In 1991 is die meeste afkeurende stellings in *Beeld* deur die ANC (2,9%) en die koerant self (2,9% N=104) gemaak. *The Star* het 'n interessante tendens getoon - die meeste afkeurende stellings is deur Inkatha (7,1%) gemaak, terwyl die koerant self (3,5%) en die ANC (2,4% N=85) ook afkeurende stellings gemaak het wat die geweld in *townships* afgekeur het. In 1992 het die ANC (9,5% N=126) in *The Star* ook die meeste afkeurende stellings gemaak, terwyl daar geen afkeurende stellings in *Beeld* was nie. Die afkeurende stellings in 1993 is deur die ANC (1,1%), *The Star* self (1,0% N=93) en Inkatha (1,0%) gemaak (kyk tabelle 5.9, 5.10, 5.11, 5.12, 5.13, 5.14, 5.15 & 5.16). Albei koerante het dus 'n mediarealiteitsbeeld geskep waarin die ANC die geweld in *townships* bevraagteken het.


Dit is insiggewend, in vergelyking met die ander temas in dié kategorie, waar die ANC minstens in sommige gevalle aan die geweld gekoppel is, dat nie een van die twee koerante die idee probeer skep het dat die ANC geweld in *townships* goedgekeur het nie, maar eerder dat die ANC hom daarvan probeer distansieer het. Die koerante self het egter nie 'n bepaalde persepsie oor geweld in *townships* weerspieël nie en was die meeste van die stellings wat hulle self gemaak het, neutraal.

5.3.4 Massa-aksie

Massa-aksie het eers vanaf 1990, dit wil sê rondom die ontbanning van die ANC en opheffing van die noodtoestand, aan die orde gekom. Die meeste stellings het in 1990 (55,3%) en in 1991 (34,0% N=130) voorgekom, waarna daar weer 'n daling in stellings was (kyk figuur 5.8 & tabel 5.4). In terme van die ander temas, was massa-aksie in 1991 (23,3% N=189) bo-aan die nuusagenda en in 1990 (17,5% N=412) het die derde meeste stellings oor massa-aksie gehandel (kyk tabel 5.1). Daar kon verwag word dat massa-aksie in 1991 baie blootstelling sou kry. Die ANC het 1991 die jaar van massa-aksie verklaar en aangevoer dat dit 'n metode is waardeur die mag aan die mense oorgedra sou word. Hierdie massa-askie sou, onder andere deur

boikotte en stakings, die steun van die ANC aantoon en is as 'n soort straatreferendum beskou (vgl. paragraaf 3.4.3).

Figuur 5.8
Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-aksie in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=130)



Soos in die geval van die meeste temas in hierdie kategorie was 'n groot aantal van die stellings (66,9% N=130) oor massa-aksie ook neutraal. In 1990 (14,6% N=412), 1991 (10,6% N=198) en 1992 (4,1% N=145) was die meeste stellings neutraal (kyk tabel 5.1).

Wanneer die stellings in *Beeld* en *The Star* afsonderlik beskou word, blyk dit dat *Beeld* (48,5% N=130) en *The Star* (51,5% N=130) omtrent ewe veel stellings oor massa-aksie geplaas het. Binne die konteks van agendastelling, kan dus nie gesê word dat een koerant dit belangriker geag het nie, hoewel *The Star* in 1992 en 1993 meer stellings oor die aspek as *Beeld* geplaas het.

Beeld het hoofsaaklik in 1990 (65,1%) en 1991 (30,2% N=63) stellings oor massa-aksie geplaas (kyk tabel 5.5). In ooreenstemming met die verspreiding van stellings was massa-aksie ook in 1990 (19,5% N=210) die belangrikste aspek op *Beeld* se nuusagenda in hierdie kategorie en in 1991 (18,3% N=104) die derde belangrikste aspek (kyk tabel 5.2). In terme van realiteitskepping, beteken dit dat *Beeld* nie massa-aksie in 1991 as so 'n belangrike nuusitem beskou het nie. Die meeste van *The Star* se stellings het ook in 1990 (46,3%) en 1991 (37,4% N=67) verskyn (kyk tabel 5.6). Anders as *Beeld*, het *The Star* massa-aksie in 1989 (33,3% N=15), waar dit 'n derde plek op die nuusagenda ingeneem het, reeds belangrik geag. In 1991 (29,4% N=85) was dit die belangrikste strydpunt in hierdie kategorie.

Dit was net *The Star* (33,3% N=15) wat in 1989 stellings oor massa-aksie geplaas het. Daar was ewe veel (13,3% N=15) goedkeurende en afkeurende stellings (kyk tabel 5.3). Hoewel *The Star* nie in 1989 'n spesifieke persepsie oor massa-aksie geprojekteer het nie is dit, in terme van die agendastellingshipotese, betekenisvol dat *The Star* dit reeds in 1989 as strydpunt geïdentifiseer het.


In 1990 was die meeste stellings in sowel *Beeld* (19,0% N=210) as *The Star* (10,0% N=202) neutraal en het *Beeld* (18,6% N=210) en *The Star* (10,0% N=202) albei, meer stellings oor massa-aksie in berigte as in artikels geplaas (kyk tabel 5.2 & 5.3). Word die afkeurende en goedkeurende stellings in 1990 met mekaar vergelyk, blyk dit dat *Beeld* 0,5% (N=210) afkeurende en geen goedkeurende stellings geplaas het, teenoor *The Star* wat weer meer goedkeurende (5,0%) as afkeurende stellings (0,5% N=202) geplaas het.

In 1991 het daar 'n interessante tendens voorgekom, hoewel daar meer goedkeurende as afkeurende stellings in *The Star* verskyn het (kyk tabelle 5.2 & 5.3), het die meeste stellings in sowel *Beeld* as *The Star* se redaksionele kommentaar massa-aksie afgekeur. In *Beeld* se redaksionele kommentaar (9,6% N=104), het 55,6% (N=9) stellings massa-aksie afgekeur, teenoor die 30,0% (N=10) stellings in berigte. *The Star* het minder aandag aan die kwessie in sy redaksionele kommentaar (2,4% N=85) gegee en al die stellings was neutraal.


Vanaf 1992 het massa-aksie minder belangrik begin word. In *The Star* het daar effens meer stellings (3,2%) in berigte, teenoor die 1,6% (N=126) stellings in die redaksionele kommentaar verskyn. Al die stellings in *Beeld* het massa-aksie gesteun en het in die redaksionele kommentaar verskyn. In 1993 het massa-aksie nie werklik aan die orde gekom nie en het slegs 0,8% (N=245) van die stellings in hierdie kategorie oor massa-aksie gehandel (kyk tabel 5.1).

Op die oog af lyk dit dus of *Beeld* en *The Star* nie werklik 'n bepaalde persepsie oor massa-aksie geprojekteer het nie. Verdere bestudering van die goedkeurende en afkeurende stellings, het egter getoon dat *The Star* meer goedkeurende stellings as *Beeld* geplaas het. Daarby het *The Star* ook telkens, meer goedkeurende as afkeurende stellings geplaas (kyk tabel 5.6 & figuur 5.9b). *Beeld* aan die ander kant, het in 1990 geen goedkeurende stellings geplaas nie en in 1991 ewe veel goedkeurende en afkeurende stellings. In 1992 het daar slegs goedkeurende (1,6% N=63) stellings verskyn (kyk figuur 5.9a & tabel 5.5). Daar het egter te min stellings in 1992 verskyn om met sekerheid die aanname te kan maak dat *Beeld* 'n meer positiewe beeld van massa-aksie begin voorhou het.

Figuur 5.9a

Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-aksie in *Beeld* (1989-1993)

Figuur 5.9b

Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-aksie in *The Star* (1989-1993)

Die meeste afkeurende stellings in *Beeld*, is in 1990 (0,5% N=210), 1991 (4,8% N=104) en in 1993 (1,3% N=152) deur die koerant self gemaak, terwyl die regering in 1991 ook 2,9% (N=104) afkeurende stellings gemaak het. Daarenteen is die meeste goedkeurende stellings in 1991 (3,8% N=104) en 1992 (5,3% N=19) deur die ANC gemaak (kyk tabelle 5.9, 5.11, 5.13 & 5.15). Dit wil dus voorkom of *Beeld* self massa-aksie afgekeur het, maar aangetoon het dat die ANC dit voorgestaan het. By implikasie het *Beeld* dus die ANC se beleid van massa-aksie afgekeur.

In die geval van *The Star* is 'n effens ander tendens weerspieël. *The Star* het ook in 1989 (13,3% N=15) en 1990 (0,5% N=202) die meeste afkeurende stellings gemaak, maar *The Star* maak ook in 1989 (13,3% N=15) en in 1990 (4,0% N=202) die meeste goedkeurende

stellings. In 1991 het die ANC (5,9% N=85) die meeste goedkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 5.8, 5.10, 5.12 & 5.13). *The Star* het dus in werklikheid telkens self meer goedkeurende as afkeurende stellings oor massa-aksie gemaak en ook aangetoon dat die ANC massa-aksie gesteun het. Hoewel *The Star* nie eensydiglik goedkeurende stellings geplaas het nie, het *The Star* ook nie so 'n negatiewe beeld van die ANC se beleid van massa-aksie geskets nie.

5.3.5 Massa-oproer


Hierdie tema oor massa-oproer, verwys in 'n groot mate na massa-aksie wat buite beheer geraak het of onordelik verloop en met plundery gepaard gegaan het. Die tema moet daarom ook in samehang met massa-aksie en ook in 'n mindere mate met geweld in swart woonbuurte geïnterpreteer word (vgl. Bylae A).

Die meeste verwysings (73,3% N=130) na massa-oproer het in 1990 voorgekom. Daar was ook in 1991 (18,5%) en 1993 (8,5% N=130) verwysings na massa-oproer (kyk tabel 5.4 & figuur 5.10). Wanneer ook na die belangrikheid van massa-oproer, in terme van die ander temas in hierdie kategorie, ondersoek gedoen is, het dit geblyk dat nie net die meeste van die stellings oor massa-oproer in 1990 verskyn het nie, maar dat massa-oproer (23,0% N=412) ook die belangrikste aspek op die nuusagenda in 1990 was. In 1991, het 12,7% (N=189) en in 1993 4,4% (N=245) van die stellings oor massa-oproer gehandel (kyk tabel 5.1). Hierdie verskynsel moet teen die agtergrond gesien word dat Nelson Mandela in 1990 vrygelaat is en dat sy vrylating met massa-byeenkomste en vreugdevierings gepaard gegaan het wat soms hand-uit-geruk het. Kenmerkend van beriggewing hieroor in 1990 was die relatief hoë persentasie (13,3% N=412) neutrale stellings. Dit kon moontlik toegeskryf word aan beriggewing rondom die vrylating van Nelson Mandela wat, in terme van die betrokke definisie, neutraal was.

Wanneer dié beriggewing met stellings oor massa-aksie vergelyk word (vgl. figuur 5.8), is daar 'n verband tussen stellings oor massa-aksie en massa-oproer. In 1990 was massa-oproer (23,0% N=412) die belangrikste aspek op die nuusagenda teenoor massa-aksie (17,5% N=412) wat minder belangrik geword het. In 1991 het die situasie verander en was massa-aksie (23,3% N=189) toe die belangrikste aspek op die nuusagenda en het massa-oproer (12,7% N=198) minder aandag gekry. Die persepsie is dus geskep dat massa-aksie toe minder met massa-oproer gepaard gegaan het en meer vreedsaam verloop het. 'n Mediarealiteitsbeeld dat massa-byeenkomste meer geordend begin verloop het, is dus voorgehou.

Figuur 5.10

Persentasie uiteensetting van stellings oor massa-oproer in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=130)



'n Meer spesifieke studie van *Beeld*, het getoon dat die tweede meeste stellings in 1990 (22,9% N=210) oor massa-oproer gehandel het, terwyl 15,3% (N=104) stellings in 1991 en 5,3% (N=152) stellings in 1993 oor massa-oproer gehandel het (kyk tabel 5.2). 'n Verdere ontleding van die stellings het getoon dat die meeste van die stellings in 1990 neutraal (12,4% N=210) was, maar dat daar in 1990 (10,5% N=210) en 1991 (9,6% N=104) meer stellings was wat massa-oproer afgekeur as goedgekeur het. In 1993 het die situasie verander en het daar meer goedkeurende (2,6% N=152) as afkeurende stellings, voorgekom.

Wanneer *The Star* van nader bestudeer word, blyk dit dat die tweede meeste stellings (23,2% N=202) in 1990 naas die gewapende stryd oor massa-oproer gehandel het. In terme van agendastelling, is massa-oproer dus as 'n belangrike nuusitem geïdentifiseer. In 1991 het 9,5% (N=85) en in 1993 het 3,3% (N=93) van die stellings oor massa-oproer gehandel (kyk tabel 5.3). In die geval van *The Star* was die meeste stellings in 1990 ook neutraal (14,3%) en was daar ook meer afkeurende (7,4%) as goedkeurende (1,5% N=202) stellings. Anders as *Beeld* het *The Star* geen stellings in 1991 geplaas wat massa-oproer bevraagteken het nie en was die meerderheid van die stellings (7,1% N=85) ook neutraal. In 1993 was 1,1% (N=93) van die stellings elk, neutraal, goedkeurend en afkeurend.

The Star het die beeld geprojekteer dat daar minder geweld en wanorde begin voorkom het. 'n Meer spesifieke ondersoek na die verspreiding van stellings tussen redaksionele kommentaar en berigte het getoon dat in 1990, ten spyte van die prominente dekking, massa-oproer nie in *Beeld*

(4,8% N=210) of *The Star* (1,5% N=202) baie aandag in hul onderskeie hoofartikels geniet het nie, maar dat al die stellings in albei gevalle massa-oproer afgekeur het. Ten spyte daarvan dat die meeste stellings neutraal was, kan daar in die lig hiervan tog gesê word dat die twee koerante 'n negatiewe persepsie van massa-oproer in hul redaksionele kommentaar geskep het. In 1991 het al *The Star* se stellings in berigte verskyn, terwyl die meeste stellings (12,5% N=104) ook in *Beeld* se berigte verskyn het. In die geval van *Beeld* het die meerderheid stellings in berigte (61,5% N=13) en hoofartikels (66,7% N=3) massa-oproer afgekeur. In 1993 het al *Beeld* se stellings in die redaksionele kommentaar verskyn en al *The Star* se stellings in berigte. Albei koerante het dus nie werklik massa-oproer as strydpunt in die redaksionele kommentaar beskou nie.

Samevattend blyk dit dus dat *The Star* 'n meer positiewe persepsie van massa-oproer as *Beeld* voorgehou het. *The Star* het net in 1990 meer afkeurende as goedkeurende stellings geplaas. *Beeld* het in 1990 en 1991 meer afkeurende as goedkeurende stellings geplaas en in 1993 het 50,0% (N=8) van die stellings massa-oproer goedgekeur (kyk tabelle 5.5 & 5.6). In totaal het *Beeld*, 24,4% (N=130) van die afkeurende stellings, teenoor die 12,3% (N=130) stellings van *The Star* geplaas.

'n Studie na wie die belangrikste bronne van stellings oor massa-oproer was, het aan die lig gebring dat dit in 1990 hoofsaaklik *Beeld* (5,7% N=210) en *The Star* (3,0% N=202) self was wat stellings gemaak het wat massa-oproer afgekeur het, maar daar is ook aangetoon dat die ANC (2,9%) en Nelson Mandela (1,4% N=210) in *Beeld* en Nelson Mandela (2,0% N=202) in *The Star* massa-oproer afgekeur het. Albei koerante het dus 'n negatiewe persepsie van massa-oproer geskep, maar dui ook spesifiek aan dat die ANC en ook Nelson Mandela massa-oproer afgekeur het (kyk tabelle 5.9 & 5.10).

Hierdie situasie verander in 1991, waar die meeste goedkeurende stellings in sowel *Beeld* (3,8% N=104) as *The Star* (2,4% N=85) deur die ANC gemaak is. Die meeste afkeurende stellings in *Beeld* is deur die regering (7,7% N=104) gemaak. Hier is nou meer die persepsie geskep dat die ANC ten gunste van massa-oproer was en dat dit die regering was wat dit afgekeur het. In 1993 is die meeste goedkeurende stellings in *Beeld* deur die koerant self (2,0%) en die ANC (0,7% N=152) gemaak. In *The Star* het die ANC elk 1,1% (N=93) goedkeurende en afkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 5.11, 5.12, 5.15 & 5.16). Die goedkeurende persepsie van *Beeld* in 1993 kan moeilik verklaar word, veral as in ag geneem word dat dit duidelik die standpunt van die koerant was. *Beeld* het self die meeste goedkeurende stellings gemaak en dit het in die redaksionele kommentaar verskyn.

5.3.6 Die ANC verbintenis met die SAKP

Die ANC en SAKP se verbintenis strek ver terug tot die laat jare twintig. Die SAKP het die ANC dikwels as 'n front gebruik - die SAKP se invloed het nie in die getal lidmaatskap nie, maar die strategiese plasing van die SAKP-lede binne die ANC gelê (vgl. paragraaf 3.2.1).

Dié aspek het die meeste aandag in 1993 (62,2% N=61) geniet, gevolg deur 1990 (29,5% N=61) (kyk tabel 5.4). In vergelyking met die ander temas in hierdie kategorie, het die ANC se verbintenis met die SAKP net in 1993 (15,5% N=245) werklik prominente aandag geniet en het die meeste stellings (8,6% N=245) dit afgekeur (kyk tabel 5.1). Dit wil dus voorkom of die ANC veral in 1990, na sy ontbanning en weer in 1993 tydens onderhandeling rekenskap van sy verbintenis met die SAKP moes gee. Dit het veral tydens onderhandeling aan die orde gekom en moes daar oor die status van die twee groepe besin word, of hulle saam of afsonderlik aan onderhandeling gaan deelneem.

Wanneer die stellings in *Beeld* en *The Star* afsonderlik bestudeer word, blyk dit dat *Beeld* die kwessie van die ANC se verbintenis met die SAKP baie belangriker geag het en het 85,2% (N=61) van die stellings oor die SAKP-alliansie in *Beeld* verskyn. *Beeld* het ook aansienlik meer afkeurende stellings (37,7%), teenoor die 3,3% (N=61) afkeurende stellings in *The Star* geplaas. Wanneer in ag geneem word dat *Beeld* tradisioneel die NP-regering gesteun het, kan hierdie negatiewe persepsie van die ANC se verbintenis met die SAKP verstaan word. Binne die konteks van die agendastellingshipotese is dit dus duidelik dat *The Star* nie die SAKP-alliansie in dieselfde mate as *Beeld* as 'n strydpunt beskou het nie. In terme van die skepping van 'n mediarealiteit, kan aanvaar word dat *Beeld* eerder probeer het om die persepsie van die SAKP gevaar voor te hou (vgl. paragraaf 3.3.4.5).

Uit tabel 5.2 blyk dit dat *Beeld* die ANC-SAKP alliansie net in 1993, waar 23,6% (N=152) van die stellings daaroor gehandel het, as strydpunt beskou het. In 1990 (7,1% N=210) en 1992 (5,3% N=19) was daar net enkele verwysings na die SAKP. In 1990 het die meeste van die stellings (3,3% N=210) die verbintenis goedgekeur, terwyl al die stellings in 1992 en 12,5% (N=1993) van die stellings in 1993 die ANC-SAKP verbintenis afgekeur het. *Beeld* het in 1990 (6,7% N=210) die meeste stellings oor die SAKP in sy berigte geplaas en in 1992 het al die stellings in berigte voorgekom, maar dit was opmerklik dat in 1993 die meeste van die stellings (13,8% N=152) in die hoofartikels voorgekom het. Hiervan het 66,7% (N=21) stellings dié verbintenis afgekeur.

Wanneer die goedkeurende en afkeurende stellings verder bestudeer word, blyk dit dat die meeste goedkeurende stellings in 1990 deur die ANC (2,4% N=210) en in 1993 deur *Beeld* self (2,0% N=152) gedoen is. Die meeste afkeurende stellings in 1990 is ook deur die ANC (1,4% N=210) en in 1992 (5,3% N=19) deur die regering en *Beeld*, en in 1993 (8,6% N=152) deur *Beeld* self gemaak (kyk tabelle 5.9, 5.13 & 5.15). Dit wil dus voorkom of *Beeld* die ANC se verbintenis met die SAKP afgekeur het, maar aangetoon het dat die ANC ook soms bedenkinge oor die verbintenis gehad het. In terme van instrumentele aktualisering, wil dit voorkom of *Beeld* in 1990 die beeld geprojekteer het dat die ANC baie sterk verbintenis met die SAKP gehad het, deur uitsprake te plaas waarin die ANC dié verbintenis steun.

The Star het in geen van die tydperke die SAKP-alliansie as belangrike nuusitem geïdentifiseer nie en daar was net enkele verwysings in 1990 (1,5% N=202), 1991 (1,2% N=85), 1992 (2,7% N=126) en 1993 (2,2% N=93) na die SAKP-alliansie. Wanneer hierdie stellings verder ondersoek word, blyk dit dat *The Star* geen afkeurende stellings in 1990, 1991 en 1992 geplaas het nie, maar dat al die stellings in 1993 die SAKP-ANC alliansie veroordeel het (kyk tabel 5.3). Die meeste van die stellings in *The Star* in 1990 (1,5% N=202) en 1991 (13,0% N=85) het in berigte verskyn, teenoor 1992 (1,6% N=126) en 1993 (2,2% N=93) waar die meeste stellings in die redaksionele kommentaar voorgekom het. Dit wil dus tog voorkom of *The Star* die SAKP-ANC-alliansie in 1992 en 1993 as belangriker nuusitem beskou het en dit is insiggewend dat in 1993 die meeste stellings in die redaksionele kommentaar die verbintenis afgekeur het.

Albei die koerante het dus aanvanklik stellings geplaas wat die ANC-SAKP alliansie goedgekeur het. Hierdie verskynsel moet egter binne die konteks gesien word dat die ANC self die meeste goedkeurende stellings gemaak het en die organisasie waarskynlik sy verbintenis met die SAKP probeer rasionaliseer het. Moontlik het die koerante ook probeer om die idee te skep dat die ANC die verbintenis goedkeur om so 'n meer militante en kommunistiese beeld aan die ANC te gee. In hierdie opsig sou daar ook gesê kon word dat daar 'n ander beeld van die ANC, wat sy verbintenis met die SAKP afkeur, voorgehou is.

5.3.7 Trein-/busaanvalle

In 1990 het 'n nuwe vorm van terreur na vore getree en is daar begin om veral treinpendelaars aan te val. Hierdie geweldpleging het in 1992 'n hoogtepunt bereik en daar is na raming meer as 200 mense in geweld op treine aan die Witwatersrand oorlede (vgl. paragraaf 3.4.2.1).

Trein-/busaanvalle het net in 1991 (2,4% N=189), 1992 (9,0% N=145) en 1993 (2,0% N=245) aan die orde gekom. Dit is opmerklik dat daar nie werklik 'n bepaalde standpunt oor die aspek uitgespreek is nie en dat die meeste stellings (82,6% N=23) deurgaans neutraal was. Daar moet egter nie uit die oog verloor word, dat daar ook geen goedkeurende stellings was nie (kyk tabel 5.1). *Beeld* het net in 1991 (4,8% N=104) stellings oor trein-/busaanvalle geplaas. *The Star* het in 1992 (10,3% N=126) en in 1993 (5,4% N=93) stellings oor die kwessie geplaas. In al die gevalle was die meerderheid stellings neutraal (kyk tabelle 5.2 & 5.3). Daar kan aanvaar word dat daar net oor die bepaalde voorvalle berig is.

Die afkeurende stellings in *Beeld*, is in 1991 deur die ANC (1,0%) en Inkatha (1,0% N=210) gemaak. Die afkeurende stellings in *The Star*, is in 1993 deur die ANC (1,1%) en die koerant self (1,1% N=93) gemaak (kyk tabelle 5.11 & 5.16).

Dit is insiggewend dat geeneen van die koerante, in die ondersoektydperk enige stellings van die ANC geplaas het, waar die organisasie dié aanvalle steun of probeer regverdig nie. Dit wil voorkom of, hoewel die ANC nie noodwendig na sy ontbanning van die gebruik van geweld as politieke strategie afgesien het nie, die ANC hom wel van tradisionele terreurdade weerhou het en dat dit ook die beeld is wat deur sowel *Beeld* as *The Star* gereflekteer is.

5.3.8 Bomontploffings

Bomontploffings het nie werklik in hierdie ondersoektydperk in die twee koerante aan die orde gekom nie en daar was slegs in 1990 (0,5% N=412) en 1991 (2,1% N=189) verwysings na bomontploffings. In 1990 was al die verwysings neutraal, terwyl die meerderheid stellings in 1991 (1,6% N=412) bomontploffings afgekeur het (kyk tabel 5.1). *Beeld* het in 1991 (3,9% N=104) en *The Star* in 1990 (1,0% N=202) na bomontploffings verwys (kyk tabelle 5.2 & 5.3). Daar was soos in die geval van bus-/treinvoorvalle, geen stellings deur die ANC wat bomontploffings goedgekeur het nie. Albei koerante het dus binne die konteks van realiteitskepping, die beeld geprojekteer dat die ANC nie meer van tradisionele terreurdade gebruik gemaak het nie (vgl. tabelle 5.10 & 5.1).

5.3.9 Algemene geweld

Die meeste stellings oor geweld oor die algemeen het in 1990 (50,0%) voorgekom, gevolg deur 30,7% (N=26) stellings in 1992 (kyk tabel 5.4). Hoewel geweld oor die algemeen in geen van die tydperke 'n prominente plek op die nuusagenda ingeneem het nie, is dit tog insiggewend om daarop te let dat daar geen goedkeurende stellings voorgekom het nie en deurgaans 'n neiging

was om geweld af te keur. Daar was meer afkeurende stellings in al die tydperke, behalwe in 1992, waar die meeste van die stellings neutraal was en in 1989 waar daar ewe veel neutrale en afkeurende stellings was (kyk tabel 5.1).

Beeld het deurgaans 'n negatiewe persepsie van geweld voorgehou en in 1989 (2,5% N=40), 1991 (1,0% N=104) en 1993 (0,7% N=152) het al die stellings in *Beeld* geweld afgekeur. In 1992 het die meeste stellings (2,9% N=210) geweld afgekeur, maar hier het ook 1,4% (N=210) neutrale stellings verskyn. *The Star* het ook in 1993 (1,1% N=93) net afkeurende stellings geplaas. In 1990 en 1992 het afkeurende en neutrale stellings verskyn en in 1989 was al die stellings neutraal (kyk tabel 5.2 & 5.3).

In 1989 (2,5% N=40) en 1991 (1,0% N=104) is die meeste afkeurende stellings deur *Beeld* self gedoen, terwyl die regering (1,9%), ANC (0,5%) en ander groepe (0,5% N=210) die afkeurende stellings in 1990 gemaak het. In 1993 (7% N=152), het die ANC al die afkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 5.7, 5.9, 5.11, 5.15). *The Star* het meer as *Beeld* aangetoon dat die ANC geweld afkeur en het die ANC die meeste afkeurende stellings in 1990 (1,5% N=202) en 1993 (1,1% N=93) gemaak. In 1992 het *The Star* egter aangetoon dat die ANC (0,8%) geweld gesteun het en dat Inkatha (0,8% N=126) die geweld afgekeur het (kyk tabelle 5.10, 5.14 & 5.16).

Beeld en *The Star* het albei hoofsaaklik die geweld veroordeel. *Beeld* het egter 'n nog negatiewer beeld van geweld geprojekteer en het die meeste stellings in elke ondersoektydperk, geweld afgekeur. Hierdie argument word ook gestaaf as in ag geneem word dat *Beeld* telkens self die stellings gemaak het, terwyl *The Star* eerder van die ANC se stellings gepubliseer het. Dit is interessant dat albei koerante dit beklemtoon het dat dit die ANC is wat geweld afgekeur het. By implikasie word die beeld geskep dat die ANC 'n vreedsame politieke organisasie was.

5.4 SAMEVATTING

Uit bogenoemde het dit geblyk dat die meeste stellings wat met geweld verband gehou het oor die gewapende stryd verskyn het. Dit het die implikasie dat, hoewel die ANC in 1990 ontban is, die vraag na die gebruik van geweld nog steeds prominente nuusdekking geniet het. Dit moet egter ook gesien word binne die konteks dat die ANC beslis nie as tipiese terreurbeweging voorgestel is nie. Daar het baie min stellings oor terreurdade soos bomontploffings en bus/treinaanvalle verskyn en is die ANC ook nie regstreeks daarmee verbind nie.

Nie teenstaande bogenoemde, het albei koerante in hul eie uitsprake hoofsaaklik die gewapende stryd veroordeel. Dit was egter opmerklik dat veral *Beeld* aangetoon het dat die ANC aanvanklik die gewapende stryd gesteun het en dus by implikasie 'n negatiewe beeld van die ANC voorgehou het, maar dan aangetoon het dat die ANC ook vanaf 1993 die gewapende stryd begin bevraagteken het. Dit blyk dus dat *Beeld* begin het om 'n meer positiewe beeld, in terme van instrumentele aktualisering en persoonlikheidsbeklemtoning, van die ANC voor te hou.

In teenstelling met bogenoemde het nie *Beeld* of *The Star* die ANC met geweld in *townships* verbind nie. Albei koerante het dit self afgekeur, maar ook aangetoon dat die ANC en veral Nelson Mandela die geweldpleging in die swart woonbuurte afgekeur het. Die ANC is egter met massa-oproer verbind. In 1990, het albei koerante massa-oproer afgekeur en ook aangetoon dat veral Nelson Mandela dit afgekeur het, maar vanaf 1991 word die persepsie geskep dat die ANC massa-oproer voorgestaan het. Dieselfde tendens kom by massa-aksie voor, waar aangedui word dat die ANC ten gunste van massa-aksie was. Die verskil was egter dat *The Star* self ook ten gunste van massa-aksie was en dus nie 'n negatiewe persepsie van die ANC voorgehou het nie.

Dit was hoofsaaklik *Beeld* wat aandag gegee het aan die kwessie van die optrede van die veiligheidsmagte en die ANC se verbintenis met die SAKP. *Beeld* het met die uitsondering van 1989 telkens stellings geplaas wat die optrede van die veiligheidsmagte goedgekeur het, terwyl *The Star* eers in 1993 stellings begin plaas het wat dié optrede goedgekeur het. *Beeld* het die ANC se verbintenis met die SAKP afgekeur, maar ook aangetoon dat die ANC dit veral in 1990 afgekeur het.

Samevattend kan dan gestel word dat albei koerante 'n negatiewe persepsie van geweld as politieke strategie voorgehou het, maar ook aangetoon het dat die ANC dit afgekeur het (vgl. doelstelling 1.2.2b). Ten einde die vraag na die beeld van die ANC ten opsigte van die gebruik van geweld te beantwoord, is dit ook nodig om ondersoek na die beeld van die ANC ten opsigte van onderhandelaar en demokratiese politieke beweging te doen.

Hoofstuk 6

Bespreking van resultate: Die ANC as demokratiese politieke beweging

6.1 INLEIDING

Die destydse staatspresident, FW de Klerk, se toespraak op 2 Februarie 1990 het drastiese politieke verandering in die vooruitsig gestel wat ook verreikende gevolge vir die ANC gehad het. Dit het beteken dat daar afgesien moes word van 'n bestaande politieke bestel en dat 'n nuwe politieke tydvak binne gegaan is. Dit het onder andere geïmpliseer dat die ANC van verbode organisasie wat geweld as politieke strategie voorgestaan het, moes verander na demokratiese politieke beweging wat aan die onderhandelingsproses deelgeneem het. Dit het beteken dat die ANC moes transformeer van organisasie wat hom sedert 1969 verbind het, tot die gebruik van geweld om politieke verandering af te dwing (vgl. paragraaf 3.3.4.1), na 'n beweging wat deel sou vorm van 'n demokraties verkose regering van nasionale eenheid.

Volgens die agendastellingshipotese, en spesifiek instrumentele aktualisering en persoonlikheidsbeklemtoning (vgl. paragraaf 2.4.7.1), kan die media deur middel van selektiewe beriggewing 'n bepaalde politieke bestuurstyl aan 'n politieke party toeskryf. Dit is teen die agtergrond wat die vraag gestel word na die beeld van die ANC as politieke deelnemer en onderhandelaar.

Om dié vraag te beantwoord, word daar in die eerste instansie ondersoek gedoen na aspekte wat met die sogenaamde ou Suid-Afrika verband gehou het en wat moontlike struikelblokke op die weg van vreedsame politieke verandering kon wees. Volgens instrumentele aktualisering skep die media 'n bepaalde probleem en toon dan aan op watter wyse die bepaalde politieke beweging hierdie probleem hanteer het. In die huidige studie moet dus eers bepaal word of politieke verandering nodig was, met ander woorde of daar 'n bepaalde probleemsituasie was. In die tweede instansie word dan ondersoek gedoen na die wyse waarop die ANC die probleem, aangespreek het.

6.2 STRUIKELBLOKKE IN POLITIEKE VERANDERING


In hierdie kategorie is spesifiek ondersoek gedoen na aspekte wat moontlik in die pad van politieke verandering in Suid-Afrika sou kon staan. Die temas wat aangespreek is, was die

noodtoestand, ontbanning van politieke partye, vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van bannelinge. (Kyk Bylae A vir 'n volledige beskrywing van elke tema.)

6.2.1 Algemene tendense met betrekking tot temas wat verband hou met die struikelblokke in politieke verandering.

Figuur 6.1

Persentasie uiteensetting van temas oor struikelblokke in politieke verandering in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=426)




Wanneer die stellings oor die struikelblokke bestudeer word, blyk dit dat *Beeld* en *The Star* gesamentlik die noodtoestand (51,9% N=426) en die vrylating van politieke gevangenes (31,9% N=426) as belangrikste strydpunte geïdentifiseer het. Dit is egter opmerklik dat daar relatief min stellings (6,6% N=426) oor die ontbanning van politieke organisasies verskyn het (kyk figuur 6.1). Hierdie tendens is moeilik verklaarbaar, aangesien die ontbanning van die ANC groot historiese waarde gehad het. Dit is veral moeilik om te verklaar, as in ag geneem word dat die opheffing van die noodtoestand en ontbanning van politieke gevangenes baie blootstelling geniet het. 'n Moontlike verklaring sou wees dat beriggewing oor die vrylating van politieke gevangenes, ook die ontbanning van dié organisasie geïmpliseer het en derhalwe nie apart aangespreek is nie.

'n Onderzoek na die voorkoms van stellings oor struikelblokke in politieke verandering, het getoon dat die meeste stellings in hierdie kategorie in 1990 (56,3% N=426) en 1989 (38,5%

N=426) voorgekom het. Daarna was daar 'n baie skerp afname na 1991 en daarna verdwyn die temas bykans heeltemal van die nuusagenda af (kyk figuur 6.2). Hierdie tendens reflekteer in 'n groot mate die politieke klimaat in hierdie tydperke. In 1989 was hierdie aspekte nog politieke vraagstukke op die nuusagenda, waarvoor daar voorspraak gemaak moes word. In 1990 het hulle aan die orde gekom en daarna moes nog net enkele van die gevolge aangespreek word.

Figuur 6.2

Persentasie uiteensetting van stellings wat verband hou met struikelblokke in politieke verandering in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=426)



Dit wil voorkom of *The Star* hierdie struikelblokke as belangriker nuusitems as *Beeld* beskou het en 71,8% (N=426) van die stellings in hierdie kategorie het in *The Star*, verskyn. Dit kan verklaar word as gevolg van *The Star* se redaksionele beleidsrigting om teen apartheid te agitêr, veral voor 1990 (vgl. paragraaf 2.5.1.1). *The Star* het hierdie aspekte ook vroeër as *Beeld* aan die orde gestel. In 1989 het reeds 52,3% (N=306) van die stellings in *The Star* oor dié temas verskyn teenoor die 43,5% (N=306) stellings in 1990. By *Beeld* lyk die verspreiding heeltemal anders. In 1990 het slegs 3,3% (N=120) van die stellings oor die temas verskyn, in vergelyking met 89,2% (N=120) stellings in 1990 (kyk tabelle 6.2⁹ & 6.6 & figuur 6.2). Dit blyk dus dat daar by *Beeld* 'n taamlike klemverskuiwing in die projektering van die werklikheid plaasgevind het en dat struikelblokke in 1990 belangriker geword het en ook negatief voorgestel is, terwyl *The Star* reeds in 1989 die persepsie geskep het dat hy dit bevraagteken het. Sowel *Beeld* as *The Star* het dus die situasie geskets waarin die ou Suid-

Afrika onaanvaarbaar geword het. Dit het die implikasie dat die probleem op die een of ander wyse aangespreek moes word.

Daar gaan nou in meer besonderhede ondersoek ingestel word na die wyse van aanbieding van die temas in die verskillende ondersoektydperke. Daar gaan ondersoek gedoen word na die relatiewe belangrikheid van die betrokke tema in die ondersoektydperk en daar sal dan aandag gegee word aan die houding van die koerant teenoor die tema en deur wie die stelling gemaak is.

6.2.2 Ontleding van die temas in die ondersoektydperk


6.2.2.1 Noodtoestand

Die meeste van die stellings oor die noodtoestand het in 1989 (74,2% N=221) verskyn, en was hoofsaaklik (39,8% N=221) ten gunste van die opheffing van die noodtoestand. In 1990 het die stellings oor die noodtoestand gedaal na 25,0% (N=221) (kyk tabel 6.4 en figuur 6.3). Dit kan verklaar word teen die agtergrond dat die opheffing van die noodtoestand in 1989 bepleit is, terwyl die opheffing van die noodtoestand en die nagevolge daarvan onderskeidelik in 1990 en 1991 beskryf is. Wanneer die belangrikheid van die noodtoestand, in vergelyking met die ander temas in hierdie kategorie bestudeer word, blyk dit dat dit in 1989 die enigste tema was, wat aangespreek is en in 1990 (23,0% N=240) was dit die tweede belangrikste aspek op die nuusagenda (kyk tabel 6.1). In terme van die agendastellingshipotese, kan daar gesê word dat *Beeld* en *The Star* gesamentlik die noodtoestand as belangrike strydpunt op die nuusagenda geïdentifiseer het. *The Star* het egter in totaal baie meer aandag aan die noodtoestand gegee en het 86,4% (N=221) van die stellings oor die noodtoestand in *The Star* verskyn. *The Star* (49,3% N=221) het ook hoofsaaklik stellings geplaas wat die noodtoestand afgekeur het, teenoor die 10,0% (N=221) afkeurende stellings in *Beeld*.

Dit is opmerklik dat *The Star* die noodtoestand in 1989 baie meer as *Beeld* beklemtoon het. *Beeld* het in 1989 nog bykans geen aandag aan die aspek gegee nie en het die meeste van die stellings in *Beeld* eers in 1990 (80,0% N=30) verskyn. *Beeld* het dus later (1990) die persepsie begin voorhou dat die noodtoestand opgehef moes word - in werklikheid nadat daar reeds besluit is om die noodtoestand op te hef. In teenstelling hiermee het *The Star* reeds in 1989 stellings geplaas wat teen die noodtoestand geagiteer het (kyk tabelle 6.5 & 6.6 & figuur 6.3).

Figuur 6.3

Persentasie uiteensetting van stellings oor die noodtoestand in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=221)



Sowel *Beeld* as *The Star* het, deur oorwegend stellings te plaas wat die noodtoestand afgekeur het, die idee geskep dat die noodtoestand opgehef moes word. Hoewel dié persentasie stellings na 1990 gedaal het, het daar in verhouding meer stellings verskyn wat die noodtoestand afgekeur het. In 1989 het 53,7% (N=164) van die stellings die noodtoestand afgekeur, teenoor die 74,5% (N=55) afkeurende stellings in 1990. Die hoë persentasie neutrale stellings (38,5% N=164) is opmerklik in 1989 teenoor die 5,5% (N=55) neutrale stellings in 1990. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die beperkings waaraan die media in 1989 onderwerp was tot meer feitlike beriggewing gelei het.

Hoewel *Beeld* aansienlik minder aandag aan die kwessie as *The Star* in 1989 gegee het (vgl. figuur 6.3), moet daar in ag geneem word dat *Beeld* baie pertinent standpunt ingeneem het. Al die stellings het in die redaksionele kommentaar verskyn en is deur die koerant self gemaak (kyk tabel 6.7).

Daarenteen het die meeste van *The Star* (88,2% N=160) se stellings oor die noodtoestand in 1989 in berigte verskyn, hiervan het 44,4% (N=160) stellings die noodtoestand afgekeur. Die meeste van dié afkeurende stellings is deur ander groepe (30,6% N=160) en die koerant self (16,3% N=160) gemaak (kyk tabel 6.8). *The Star* het in verhouding 'n meer negatiewe persepsie van die noodtoestand in sy redaksionele kommentaar voorgehou, waar 78,9% (N=19) van die stellings dit veroordeel het. Dit moet gesien word as deel van *The Star* se stryd teen die noodtoestand en gepaardgaande beperkinge op die media.

In 1990 het die meeste stellings in sowel *Beeld* (75,0% N=24) as *The Star* (74,2% N=31) 'n afkeurende persepsie van die noodtoestand voorgehou. Dié afkeurende gees in *The Star* is in sowel die berigte (16,6% N=133), waar 77,3% (N=22) van die stellings, as die hoofartikels waar 66,7% (N=9) stellings hulle teen die noodtoestand uitgespreek het, weerspieël. Ook in *Beeld* is 'n negatiewe persepsie van die noodtoestand in berigte en artikels voorgehou. In berigte (14,9% N=107) het 75,0% (N=16) stellings en in hoofartikels (7,4% N=107) het 75,0% (N=8) stellings die noodtoestand veroordeel. Op dieselfde wyse as in 1989, het sowel *Beeld* (3,7% N=107) as *The Star* (5,3% N=133) weer self die noodtoestand bevraagteken, maar dit was opmerklik dat *The Star* ook aangetoon het dat die regering (6,8% N=133) die noodtoestand afgekeur het. *Beeld* daarenteen het die punt gemaak dat Nelson Mandela (7,5%) en die ANC (2,8% N=107) die noodtoestand bevraagteken het (kyk tabelle 6.9 & 6.10).

Slegs *Beeld* het in 1991 (14,3% N=7) en 1993 (100,0% N=1) aan die aspek aandag gegee. Al die stellings het die noodtoestand afgekeur en is deur die ANC gemaak (kyk tabel 6.2, 6.11 & 6.14).

Samevattend blyk dit dus dat albei koerante hoofsaaklik stellings geplaas het, wat die noodtoestand afgekeur het en het *Beeld* en *The Star* daardeur 'n negatiewe persepsie aan hul lesers van die noodtoestand voorgehou. Daar is ook aangetoon dat die ANC teen die noodtoestand gekant was. In terme van die beeld van die ANC, impliseer dit dat albei koerante die ANC as politieke beweging voorgestel het, wat met reg die instelling van die noodtoestand gekritiseer het.

6.2.2.2 Ontbanning van politieke organisasies

Die meeste stellings oor die ontbanning van politieke organisasies het in 1990 (96,4% N=28) voorgekom toe verskeie politieke organisasies, waaronder die ANC, ontban is (kyk tabel 6.4). Word die stellings egter in verhouding tot die stellings oor ander temas in 1990 bestudeer blyk

dit dat die ontbanning van politieke partye (11,2% N=240) een van die temas is, wat die minste blootstelling gekry het (kyk tabel 6.1). Dit is vreemd gesien in die lig van die ontbanning van die ANC in 1990. Dit was 'n ingrypende politieke gebeurtenis en daar sou verwag kon word dat die aspek meer aandag in 1990 sou geniet het (vgl. paragraaf 3.4). Ook wanneer dit met stellings oor die noodtoestand in 1989 en 1990 vergelyk word, word die persepsie geskep dat meer stellings die opheffing van die noodtoestand as die ontbanning van politieke partye bepleit het.

Beeld (8,4% N=107) het in 1990, in vergelyking met die ander temas minder aandag aan die aspek as *The Star* (13,5% N=133) gegee. Hier moet in ag geneem word dat waar die meeste van die stellings in *The Star* in berigte (9,1% N=133) verskyn het, het *Beeld* (4,7% N=107) meer stellings in sy hoofartikels geplaas. Nie een van die koerante het werklik stellings geplaas wat 'n bepaalde persepsie oor die ontbanning van politieke partye voorgehou het nie, sowel *Beeld* (5,6% N=107) as *The Star* (6,0% N=133) het albei 'n hoë persentasie neutrale stellings geplaas (kyk tabelle 6.2 & 6.3). Wanneer ondersoek na die goedkeurende stellings gedoen word, blyk dit dat *Beeld* die indruk geskep het dat dit Nelson Mandela (1,9% N=107) was, wat ten gunste van die ontbanning van politieke organisasies was, terwyl *The Star* (2,3% N=133) eerder aangetoon het dat die regering ten gunste daarvan was. Dit is insiggewend dat *The Star* self (3,0%) ook die ontbanning van politieke partye goedgekeur het. Daardeur het *The Star* in 'n sekere mate 'n positiewe beeld van die regering geskets (kyk tabelle 6.9 & 6.10).

In 1992 is dit die enigste tema wat in hierdie kategorie aangespreek is en net *Beeld* het daaraan aandag gegee (kyk tabelle 6.2 & 6.3). Al die stellings het die ontbanning van politieke organisasies afgekeur en in *Beeld* se redaksionele kommentaar voorgekom. Op die oog af lyk dit na 'n vreemde verskynsel dat *Beeld* twee jaar na die ontbanning van die ANC begin het om stellings te plaas wat dit bevraagteken het. Wanneer daar egter in ag geneem word dat die stellings nie deur *Beeld* self nie, maar deur ander groepe gemaak is, was dit waarskynlik van die ANC se opponente wat die stellings gemaak het (kyk tabel 6.13).

6.2.2.3 Terugkeer van bannelinge

Die kwessie oor die terugkeer van bannelinge het in 1990 (11,6% N=240) en 1991 (65,0% N=20) aan die orde gekom. Wanneer dit met die ander temas in hierdie kategorie vergelyk word, het die meeste stellings in 1991 oor die terugkeer van bannelinge gehandel. Hierdie tendens kan waarskynlik aan die nagevolge van die ontbanning van die ANC die vorige jaar

toegeskryf word. Dit het beteken dat die terugkeer van bannelinge vir die eerste keer in 1991 'n werklike probleem geword het. In 1990 en 1991 was die meeste stellings neutraal, maar in 1991 was daar meer goedkeurende as afkeurende stellings (kyk tabel 6.1).

'n Afsonderlike ontleding van *Beeld* en *The Star* het getoon dat sowel *Beeld* (57,2% N=7) as *The Star* (69,3% N=13) die terugkeer van bannelinge as die belangrikste aspek op die nuusagenda van 1991 geïdentifiseer het. 'n Verdere bestudering van die data het getoon dat *Beeld* geen goedkeurende stellings geplaas het nie, teenoor *The Star* wat 55,6% (N=9) goedkeurende stellings geplaas het. Die twee koerante het dus verskillende persepsies oor die terugkeer van bannelinge weerspieël.

In 1990 is die goedkeurende stellings in *Beeld* hoofsaaklik deur die ANC (1,9%) en die regering (0,9% N=107) gemaak. In *The Star* is die goedkeurende stellings deur die ANC (1,5% N=133) gemaak. In 1991 is die meeste afkeurende stellings in *Beeld* deur die regering (14,3% N=7) gemaak en die neutrale stellings deur *Beeld* self. In *The Star* is die goedkeurende stellings deur die koerant self (23,1%) en ander groepe (15,4% N=13) gemaak. Dit is opmerklik dat die goedkeurende stellings in 1990 hoofsaaklik deur die ANC gemaak is. *Beeld* het in 1991 die persepsie voorgehou dat die regering teen die terugkeer van bannelinge, gekant was. In *The Star* het die koerant self die meeste goedkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 6.9, 6.10 & 6.12).

6.2.2.4 Vrylating van politieke gevangenes

Die vrylating van politieke gevangenes het slegs in 1990 (95,6%) en in 1991 (4,4% N=136) aandag geniet (kyk tabel 6.4), maar is in vergelyking met die ander temas baie prominent aangespreek. In 1990 (54,3% N=240) was dit die belangrikste aspek op *Beeld* en *The Star* se gesamentlike nuusagenda en in 1991 (30,0% N=20) die tweede belangrikste aspek (kyk tabel 6.1). Die hoë mate van blootstelling kan aan die vrylating van Nelson Mandela in 1990 toegeskryf word. In 1991 is daar nie 'n bepaalde persepsie weerspieël nie en was die meerderheid stellings (50,0% N=6) neutraal van aard.

Wanneer *Beeld* en *The Star* afsonderlik bestudeer word, blyk dit dat sowel *Beeld* (54,3% N=107) as *The Star* (54,2% N=133) die vrylating van politieke gevangenes as die belangrikste aspek op 1990 se nuusagenda geïdentifiseer het en is hoofsaaklik stellings wat dit gesteun het, geplaas (kyk tabelle 6.2 & 6.3). Dit moet gesien word binne die konteks dat die vrylating van politieke gevangenes van die begin van die onderhandelingsproses af 'n twispunt was. Reeds

met die ondertekening van die *Pretoria Minuut* in 1990, is onder andere ooreengekom dat die ANC van die gewapende stryd afstand sou doen, in ruil vir die vrylating van politieke gevangenes (vgl. paragraaf 3.4.2.2).

Ten spyte van die prominensie van die vrylating van politieke gevangenes, het albei koerante meer aandag in 1990 aan die aspek in hul berigte gegee en in 1991 het al die stellings in berigte verskyn. In 1990 het *The Star* stellings geplaas wat die vrylating van politieke gevangenes ondersteun het in berigte (42,9% N=133), waar 52,6% (N=57) stellings en in redaksionele kommentaar (11,3% N=133), waar 66,7% (N=15) stellings ten gunste van die vrylating van politieke gevangenes was. In 1990 het *Beeld* hoofsaaklik goedkeurende stellings in sowel berigte (51,0% N=49) as in sy redaksionele kommentaar (33,3% N=9) geplaas. *Beeld* het nie 'n duidelike standpunt oor die vrylating van politieke gevangenes in 1991 gereflekteer nie, maar dit wil voorkom of daar 'n minder positiewe beeld as in 1990 was en het geen van die stellings die vrylating van politieke gevangenes goedgekeur nie (kyk tabelle 6.2 & 6.3).


Word die bronne wat die stellings gemaak het, verder bestudeer blyk dit dat *The Star* self in 1990 ten gunste van die vrylating van politieke gevangenes was en ook aangetoon het dat die regering (9,8% N=133) dit gesteun het, teenoor *Beeld* wat eerder die ANC (7,5% N=107) se stellings gebruik het. *The Star* wil dus die idee skep dat die regering ten gunste van die vrylating van politieke gevangenes was, daardeur kon *The Star* moontlik poog om 'n meer gematigde beeld van die regering aan sy lesers voor te hou. *Beeld* aan die ander kant het aangetoon dat die ANC (7,5% N=107) ten gunste van die vrylating van politieke gevangenes was. *Beeld* self (4,7% N=107) en die regering (5,6% N=107) het ook goedkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 6.9 & 6.10). In 1991 is al die afkeurende stellings (14,3% N=7) ook deur die regering gedoen en al die neutrale stellings (14,3%) deur *Beeld* self gedoen. In *The Star* is die goedkeurende stellings deur ander groepe gedoen (kyk tabelle 6.11 & 6.12). Oor die algemeen het *Beeld* en *The Star* albei die persepsie geskep dat politieke gevangenes vrygelaat moes word.

Uit bogenoemde het dit geblyk dat albei koerante hoofsaaklik die persepsie geskep het dat die struikelblokke in die weg van politieke verandering uit die weg geruim moes word. In terme van instrumentele aktualisering beteken dit dat daar wel 'n probleemsituasie geskets is, naamlik dat politieke verandering noodsaaklik was. In die volgende afdeling gaan gefokus word op die wyse wat die probleem hanteer is. Meer spesifiek gaan die beeld van die ANC, in terme van onderhandeling en politieke deelname, en die wyse waarop dit in *Beeld* en *The Star* uitgebeeld is, aan die orde kom.

6.3 POLITIEKE DEELNAME EN ONDERHANDELING

Figuur 6.4

Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=1224)




In die kategorie oor politieke deelname en onderhandeling is temas soos politieke hervorming; onderhandeling; samesprekings tussen FW de Klerk en Nelson Mandela; voorvereistes of struikelblokke in die weg van onderhandeling; die nuwe grondwet en die regering aangespreek. (Kyk Bylae A vir 'n volledige beskrywing van die temas.)

Dié temas hou almal duidelik met die politieke verandering en oorgang na 'n demokratiese politieke bestel verband. Die indeling van die tema oor die regering in hierdie kategorie kan moontlik bevraagteken word - dit is egter hier geplaas omdat dit in 'n groot mate die siening wat die ANC van die regering gehad het, weerspieël het en dit 'n invloed op onderhandeling kon hê.

6.3.1 Algemene tendense met betrekking tot stellings wat verband hou met politieke deelname en onderhandeling

Die temas wat die meeste dekking in die ondersoektydperk in hierdie kategorie geniet het, was onderhandeling (40,1% N=1224) en die nuwe grondwet (20,4% N=1224) (kyk figuur 6.4). In terme van agendastelling, kan dus gesê word dat onderhandeling as 'n belangrike strydpunt op die nuusagenda geïdentifiseer is.

Figuur 6.5
Persentasie uiteensetting van temas oor politieke verandering in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=1224)



Beeld het effens meer stellings (54,2% N=1224), teenoor die 45,8% (N=1224) stellings van *The Star* geplaas. Dit wil dus voorkom of *Beeld* die politieke transformasieproses meer beklemtoon het as *The Star*. As daar verder ondersoek gedoen word na die verspreiding van stellings oor die ondersoektydperke, blyk dit dat *Beeld* en *The Star* met die uitsondering van 1992 waar *Beeld* meer stellings gehad het (kyk. figuur 6.5), basies dieselfde tendens by die verspreiding van stellings getoon het.

Hiernaas volg 'n meer volledige uiteensetting van die wyse waarop *Beeld* en *The Star* die temas met betrekking tot politieke verandering hanteer het. In die eerste instansie is ondersoek gedoen na die relatiewe belangrikheid van 'n bepaalde tema tot die ander temas in hierdie kategorie in 'n betrokke tydperk. Daar is dus met ander woorde gepoog om te bepaal watter tema in 'n betrokke tydperk deur die betrokke koerant op die nuusagenda geplaas is. Verder is aandag gegee aan watter bron die betrokke stellings gemaak het, asook of dit in berigte of in die hoofartikels van die betrokke publikasie verskyn het.


In die tweede plek is meer spesifiek aan die belangrikste temas wat geïdentifiseer is, aandag gegee. Onderzoek is gedoen om vas te stel of daar in die verskillende tydperke 'n verandering by *Beeld* en *The Star* plaasgevind het in die aanbieding van die temas en gepaardgaande persepsies wat geskep is.

6.3.2 Bespreking van die temas in die ondersoektydperk

6.3.2.1 Onderhandeling

Onderhandeling, is met die uitsondering van 1989, elke jaar deur *Beeld* en *The Star* gesamentlik tydens die ondersoektydperk as die belangrikste aspek op die nuusagenda geïdentifiseer (kyk tabel 6.15). Die meeste van die stellings oor onderhandeling (31,5% N=491) het in 1990 verskyn, daarna was daar 'n daling na 1991 (16,7% N=491) en weer 'n styging vanaf 1992 (kyk figuur 6.7 & tabel 6.18). Dit wil dus voorkom of onderhandeling in 1990 net na die ontbanning van die ANC 'n belangrike plek op die nuusagenda ingeneem het, daarna het dit begin afneem. Sedert 1991, namate onderhandeling 'n voldwonge feit begin word het en 'n onderhandelde ooreenkoms in die vooruitsig gestel is, is daar toenemend meer stellings oor onderhandeling geplaas. Dieselfde tendens het by sowel *Beeld* as *The Star* voorgekom. Die groot aantal stellings oor onderhandeling in 1990 is insiggewend, as in ag geneem word dat die eerste ontmoetings met die oog op konstitusionele onderhandeling eers in Mei en Augustus 1990 sou plaasvind. Dit het die implikasie dat *Beeld* en *The Star* reeds in

Figuur 6.6
Persentasie uiteensetting van stellings oor onderhandeling in *Beeld* en *The Star* 1989-1990 (N=491)



Februarie 1990 onderhandeling op die nuusagenda geplaas en 'n positiewe beeld daarvan begin projekteer het. Onderhandeling het laat in 1991 werklik van die grond af gekom, met die eerste byeenkoms van Kodesa I op 20 Desember 1991 (vgl. paragraaf 3.4.2.2). Dit verklaar die stygende persentasie stellings oor onderhandeling vanaf 1992.

'n Afsonderlike ondersoek na *Beeld* en *The Star*, het getoon dat *The Star*, in terme van die ander temas in hierdie kategorie, onderhandeling effens belangriker as *Beeld* beskou het. *The Star* het in al die tydperke onderhandeling as belangrikste tema geïdentifiseer (kyk tabel 6.17). *Beeld* het onderhandeling in 1990 (41,8% N=206), 1991 (61,8% N=68) en 1993 (40,8% N=186) as die belangrikste aspek op die nuusagenda beskou, terwyl dit in 1992 (29,7% N=195) 'n tweede plek na verwysings na die nuwe grondwet, ingeneem het (kyk tabel 6.16). In albei gevalle was die meeste van die stellings ten gunste van onderhandeling.

In 1990 het die meeste van die stellings in *Beeld* se berigte (51,9% N=79), maar veral ook in die redaksionele kommentaar (75,6% N=20) onderhandeling sterk gesteun. Dieselfde patroon het by *The Star* (47,3% N=167) voorgekom. Die meeste van die stellings het in berigte (25,8% N=167) verskyn en hiervan het 81,4% (N=43) stellings onderhandeling gesteun, terwyl 84,6% (N=26) van die stellings in *The Star* se redaksionele kommentaar onderhandeling gesteun het.

In 1991 het meer as die helfte van *Beeld* se stellings (36,8% N=68) in die redaksionele kommentaar verskyn en was hul oorwegend (60% N=60) ten gunste van onderhandeling. *The Star* (48,3% N=85) het ook hoofsaaklik stellings (31,8% N=85) geplaas wat onderhandeling gesteun het (kyk tabel 6.17). In die geval van *The Star*, het daar meer stellings in berigte (27,0%) as in artikels verskyn, maar dit is opmerklik dat daar meer goedkeurende stellings in *The Star* se redaksionele kommentaar (88,2% N=17) as in die berigte (47,8% N=23) verskyn het.


Beeld het in 1992 voortgegaan met die tendens om 'n positiewe persepsie van onderhandeling, veral in sy redaksionele kommentaar te skep, waar 80,8% (N=26) stellings ten gunste van onderhandeling was, teenoor die 28,1% (N=32) goedkeurende stellings in berigte (16,4% N=195), waar die neutrale stellings 62,5% (N=32) besonder hoog was. Daar kan waarskynlik aanvaar word dat die onderhandelingsproses toe reeds goed aan die gang was en dat dit dus nie meer nodig was om voorspraak vir onderhandeling te maak nie, maar om eerder inligting oor die proses bekend te stel. By *The Star* is bevind dat hoewel daar meer stellings (79,5% N=43) in die redaksionele kommentaar verskyn het en hul oorwegend (65,2% N=23)

onderhandeling goedgekeur het, het daar in verhouding meer goedkeurende stellings (80,8% N=26) in *The Star* se berigte verskyn. In sowel *Beeld* (28,5% N=186) as *The Star* (34,4% N=169) het die meeste stellings in 1993 in berigte voorgekom. Die meerderheid stellings in berigte en artikels het onderhandeling gesteun.

Dit het uit voorafgaande ondersoek geblyk dat *Beeld* en *The Star* albei, deurgaans in al die tydperke, hoofsaaklik goedkeurende stellings oor onderhandeling geplaas het. Dit sou egter nie korrek wees om die aanname te maak dat *Beeld* en *The Star* toenemend meer goedkeurende stellings oor onderhandeling geplaas het nie. In 1990 het 23,0% (N=491) van die goedkeurende stellings verskyn teenoor 32,2% (N=175) goedkeurende stellings in 1993. Daar was egter deurgaans meer goedkeurende as afkeurende stellings, maar glad nie in die mate wat die geval in 1990 was nie.

Figuur 6.7a

Persentasie uiteensetting van stellings oor onderhandeling in *Beeld* (1989-1993)




Afsonderlike ontledings van die twee koerante het getoon dat, hoewel hulle dieselfde tendens wat verspreiding van stellings betref, getoon het, *The Star* deurgaans meer goedkeurende stellings as *Beeld* geplaas het. *Beeld* het die grootste persentasie goedkeurende stellings (65,1% N=86) in 1990 geplaas, daarna was daar 'n afname na 1991 (54,8% N=42) en 1992 (51,7% N=58) en weer 'n effense styging in goedkeurende stellings in 1993 (56,8% N=76) (kyk figuur 6.7a).

The Star het ook sy meeste goedkeurende stellings in 1989 (100,0% N=3) en 1990 (82,6% N=69) geplaas, waarna daar 'n afname na 1991 (65,0% N=40) was. In teenstelling met *Beeld*, was daar egter 'n styging na 1992 (72,1% N=43) en dan 'n taamlike skerp daling na 1993

(61,6% N=73) (kyk figuur 6.7b). Dit is opmerklik dat *Beeld* in 1992 sy minste goedkeurende stellings en *The Star* sy tweede meeste goedkeurende stellings geplaas het. Dit is net die omgekeerde situasie in 1993 waar *The Star* sy minste goedkeurende stellings en *Beeld* sy tweede meeste goedkeurende stellings geplaas het.

Figuur 6.7b

Persentasie uiteensetting van stellings oor onderhandeling in *The Star* (1989-1993)



Wanneer ondersoek gedoen word na wie die stellings oor onderhandeling gemaak het, blyk dit dat *Beeld* self in 1989 (11,1% N=9), 1990 (7,8% N=206), 1991 (22,1% N=68), 1992 (9,2% N=195) en 1993 (12,4% N=186) die meeste goedkeurende stellings gemaak het. Uit bogenoemde blyk dit dus dat *Beeld* 'n positiewe persepsie van onderhandeling as politieke strategie geskets het. Dit word betekenisvol as in ag geneem word dat *Beeld* ook telkens aangetoon het dat die ANC ten gunste van onderhandeling was. In 1990 plaas *Beeld* 5,8% (N=206) goedkeurende stellings deur die ANC en 3,9% (N=206) goedkeurende stellings deur Nelson Mandela. In 1991 maak die ANC 5,9% (N=68) goedkeurende stellings en in 1992, 2,6% (N=195) goedkeurende stellings in *Beeld*. In 1993 word 4,8% (N=186) goedkeurende stellings van die ANC in *Beeld* geplaas (kyk tabelle 6.21, 6.23, 6.25, 6.27 & 6.29). In terme van instrumentele aktualisering, beteken dit dat *Beeld* aangetoon het dat die koerant self ten gunste van onderhandeling was, maar dat die ANC ook ten gunste daarvan was. Daardeur het *Beeld* 'n positiewe beeld van die ANC geprojekteer en is die organisasie as onderhandelaar voorgestel.

The Star het in 1989 (8,9% N=35), 1990 (14,4% N=167) en 1991 (17,6% N=85) ook die meeste van die goedkeurende stellings self gemaak, terwyl daar in 1992 (8,7% N=104) en 1993 (4,7% N=169) ook stellings ten gunste van onderhandeling gemaak is. *The Star* het soos

Beeld, veral in 1991 (5,9% N=85), 1992 (13,5% N=104) en 1993 (5,9% N=169), stellings van die ANC ten gunste van onderhandeling geplaas. Dit was opmerklik dat *The Star* ook aangetoon het dat die regering in 1990 (10,8% N=167), 1991 (4,7% N=85) en 1993 (7,1% N=169) stellings ten gunste van onderhandeling gemaak het (kyk tabelle 6.22, 6.24, 6.26, 6.28 & 6.30).

Dit kan moontlik aan die redaksionele beleidsrigting en agtergrond van albei koerante toegeskryf word. Waar *Beeld*, wat tradisioneel die NP/regering gesteun het, die ANC as kommuniste en terroriste afgemaak het en *The Star* die bestaande sisteem bevraagteken het (vgl. paragraaf 2.5.1.1), was daar nou van albei koerante 'n teenoorgestelde reaksie om elkeen aan sy eie leserskorps 'n meer gematigde beeld van onderskeidelik die NP/regering en die ANC voor te hou. Daar was dus van albei koerante 'n poging om onderhandeling as positiewe en aanvaarbare politieke strategie voor te stel. In terme van die beeld van politieke groepe, beteken dit dat albei koerante kriteria daargestel het, wat onderhandeling goedgekeur het. Dit wil voorkom of *Beeld* eerder die ANC as pro-onderhandeling voorgestel het, teenoor *The Star* wat eerder die regering as onderhandelaar geskets het.

Namate die onderhandelingsproses aan die gang gekom het, het albei koerante vanaf 1993 die persepsie geskep dat die ANC onderhandeling voorgestaan het. Die koderingsstelsel kan moontlik ook die belangrikheid van die ANC baie beklemtoon het, aangesien ander partye se stellings oor onderhandeling nie gekodeer is nie (vgl. Bylae A). Daar moet egter in ag geneem word dat 'n hoë persentasie goedkeurende en nie afkeurende stellings nie van die ANC gepubliseer is.

In 1990 (6,1% N=373), 1991 (2,0% N=153), 1992 (1,0% N=299) en 1993 (0,8% N=355) was daar pertinente verwysings na samesprekings tussen Nelson Mandela en FW de Klerk, maar dit was net in 1990 eintlik 'n vraagstuk waar 71,8% (N=32) van die stellings voorgekom het, daarna het dit afgeneem na 9,4% (N=32) elk in 1991, 1992 en 1993 (kyk tabelle 6.15 & 6.18). Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die persoon van Nelson Mandela meer aanvaarbaar as die ANC as organisasie was (vgl. paragraaf 3.4.1.1). Namate die onderhandelingsproses op dreef begin kom het, het die belangrikheid daarvan afgeneem. In 1993 was al die stellings afkeurend en kan aangeneem word dat bilaterale samesprekings afgekeur is, omdat die onderhandelingsproses toe reeds goed op dreef was. In September 1992 was daar van bilaterale samesprekings tussen die ANC en NP gebruik gemaak om die onderhandelingsproses weer aan die gang te kry. Die ANC en NP het 'n onderlinge ooreenkoms aangegaan waarvolgens die ANC sou terugkeer tot die onderhandelingsproses, en

die NP onderneem het om onder andere bepaalde politieke gevangenes vry te laat en hostelle te omhein (vgl. paragraaf 3.4.1.1). Dié ooreenkoms het baie kritiek van die ander Kodesa-lede ontlok en dit kan moontlik die negatiewe stellings in 1993 verklaar.

6.3.2.2 Voorvereistes vir onderhandeling

Die kwessie of daar voorvereistes vir onderhandeling moes wees, was eintlik net in 1990 'n strydpunt waar 74,4% (N=82) van die stellings daaroor verskyn het. In 1991, 1992 en 1993 was daar net enkele verwysings na voorvereistes vir onderhandeling (kyk tabel 6.18). In vergelyking met die ander temas in hierdie kategorie, was voorvereistes vir onderhandeling nooit werklik 'n strydpunt op die nuusagenda nie. In 1990, het 16,4% (N=373) van die stellings hieraan aandag gegee, terwyl slegs 2,0% (N=153) in 1991, 2,0% (N=299) in 1992 en 3,3% (N=355) stellings in 1993 oor die stel van voorvereistes vir onderhandeling gehandel het (kyk tabel 6.15). Dit kan daaraan toegeskryf word dat die vraagstuk rondom die stel van voorvereistes net 'n strydpunt was voor onderhandeling werklik opdreef gekom het. Dit het wel ook telkens ter sprake gekom wanneer die onderhandelingsproses tot stilstand gekom het. Dit het egter nooit tydens die spesifieke ondersoektydperk gebeur nie, en daarom is dit ook nie in die beriggewing gereflekteer nie.

In die geheel gesien het *Beeld* (61,0% N=82) meer aandag aan die stel van voorvereistes vir onderhandeling gegee. *The Star* het slegs in 1990 (17,4% N=35), 1991 (1,2% N=85) en 1992 (2,0% N=104) stellings daaroor geplaas. In 1990 (8,4% N=167) en 1991 (1,2% N=85) het *The Star* hoofsaaklik stellings ten gunste van die stel voorvereistes geplaas, teenoor die 1,0% (N=169) elk goedkeurende en afkeurende stellings in 1993 (kyk tabel 6.17). Dit is egter 'n ooreenvoudiging om te aanvaar dat *The Star* ten gunste van die stel van voorvereistes vir onderhandeling was, en is dit nodig om ook ondersoek te doen na wie genoemde stellings gemaak het. In 1990 was dit hoofsaaklik die ANC (3,6%) en *The Star* self (3,0% N=167) wat stellings ten gunste van die voorvereistes vir onderhandeling in *The Star* gemaak het. In 1991 het ander groepe die goedkeurende stellings gemaak, terwyl al die stellings in 1992 deur die ANC gemaak is (kyk tabelle 6.24, 6.26 & 6.28). Uit bogenoemde wil dit voorkom of *The Star* die persepsie geskep het dat die ANC, veral aanvanklik, ten gunste van die stel van voorvereistes was. Dié persepsie is dus geskep die ANC nie onvoorwaardelik onderhandeling gesteun het nie en dat *The Star* die ANC hierin gesteun het.


Beeld het in 1990 (8,7% N=206) en 1992 (1,0% N=195) hoofsaaklik stellings geplaas wat ten gunste van die stel van voorvereistes was, terwyl al die stellings in 1991 (2,9% N=195)

neutraal was en in 1993 het die meeste stellings (2,7% N=186) die stel van voorvereistes vir onderhandeling afgekeur (kyk tabel 6.16). Dit wil dus voorkom of *Beeld* aanvanklik die persepsie geskep het dat bepaalde voorvereistes vir onderhandeling nodig was, terwyl dié stel van voorvereistes bevraagteken is, wanneer onderhandeling in 1993 reeds goed op dreef was. Bogenoemde moet egter binne die konteks gesien word dat *Beeld* self in 1990 geen stellings gemaak het, wat die stel van voorvereistes ondersteun het nie. Die idee is eerder geskep dat dit die ANC (2,4%) en Nelson Mandela (3,4% N=206) was, wat ten gunste van die stel van voorvereistes vir onderhandeling was. In 1991 en 1992 het *Beeld* self al die stellings gemaak (kyk tabelle 6.23, 6.25 & 6.27). In 1993 het *Beeld* self 0,5% afkeurende stellings gemaak, terwyl al die goedkeurende stellings (1,6% N=186) deur die ANC gemaak is (kyk tabel 6.29). Word bogenoemde in ag geneem, blyk dit dat *Beeld* self nie die stel van voorvereistes vir onderhandeling voorgestaan het nie, maar eerder die persepsie geskep het dat dit die ANC is wat voorvereistes vir onderhandeling wou stel. Dit wil dus voorkom of sowel *Beeld* as *The Star* die persepsie geskep het dat die ANC ten gunste van die stel van voorvereistes vir onderhandeling was. Die twee koerante het egter verskillende standpunte weerspieël. *The Star* het self ook die gedagte gesteun, terwyl *Beeld* dit afgekeur het.

6.3.2.3 Hervorming of politieke verandering

Figuur 6.8

Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke hervorming in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=165)



Hervorming, het soos die meeste temas in hierdie kategorie, eers werklik vanaf 1990 aan die orde gekom. Met die uitsondering van 1991, waar daar heelwat minder verwysings (17,5% N=165) na hervorming was, het die persentasie verwysings in die ander tydperke redelik konstant gebly (kyk figuur 6.8 & tabel 6.18). *Beeld* en *The Star* het gesamentlik 'n persepsie voorgehou dat hervorming nodig was. Die meerderheid stellings in 1989 (4,5% N=44), 1990 (11,8% N=373), 1991 (15,7% N=153), 1992 (13,0% N=299) en 1993 (7,6% N=355) het hervorming goedgekeur (kyk tabel 6.15).

Wanneer die stellings in *Beeld* bestudeer word, het dié meerderheid stellings ook deurgaans in 1989 (22,2% N=9), 1990 (11,2% N=206), 1991 (13,2% N=68), 1992 (10,3% N=195) en 1993 (7,6% N=186) hervorming voorgestaan (kyk tabel 6.16). In *The Star* het die meeste stellings in 1990 (12,6% N=167), 1991 (17,6% N=85), 1992 (18,3% N=104) en 1993 (7,7% N=169) ook hervorming goedgekeur (kyk tabelle 6.2 & 6.3).

Wanneer die verdeling van stellings tussen die hoofartikels en berigte beskou word, blyk dit dat *The Star* besonder baie aandag aan hervorming in die redaksionele kommentaar gegee het. In 1990 (87,0% N=23), 1991 (100,0% N=18) en 1993 (72,0% N=25) het die meerderheid stellings telkens in die hoofartikels verskyn, terwyl 45,8% (N=24) stellings in 1992 in die hoofartikels verskyn het. *The Star* het in sowel berigte as hoofartikels, hoofsaaklik goedkeurende stellings geplaas, maar in verhouding het meer goedkeurende stellings in die hoofartikels voorgekom. Meer as die helfte van die stellings in hoofartikels in 1990 (90,0% N=20), 1991 (83,3% N=18), 1992 (100,0% N=11) en 1993 (55,6% N=18) het hervorming goedgekeur, teenoor die 100,0% (N=3) stellings in 1990, 61,5% (N=13) stellings in 1992 en 42,9% (N=7) stellings in 1993 in berigte.

Beeld het nie so baie klem op politieke verandering in sy redaksionele kommentaar geplaas nie. Net in 1989 (100,0% N=2) en 1992 (65,2% N=23) het die meeste stellings in die redaksionele kommentaar verskyn. *Beeld* het egter ook deurgaans in verhouding meer goedkeurende stellings in sy redaksionele kommentaar geplaas. In 1989, 1990 en 1993 het al die stellings in die redaksionele kommentaar hervorming gesteun en in 1991 het 66,7% (N=6) stellings en in 1992 het 93,3% (N=15) stellings hervorming voorgestaan. Die meeste stellings in berigte in 1990 (95,5% N=22), 1991 (100,0% N=5), 1992 (75,0% N=8) en 1993 (92,3% N=13) het politieke hervorming voorgestaan. Uit bogenoemde blyk dit dus baie duidelik dat *Beeld* en *The Star* albei hoofsaaklik stellings geplaas het wat politieke hervorming gesteun het. Die persepsie is ook, soos in die geval van onderhandeling, geskep dat vreedsame politieke verandering noodsaaklik was. Dit beteken dat politieke groepe wat as pro-


hervorming geskets is, dus ook by implikasie 'n positiewe beeld sou hê. Dit is binne hierdie konteks wat ondersoek gedoen is na die beeld van die ANC ten opsigte van politieke hervorming in *Beeld* en *The Star*.

Hoewel daar deurgans in al die tydperke hoofsaaklik goedkeurende stellings voorgekom het, kan daar nie gesê word dat hervorming of politieke verandering toenemend positief deur *Beeld* en *The Star* voorgestel is nie. 'n Verdere ontleding van die data het getoon dat daar in werklikheid 'n afname in goedkeurende stellings was. In 1990 was 93,6% (N=47) van die stellings oor hervorming ten gunste daarvan, dit neem af na 82,8% (N=29) stellings in 1991 en 83,0% (N=47) stellings in 1992 waarna daar 'n verdere daling na 67,5% (N=40) stellings in 1993 was. Dit is dus dieselfde tendens as wat by onderhandeling voorgekom het.

Wanneer die twee koerante afsonderlik beskou word, blyk dit dat dié tendens ook in *Beeld* voorgekom het (kyk figuur 6.9a). *The Star* het 'n effens ander neiging getoon. Daar was aanvanklik 'n afname in goedkeurende stellings oor politieke hervorming, maar daarna was daar 'n styging in 1992 en 1993 (kyk figuur 6.9b).

Figuur 6.9a

Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke hervorming in *Beeld* (1989-1993)




Wanneer die goedkeurende stellings verder bestudeer word, blyk dit dat *The Star* self in 1990 (9,6% N=167), 1991 (7,1% N=85), 1992 (7,7% N=104) en 1993 (4,7% N=169) die meeste goedkeurende stellings gemaak het en daardeur 'n positiewe persepsie van politieke hervorming daar gestel het. *The Star* het verder ook aangetoon dat die ANC ten gunste van politieke hervorming was en is geen afkeurende stellings deur die ANC geplaas nie. In 1991 het *The Star* 5,9% (N=85) stellings en in 1992, 4,8% (N=104) stellings geplaas waarin die ANC hervorming gesteun het. In 1993 het geen goedkeurende stellings deur die ANC verskyn

nie, maar *The Star* het wel 4,7% (N=169) stellings geplaas waarin Winnie Mandela haar teen politieke hervorming uitgespreek het (kyk tabelle 6.22, 6.24, 6.26, 6.28 & 6.30).

Beeld het meer klem daarop gelê dat die ANC hervorming gesteun het. In 1991 (5,9% N=68) en 1992 (3,6% N=195) is die meeste goedkeurende stellings in *Beeld* deur die ANC gemaak. In 1990 is die meeste goedkeurende stellings (4,9% N=206) deur Nelson Mandela gemaak, terwyl die ANC, 3,4% (N=206) van die stellings gemaak het. *Beeld* self het veral in 1989 (22,2% N=9), 1991 (2,9% N=68) en 1992 (3,1% N=195) stellings wat onderhandeling steun, geplaas. In 1993 is die meeste goedkeurende stellings deur *Beeld* self (5,9%) maar ook die regering (5,9%) en ANC (5,9% N=186) gemaak (kyk tabelle 6.21, 6.23, 6.25, 6.27 & 6.29).

Figuur 6.9b

Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke hervorming in *The Star* (1989-1993)




Uit bogenoemde blyk dit dus dat albei koerante van hulself en die ANC as belangrikste bronne gebruik het om steun vir politieke hervorming aan te toon. Die koerante het met ander woorde die persepsie geskep dat politieke verandering 'n noodwendigheid was en dat die ANC dit ook voorgestaan het. In terme van die beeld van die ANC, beteken dit dat die ANC geskets is as 'n organisasie wat die *goeie* voorgestaan het. Die ANC is as organisasie geskets, wat grondwetlike verandering en by implikasie 'n regverdigde bedeling voorgestaan het. Dit skep ook die idee dat die ANC bereid was om saam aan 'n onderhandelde politieke oplossing te werk en nie politieke verandering deur geweldpleging voorgestaan het nie.

6.3.2.4 Nuwe grondwet en erkenning van die regte van minderhede

Hierdie tema hou verband met die vraag na politieke hervorming en is eintlik 'n logiese uitvloeisel van verandering. Waar daar egter in die vorige tema, in die breë na persepsies oor politieke verandering ondersoek gedoen is, is hier meer spesifiek na die persepsie van 'n nuwe grondwet ondersoek gedoen (vgl. Bylae A). Die vraag na 'n nuwe grondwet het in 1990 (12,1% N=373), 1991 (15,0% N=153), 1992 (41,5% N=299) en in 1993 (34,0% N=355) aan die orde gekom (kyk tabel 6.15). Anders as in die geval van onderhandeling was hier 'n stygende persentasie stellings oor die nuwe grondwet vanaf 1990 tot 1993 (kyk figuur 6.10). Dit wil voorkom of namate 'n nuwe grondwet meer en meer 'n realiteit geword het, het daar ook toenemend stellings daaroor verskyn. Daardeur is die kwessie van 'n nuwe grondwet pertinent op die nuusagenda geplaas.

Figuur 6.10

Persentasie uiteensetting van stellings oor die noodsaaklikheid van 'n nuwe grondwet in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=317)




Verdere ontledings het egter getoon dat hoewel stellings oor die nuwe grondwet toegeneem het, die persepsie nie geskep is dat steun vir die gedagte toegeneem het nie. Die meeste goedkeurende stellings het in 1990 verskyn, waar 47,9% (N=21) van die stellings ten gunste van 'n nuwe grondwet was, daarna was daar 'n afname in goedkeurende stellings na 43,5% (N=23) stellings in 1991, 43,2% (N=81) stellings in 1992 en 38,7% (N=124) stellings in 1993. Dit is ook opmerklik dat, in vergelyking met onderhandeling, het hier 'n laer persentasie goedkeurende stellings verskyn. Dit sou egter ook nie korrek wees om te aanvaar dat die afkeurende stellings toegeneem het nie. In werklikheid was daar 'n afname in afkeurende

stellings vanaf 1990 (28,6% N=21) na 1991 (17,4% N=23) na 1992 (9,9% N=81) voordat daar 'n styging was na 20,2% (N=124) stellings in 1993.

'n Meer spesifieke ondersoek na die posisie van *Beeld*, het getoon dat *Beeld* in 1990 (12,6% N=206), 1991 (14,6% N=68), 1992 (50,8% N=195) en 1993 (35,0% N=355) die kwessie van 'n nuwe grondwet aangespreek het. In 1990 (9,2% N=206), 1992 (26,1% N=1992) en 1993 (16,7% N=186) het die meeste van die stellings telkens 'n nuwe grondwet voorgestaan, en kan aanvaar word dat *Beeld* 'n positiewe persepsie ten opsigte van 'n nuwe grondwet geskep het. Uit die voorafgaande het dit geblyk dat albei koerante deurgaans in al die tydperke vanaf 1990 stellings geplaas het wat die gedagte van 'n nuwe grondwet gesteun het en is 'n positiewe beeld van die grondwet voorgehou. Daar is egter nie toenemend meer goedkeurende stellings geplaas nie, dit was eerder die neutrale stellings wat toegeneem het. *Beeld* het egter, in teenstelling met die algemene tendens, toenemend meer goedkeurende stellings geplaas (kyk figuur 6.11a).

Figuur 6.11a
Persentasie uiteensetting van stellings oor 'n nuwe grondwet in *Beeld* (1989-1993)




'n Verdere ontleding van die data het egter getoon dat daar 'n voorbehoud was - dat die regte van minderheidsgroepe binne die grondwet beskerm moes word. In sowel 1990 (6,3% N=206) as 1992 (12,3% N=195) het *Beeld* ook spesifiek stellings geplaas, wat na die beskerming van minderhede verwys het (kyk tabel 6.16). *The Star* het die meeste goedkeurende stellings in 1991 geplaas, daarna was daar 'n afname in die aantal stellings (kyk figuur 6.11b).

The Star het ook 'n positiewe persepsie van 'n nuwe grondwet geskep. Die meeste stellings in *The Star* in 1990 (2,4% N=167), 1991 (9,4% N=85) en 1992 (7,7% N=104) het 'n nuwe grondwet goedgekeur, terwyl die meeste stellings in 1993 (17,8% N=169) neutraal was (kyk tabel 6.17). *The Star* het in 1990 (5,4% N=167) en in 1992 (7,7% N=104) na die beskerming van minderhede binne die grondwet verwys en in 1990 (3,6% N=167) en 1992 (4,8% N=104) hoofsaaklik stellings geplaas wat dit voorgestaan het (kyk tabel 6.17).

Figuur 6.11b

Persentasie uiteensetting van stellings oor 'n nuwe grondwet in *The Star* (1989-1993)



Die koerante self en die ANC was, soos in die geval van politieke hervorming, ook die belangrikste bronne. In 1992 het die ANC die meeste goedkeurende stellings (7,2% N=195) in *Beeld* gemaak, terwyl *Beeld* self in 1990 (2,9% N=68) en 1993 (5,9% N=186) die meeste goedkeurende stellings gemaak het. In 1993 het *Beeld* en die regering elk 5,9% (N=186) goedkeurende stellings gemaak en die ANC 3,8% (N=186) goedkeurende stellings. *The Star* self het minder goedkeurende stellings gemaak en is daar net in 1991 (5,9% N=85) 'n positiewe persepsie van die grondwet voorgelê. *The Star* het eerder stellings van die ANC, wat ten gunste van 'n nuwe grondwet was, geplaas. In 1990 het Nelson Mandela (2,4% N=167) die meeste goedkeurende stellings gemaak. Dit is interessant dat dit *The Star* was, wat ook goedkeurende stellings van die regering in 1990 (1,2% N=167) en 1992 (2,9% N=104) geplaas het. Daardeur het *The Star* wat tradisioneel die NP-regering geëpponeer het, tog ook aangetoon dat die regering ten gunste van 'n nuwe grondwet was. By *Beeld*, wat tradisioneel die NP-regering gesteun het, het die teenoorgestelde tendens na vore gekom.

Beeld het eers in 1992 (5,9% N=186) die regering as belangrike bron aangehaal. Die idee word hierdeur geskep dat dit die ANC en nie die regering was, wat verandering voorgestaan het (kyk tabelle 6.24, 6.25, 6.27 & 6.28).

Dit is betekenisvol dat *Beeld* aangedui het dat Nelson Mandela (2,9% N=206) sensitief vir die vrese van minderhede was. Daardeur is 'n meer tegemoetkomende houding van Nelson Mandela deur *Beeld* voorgehou. Dit blyk dus dat sowel *Beeld* as *The Star* die persepsie geskep het dat 'n nuwe grondwet nodig was, en dat die ANC dit ook voorgestaan het. Dit was opmerklik dat *The Star* ook aangetoon het dat die regering ten gunste van 'n nuwe grondwet was, terwyl *Beeld* meer klem daarop gelê het dat die ANC 'n nuwe grondwet voorgestaan het. *Beeld* het dit ook beklemtoon dat die ANC en veral Nelson Mandela ten gunste van die beskerming van die regte van minderhede was.

6.3.2.5 Regering

Binne die konteks van agendastelling, was die regering net in 1989 'n vraagstuk op *Beeld* en *The Star* se gesamentlik nuusagenda, waar die meeste van die stellings (84,0% N=24) voorgekom het (kyk tabel 6.15). Bogenoemde is in ooreenstemming met die realiteit. Die regering het 'n belangrike rol in die politieke verandering voor die ontbanning van die ANC gespeel - daarna het die partye op gelyke voet begin meeding. 'n Verdere ontleding van die verspreiding van stellings oor die regering, het getoon dat die meeste stellings in 1990 (30,7% N=137) voorgekom het, gevolg deur 27,0% (N=137) stellings in 1989 (kyk figuur 6.12 & tabel 6.18).


Die kwessie van die regering se deelname aan politieke verandering, is die een tema in hierdie kategorie waarvan daar nie deurgaans 'n goedkeurende persepsie voorgehou is nie. As ondersoek na die afkeurende stellings gedoen word, wil dit ook voorkom of dié stellings toegeneem het. In 1990 was daar 'n taamlike afname in afkeurende stellings na 31,0% (N=37) stellings, maar daarna was daar 'n toename in afkeurende stellings vanaf 69,2% (N=13) stellings in 1991, na 88,9% (N=18) stellings in 1992 en 92,6% (N=27) stellings in 1993.

Sowel *Beeld* (66,3% N=9) as *The Star* (88,5% N=35) het die optrede van die regering as die belangrikste aspek in 1989 in hierdie kategorie geïdentifiseer, maar het ander standpunte weerspieël. *Beeld* (44,4% N=9) het stellings geplaas wat die optrede van die regering gesteun het, terwyl *The Star* (71,4% N=35) stellings gepubliseer het wat dit bevraagteken het (kyk tabelle 6.16 & 6.17).

Word die bronne verder ontleed, kom 'n interessante tendens na vore. Uit tabelle 6.21 & 6.22 blyk dit dat albei koerante Nelson Mandela as prominente bron gebruik het, maar dit is belangrik om daarop te let dat *Beeld* (22,2% N=9) hom vir goedkeurende stellings en *The Star* (57,1% N=35) hom vir afkeurende stellings gebruik het. Word die stellings in *Beeld* in samehang met die koerant se eie stellings gesien, wat ook die regering gesteun het, het *Beeld* moontlik die indruk probeer skep dat Nelson Mandela positief oor die regering en sy optrede was, met ander woorde 'n versoenende houding ingeslaan het.

Figuur 6.12

Persentasie uiteensetting van stellings oor die regering in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=426)



The Star self het geen stellings oor die regering gemaak nie, wat die interpretering van die data bemoeilik het. Dit was egter opmerklik dat *The Star* afkeurende stellings geplaas het wat deur die regering self (2,9% N=35) gemaak is. Indien die afleiding dus gemaak word dat *The Star* die persepsie geskep het dat Nelson Mandela die regering se optrede afgekeur het en daarom negatief teenoor die regering was, moet dit binne die konteks gesien word dat die regering self ook in sommige gevalle hul eie optrede bevraagteken het.

Vanaf 1990 het regeringsoptrede 'n minder belangrike aspek geword. *Beeld* het in 1990 (12,1% N=206), 1991 (1,5% N=68), 1992 (5,1% N=195) en 1993 (8,6% N=186) daarna verwys (kyk tabel 6.16).


Beeld het ook die meeste stellings oor die regering (41,6% N=60) in 1990 geplaas, maar in teenstelling met die algemene neiging, is die tweede meeste stellings (30,0% N=60) in 1993

gepubliseer (kyk tabel 6.19). *Beeld* het net in 1989 (44,1% N=9) en 1990 (5,3% N=206) meer stellings geplaas wat die optrede van die regering gesteun het (kyk tabel 6.16). Wanneer die afkeurende stellings bestudeer word, blyk dit dat *Beeld* veral vanaf 1992 (16,7% N=60) en 1993 (26,7% N=60) stellings begin plaas het wat die optrede van die regering bevraagteken het (kyk tabel 6.19 & figuur 6.13a). Dit is veral betekenisvol as in ag geneem word dat daar heelwat minder stellings in 1993 verskyn het. *Beeld* het dit dus as minder belangrik beskou, maar daar was wel 'n verskuiwing in die projektering van die werklikheid.

Die meeste stellings (40,3% N=77) oor die regering in *The Star*, het in 1989 voorgekom. Daarna was daar 'n afname na 22,1% (N=77) stellings in 1990 (kyk figuur 6.13b & tabel 6.20). *The Star* het in 1989 (71,4% N=35), 1991 (10,6% N=85), 1992 (5,8% N=104) en 1993 (5,3% N=169) hoofsaaklik stellings geplaas wat die optrede van die regering afgekeur het. Net in 1990 (7,2% N=167) het die meerderheid stellings die optrede van die regering gesteun (kyk tabel 6.17). Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die stappe wat die regering geneem het om die ANC te ontban, die noodtoestand op te hef en Nelson Mandela vry te laat. Vanaf 1989 was daar 'n toename in afkeurende stellings in *The Star* (kyk figuur 6.13b).

Figuur 6.13a

Persentasie uiteensetting van stellings oor die regering in *Beeld* (1989-1993)




Word die bronne verder bestudeer, blyk dit dat die meeste afkeurende stellings in *The Star* net in 1991 (4,7% N=85) deur die koerant self gemaak is. In 1989 (57,1% N=35), 1990 (2,4% N=167), 1992 (5,8% N=104) en 1993 (3,0% N=169) het die ANC die meeste afkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 6.22, 6.24, 6.26, 6.28 & 6.30). *The Star* het dus eerder die

persepsie geskep dat die ANC die regering se optrede bevraagteken het, as wat *The Star* self 'n oordeel gevel het. *The Star* het dus die persepsie voorgehou dat die ANC negatief teenoor die regering gestaan het.

Figuur 6.13b

Persentasie uiteensetting van stellings oor die regering in *The Star* (1989-1993)



Oor die algemeen het dit voorgekom of *Beeld* 'n meer positiewe persepsie van die regering probeer skep het. *Beeld* self het net in 1993 (1,1% N=186), stellings gemaak wat die optrede van die regering bevraagteken het. Die meeste afkeurende stellings in *Beeld*, is in 1989 (22,2% N=9) en 1992 (3,6% N=195) deur ander groepe en in 1990 deur Nelson Mandela (2,9% N=206) gemaak (kyk tabelle 6.25, 6.27 & 6.29). Dit kan verklaar word binne die konteks van *Beeld* se redaksionele beleidsrigting, wat tradisioneel die regering bygestaan het, terwyl *The Star* meer krities teenoor die regering gestaan het.

6.4 SAMEVATTING

Uit bogenoemde het dit geblyk dat die kwessie van struikelblokke in politieke verandering, volgens die agendastellingshipotese, net in 1990 'n vraagstuk op die nuusagenda was. *The Star* het egter reeds in 1989 die noodtoestand op die nuusagenda geplaas. Sowel *Beeld* as *The Star* het die persepsie geskep dat politieke verandering noodsaaklik was en dat die struikelblokke uit die weg geruim moes word. Daar is verder ook aangetoon dat die ANC ten gunste van die hantering van dié struikelblokke was. Binne die konteks van instrumentele aktualisering, beteken dit dat sowel *Beeld* as *The Star* aangetoon het dat die kwessie van politieke verandering aandag moes geniet. Daar is met ander woorde, 'n bepaalde probleem situasie geskets. Ten einde te bepaal watter beeld van die ANC voorgehou is, moes ook verder

gefokus word op die wyse wat die koerante voorgestel het dat die probleem aangespreek moes word, en watter persepsie voorgehou is van die wyse waarop die ANC die probleem hanteer het.

Albei koerante het onderhandeling as belangrikste aspek op die nuusagenda geïdentifiseer en hoofsaaklik goedkeurende stellings geplaas. Daar kan dus aanvaar word dat onderhandeling voorgehou is as strategie vir politieke verandering. Sowel *Beeld* as *The Star* het self stellings gemaak wat onderhandeling gesteun het en ook aangetoon dat die ANC ten gunste van onderhandeling was.

Bogenoemde tendens het ook by die meeste ander temas in hierdie kategorie voorgekom. Ook in die geval van hervorming en 'n nuwe grondwet, het daar oorwegend goedkeurende stellings verskyn, maar daar was nie 'n toename in goedkeurende stellings nie. *Beeld* en *The Star* het telkens self hervorming en 'n nuwe grondwet gesteun en ook aangedui dat die ANC ten gunste daarvan was.

Die regering, was die enigste tema in hierdie kategorie waaroor daar nie deurgaans goedkeurend berig is nie, maar hier het wel toenemend meer goedkeurende stellings verskyn. *Beeld* en *The Star* het hier ook verskillende persepsies voorgehou en het *Beeld* 'n positiewer persepsie van die regering as *The Star* voorgehou.

Samevattend kan gestel word dat daar aanvanklik rondom die ontbanning van die ANC baie positief oor die aangeleenthede berig is, maar namate 'n onderhandelde skikking 'n noodwendigheid begin word het, het albei koerante 'n meer kritiese houding teenoor die ANC en politieke deelname ingeneem. Die tema oor die regering het die teenoorgestelde tendens getoon. In dié geval is daar aanvanklik baie negatief oor die regering en politieke deelname berig, maar namate die regering die proses van onderhandeling aan gang gekry het, het meer goedkeurende stellings verskyn.

Sowel *Beeld* as *The Star* het wel die beeld geskep het dat die ANC onderhandeling voorgestaan het (vgl. doelstelling 1.2.2c). Teen die agtergrond is dit ook nodig om verder ondersoek te doen na die beeld van die ANC as organisasie wat met die probleem gekonfronteer is, om beleid te formuleer.

Hoofstuk 7

Bespreking van resultate: Die ANC en die formulering van beleid

7.1 INLEIDING

Die ANC was vir meer as dertig jaar 'n verbode organisasie wat ondergronds moes organiseer en mobiliseer. Die ontbaning van die ANC in 1990, het beteken dat die ANC nou ook deel van die konvensionele legitieme Suid-Afrikaanse politiek geword het. Dit het die ANC voor bepaalde probleme te staan gebring, onder andere dat daar nou standpunt ingeneem en beleid oor aspekte geformuleer moes word wat voorheen nie van belang was nie.

Die problematiek rondom die formulering van beleid moet teen die historiese agtergrond van die ANC gesien word. Tydens ballingskap het die ANC slegs drie keer beleidskongresse gehad (vgl. paragraaf 3.3.3). Daarby het die ANC die probleem van die ballingskap organisasiestruktuur gehad en moes die eksterne en interne organisasiestrukture verenig word (vgl. paragraaf 3.4.1.1). Dit het die implikasie gehad dat die ANC nog 'n lomp organisasiestruktuur gehad het, wat die formulering van beleid bemoeilik het.

Dit is binne dié konteks wat ondersoek gedoen is na die ANC se beleidsuitsprake soos dit in *Beeld* en *The Star* voorgekom het. Hierdie beleidsaspekte verwys wel nie spesifiek na die ANC se beeld ten opsigte van onderhandeling of geweld nie, maar die aanname word gemaak dat bogenoemde belangrike aspekte is wat deur 'n demokratiese regering aangespreek behoort te word. Dit impliseer dat die ANC as deelnemer aan 'n demokratiese politieke proses, ook aan dié aspekte aandag moes gee. Daar word aanvaar dat namate *Beeld* en *The Star* meer blootstelling aan die ANC se beleidformulering sou gee, die ANC ook toenemend as demokratiese beweging getipeer sou word. Die aanname word binne die konteks van instrumentele aktualisering gemaak dat indien die koerante die ANC as beweging tipeer wat aandag aan die formulering van beleid gee, die organisasie by implikasie besig sou wees om van 'n bevrydingsbeweging na politieke party te transformeer.

Die aspekte waarna ondersoek gedoen is, is die ekonomiese, onderwys-, gesondheids-, sport- en behuisingsbeleid. Volgens die agendastellingshipotese (vgl. paragraaf 2.4.5.4) vind agendastelling slegs in 'n beperkte mate by abstrakte konsepte plaas. Om die probleem te

oorkom, is daar aan meer spesifieke aspekte van die verskillende beleidsaspekte aandag gegee. (Kyk Bylae A vir volledige definisies van die temas oor die ANC se beleid.)


By die ekonomiese beleid is spesifiek ondersoek gedoen na die gebruik van ekonomiese sanksies om politieke druk uit te oefen, die rol wat nasionalisering en die herverdeling van rykdom in die ekonomiese beleid gespeel het en algemene ekonomiese beleidsaspekte.

Binne die kader van die onderwysbeleid is aandag gegee aan die kwessie van die noodsaaklikheid van een onderwysdepartement, die rol wat stakings in die onderwys gespeel het en algemene aspekte wat verband met die onderwysbeleid hou. By die behuisingsbeleid is spesifiek aandag gegee aan die kwessie van plakkerskampe en algemene aspekte wat met behuisingsbeleid verband hou.

7.1.1 Algemene tendense by beriggewing oor die ANC se beleid in *Beeld* en *The Star*

Figuur 7.1

Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=440)




Daar was 'n taamlike gelyke verspreiding tussen die stellings wat in *Beeld* (48,9%) en *The Star* (51,1% N=440) verskyn het (figuur 7.1). Albei koerante het, soos wat verwag kon word, die meeste aandag aan beleidsaspekte in 1990 gegee, waar 40,5% (N=215) van *Beeld* en 39,1% (N=225) van *The Star* se stellings oor beleidsaspekte gehandel het (kyk figuur 7.1 en tabelle 7.2¹⁰ & 7.3). By geeneen van die koerante was daar 'n tendens dat dié aspek, meer aandag geniet het nie, namate dit duidelik geword het dat die ANC moontlik die volgende regering kon wees en daadwerklik met die vraagstukke gekonfronteer sou word.

10 Alle tabelle waarna in hierdie hoofstuk verwys word, is in Bylae F opgeneem

Die belangrikste beleidsaspek wat geïdentifiseer is, was die ekonomiese beleid. Meer as die helfte van die stellings (61,1% N=440) wat beleidsaspekte aangespreek het, het oor die ekonomiese beleid gehandel (kyk figuur 7.2). Albei koerante het die ekonomiese beleid bo-aan hulle nuusagendas geplaas - 30,5% van *The Star* en 30,7% (N=440) van *Beeld* se stellings het oor die ekonomiese beleid gehandel.

In dié afdeling volg daar nou 'n meer gedetailleerde uiteensetting van hoe die temas met betrekking tot beleidsaspekte in die verskillende tydperke aan die orde gekom het. In die eerste instansie is oor die algemeen ondersoek gedoen na die beleid, byvoorbeeld die ekonomiese beleid. Daarna volg 'n meer spesifieke ontleding van aspekte wat met dié beleid verband gehou het, byvoorbeeld nasionalisering.

Figuur 7.2
Persentasie uiteensetting van temas oor die ANC se beleid in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=440)




7.2 ONTLEDING VAN TEMAS IN DIE ONDERSOEKTYDPERK

7.2.1 Ekonomiese beleid

Figuur 7.3

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se ekonomiese beleid in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)



Uit tabel 7.1 blyk dit dat die meeste stellings oor die ekonomiese beleid gehandel het en dat dit, in terme van agendastelling, deurgaans 'n hoë profiel op die nuusagenda gehandhaaf het. In 1990 (51,5% N=175), 1991 (56,7% N=86), 1992 (86,4% N=103) en 1993 (62,3% N=61) het die meeste stellings oor ekonomiese aspekte gehandel. Oor die algemeen het albei koerante 'n negatiewe persepsie van die ANC se ekonomiese beleid geprojekteer - daar het in al die tydperke meer afkeurende as goedkeurende stellings verskyn.

Dit blyk ook dat daar vanaf 1990 na 1992 'n toename in afkeurende stellings was. Daar is 'n negatiewer beeld van die ANC se ekonomiese beleid voorgehou, namate dit duideliker geword het dat die ANC moontlik die volgende regering kon wees (kyk figuur 7.3). In 1993 is daar egter 'n meer positiewe beeld voorgehou. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan 'n verandering in die ANC se beleid.

Daar gaan nou na van die meer kontroversiële aspekte van die ANC se ekonomiese beleid ondersoek gedoen word. Aspekte wat aan die orde kom, is sanksies, nasionalisering, herverdeling van rykdom en algemene ekonomiese beleidsake.

7.2.1.1 Sanksies


Die toepassing van sanksies was een van die metodes waardeur die ANC gepoog het om die regering van die internasionale gemeenskap te isoleer, en dit is reeds tydens die ANC se

regering in ballingskap as politieke strategie gebruik (vgl. paragraaf 3.3.5.2). Na die ontbaning van die ANC is daar met dié strategie voortgegaan. Dit het die ANC ook bedingingsmag in die onderhandelingsproses gegee. Die ANC het byvoorbeeld aangevoer dat gevra sal word dat sanksies opgehef word, sodra 'n tussentydse-regering ingestel is (vgl. paragraaf 3.4.1.2.1).

'n Ondersoek na die voorkoms van stellings oor ekonomiese sanksies in die ondersoektydperke, het getoon dat die ekonomiese beleid van die ANC in 1990 (38,1% N=76), met die ontbaning van die ANC, en weer in 1993 (30,2% N=76) aan die orde gekom het (kyk tabel 7.4 & figuur 7.4). Wanneer ondersoek na die belangrikheid van sanksies, in terme van die ander temas in hierdie kategorie, gedoen is, het dit geblyk dat sanksies in 1993 (37,7% N=61) die belangrikste aspek op die nuusagenda was (kyk tabel 7.1). Dit kan waarskynlik aan die veranderende politieke klimaat in 1993 toegeskryf word. Die moontlikheid van 'n demokratiese verkiesing het groter geword en dit het hernieude druk op die ANC geplaas om die toepassing van sanksies te heroorweeg. Vanuit ANC geleedere is ook gesê dat sodra 'n datum vir die verkiesing vasgestel is, daar begin sou word om voorspraak vir die opheffing van sanksies te maak. Die beriggewing oor sanksies, is hoofsaaklik deur afkeurende stellings gekenmerk (kyk tabelle 7.1 & 7.4). *Beeld* en *The Star* het dus gesamentlik 'n negatiewe persepsie van die ANC se beleid van sanksies as politieke drukmeganisme geskets.

Figuur 7.4

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se beleid van sanksies in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=76)



'n Meer spesifieke studie van *Beeld*, het getoon dat die meeste stellings oor sanksies in 1990 (38,5% N=3) en 1993 (41,0% N=39) verskyn het (kyk tabel 7.6). In vergelyking met die ander temas in hierdie kategorie het *Beeld* in 1993 (43,2% N=37) die meeste, in 1989

(25,0% N=4) die tweede meeste en in 1990 (17,2% N=87) die derde meeste stellings aan sanksies afgestaan. Daar was in al die tydperke meer afkeurende as goedkeurende stellings, behalwe in 1991 waar daar ewe veel goedkeurende en afkeurende stellings was (kyk tabel 7.2). In terme van die agendastellingshipotese, kom dit voor of *Beeld* die kwessie van sanksies as 'n belangriker strydpunt as *The Star* geïdentifiseer het. Hierdie aanname word versterk wanneer ondersoek gedoen word na die persentasie stellings in berigte en redaksionele kommentaar.

Beeld het heelwat aandag aan die kwessie van sanksies in sy redaksionele kommentaar gegee. Die meeste stellings in 1989 (100,0% N=1), 1990 (73,3% N=15), 1991 (100,0% N=3) en 1993 (87,5% N=16) het in die redaksionele kommentaar verskyn. Daar is hoofsaaklik 'n negatiewe beeld van sanksies voorgehou en die meeste stellings in 1989 (100,0% N=1), 1990 (63,6% N=11) en 1993 (92,9% N=14) in die redaksionele kommentaar, het sanksies afgekeur.

In ooreenstemming met hierdie tendens, het *Beeld* self ook die meeste afkeurende stellings gemaak en daardeur 'n negatiewe persepsie van die gebruik van ekonomiese sanksies as politieke drukmeganisme voorgehou. In 1989 (25,0% N=4) en 1993 (18,9% N=37) het *Beeld* self die meeste afkeurende stellings gemaak, terwyl *Beeld* en ander groepe in 1990 (4,6% N=87) en 1991 (2,0% N=49) gesamentlik die meeste afkeurende stellings gemaak het. In 1992 (5,3% N=38) is die meeste afkeurende stellings deur ander groepe gemaak. Daardeur het *Beeld* aangetoon dat nie net die koerant self die gebruik van sanksies afgekeur het nie, maar dat daar ook ander groepe was, wat met die koerant saamgestem het. *Beeld* het dus daardeur baie duidelik die beeld geskep dat die toepassing van sanksies onaanvaarbaar was. Die goedkeurende stellings daarenteen, is aanvanklik in 1990 (5,7% N=87) en 1992 (2,6% N=38) deur die ANC gemaak, terwyl Nelson Mandela die goedkeurende stellings (2,0% N=49) in 1991 gemaak het (kyk tabelle 7.7, 7.9, 7.11, 7.13 & 7.15). Daardeur het *Beeld* aangetoon dat die ANC die gebruik van sanksies voorgestaan het en by implikasie het *Beeld* dus die ANC se gebruik daarvan afgekeur. Dit is egter opmerklik dat die ANC in 1993 (16,2% N=37) stellings gemaak het, wat sanksies afgekeur het. Daardeur het *Beeld* die verandering in die ANC se beleid ten opsigte van ekonomiese sanksies weerspieël (vgl. paragraaf 3.4.1.2.1). Dit wil dus voorkom of *Beeld* in 1993 'n positiewer beeld van die ANC, in terme van die ANC se beleid ten opsigte van sanksies, begin voorhou het.


In teenstelling met *Beeld*, het *The Star* die kwessie van sanksies as 'n belangriker kwessie geïdentifiseer. Die meeste stellings oor sanksies het in 1990 (37,8%) en 1991 (24,3% N=37) voorgekom (kyk tabel 7.6). In 1991 het die meeste stellings gesamentlik oor ekonomiese sanksies (24,3% N=37) en algemene beleid gehandel, terwyl sanksies in 1993 (29,2%

N=24) die tweede belangrikste aspek op die nuusagenda was en in 1990 (15,9% N=88) die derde belangrikste aspek. *The Star* het 'n positiewer beeld van ekonomiese sanksies weerspieël. Die meeste stellings was net in 1991 (16,2% N=37) en 1992 (6,2% N=65) negatief teenoor sanksies, terwyl die meerderheid stellings in 1993 (16,7% N=24) sanksies gesteun het (kyk tabel 7.3).

The Star het minder klem op sanksies in sy redaksionele kommentaar as *Beeld* gelê. In 1990 (71,4% N=14), 1992 (71,4% N=7) en 1993 (100,0% N=7) het die meeste stellings in berigte verskyn. 'n Verdere ontleding van die data het getoon dat daar in 1990 (60,0% N=10), 1992 (60,0% N=5) en 1993 (57,1% N=3) telkens hoofsaaklik goedkeurende stellings in die berigte in *The Star* verskyn het. Dit is opmerklik dat in 1991, waar sanksies prominent op die nuusagenda voorgekom het, het al die stellings ook in die redaksionele kommentaar voorgekom. In die redaksionele kommentaar was daar egter in 1990 (50,0% N=4), 1991 (66,7% N=9) en 1992 (100,0% N=2) telkens meer afkeurende as goedkeurende stellings. Dit blyk dus dat, hoewel *The Star* minder stellings in sy redaksionele kommentaar geplaas het, daar hoofsaaklik 'n negatiewe persepsie oor die gebruik van sanksies as politieke strategie in die redaksionele kommentaar voorgehou is.

Figuur 7.5a

Persentasie uiteensetting van stellings oor sanksies in *Beeld* (1989-1993)




'n Studie na die bronne, het bevestig dat *The Star* self sanksies afgekeur het. In *The Star* is die meeste afkeurende stellings in 1990 (3,4% N=88) deur ander groepe en *The Star* self (2,3% N=88) en in 1991 deur ander groepe (5,4% N=37) en die koerant self (8,1% N=37) gemaak. In 1992 is die meeste afkeurende stellings (3,1% N=65) deur die regering gemaak. *The Star* self het dus ook, soos in die geval van *Beeld*, hoofsaaklik 'n negatiewe persepsie van sanksies geskets. 'n Verdere studie van die stellings wat die ANC in *The Star* gemaak het, het 'n interessante tendens getoon. In 1990 (3,4% N=88) en 1991 (5,4% N=37) het *The Star* stellings geplaas waarin Nelson Mandela homself ten gunste van sanksies uitgespreek

het. In 1992 (3,1% N=65) en 1993 (16,7% N=24) is hoofsaaklik stellings geplaas waarin die ANC sanksies gesteun het. Anders as in die geval van *Beeld*, is hier dus nie aangetoon dat die ANC in 1993 die gebruik van sanksies begin bevraagteken het nie.

Figuur 7.5b

Persentasie uiteensetting van stellings oor sanksies in *The Star* (1989-1993)




Samevattend blyk dit dus dat daar nie 'n toename in stellings oor sanksies tot 1992 was nie (vgl. figuur 7.4). Daar was wel in *Beeld* 'n toename in afkeurende stellings vanaf 1990 na 1993 en ook ooreenkomstig 'n afname in goedkeurende stellings (vgl. figuur 7.5a). Dit wil dus voorkom of *Beeld* toenemend 'n negatiewer persepsie van sanksies voorgehou het. Daar kan egter nie gesê word dat daar 'n toenemend negatiewer beeld van die ANC voorgehou is nie, aangesien *Beeld* ook aangetoon het dat die ANC sanksies begin bevraagteken het. Die teenoorgestelde tendens het in *The Star* voorgekom. Daar was 'n afname in afkeurende stellings en 'n toename in goedkeurende stellings. Uit tabel 7.6 blyk dit dat daar toenemend minder stellings oor sanksies in *The Star* verskyn het. Wanneer die stellings in *The Star* vanaf 1991 tot 1993 verder bestudeer word, wil dit voorkom of *The Star* 'n positiewe beeld van sanksies voorgehou het, aangesien *The Star* in 1993 begin het om stellings te plaas wat sanksies gesteun het. Hoewel *The Star* nie aangetoon het dat die ANC sanksies bevraagteken nie, het *The Star* ook nie so 'n negatiewe beeld van sanksies as politieke strategie voorgehou nie (vgl. figuur 7.5b). Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit hoofsaaklik stellings van die ANC, en nie *The Star* was, wat sanksies gesteun het.

7.2.2 Nasionalisering

Die ANC het nasionalisering as metode gesien om noodsaaklike hulpbronne vir opheffingsprogramme te finansier en nasionalisering het simbolies van die opheffing van gemeenskappe geword, soos die gewapende stryd simbolies van die vryheidstryd was (vgl. paragraaf 3.4.1.2.1).

Figuur 7.6

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se beleid van nasionalisering in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=93)



Nasionalisering het vir die eerste keer in 1990 (45,2% N=48) in *Beeld* en *The Star* aan die orde gekom, waar die meeste stellings daarvoor verskyn het. Die tweede meeste stellings het in 1992 (32,3% N=48) voorgekom (kyk figuur 7.6 & tabel 7.4). Binne die konteks van agendastelling, kan dus gesê word dat nasionalisering as belangrike strydpunt geïdentifiseer is en het die tweede meeste stellings in 1990 (24,8% N=175), 1991 (18,3% N=86) en 1992 (29,1% N=103) oor nasionalisering gehandel. Die meerderheid stellings in al die tydperke het nasionalisering afgekeur en daar is 'n negatiewe persepsie van nasionalisering voorgehou (kyk tabel 7.1). Verdere ontledings het getoon dat, hoewel daar nie 'n toename in stellings was nie (vgl. figuur 7.6), daar wel 'n toename in afkeurende stellings was.

Wanneer *Beeld* en *The Star* afsonderlik bestudeer word, blyk dit dat *Beeld* (48,4%) en *The Star* (51,6% N=93) omtrent ewe veel stellings oor nasionalisering geplaas het (vgl. figuur 7.6). In terme van agendastelling, het *Beeld* egter nasionalisering as belangriker strydpunt geïdentifiseer en was nasionalisering in 1990 (20,6% N=87), 1991 (16,4% N=49) en 1992 (36,9% N=38) die belangrikste aspek op *Beeld* se nuusagenda. *The Star* daarenteen, het net in 1990 (27,3% N=3) die meeste stellings aan nasionalisering afgestaan. In 1992 en 1993 het nasionalisering onderskeidelik die tweede en derde plek op *The Star* se nuusagenda

ingeneem (kyk tabel 7.3). *The Star* het deurgaans negatiewe stellings geplaas, terwyl *Beeld* aanvanklik stellings geplaas het wat nasionalisering voorgestaan het (kyk tabelle 7.2 & 7.3).

Die positiewe beeld in *Beeld* in 1990 moet egter binne die konteks gesien word dat die meeste stellings in 1990 (83,3% N=18) in berigte voorgekom het. Dit was dan ook in dié berigte, wat die meeste goedkeurende stellings (93,3% N=15) voorgekom het, terwyl 66,7% (N=3) stellings in die redaksionele kommentaar nasionalisering afgekeur het. *Beeld* het dus net in sy berigte 'n positiewe beeld van nasionalisering geskets. Eers vanaf 1992 (26,3% N=38) en 1993 (13,5% N=37), het *Beeld* hoofsaaklik stellings geplaas wat nasionalisering begin afkeur het (kyk tabel 7.2). In 1991 en 1993 het al die stellings in die hoofartikels voorgekom en in 1992 het al die stellings in berigte voorgekom.


Die tendens dat *Beeld* aanvanklik stellings geplaas het wat nasionalisering gesteun het, kan verklaar word deur ondersoek te doen na wie dié stellings gemaak het. Die meeste afkeurende stellings in 1990 (2,3% N=87), 1991 (4,1% N=49) en 1992 (7,9% N=38) is deur die koerant self gemaak. *Beeld* self het dus 'n negatiewe persepsie van nasionalisering voorgedhou. Die goedkeurende stellings daarenteen, is in 1990 (13,8% N=87) en 1991 (6,1% N=49) veral deur Nelson Mandela gemaak. Hierdeur het *Beeld* waarskynlik probeer aantoon dat die ANC, en ook Nelson Mandela, ten gunste van nasionalisering was. Hierdie situasie het in 1992 (7,9% N=38) en 1993 (2,7% N=37) verander waar *Beeld* begin het om stellings te plaas waarin Nelson Mandela nasionalisering veroordeel het. In terme van die beeld van die ANC, het *Beeld* dus begin om 'n positiewer beeld van die ANC voor te hou (kyk tabelle 7.9, 7.11, 7.13 & 7.15). Hierdie neiging was in 'n groot mate 'n weerspieëling van die politieke realiteit. In Oktober 1991 en Februarie 1992 het Nelson Mandela begin aandui dat die ANC bereid was om van sy beleid van nasionalisering afstand te doen en in die rigting van 'n gemengde ekonomie begin beweeg het (vgl. paragraaf 3.4.1.2.1).

Hoewel nasionalisering minder prominent op *The Star* se nuusagenda aandag geniet het, het heelwat van die stellings in die redaksionele kommentaar verskyn. Die meeste stellings in 1991 (100,0% N=8) en 1992 (56,3% N=16) het in die redaksionele kommentaar voorgekom, terwyl daar in 1990 ewe veel stellings in berigte en redaksionele kommentaar voorgekom het. Die meerderheid stellings in die redaksionele kommentaar in 1990 (75,0% N=12), 1991 (62,5% N=8) en 1993 (77,8% N=9) het nasionalisering afgekeur. Waar stellings in 1990 (83,3% N=12) en 1992 (57,1% N=7) in berigte voorgekom het, het die meerderheid stellings ook nasionalisering bevraagteken. *The Star* het dus in sowel berigte as redaksionele kommentaar 'n negatiewe persepsie van nasionalisering voorgedhou. *The Star* self het die meeste afkeurende stellings in 1990 (10,2% N=88), 1991 (5,4% N=36) en 1993 (3,1% N=65) gemaak. *The Star* het ook op dieselfde wyse as *Beeld*, aangetoon dat ander

groepe in 1990 (9,1% N=88) en 1992 (4,6% N=65) stellings gemaak het wat nasionalisering afgekeur het.


Figuur 7.7a

Persentasie uiteensetting van stellings oor nasionalisering in *Beeld* (1989-1993)



Figuur 7.7b

Persentasie uiteensetting van stellings oor nasionalisering in *The Star* (1989-1993)



'n Verdere ontleding van die stellings het egter getoon dat *The Star* nie, soos in die geval van *Beeld*, aangetoon het dat die ANC ten gunste van nasionalisering was nie en het geen goedkeurende stellings deur die ANC verskyn nie. In teendeel, in 1990 (1,1% N=88) en 1991 (5,4% N=37) het die ANC afkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 7.8, 7.10, 7.12, 7.14 & 7.16).

Op die oog af wil dit dus voorkom of *Beeld* aanvanklik in 1990 nasionalisering gesteun het (vgl. figuur 7.7a). Dit moet egter binne die konteks gesien word dat die goedkeurende stellings hoofsaaklik deur die ANC gemaak is, terwyl *Beeld* self nasionalisering afgekeur het. Daardeur is aanvanklik 'n negatiewe beeld van die ANC voorgehou. Vanaf 1992 is

aangetoon dat die ANC nou 'n ander standpunt ten opsigte van nasionalisering begin handhaaf het.

The Star het nasionalisering deurgaans afgekeur, maar hier was nie 'n progressiewe toename in afkeurende stellings nie. In 1990 het 79,2% (N=24) stellings nasionalisering afgekeur, teenoor die 62,5% (N=8) stellings in 1991 en 68,8% (N=16) stellings in 1992 (kyk figuur 7.7b). Hier was dus eerder die omgekeerde van die algemene tendens en wil dit voorkom of daar 'n afname in afkeurende stellings was. Hoewel *The Star* 'n negatiewe persepsie van nasionalisering geskets het, het *The Star* nooit die ANC met die beleid van nasionalisering verbind nie.

7.2.2.1 Herverdeling van rykdom

In aansluiting by nasionalisering, het die ANC ook die moontlikheid van regeringsinmenging in die ekonomie om ongelykhede aan te spreek, genoem. In die verband het die moontlikheid van die instelling van welvaartbelasting of die herverdeling van rykdom ter sprake gekom (vgl. paragraaf 3.4.1.2.1). Die herverdeling van rykdom is 'n emosionele aangeleentheid en daar sou verwag kon word dat dit meer blootstelling in die pers sou kry as wat dit gehad het. Slegs in 1990 (0,6% N=175), 1991 (2,3% N=86) en 1992 (1,0% N=103) was daar verwysings na die herverdeling van rykdom (kyk tabel 7.1).

The Star het in totaal meer stellings (75,0% N=4) oor die herverdeling van rykdom as *Beeld* geplaas, maar nie een van die koerante het dit werklik as strydpunt geïdentifiseer nie. *Beeld* het net in 1992 (2,6% N=38) stellings oor die herverdeling van rykdom geplaas. Al die stellings het egter in die hoofartikels voorgekom en is deur *Beeld* self gedoen. Dit het dus voorgekom of *Beeld* self 'n negatiewe persepsie van die herverdeling van rykdom geskep het (kyk tabelle 7.2 & 7.13).

The Star het in 1990 (1,1% N=88) en 1991 (5,4% N=37) na die herverdeling van rykdom verwys. In 1990 is al die stellings deur Nelson Mandela gemaak en het dié stellings herverdeling goedgekeur. In 1991 het al die stellings herverdeling afgekeur en is die stellings deur Nelson Mandela (2,7%) en die koerant self (2,7% N=37) gemaak (kyk tabelle 7.3, 7.10 & 7.12).

Albei koerante het hulle dus teen die herverdeling van rykdom uitgespreek, terwyl *The Star* aangetoon het dat die ANC aanvanklik ten gunste daarvan was, maar dit ook later begin bevraagteken het. *The Star* het dus die persepsie geskep dat die ANC se houding teenoor die herverdeling van rykdom verander het.


7.2.2.2 Algemene ekonomiese beleid

Die meeste stellings oor ekonomiese beleid in die algemeen het in 1992 (48,9% N=96) voorgekom. In 1989 was dit nog nie regtig 'n strydpunt nie en het slegs 2,0% van die stellings daaroor gehandel. Berigging oor die algemene ekonomiese beleidsaspekte het vanaf 1990, behalwe in 1992, taamlik konstant gebly (kyk tabel 7.4 & figuur 7.8). Wanneer ondersoek na die belangrikheid van ekonomiese beleid in die algemeen gedoen word, blyk dit dat dit in 1991 (22,1% N=86) en 1992 (45,6% N=103) die belangrikste aspek, in die hierdie kategorie, op die nuusagenda was (kyk tabel 7.1). Dit kan moontlik gesien word as 'n reaksie op die verskyning van twee werkdokumente oor die ANC se ekonomiese beleid in 1990 en 1991. Uit tabel 7.1 blyk dit dat daar in 1989 (6,7% N=15), 1990 (6,3% N=175), 1991 (14,0% N=86) en 1992 (24,3% N=103) meer afkeurende as goedkeurende stellings oor die ekonomiese beleid was. Net in 1993 het die meerderheid stellings (9,8% N=61) die ekonomiese beleid goedgekeur.

Binne die konteks van agendastelling, het *Beeld* die ANC se ekonomiese beleid as belangrike aspek geïdentifiseer - die meeste stellings in 1991 (38,7% N=49), en die tweede meeste stellings in 1989 (25,0% N=4) en 1992 (36,9% N=38) het aan die ANC se ekonomiese beleid aandag gegee (kyk tabel 7.2).

Figuur 7.8

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene ekonomiese beleid in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=96)




Die verdeling van stellings tussen die redaksionele kommentaar en berigte het ook die mate waarin *Beeld* die ekonomiese beleid as belangrike aspek geïdentifiseer het, aangetoon. In 1989 (100,0% N=1), 1990 (88,9% N=9), 1991 (73,7% N=19) en 1993 (100,0% N=6) het die meeste stellings in die redaksionele kommentaar verskyn. Die meeste van die stellings in die kommentaar in 1989 (100,0% N=1), 1990 (87,5% N=8), 1991 (85,7% N=14) en 1992

(71,4% N=7) het dié beleid afgekeur. Net in 1993 het 66,7% (N=6) van die stellings in die redaksionele kommentaar die ekonomiese beleid van die ANC gesteun.

Dit blyk dat die afkeurende stellings hoofsaaklik deur *Beeld* self in 1989 (25,0% N=4), 1990 (5,7% N=87), 1991 (18,4% N=49) en 1992 (10,5% N=38) gemaak is. Wanneer die stellings van die ANC bestudeer word, blyk dit dat die ANC in 1991, 2,0% (N=49) goedkeurende stellings gemaak het, maar in 1992 (5,3% N=38) en 1993 (2,7% N=37) hoofsaaklik stellings gemaak het wat die ANC se ekonomiese beleid afgekeur het. Die stellings deur Nelson Mandela het die teenoorgestelde tendens getoon. Nelson Mandela het in 1991, 4,1% (N=49) stellings wat dié beleid afgekeur het gemaak, terwyl in 1992 (2,6% N=38) en 1993 (5,4% N=37) goedkeurende stellings gemaak is (kyk tabelle 7.7, 7.9, 7.11, 7.13 & 7.15).

Wanneer die afkeurende stellings bestudeer word, blyk dit dat daar 'n duidelike afname in afkeurende stellings was (vgl. figuur 7.9a). Dit wil dus voorkom of *Beeld* progressief 'n positiewer houding teenoor die algemene ekonomiese beleid van die ANC geopenbaar het totdat die meerderheid stellings nie meer die ekonomiese beleid bevraagteken het nie.

Figuur 7.9a
Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene ekonomiese beleid in *Beeld* (1989-1993)




The Star het, in verhouding tot die ander temas, minder aandag aan ekonomiese beleid as *Beeld* gegee. In 1992 (49,3% N=65) het die meeste stellings oor ekonomiese beleid handel, maar in 1989 (9,1% N=11), 1990 (10,2% N=88) en 1993 (16,6% N=24) is die ekonomiese beleid nie so prominent aangespreek nie (kyk tabel 7.3). Dit blyk dat *The Star* dit nie as so 'n belangrike strydpunt beskou het nie en het die meeste van die stellings in 1990 (88,9% N=9), 1992 (53,1% N=32) en 1993 (100,0% N=4) in berigte verskyn. Slegs in 1992 (80,0% N=15) het die meeste stellings in die redaksionele kommentaar dié

ekonomiese beleid afgekeur. 'n Verdere studie van *The Star* se goedkeurende en afkeurende stellings het getoon dat, hoewel daar telkens meer goedkeurende as afkeurende stellings verskyn het, daar 'n toename in goedkeurende stellings was. In 1990 het 22,2% (N=9) van die stellings dié beleid steun, dié goedkeurende stellings het toegeneem na 34,3% (N=32) stellings in 1992 en 50,0% (N=4) stellings in 1993 (kyk figuur 7.9b).

Figuur 7.9b

Persentasie uiteenstelling van stellings oor die ANC se algemene ekonomiese beleid in *The Star* (1989-1993)



Wanneer die bronne verder bestudeer is, het dit geblyk dat *The Star* self in 1992 (12,3% N=65) die meeste afkeurende stellings gemaak het, terwyl dit ander groepe in 1990 (2,3% N=88) was, wat dié beleid afgekeur het. Die goedkeurende stellings is hoofsaaklik deur Nelson Mandela in 1990 (2,3% N=88) en 1992 (6,2% N=65) gedoen, terwyl die ANC in 1992 ook 4,6% (N=65) goedkeurende stellings gemaak het. In 1993 (8,3% N=24) is die meeste goedkeurende stellings deur die regering gemaak (kyk tabelle 7.8, 7.10, 7.12, 7.14 & 7.16). Die ANC en Nelson Mandela het dus, soos wat dus verwag kon word, stellings gemaak wat hulle beleid gesteun het, maar dit is interessant dat *The Star* ook aangetoon het dat die regering in 1993 positief teenoor die ANC se ekonomiese beleid was.

7.2.3 Onderwysbeleid


Die meeste van die stellings oor die ANC se onderwysbeleid het in 1991 (40,0%) en 1990 (34,0% N=50) voorgekom (kyk figuur 7.10). In vergelyking met die ander temas, was die onderwysbeleid egter in 1991 (23,0% N=86) en 1993 (18,0% N=61) belangrike aspekte op die nuusagenda. Dit is insiggewend dat in 1991, waar die meeste stellings voorgekom het, dié meeste stellings (17,5% N=86) ook die ANC se onderwysbeleid gesteun het. In 1989 (13,3% N=15), 1990 (6,9% N=175) en 1993 (4,9% N=61) het die meeste van die stellings die onderwysbeleid afgekeur (kyk tabel 7.1). Dit wil dus voorkom of daar hoofsaaklik 'n

negatiewe persepsie, behalwe in 1991, van die ANC se onderwysbeleid voorgehou is (kyk tabel 7.1).

Wanneer die afkeurende stellings oor hierdie tydperke bestudeer word, blyk dit dat daar 'n afname in afkeurende stellings vanaf 1989 na 1990 (68,8% N=16) en 1993 (27,3% N=11) was. Dit sou egter nie korrek wees om te aanvaar dat die goedkeurende stellings toeneem het nie. In 1990 was daar 18,8% (N=16) goedkeurende stellings, in 1991 was al die stellings wel goedkeurend, maar daar was net twee stellings gemaak en dit kan nie noodwendig as 'n stygende goedkeurende tendens beskou word nie. In 1993 was daar dan weer 'n daling na 9,1% (N=11) goedkeurende stellings.

Figuur 7.10

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se onderwysbeleid in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=440)



Hierna volg nou 'n fyner ontleding van aspekte binne die onderwysbeleid wat aandag geniet het. Daar is gefokus op die vraagstuk rondom een onderwysdepartement, stakings in die onderwysstelsel, en algemene aspekte wat met die ANC se onderwysbeleid verband gehou het.

7.2.3.1 Een onderwysdepartement

Die kwessie van een onderwysdepartement het net in drie ondersoektydperke aan die orde gekom. Hier was wel 'n tendens dat daar progressief meer stellings vanaf 1989 (15,4%) na 1990 (23,1%) en 1991 (61,6% N=13) voorgekom het (kyk tabel 7.4). Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die waarskynlikheid van een onderwysdepartement, na die ontbaning van die ANC, groter geword het en daar daarom ook meer stellings daaroor verskyn het. Wanneer die stellings ten opsigte van een onderwysdepartement verder ontleed

is, het dit voorgekom of hier ook 'n verandering in die persepsie was, wat voorgehou is. In 1989 het al die stellings een onderwysdepartement teengestaan, in 1990 het al die stellings die gedagte gesteun en in 1991 was 75,0% (N=9) stellings ten gunste van een onderwysdepartement. Dit wil voorkom of die kwessie van een onderwysdepartement na 1991 nie meer werklik 'n vraagstuk was nie, waarskynlik omdat dit toe reeds as noodwendigheid aanvaar is.

Beeld het die kwessie van een onderwysdepartement net in 1991 (12,2% N=49) as vraagstuk beskou en het die meeste van die stellings (66,7% N=6) die gedagte gesteun. Hierdie goedkeurende stellings is deur die ANC (2,0%) en regering (6,1% N=49) gemaak (kyk tabel 7.2 & 7.11).

The Star het in 1989 (18,1% N=11), 1990 (3,4% N=88) en 1991 (5,4% N=37) stellings oor die vraag na een onderwysdepartement geplaas (kyk tabel 7.3). In 1989 het al die stellings dit afgekeur, terwyl al die stellings in 1990 en 1991 dit gesteun het. Die afkeurende stellings in *The Star*, is deur ander groepe gemaak. Die goedkeurende stellings in 1990 is deur die ANC (2,3%) en die koerant self (1,1% N=88) en in 1991 ook deur die koerant self (5,4% N=37) gemaak (kyk tabel 7.10 & 7.12).

Dit blyk dus dat albei koerante na die ontbanning van die ANC stellings geplaas het wat die gedagte van een onderwysdepartement gesteun het, en ook aangetoon het dat die ANC een departement voorgestaan het. Daardeur het albei koerante 'n positiewe beeld van die ANC se onderwysbeleid voorgehou.

7.2.3.2 Stakings in die onderwys

Die vraagstuk rondom stakings in die onderwys het in 1990 (5,7% N=175) en in 1993 (18,0% N=61), waar dit die tweede belangrikste aspek was, aan die orde gekom. In albei gevalle het daar meer afkeurende as goedkeurende stellings verskyn, maar in 1993 was die meeste stellings (11,5% N=61) neutraal (kyk tabel 7.1). Die prominente dekking in 1993 kan toegeskryf word aan die feit dat onrus in 1992 in swart skole begin voorkom het, en dat COSAS aan die begin van 1993 aangekondig het dat daar oor eksamengeld geprotesteer sou word (vgl. paragraaf 3.4.1.2.3).

Dit was net *The Star* wat aan stakings in die onderwys aandag gegee het. Die meeste van die afkeurende stellings in *The Star* in 1990, is deur Nelson Mandela (5,7%), die ANC (1,1%) en *The Star* self (2,3% N=88) gemaak. In 1993 is die afkeurende stellings deur die koerant self (12,5% N=24) gemaak, terwyl ander groepe die goedkeurende stellings (4,2% N=24) gemaak het (kyk tabelle 7.10 & 7.16).

Dit blyk dus dat *The Star* self 'n negatiewe beeld van stakings in die onderwys voorgehou het, maar dit is betekenisvol dat *The Star* ook aangetoon het dat die ANC stakings bevraagteken het. Daardeur het *The Star*, in terme van die aannames van instrumentele aktualisering, 'n positiewe beeld van die ANC geprojekteer.

7.2.3.3 Algemene onderwysbeleid

Uit tabel 7.4 blyk dit dat die meeste stellings oor die ANC se onderwysbeleid in 1991 (75,1% N=16) voorgekom het, terwyl daar ook in 1990 verwysings na die onderwysbeleid was. In vergelyking met die ander temas, was dit net in 1991 (14,0% N=86) eintlik 'n strydpunt op die nuusagenda. In 1990 het 2,3% (N=175) van die stellings daaraan aandag gegee, al dié stellings het die onderwysbeleid afgekeur, terwyl die meerderheid stellings in 1991 (10,5% N=86) die ANC se onderwysbeleid gesteun het (kyk tabel 7.1).

The Star het net in 1990 (3,4% N=88) na die ANC se onderwysbeleid in die algemeen verwys. Al die stellings het hierdie beleid afgekeur. Die afkeurende stellings is deur *The Star* self (2,3%) en Nelson Mandela (1,1% N=88) gemaak. Die meerderheid van die stellings (66,7% N=88) het in artikels voorgekom (kyk tabelle 7.3 & 7.10).

In 1990 het al die stellings in *Beeld* (1,1% N=87) dié beleid afgekeur. Dié stellings is deur *Beeld* self gedoen en het in die redaksionele kommentaar verskyn. Hoewel daar dus relatief min aandag aan die onderwysbeleid gegee is, het *Beeld* duidelik in 1990 'n negatiewe persepsie van die ANC se onderwysbeleid voorgehou (kyk tabelle 7.2 & 7.9).

In 1991 het die situasie verander en het die meerderheid van die stellings (18,4% N=49) in *Beeld* nou dié beleid gesteun. Hierdie moet egter binne die konteks gesien word, dat al dié stellings in berigte voorgekom het en nie deur *Beeld* alleen gemaak is nie. Die meeste van die goedkeurende stellings is deur die ANC (8,2%) en die regering (8,2% N=49) gemaak. *Beeld* self het 2,0% (N=49) goedkeurende stellings gemaak (kyk tabelle 7.2 & 7.1).

'n Interessante aspek is dat dit *The Star* was wat stellings geplaas het, wat die beleid afgekeur het en *Beeld* wat goedkeurende stellings geplaas het. Veral as in ag geneem word dat *The Star* die ANC as bron gebruik het om die beleid af te keur, terwyl *Beeld* aangedui het dat die ANC wel die beleid gesteun het. 'n Moontlike verklaring sou wees dat *The Star* die indruk wou skep dat die ANC nie rigied in sy beleid was nie en bereid was om daarvoor te onderhandel, terwyl *Beeld* meer die idee wou skep dat die ANC nie van sy standpunt sou afsien nie. As in ag geneem word dat *Beeld* ook stellings van die regering geplaas het wat die beleid van die ANC gesteun het, dan wil dit voorkom of *Beeld* werklik die beleid

ondersteun het, maar ook probeer aantoon het dat daar raakpunte tussen die ANC en die regering was en dat samewerking tussen die twee partye moontlik sou wees.

7.2.4 Gesondheidsbeleid


In die ondersoektydperke was die ANC se gesondheidsbeleid nooit werklik 'n strydpunt op die nuusagenda nie. Slegs in 1990 is daar na dié beleid verwys en toe het slegs 0,6% (N=175) stellings die kwessie aangespreek. Al dié stellings het die beleid gesteun (kyk tabel 7.1). Die stellings het in *Beeld* verskyn en al die stellings (1,1% N=87) het in berigte voorgekom, en is deur Nelson Mandela gemaak (kyk tabelle 7.2 & 7.9).

Nie *Beeld* of *The Star* het dus werklik 'n bepaalde persepsie oor die gesondheidsbeleid voorgehou nie - *Beeld* het eintlik net die standpunt van Nelson Mandela gereflekteer. Wanneer in ag geneem word hoe 'n belangrike rol gesondheid later in die ANC se beleid sou speel (vgl. paragraaf 3.4.1.2.4), is dit 'n moeilik verklaarbare tendens.

7.2.5 Sportbeleid

Die meeste stellings wat met die ANC se sportbeleid verband gehou het, het in 1990 (37,5%) en 1992 (31,3% N=32) verskyn (kyk tabel 7.4). In vergelyking met die ander temas, was die sportbeleid van die ANC nooit werklik 'n strydpunt op die nuusagenda nie. Daar was in 1989 (13,4% N=15), 1990 (6,9% N=175), 1991 (8,2% N=86), 1992 (9,7% N=103) en 1993 (1,6% N=61) verwysings na die ANC se sportbeleid (kyk tabel 7.1 & figuur 7.11).

Figuur 7.11
Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se sportbeleid in *Beeld* en *The Star* 1989-1993



The Star (96,9% N=32) het baie meer stellings oor die ANC se sportbeleid as *Beeld* geplaas. *Beeld* het net in 1993 (2,7% N=37) stellings geplaas. Dié stellings was almal neutraal, het in berigte verskyn en is deur *Beeld* self gedoen (kyk tabelle 7.2 & 7.15).

The Star het ook, in terme van die ander temas, meer klem op die ANC se sportbeleid geplaas. Die meeste stellings in 1989 (18,2% N=11) het oor die sportbeleid gehandel en in 1990 (13,6% N=88) en 1992 (15,4% N=65) het die derde meeste stellings hieraan aandag gegee. In 1991 (18,9% N=37) was die ANC se sportbeleid die vierde belangrikste aspek op *The Star* se nuusagenda (kyk tabel 7.3).

In 1989 het daar geen afkeurende stellings verskyn nie en 9,1% (N=11) elk goedkeurende en afkeurende stellings. Al die stellings het in artikels verskyn en is deur *The Star* self gemaak (kyk tabelle 7.3 & 7.8). In 1990 (8,0% N=88) en 1991 (16,2% N=37) het daar telkens meer afkeurende as goedkeurende stellings verskyn. In 1993 het die situasie verander en het al die stellings (15,4% N=65) die ANC se sportbeleid gesteun (kyk tabel 7.3). Verdere ontleding van die data, het egter getoon dat nie sonder voorbehoud aanvaar kan word dat dit die standpunt van *The Star* verteenwoordig het nie. Die stellings het almal in berigte voorgekom en die stellings is nie deur *The Star* alleen gemaak nie.

In 1990 is die afkeurende stellings hoofsaaklik deur die ANC (3,4%) en ander groepe (3,4%) gemaak, terwyl slegs 1,1% (N=88) van die afkeurende stellings deur *The Star* self gemaak is (kyk tabel 7.10). Op dieselfde wyse as beriggewing oor die onderwysbeleid, was dit ook *The Star* wat hier aangetoon het dat die ANC nie sonder voorbehoud sy eie beleid aanvaar het nie. Dit kon moontlik op 'n tegemoetkomende houding van die ANC dui. In 1991 is dit hoofsaaklik ander groepe (13,5%) en ook *The Star* self (2,7% N=37) wat die afkeurende stellings gemaak het. In 1991 is die sportbeleid van die ANC nog steeds bevraagteken, maar dit is interessant dat die afkeurende stellings nie meer deur die ANC gemaak is nie (kyk tabel 7.12). In 1993 het al die stellings ook in berigte verskyn en is die goedkeurende stellings hoofsaaklik deur die ANC (12,3%), maar ook *The Star* self (3,1% N=61) gemaak (kyk tabel 7.16).


Vanaf 1989 tot 1991 het die afkeurende stellings toeneem van 50,0% (N=2) stellings in 1989 na 58,3% (N=12) stellings in 1990 en 85,7% (N=7) stellings in 1991 (kyk figuur 7.11). In 1992 is 'n ander beeld van die ANC se sportbeleid voorgehou. Al die stellings het die sportbeleid gesteun en daar moet in gedagte gehou word dat daar heelwat stellings oor die sportbeleid in 1992 verskyn het. 'n Moontlike verklaring vir hierdie tendens was Suid-Afrika se toetreding tot die wêreldbeker-krieketreeks en dat Suid-Afrika se welslae in hierdie reeks vir politieke gewin gebruik is. Die ANC het ook in 1992 sy steun vir Suid-Afrikaanse deelname aan die Olimpiese Spele uitgespreek (vgl. paragraaf 3.4.1.2.3.)

7.2.6 Behuisingsbeleid

Verwysings na die ANC se behuisingsbeleid het vanaf 1989 (43,2%) na 1993 (7,1% N=14) afgeneem. Die behuisingsbeleid was ook net werklik op 1990 (40,1% N=15) se nuusagenda, 'n strydpunt gewees (kyk tabel 7.1). Oor die algemeen is daar 'n redelike positiewe beeld van die ANC se behuisingsbeleid voorgehou - daar het slegs in 1990 (25,0% N=4) afkeurende stellings verskyn. In 1989 en 1993 was al die stellings neutraal, terwyl die meerderheid stellings in 1990 (50,0% N=4) en 1992 (66,7% N=3) die behuisingsbeleid gesteun het (kyk figuur 7.12).

Figuur 7.12

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se behuisingsbeleid in *Beeld* en *The Star* (1989-1993)



Hierna volg 'n bespreking van meer spesifieke aspekte van die behuisingsbeleid wat ondersoek is. Daar is spesifiek gefokus op die vraagstuk rondom plakkerskampe en algemene beleidsaspekte.

7.2.6.1 Informele behuising

Die vraagstuk rondom informele behuising het deurgaans 'n baie lae profiel op die nuusagenda gehandhaaf (kyk tabel 7.1). Aangesien dit 'n emosionele aangeleentheid is, sou daar verwag kon word dat dit meer dekking sou geniet het. Sowel *Beeld* as *The Star* het baie min stellings oor informele behuising geplaas.

Beeld het net in 1992 (5,3% N=38) na plakkerskampe of informele behuising verwys. Al die stellings het plakkerij goedgekeur, maar was nie werklik die standpunt van *Beeld* nie. Al die stellings het in berigte verskyn en is deur die ANC gemaak (kyk tabel 7.2 & 7.13).

The Star het in 1989 (9,1% N=11) en 1990 (1,1% N=88) na plakkerskampe verwys. In 1989 is daar nog nie werklik standpunt oor die wenslikheid of noodsaaklikheid van

plakkerskampe ingeneem nie en al die stellings was neutraal (kyk tabel 7.3). Die stellings het egter almal in *The Star* se redaksionele kommentaar verskyn en is deur die koerant self gemaak (kyk tabel 7.8). Gegee die politieke omstandighede in 1989, was plakkerie en die besetting van grond nog nie werklik 'n strydpunt nie en is dit verstaanbaar dat daar relatief min aandag aan die aspek gegee is.

In 1990 was al die stellings ten gunste van plakkerskampe (kyk tabel 7.3). Daar kan egter nie aanvaar word dat dit die eksplisiete standpunt van *The Star* was nie, aangesien al die stellings in berigte verskyn het en deur ander groepe gemaak is (kyk tabel 7.10).

Anders as wat verwag kon word, het albei koerante stellings geplaas wat plakkerskampe gesteun het. Die stellings is egter nie deur die koerante self gemaak nie. Dit is miskien betekenisvol dat *Beeld* wel aangetoon het dat die ANC in 1992 stellings ten gunste van plakkerie gemaak het. Dit is in ooreenstemming met die ANC se siening dat aandag gegee moes word aan gemeenskappe wat slagoffers van gedwonge verskuiwings was.

7.2.6.2 Algemene behuisingsbeleid

Die meeste van die stellings oor die behuisingsbeleid het in 1989 (50,0% N=10) voorgekom, daarna was daar 'n daling na 30,0% (N=10) stellings in 1990 (kyk tabel 7.4). In vergelyking met die ander temas, was die behuisingsbeleid net in 1989, waar die meeste stellings (33,4% N=14) aan die behuisingsbeleid aandag gegee het, 'n strydpunt op die nuusagenda gewees. In 1989 het die meeste van die stellings (26,7% N=15) steun vir die ANC se behuisingsbeleid uitgespreek (kyk tabel 7.1). In die ander tydperke is daar nie werklik 'n bepaalde beeld weerspieël nie.

Beeld het in 1990 (2,2% N=87), 1992 (2,6% N=38) en 1993 (2,7% N=37) stellings oor die ANC se behuisingsbeleid geplaas. Die stellings het almal telkens in die berigte voorgekom (kyk tabel 7.2). Die neutrale stellings in 1992 (2,6% N=38) en 1993 (2,7% N=37) is telkens deur *Beeld* self gedoen, terwyl die ANC in 1990 (1,1% N=87) die neutrale stellings gemaak het. Die goedkeurende stellings in 1990 (1,1% N=87) is deur die regering gedoen (kyk tabelle 7.9, 7.14 & 7.16). Hoewel daar dus nie 'n bepaalde persepsie weerspieël is nie, is dit betekenisvol dat geen stellings wat dié beleid afgekeur het, geplaas is nie. Dit was opmerklik dat die regering steun vir die ANC se behuisingsbeleid uitgespreek het. Hoewel *Beeld* self dus nie stellings ten gunste van die ANC se behuisingsbeleid gemaak het nie, is dit beslis ook nie negatief voorgestel nie.

The Star het besonder klem op die behuisingsbeleid in 1989 gelê, waar die meeste stellings (45,5% N=11) aan die behuisingsbeleid afgestaan is. Die meeste van dié stellings (36,4%


N=11) het die behuisingsbeleid gesteun (kyk tabel 7.8). Al die stellings het in die redaksionele kommentaar verskyn en is deur *The Star* self gemaak. In teenstelling met *Beeld*, het *The Star* dus behuising as 'n belangrike vraagstuk geïdentifiseer en ook sterk steun daarvoor uitgespreek. Hierdie situasie het in 1990 verander, waar die behuisingsbeleid baie minder aandag geniet het (1,1% N=88) en al die stellings die behuisingsbeleid afgekeur het (kyk tabel 7.3). Al die stellings het in die berigte verskyn en is deur Nelson Mandela gemaak (kyk tabel 7.10). *The Star* het dus aangetoon dat Nelson Mandela die ANC se behuisingsbeleid bevraagteken het.

7.2.7 Algemene beleidsaspekte

Die meeste stellings oor algemene beleid het in 1990 (68,9%), 1991 (13,6%) en 1993 (13,5% N=74) voorgekom (kyk tabel 7.4 en figuur 7.13). Dit was in 1990 (29,1% N=175) die belangrikste aspek op die nuusagenda, terwyl algemene beleid ook in 1989 (13,3% N=15) en in 1991 (11,7% N=86) prominent aangespreek is. Daar was ook enkele verwysings in 1992 (1,0% N=103). Daar is hoofsaaklik 'n negatiewe beeld van die ANC se beleid geprojekteer. In 1989 en 1992 het al die stellings die ANC se beleid afgekeur en in 1990 (4,6% N=175) en in 1993 (6,6% N=61) was daar meer afkeurende as goedkeurende stellings. Slegs in 1991 was daar meer goedkeurende (4,7% N=86) as afkeurende stellings (kyk tabel 7.1).

Figuur 7.13

Persentasie uiteensetting van stellings oor die ANC se algemene beleid in *Beeld* en *The Star* 1989-1993 (N=74)



Beeld het in 1989 (50,0% N=4) en 1990 (47,1% N=87) die meeste stellings aan die ANC se beleid in die algemeen afgestaan, terwyl die tweede meeste stellings in 1993 (21,6% N=37) ook oor die ANC se beleid gehandel het. In terme van agendastelling, het *Beeld* dus

beleidformulering as 'n belangrike vraagstuk beskou. *Beeld* het deurgaans 'n negatiewe persepsie van die ANC se beleid voorgehou. Daar het slegs in 1990 (2,3% N=87) goedkeurende stellings verskyn, maar die meeste stellings (8,0% N=87) was nog steeds afkeurend (kyk tabel 7.2). In 1989 en 1991 het al die stellings in die redaksionele kommentaar verskyn en in 1991 en 1993 het al die stellings in berigte verskyn. In 1990, waar die meeste stellings voorgekom het, het 82,9% (N=41) van die stellings in berigte verskyn. Die meerderheid stellings in sowel berigte (82,4% N=32) as kommentaar (57,1% N=7) was neutraal, maar in albei gevalle was daar ook meer afkeurende as goedkeurende stellings. Die meeste afkeurende stellings in 1989 (50,0% N=4), 1990 (4,6% N=87), 1992 (2,6% N=38) en 1993 (10,8% N=37) is deur die koerant self gemaak (kyk tabelle 7.7, 7.9, 7.11 & 7.15). Dit wil dus voorkom of *Beeld* krities teenoor die ANC se pogings om beleid te formuleer, gestaan het.

In 1991 het die meeste van *The Star* se stellings (24,3% N=37) gesamentlik oor die ANC se beleid in die algemeen en ekonomiese sanksies handel. In 1991, waar die meeste stellings voorgekom het, het die meerderheid stellings (10,8% N=37) die beleid goedgekeur. Hierdie goedkeurende stellings is deur *The Star* self gedoen. In 1990 (10,2% N=88) en 1993 (8,3% N=24) was die meeste van die stellings neutraal (kyk tabelle 7.3, 7.10, 7.12 & 7.16).

The Star het die vraagstuk rondom beleidformulering pertinent in sy redaksionele kommentaar aangespreek. Die meeste stellings in 1990 (60,0% N=10) en 1991 (88,9% N=9) het in die redaksionele kommentaar voorgekom. *The Star* het dus soos *Beeld* dit as 'n belangrike kwessie beskou, maar anders as *Beeld* 'n positiewer persepsie voorgehou.

7.3 SAMEVATTING

Die ekonomiese beleid is as die belangrikste beleidsaspek deur *Beeld* en *The Star* geïdentifiseer. Die ekonomiese aspekte wat die meeste aandag geniet het, was die kwessies van nasionalisering en sanksies.

In albei gevalle, het sowel *Beeld* as *The Star* aangedui dat hulle self nasionalisering en sanksies afgekeur het. *Beeld* het aangedui dat die ANC aanvanklik sanksies gesteun het, maar vanaf 1993 begin het om stellings daarteen te maak. Basies dieselfde tendens het by nasionalisering voorgekom waar *Beeld* aangedui het dat Nelson Mandela vanaf 1992 begin het om die beleid van nasionalisering te bevraagteken. Binne die konteks van die beeld van die ANC, beteken dit dat *Beeld* 'n positiewer persepsie van die ANC in terme van sy ekonomiese beleid, geskets het. *The Star* self het ook 'n negatiewe persepsie van sanksies voorgehou en aangetoon dat die ANC sanksies gesteun het, maar het nie in dieselfde mate as *Beeld*, aangetoon dat daar 'n verandering in die ANC se beleid vanaf 1993 was nie. In die

geval van nasionalisering het *The Star* ook aangetoon dat hy nasionalisering afgekeur het, maar daar is ook nie aangedui dat die ANC hom met dié beleid geïdentifiseer het nie. Dit was opmerklik dat 'n emosionele strydpunt soos plakkerskampe relatief min dekking geniet het.

Daar is 'n taamlike positiewe persepsie van die ANC se onderwysbeleid voorgehou. Oor die kwessie van een onderwysdepartement het daar hoofsaaklik goedkeurende stellings verskyn. *The Star* het stakings in die onderwys afgekeur, maar ook aangetoon dat die ANC dit afgekeur het en daardeur die ANC gesteun.

Die stellings oor die ANC se behuisingsbeleid het vanaf 1989 tot 1993 afgeneem. In terme van agendastelling, beteken dit dat die strydpunt minder belangrik geword het. Daar het egter deurgaans hoofsaaklik goedkeurende stellings oor die behuisingsbeleid verskyn. Dit was opmerklik dat albei koerante positiewe stellings oor informele behuising geplaas het. Die gesondheidsbeleid het nie werklik aan die orde gekom nie.

Dit het dus geblyk dat daar nie toenemend meer stellings vanaf 1989 tot 1993 oor die ANC se beleid verskyn het nie, maar daar was 'n neiging om meer kritiese stellings te plaas. Dit moet egter binne die konteks gesien word dat baie van die stellings juis deur die ANC gemaak is. Binne hierdie konteks kan dus aanvaar word dat die koerante 'n veranderende houding van die ANC weerspieël het. Dit blyk dus dat albei koerante wel die persepsie geskep het dat die ANC, namate 'n demokratiese verkiesing nader gekom het, meer aandag aan sy beleidformulering gegee het. In dié geval van die ekonomiese beleid is ook 'n verandering in beleid weerspieël (vgl. doelstelling 1.2.2d).

In hierdie hele transformasieproses het Nelson Mandela 'n belangrike rol gespeel en is dit ook nodig om spesifiek na Nelson Mandela se beeld in vergelyking met die beeld van die ANC ondersoek te doen.

Hoofstuk 8

Bespreking van resultate: Die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela in vergelyking met die beeld van die ANC

8.1 INLEIDING

Nadat die ANC ontban is, is een van die probleme waarmee die ANC te doen gekry het, die kwessie om die interne en eksterne vleuels van die leierskap te verenig. Die benoeming van Nelson Mandela as visepresident, was onder andere 'n poging om dié probleem aan te spreek (vgl. paragraaf.3.4.1.1). 'n Verdere dilemma waarmee die ANC gekonfronteer was, was om 'n meer gematigde houding in te slaan sonder om sy meer radikale ondersteuners te verloor. Dit het besondere eise aan die ANC-leierskap gestel en ook tot gevolg gehad dat die organisasie soms teenstrydige stellings gemaak het.

Nelson Mandela, is in baie opsigte as die verpersoonliking van die ANC se ideale gesien. Sy gevangenskap het op simboliese wyse deel van die ANC se vryheidstryd geword en veldtogte vir sy vrylating het deel van die ANC se propagandastrategie gevorm (vgl. paragraaf 3.3.5.3). Tydens sy gevangenskap, het Winnie Mandela ook deel van die propagandaspel geword en het sy die titel as *moeder van die nasie* ontvang. Daarby het haar verhoor, na aanleiding van haar betokkenheid by die ontvoering van en moord op Stompie Sepei, ook baie publisiteit geniet. Waar politieke verhore deel van die ANC se propagandaveldtog gevorm het, was dié verhoor soms vir die ANC 'n verleentheid (vgl. paragraaf 3.3.5.3).

Volgens die agendastellingshipotese, en spesifiek die konsep van persoonlikheidsbeklemtoning, kan die media deur middel van selektiewe beriggewing 'n bepaalde leierskapstyl aan 'n persoon toeskryf. Dit is binne dié konteks wat ondersoek gedoen is na die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela, in vergelyking met die beeld van die ANC. Daar is veral klem gelê op hulle onderskeie beelde ten opsigte van voorstanders van geweld en vreedsame politieke ontwikkeling. (Kyk Bylae A vir 'n volledige omskrywing van die temas.)

Daar is eerstens ondersoek gedoen na die stellings wat oor Nelson Mandela en Winnie Mandela en die ANC in *Beeld* en *The Star* verskyn het. In die tweede plek is die stellings wat deur Nelson Mandela en die ANC ten opsigte van geweld en politieke onderhandeling gemaak is,


bestudeer. Die stellings van Winnie Mandela is nie in berekening gebring omdat daar relatief min stellings was.

8.2 ALGEMENE TENDENSE BY DIE STELLINGS OOR NELSON MANDELA, WINNIE MANDELA EN DIE ANC

Dit blyk dat daar min of meer ewe veel stellings oor die drie temas in die ondersoektydperke verskyn het. Daar het 30,6% stellings oor Winnie Mandela, 35,0% stellings oor Nelson Mandela en 34,3% (N=1224) oor die ANC verskyn. In terme van agendastelling, kan dus nie gesê word dat een tema meer prominent as die ander voorgestel is nie. Wanneer die stellings in *Beeld* en *The Star* afsonderlik ontleed is, het dit geblyk dat daar meer stellings in *Beeld* (58,8% N=1224) verskyn het, teenoor die 41,2% (N=1224) stellings in *The Star*. Daar kan dus aanvaar word dat *Beeld* genoemde aspekte as belangriker nuusitems beskou het.

Figuur 8.1


Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC (1989-1993)



Die meeste van die stellings oor Nelson Mandela (69,7% N=429) en die ANC (29,3% N=420) het in 1990, met die ontbaning van die ANC en vrylating van Nelson Mandela, voorgekom. 'n Verdere studie van die stellings het getoon dat Nelson Mandela na sy vrylating minder nuuswaardig geword het en het daar na 1990 heelwat minder stellings oor hom verskyn. Daarenteen het die stellings oor die ANC na 1990 nie in dieselfde mate afgeneem nie (kyk figuur 8.1). Hierdie tendens word nog duideliker wanneer die persentasie stellings in elke tydperk met mekaar vergelyk word. In 1990 het 76,3% (N=444) stellings oor Nelson Mandela gehandel, maar in 1991 (37,1% N=248), 1992 (70,7% N=123) en 1993 (67,9% N=134) het meer stellings aan die ANC as aan Nelson Mandela aandag gegee (kyk figuur 8.2). Dit wil dus

voorkom of daar nie net minder stellings oor Nelson Mandela na sy vrylating verskyn het nie, maar dat Nelson Mandela ook in vergelyking met die ANC minder belangrik op die nuusagenda was. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat namate die ANC meer as politieke beweging begin organiseer het, het daar ook ander leiers na vore getree en dat Nelson Mandela nie meer alleen as die verpersoonliking van die ANC gesien is nie. Die implikasie daarvan is ook dat latere verwysings na die ANC by implikasie waarskynlik ook na Nelson Mandela verwys het, terwyl daar vroeër eerder na Nelson Mandela as die ANC verwys is, omdat Nelson Mandela as persoon meer aanvaarbaar en gematig (kyk paragraaf 3.4.1.1) as die ANC voorgestel was.

Figuur 8.2
Persentasie uiteensetting van stellings oor Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC (1989-1993)



Die meeste van die stellings oor Winnie Mandela het in 1989 (76,8% N=155) voorgekom. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan haar betrokkenheid by die ontvoering en aanranding van jeuidiges en die moord op Stompie Sepei in 1989, wat tot heelwat publisiteit gelei het. Wanneer die stellings oor Winnie Mandela met dié van Nelson Mandela en die ANC vergelyk word, blyk dit dat die meeste stellings in 1989 (82,9% N=275) en 1991 (48,8% N=248) oor Winnie Mandela gehandel het, terwyl net 5,0% (N=444) stellings in 1990 aan haar aandag gegee het (kyk figuur 8.2). Dit het dus voorgekom of Winnie Mandela voor die ontbanning van die ANC meer nuuswaardig was, terwyl sy tydens die ontbanning van die ANC nie veel nuusdekking geniet het nie. In 1991, tydens die moordverhoor van Stompie Sepei, het sy weer meer prominente dekking geniet. In terme van die agendastellingshipotese, kan dus gesê word dat die belangrikheid van Winnie Mandela en in 'n mindere mate Nelson Mandela vanaf 1990 afgeneem het, terwyl die ANC se belangrikheid toegeneem het. Binne hierdie konteks is meer spesifiek

ondersoek gedoen na die persepsies wat *Beeld* en *The Star* van Nelson Mandela, Winnie Mandela en die ANC voorgehou het.

8.2.1 Nelson Mandela

Uit tabel 8.1¹¹ blyk dit dat die meeste stellings oor Nelson Mandela in 1989 (95,0% N=20), 1990 (71,6% N=299) en 1991 (57,1% N=35) neutraal was. Oor die algemeen beskou, het die koerante dus nie 'n spesifieke persepsie van Nelson Mandela voorgehou nie. Verdere studie het egter getoon dat daar in 1989 geen goedkeurende stellings verskyn het nie, maar in 1990 en 1991 het daar telkens meer goedkeurende as afkeurende stellings verskyn. In 1992 het die meeste stellings (50,0% N=36) 'n positiewe persepsie, in terme van die bepaalde definisie van Nelson Mandela, voorgehou en in 1993 was die meeste van die stellings neutraal, maar daar was geen afkeurende stellings nie. Meer insiggewend was dat daar 'n toename in goedkeurende stellings vanaf 1990 na 1992 was, maar daar was in werklikheid ook 'n toename vanaf 1989 tot 1992 in afkeurende stellings (kyk tabel 8.1). In 1993 het die situasie verander en het daar geen afkeurende stellings verskyn nie. Dit maak dit moeilik om tot 'n direkte gevolgtrekking te kom dat daar toenemend 'n positiewer beeld van Nelson Mandela voorgehou is. Daar kan wel aanvaar word dat daar telkens meer goedkeurende as afkeurende stellings voorgekom het.

'n Meer spesifieke studie van *Beeld* en *The Star* het getoon dat *Beeld* (52,7% N=429) in totaal effens meer stellings oor Nelson Mandela as *The Star* geplaas het. Sowel *Beeld* (70,8% N=226) as *The Star* (68,4% N=203) het die meeste stellings oor Nelson Mandela in 1990 geplaas en is beriggewing in albei koerante deur 'n hoë persentasie neutrale stellings gekenmerk (kyk tabelle 8.2 & 8.3). Hierdie neutrale stellings is telkens deur die koerant self gedoen (vgl. tabelle 8.4 & 8.5). Hierdie tendens kan waarskynlik aan die koderingskriteria toegeskryf word. In terme van dié definisie is alle stellings, wat nie op die definisie betrekking gehad het nie, as 'n neutrale stelling gekodeer. Dit het beteken dat Nelson Mandela nie as voorstander van geweld of onderhandeling getipeer is nie (vgl. Bylae A). Daar kan aanvaar word dat Nelson Mandela baie blootstelling in 1990 gehad het as gevolg van sy vrylating.

'n Verdere studie van die goedkeurende en afkeurende stellings, het getoon dat *Beeld* net in 1989 geen goedkeurende stellings geplaas het nie. In 1991 was daar ewe veel goedkeurende en afkeurende stellings, terwyl daar in 1990 (23,1% N=160), 1992 (50,0% N=20) en in 1993 (36,4% N=11) meer goedkeurende as afkeurende stellings oor Nelson Mandela in *Beeld* verskyn

11 Alle tabelle waarna in hierdie hoofstuk verwys word, is in Bylae G opgeneem.

het. *The Star* het telkens meer goedkeurende as afkeurende stellings geplaas, behalwe in 1989, waar al die stellings neutraal was (kyk tabelle 8.2 & 8.3). Oor die algemeen het albei koerante, in terme van die gegewe definisie, vanaf 1990 'n positiewe beeld van Nelson Mandela voorgehou. Die persepsie is dus geskep dat Nelson Mandela eerder 'n voorstander van vreedsame politieke onderhandeling as verandering deur geweld was.

'n Verdere ondersoek na die goedkeurende en afkeurende stellings, het getoon dat *Beeld* self die meeste goedkeurende stellings in 1990 (11,9% N=160), 1991 (15,8% N=19), 1992 (35,0% N=20) en 1993 (27,3% N=11) gemaak het. *Beeld* het dus Nelson Mandela as politieke onderhandelaar getipeer. Dit was opmerklik dat *Beeld* aangetoon het dat die ANC ook in 1990 (9,4% N=160) en 1992 (5,0% N=20) en die regering in 1991 (10,5% N=19), 1992 (5,0% N=20) en 1993 (9,1% N=11) die meeste goedkeurende stellings gemaak het. In 1993 het *Inkatha* ook 9,1% (N=11) goedkeurende stellings gemaak. *The Star* het ook telkens die meeste goedkeurende stellings in 1990 (10,8% N=139), 1991 (43,8% N=16), 1992 (25,0% N=16) en 1993 (10,7% N=28) gemaak, terwyl die ANC ook in 1992, 18,8% (N=16) goedkeurende stellings gemaak het (kyk tabelle 8.4 & 8.5). Binne hierdie konteks het dit dus voorgekom of albei koerante self 'n positiewe beeld van Nelson Mandela voorgehou het en ook aangetoon het dat die ANC sy steun en lojaliteit aan Nelson Mandela toegesê het. Hierdie situasie het in 1993 (24,4% N=28) verander, waar *The Star* aangetoon het dat die ANC stellings gemaak het wat Nelson Mandela bevraagteken het. Dit kan waarskynlik aan die feit toegeskryf word dat namate die onderhandelingsproses finaliteit begin bereik het, het van die meer tradisionele radikale ondersteuners binne die ANC, Nelson Mandela se optrede begin bevraagteken.

'n Studie na die voorkoms van stellings in hoofartikels en berigte, het getoon dat albei koerante hoofsaaklik stellings in berigte geplaas het. Die meeste van die stellings oor Nelson Mandela in *Beeld*, het in 1989 (100,0% N=16), 1990 (76,9% N=160), 1991 (52,6% N=19), 1992 (65,0% N=20) en 1993 (72,7% N=11) in berigte verskyn. *The Star* het ook telkens meer stellings in berigte as in die redaksionele kommentaar geplaas. In 1989 (100,0% N=4), 1990 (85,6% N=139), 1991 (62,5% N=16), 1992 (62,5% N=16) en 1993 (82,1% N=28) het die meeste stellings in berigte verskyn. In terme van die agendastellingshipotese, het *Beeld* en *The Star*, Nelson Mandela dus nie as so 'n belangrike tema op die nuusagenda beskou nie.

Samevattend kan gestel word dat beriggewing oor Nelson Mandela in albei koerante deur 'n hoë persentasie neutrale stellings gekenmerk is, maar daar was tog 'n neiging om eerder goedkeurende as afkeurende stellings te plaas. Dit was veral *The Star* wat in hierdie opsig 'n positiewe beeld van Nelson Mandela voorgehou het. Daar kan egter nie met sekerheid verklaar

word dat Nelson Mandela toenemend as vredemaker deur albei koerante voorgestel is nie. Ten einde 'n antwoord op die vraag te bekom, is ook ondersoek gedoen na Nelson Mandela se stellings ten opsigte van politieke geweld en politieke hervorming en word dit met soortgelyke stellings van die ANC vergelyk (vgl. paragrawe 8.3 & 8.4).

8.2.2 Winnie Mandela

Op dieselfde wyse as beriggewing oor Nelson Mandela, is beriggewing oor Winnie Mandela ook deur 'n hoë persentasie neutrale stellings gekenmerk (kyk tabel 8.1). In teenstelling met Nelson Mandela, het daar egter telkens in 1989 (52,2% N=288), 1990 (54,5% N=22), 1991 (19,0% N=121) en 1993 (25,0% N=4), in terme van die definisie (vgl. Bylae A), meer afkeurende as goedkeurende stellings verskyn. Daar kan aanvaar word dat daar 'n meer negatiewe beeld van Winnie Mandela as van Nelson Mandela voorgehou is.

Beeld, het Winnie Mandela as belangriker nuustema as *The Star* beskou en het 59,5% (N=375) van die stellings oor Winnie Mandela in *Beeld* verskyn. *Beeld* het ook aansienlik meer afkeurende (70,3% N=155) stellings as *The Star* geplaas. Binne die konteks van agendastelling beteken dit nie net dat *Beeld*, Winnie Mandela as belangriker nuusitem geïdentifiseer het nie, maar ook 'n besondere negatiewe beeld van haar voorgehou het. Meer as die helfte van *Beeld* se stellings oor Winnie Mandela in 1989 (59,2% N=147) en 1990 (61,1% N=18) was afkeurend, terwyl daar in 1991 (18,5% N=54) en in 1993 (25,0% N=4) ook meer afkeurende as goedkeurende stellings verskyn het. In *The Star* was die persentasie afkeurende stellings nie so hoog nie, maar was daar in 1989 (39,5% N=81), 1990 (25,0% N=4) en 1991 (19,4% N=67) telkens meer afkeurende as goedkeurende stellings (kyk tabelle 8.2 & 8.3).

Die stellings oor Winnie Mandela het ook, soos in die geval van Nelson Mandela, eerder in berigte as in artikels voorgekom. In *Beeld* het die meeste stellings in 1989 (95,9% N=147), 1990 (77,8% N=18), 1991 (90,7% N=54) en 1993 (50,0% N=4) in berigte voorgekom. In sowel berigte as artikels was die meerderheid stellings afkeurend. In *The Star* het die meeste stellings in 1989 (92,6% N=81), 1990 (100,0% N=4) en 1991 (91,1% N=67) in berigte voorgekom. Dit blyk dus dat albei koerante, maar veral *Beeld*, in terme van die definisies (vgl. Bylae A), 'n negatiewe persepsie van Winnie Mandela voorgehou het.

Hierdie afkeurende stellings is hoofsaaklik deur die koerante self gedoen. In *Beeld* is die meeste afkeurende stellings in 1989 (25,2% N=147), 1991 (11,1% N=54) en 1993 (25,0% N=4) hoofsaaklik deur die koerant self gedoen. In 1990 was dit die ANC (38,9%), gevolg deur

Beeld self (22,2% N=18) wat die meeste afkeurende stellings gemaak het. *The Star* self het ook in 1989 (8,6% N=81) en 1991 (14,9% N=67) die meeste afkeurende stellings gemaak. In 1992 het die ANC al die afkeurende stellings gemaak. *The Star* het ook aangetoon dat ander groepe in 1989 (17,3% N=81) heelwat afkeurende stellings gemaak het. Hier het dus die teenoorgestelde tendens as by Nelson Mandela voorgekom en is aangetoon dat die ANC ook afkeurende stellings oor Winnie Mandela gemaak het. Dit was opmerklik dat *The Star* aangetoon het dat Winnie Mandela self in 1989 (9,9% N=81) en die ANC in 1993 (4,5% N=67) goedkeurende stellings gemaak het (kyk tabelle 8.6 & 8.7).

8.2.3 Die ANC

Oor die algemeen is daar 'n negatiewe persepsie van die ANC voorgehou. 'n Ondersoek na die stellings oor die ANC, het getoon dat daar telkens meer stellings verskyn het wat die ANC afgekeur as goedgekeur het. 'n Verdere studie het getoon dat daar 'n toename in afkeurende stellings vanaf 1990 (35,0% N=123) na 1993 (70,3% N=91) was (kyk tabel 8.1). Dit wil dus voorkom of daar nie net 'n negatiewe persepsie van die ANC voorgehou is nie, maar dat die ANC, namate 'n politieke skikking 'n realiteit begin word het, ook toenemend negatief voorgestel is.

'n Afsonderlike studie van *Beeld* en *The Star* het getoon dat *The Star* (64,5% N=420) die ANC as belangriker aspek op die nuusagenda beskou het. Dit kom verder voor of *The Star* 'n meer negatiewe persepsie van die ANC voorgehou het en het 76,9% (N=153) van die negatiewe stellings in *The Star* verskyn. 'n Verdere studie van die tydperke afsonderlik, het hierdie tendens bevestig. Meer as die helfte van die stellings in *The Star* in 1989 (56,5% N=23), 1991 (57,1% N=49), 1992 (50,0% N=54) en 1993 (73,8% N=65) het die ANC, in terme van dié definisie, afgekeur. In 1990 het 46,3% (N=80) afkeurende stellings voorgekom. *Beeld* daarenteen het in 1990 (20,9% N=43) en 1992 (39,4% N=33) meer goedkeurende as afkeurende stellings geplaas. In 1993 het *Beeld* egter 61,5% (N=260) afkeurende stellings geplaas.

In ooreenstemming met die relatief hoë persentasie stellings oor die ANC in *The Star*, het *The Star* ook in 1989 (65,2% N=23), 1991 (69,4% N=49), 1992 (51,9% N=54) en 1993 (61,5% N=65) die meeste stellings in die redaksionele kommentaar geplaas. Net in 1990, waar die meeste stellings verskyn het, het die meeste stellings in berigte (70,0% N=80) voorgekom. *The Star* het die ANC dus as 'n belangrike strydpunt op die nuusagenda geïdentifiseer. *Beeld* het aanvanklik in 1989 (75,0% N=4), 1990 (86,0% N=43) en 1991 (58,1% N=43) die meeste

stellings in berigte geplaas, maar in 1992 (54,5% N=33) en 1993 (63,4% N=26) het die meeste stellings in artikels voorgekom. Dit wil dus voorkom of die ANC in *Beeld*, namate die politieke transformasie proses plaasgevind het, 'n belangriker nuustema geword.

The Star het self die meeste afkeurende stellings gemaak. In 1989 (52,2% N=23), 1990 (26,3% N=80), 1991 (38,8% N=49), 1992 (22,2% N=54) en 1993 (63,1% N=65) het die koerant self die meeste afkeurende stellings gemaak. *The Star* het net in 1992, meer goedkeurende stellings (25,9% N=54) as afkeurende stellings gemaak en ook aangetoon dat Inkatha (14,8% N=54) afkeurende stellings gemaak het. In *Beeld* is die meeste afkeurende stellings in 1989 (25,0% N=4), 1991 (18,6% N=43) en 1993 (42,3% N=26) deur die koerant self gemaak. In 1992 het *Beeld* self en ander groepe elk 12,1% (N=33) afkeurende stellings gemaak, terwyl ander groepe (9,3% N=43) in 1990 die meeste afkeurende stellings gemaak het. Dit was opmerklik dat die regering in 1990 (11,6% N=43) en *Beeld* self in 1991 (16,3% N=43) en 1992 (33,3% N=33) die meeste goedkeurende stellings gemaak het.

8.2.4 Evaluering

Dit het uit bogenoemde geblyk dat *Beeld* en *The Star* oor die algemeen geneig was om meer afkeurende as goedkeurende stellings oor Winnie Mandela en die ANC te plaas, terwyl daar meer goedkeurende as afkeurende stellings oor Nelson Mandela verskyn het. In terme van realiteitskepping, beteken dit dat die ANC en Nelson Mandela as voorstanders van politieke onderhandeling en vreedsame politieke transformasie voorgestel was, terwyl die persepsie geskep is dat Winnie Mandela eerder 'n voorstander van geweld was. Dit blyk ook dat Nelson Mandela toenemend positief voorgestel is. Die ANC is ook toenemend meer positief voorgestel tot in 1992, maar daar was 'n persepsie verandering na 1993. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n onderhandelde skikking in 1993 'n realiteit begin geword het, en dat daar van die standpunt uitgegaan is dat Nelson Mandela as simbool van die ANC meer aanvaarbaar as die ANC self was en dat daar 'n poging was om 'n onderskeid tussen dié twee te tref. Dit is moontlik gedoen omdat daar probeer is om 'n meer gematigde beeld van Nelson Mandela voor te hou, terwyl die meer radikale elemente hulle steun oor die algemeen aan die ANC toegesê het. Dit is in ooreenstemming met die dubbele rol wat die ANC aanvanklik moes vertolk het. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat, veral van *Beeld* se kant af, die ANC gesien is as party wat in die volgende verkiesing sou deelneem. In die hoedanigheid is die ANC gesien as opposisie vir die NP-party wat *Beeld* tradisioneel gesteun het.

Winnie Mandela is deurgaans meer negatief as Nelson Mandela voorgestel. Die negatiewe stellings moet binne die konteks van Winnie Mandela se verhoor rondom die moord op Stompie Sepei (vgl. paragraaf 3.3.5.3), asook die vervreemding van die Mandela-egpaar, gesien word. Dit is baie moeilik om tot 'n gevolgtrekking by Winnie Mandela te kom, aangesien daar ook wel in 1992 en 1993 'n styging in goedkeurende stellings was (kyk tabel 8.1). Daar moet egter in gedagte gehou word dat die belangrikheid van Winnie Mandela as strydpunt op die nuusagenda ook in dié tydperke afgeneem het (kyk figuur 8.1). Wat miskien meer insiggewend was, was die feit dat Nelson Mandela se belangrikheid op die nuusagenda toegeneem het, teenoor Winnie Mandela se belangrikheid wat gedaal het. Dit kan daaraan toegeskryf word dat Winnie Mandela 'n belangriker rol gespeel het en groter simboliese waarde gehad het in die tyd wat die ANC in ballingskap en Nelson Mandela in die gevangenis was. Na Mandela se vrylating en die ontbanning van die ANC het haar rol minder belangrik begin word.

'n Ander interessante aspek wat na vore gekom het, was die mate wat die ANC en Nelson Mandela vir mekaar steun uitgespreek het. Dieselfde tendens het nie by Winnie Mandela voorgekom nie. Uit bogenoemde kan egter nie klinkklaar gesê word dat Nelson Mandela toenemend as vredemaker voorgestel is en dat Winnie Mandela toenemend van die ANC vervreem is nie. Ten einde antwoorde op die vrae te soek, is Nelson Mandela en die ANC se stellings ten opsigte van geweld en vreedsame politieke verandering verder ontleed.

8.3 STELLINGS TEN OPSIGTE VAN GEWELD


8.3.1 Nelson Mandela

Nelson Mandela het verreweg die meeste stellings oor geweld in 1990 gemaak, waar 80,7% (N=78) van sy stellings oor geweld voorgekom het. In die ander tydperke het daar heelwat minder stellings oor geweld verskyn (kyk tabel 8.10).

'n Verdere ondersoek na Nelson Mandela se stellings oor geweld het aangedui dat hy veral in 1990 (61,9% N=60) en 1993 (75,0% N=8) waar die meeste stellings voorgekom het, geweld veroordeel het. In 1991 het 33,3% (N=6) van sy stellings oor geweld dit afgekeur, terwyl daar in 1992 net neutrale stellings was.

Figuur 8.3a


Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor geweld in *Beeld* (1989-1993)



Hoewel Nelson Mandela geneig was om telkens geweld af te keur, is dit interessant om te let op die verskillende benaderings van *Beeld* en *The Star*. Sowel *Beeld* (81,8% N=33) as *The Star* (80,0% N=45) het die meeste stellings oor geweld deur Nelson Mandela in 1990 geplaas (kyk tabelle 8.11 & 8.12). *Beeld* het, behalwe in 1990, slegs stellings van Nelson Mandela oor geweld in 1991 (12,1%) en in 1993 (6,1% N=33) gepubliseer. *The Star* aan die ander kant het vanaf 1990 in elke tydperk stellings van Nelson Mandela oor geweld gepubliseer. Op die oogaf kan dit, in terme van agendastelling, voorkom of *The Star* Nelson Mandela meer as *Beeld* met die gebruik van geweld as politieke strategie verbind het.

Figuur 8.3b

Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor geweld in *The Star* (1989-1993)



'n Verdere studie het egter getoon dat *The Star* deurentyd stellings geplaas het wat die gebruik van geweld veroordeel het (vgl. figuur 8.3b). Daardeur het *The Star* in werklikheid die persepsie geskep dat Nelson Mandela nie geweld as politieke strategie voorgestaan het nie en by implikasie ten gunste van onderhandeling was.

In *Beeld* was daar 'n effens ander tendens, en het daar net in 1991 meer goedkeurende as afkeurende stellings deur Nelson Mandela verskyn (vgl. figuur 8.3b). Daardeur het *Beeld* die persepsie geskep dat Nelson Mandela hom nog nie heeltemal van geweld as politieke strategie gedistansieer het nie (kyk tabel 8.11 & 8.12).

8.3.2 Die ANC


In teenstelling met Nelson Mandela se stellings oor geweld, het die ANC se stellings oor geweld 'n baie meer gelyke verspreiding van stellings in die verskillende jaartalle getoon. Die meeste van die stellings het in 1993 (27,4% N=153) gevolg deur 1990 (26,8% N=153) voorgekom. 'n Studie na die goedkeurende en afkeurende stellings het getoon dat die afkeurende stellings in verhouding toegeneem het. Die grootste persentasie afkeurende stellings het in 1992 (71,0% N=31) verskyn. In ooreenstemming hiermee was daar ook 'n afname in goedkeurende stellings.

Oor die algemeen beskou, sou daar eerder gesê kon word dat die stellings wat geweld in *Beeld* afgekeur het, oor die ondersoektydperke afgeneem het (kyk tabel 8.13 & figuur 8.4b). *Beeld* het ook deurgaans minder afkeurende stellings deur die ANC as *The Star* geplaas. Wanneer die goedkeurende stellings bestudeer word, blyk dit dat daar wel vanaf 1990 (36,7% N=30) na 1991 (56,5% N=23) 'n toename in goedkeurende stellings was, maar vanaf 1992 (50,0% N=6) was daar 'n afname in goedkeurende stellings na 1993 waar slegs 25,0% (N=20) van die stellings geweld goedgekeur het. *Beeld* het dus die persepsie geskep dat die ANC geweld toenemend minder afgekeur het.

In *The Star* het 'n ander tendens na vore gekom. Dit het geblyk dat *The Star* toenemend stellings geplaas het, waarin die ANC geweld as politieke strategie afgekeur het (kyk tabel 8.12 & figuur 8.4b). In 1990 (45,5% N=11) en 1991 (30,8% N=13) het minder as die helfte van die stellings geweld afgekeur, teenoor die situasie in 1992 en 1993 waar onderskeidelik, 76,0% (N=25) en 63,6% (N=22) van die stellings teen die gebruik van geweld was.


Figuur 8.4a

Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor geweld in *Beeld* (1989-1993)



Figuur 8.4b

Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor geweld in *The Star* (1989-1993)




In *The Star* is die persepsie geskep dat geweld toenemend deur die ANC veroordeel is. *Beeld* het eerder die teenoorgestelde tendens getoon. Dit wil voorkom asof die stellings deur die ANC wat geweld afgekeur het, eerder begin afneem het. Dit kan moontlik verklaar word dat *Beeld* net na

die ontbanning van die ANC gepoog het om 'n minder gewelddadige beeld van die ANC voor te hou en daardeur moontlik ook die regering se optrede om die ANC te ontban te regverdig. Namate onderhandeling 'n noodwendigheid geword het, en die eerste demokratiese verkiesing nader gekom het, het die ANC weer 'n politieke opponent van die regering geword. Dit is waarskynlik teen dié agtergrond wat *Beeld* die idee geskep het dat die ANC geweld toenemend minder afgekeur het en sodoende gepoog het om die ANC by sy lesers te diskrediteer.

8.4 STELLINGS OOR POLITIEKE DEELNAME

8.4.1 Nelson Mandela


Figuur 8.5a
Persentasie uiteensetting van stellings deur Nelson Mandela oor politieke deelname in *Beeld* (1989-1993)



Die meeste stellings oor politieke deelname, het ook in 1990 (63,2% N=117) voorgekom. Daar was 'n afname na 1991 (6,1%), maar daarna was daar 'n styging na 12,0% in 1992 en 17,1% (N=117) in 1993. Dit wil voorkom of daar oor die algemeen 'n styging in goedkeurende stellings was (kyk tabel 8.13). *Beeld* het ook die stygende tendens weerspieël en het die meerderheid stellings ook deurgaans politieke deelname goedgekeur.

Figuur 8.5b

Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor politieke deelname deur die ANC in *The Star* (1989-1993)



'n Afsonderlike studie van die goedkeurende en afkeurende stellings het ook getoon dat die goedkeurende stellings in verhouding tot die ander stellings vanaf 1990 na 1992 toegeneem het.

Wanneer *Beeld* en *The Star* se stellings afsonderlik bestudeer is, het dit geblyk dat *Beeld* meer stellings (57,3% N=117) deur Nelson Mandela geplaas het. 'n Vergelyking tussen *Beeld* en *The Star* het egter getoon dat die stellings in 1989 tot 1992 baie dieselfde tendens in albei koerante getoon het (kyk tabelle 8.14 & 8.15). In 1993 het *The Star* die kwessie belangriker geag waar 32,0% (N=50) van *The Star* se stellings, teenoor die 6,0% (N=67) van *Beeld* se stellings verskyn het. Albei koerante het die persepsie geskep dat Nelson Mandela ten gunste van vreedsame politieke verandering was (vgl. figuur 8.5a & 8.5b).


8.4.2 Die ANC

Die meeste stellings van die ANC oor politieke deelname het in 1993 (29,8%), 1992 (32,8%) en in 1990 (21,8% N=293) verskyn. Wanneer die goedkeurende stellings van die ANC bestudeer word, wil dit voorkom of die ANC toenemend 'n minder positiewe houding teenoor politieke deelname getoon het. Die afkeurende stellings het vanaf 1990 tot 1992 taamlik konstant gebly, maar het in 1993 toegeneem na 35,6% (N=87) stellings (kyk tabel 8.13).

Beeld het dieselfde tendens getoon en het die goedkeurende stellings afgeneem van 70,2% (N=47) stellings in 1990 en 88,9% (N=9) stellings in 1991 na 66,7% (N=56) stellings in 1992 en 44,1% (N=59) in 1993. Daar was ook 'n styging van 14,3% (N=56) afkeurende stellings in 1992 na 40,7% (N=59) afkeurende stellings in 1993 (vgl. figuur 8.6a).

Figuur 8.6a

Persentasie uiteensetting van stellings deur die ANC oor politieke deelname in *Beeld* (1989-1993)




In *The Star* was daar die interessante tendens dat hoewel die meerderheid stellings telkens politieke deelname goedgekeur het, was daar 'n afname in goedkeurende stellings. Hoewel hier 'n baie duidelike dalende tendens was, kan daar nie sonder voorbehoud gesê word dat die ANC in *The Star* toenemend minder steun aan politieke deelname verleen het nie. Daar moet nog steeds in gedagte gehou word dat, hoewel die persentasie goedkeurende stellings afgeneem het, die goedkeurende persentasie nog steeds deurgaans relatief hoog gebly het (vgl. figuur 8.6b).

Dit het geblyk dat Nelson Mandela hom toenemend tot vreedsame politieke verandering en deelname verbind het, terwyl die teenoorgestelde tendens by die ANC voorgekom het. Hierdie tendens het in albei koerante voorgekom. In dié geval wil dit voorkom of albei koerante, 'n meer gematigde beeld van Nelson Mandela, maar nie van die ANC voorgehou het nie. Hierdie tendens versterk die aanname dat Nelson Mandela die meer gematigde ondersteuner begin verteenwoordig het, terwyl die ANC oor die algemeen nog steeds op die steun van meer radikale elemente staat gemaak het.

Figuur 8.6b

Persentasie uiteensetting van stellings oor politieke deelname deur die ANC in *The Star* (1989-1993)



8.5 SAMEVATTING

Uit bogenoemde blyk dit dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat Nelson Mandela toenemend as vredemaker voorgestel is nie, en dat die persepsie geskep is dat Winnie Mandela toenemend van die ANC vervreem is nie.

Dit het wel duidelik geword dat albei koerante, oor die algemeen 'n positiewer houding van die ANC en veral Nelson Mandela as Winnie Mandela voorgehou het. Dit is opmerklik dat Nelson Mandela toenemend as vredemaker voorgestel is, terwyl dieselfde tendens nie by die ANC voorgekom het nie. Die persepsie is geskep dat Nelson Mandela toenemend die gebruik van geweld vooroordeel het, en toenemend ten gunste van politieke onderhandeling was. Die teenoorgestelde tendens het by die ANC voorgekom. Die ontleding van stellings deur Nelson Mandela en die ANC het dieselfde tendens getoon. Nelson Mandela het toenemend steun vir vreedsame politieke verandering uitgespreek, terwyl die steun vir vreedsame politieke deelname van die ANC afgeneem het.

Dit was nogtans opmerklik dat die ANC en Nelson Mandela steun teenoor mekaar uitgespreek het. Daardeur is die persepsie geskep die ANC Nelson Mandela se optrede goedgekeur het. Dieselfde tendens het nie by Winnie Mandela voorgekom nie, en is die persepsie eerder geskep dat die ANC soms haar optrede bevraagteken het.

Hoofstuk 9

Gevolgtrekkings en aanbevelings

9.1 INLEIDING

In hierdie laaste hoofstuk word 'n samevatting van die belangrikste bevindinge gegee. In die eerste plek gaan die belangrikste gevolgtrekkings wat uit die literatuurstudie gemaak is, saamgevat word. Die belangrikste bevindinge van die empiriese studie sal dan binne die konteks van dié teoretiese raamwerk gegee word. Ten slotte sal ondersoek gedoen word na enkele aanbevelings wat uit die studie voortgevloei het.

9.2 GEVOLGTREKKINGS

9.2.1 Literatuurstudie

Die sentrale gevolgtrekking wat uit die literatuurstudie voortgevloei het, is dat die media en spesifiek die pers 'n rol speel by die vorming van 'n mediarealiteit. Indien die aannames van die skepping van 'n mediarealiteit op 'n politieke beweging van toepassing gemaak word, beteken dit dat die pers ook 'n rol by die vorming van die beeld of persepsie van 'n bepaalde politieke groep speel (vgl. doelstelling 1.2.2a). Aangesien die publiek dikwels nie direk met 'n politieke groep kontak het om 'n persepsie van die groep te vorm nie, is die publiek van die media vir hierdie inligting afhanklik en vorm die publiek 'n persepsie van die politieke groep op grond van die inligting wat die pers aan hulle bied.

9.2.1.1 Agendastellingshipotese van die pers

Die agendastellingshipotese is as teoretiese raamwerk vir dié studie geneem en is spesifiek binne die raamwerk van die funksionele benadering toegepas, soos dit binne politieke kommunikasie gebruik word. Na aanleiding van die funksionele benadering word die aanname gemaak dat die pers en politieke subsysteme in die samelewing van mekaar interafhanklik is. Dit beteken dat die politieke sub sisteem 'n invloed op die perssisteem kan hê en ook omgekeerd.

Volgens die agendastellingshipotese, kan die pers bepaalde nuuselemente selekteer en beklemtoon. Hoewel daar dus nie direk vir die leser gesê word hoe hy moet dink nie, word daar 'n raamwerk geskets waarbinne die leser 'n persepsie van die werklikheid vorm. Volgens die konsepte *persoonlikheidsbeklemtoning* en *instrumentele aktualisering* kan die

pers bepaalde evalueringskriteria vir politieke groepe daarstel. Die pers skets dan binne hierdie konteks 'n bepaalde beeld of mediarealiteit van 'n politieke groep, wat die leser dan volgens die gestelde kriteria evalueer. Die pers evalueer dus nie self die groep nie, maar sê in der waarheid vir die publiek hoe om die politieke groep te evalueer. Daardeur lewer die pers 'n bydrae om die sosiale realiteit waarin die individu leef, te konstrueer (vgl. doelstelling 1.2.2a).

9.2.1.2 The African National Congress

Binne hierdie konteks is spesifiek ondersoek na die beeld van die ANC gedoen, soos deur dit *The Star* en *Beeld*, vanaf 1989 tot 1993 gereflekteer is. Die ANC is in 1990, na dertig jaar, ontban en is met die probleem gekonfronteer om van 'n verbanne terreurbeweging na 'n legitieme politieke beweging en toekomstige regeerder te transformeer. Dit het onder meer die implikasie gehad dat die ANC ook sy politieke strategie sou moes verander.

Tydens ballingskap het die ANC hoofsaaklik van die sogenaamde *people's-war* strategie gebruik gemaak wat op vier basiese pilare berus het: mobilisering van die massa-ondersteuner, die gewapende stryd, diplomatieke isolasie en die ondergrondse organisasie van die beweging. Dit het verder geblyk dat kommunikasie, en spesifiek die massamedia, 'n belangrike rol in hierdie strategie gespeel het. Die media het veral met betrekking tot die gewapende stryd en massamobilisasie 'n instrumentele bydrae gelewer.

Die ANC, as wettige politieke beweging, het veral op drie terreine probleme ondervind. In die eerste instansie moes hy sy beleid ten opsigte van geweld en die gewapende stryd in heroorweging neem. As verbanne bevrydingsbeweging, kon die ANC redelik maklik sy gewapende stryd regverdig, as wettige politieke beweging is die gebruik van geweld as politieke strategie bevraagteken. In aansluiting hierby moes die ANC se beleid met betrekking tot politieke deelname en onderhandeling ook ondersoek word. In die derde plek, het die ANC die probleem gehad dat die organisasie tydens ballingskap 'n eksterne en interne organisasiestruktuur en leierskap gehad het en dat die twee vleuels nou verenig moes word. Dit het die implikasie gehad dat die ANC se organisasiestruktuur hierby aangepas moes word. Daarmee saam moes die ANC begin om aan die formulering van beleid aandag te gee. In praktyk het dit beteken dat die ANC se politieke strategie as dié van protes- of bevrydingsbeweging moes verander na dié van demokratiese politieke onderhandelaar. In hierdie hele transformasieproses het Nelson Mandela as leiersfiguur 'n belangrike rol gespeel. Hy het besondere geloofwaardigheid opgedoen vir sy rol in die stryd teen apartheid, maar ook later vir sy rol in die onderhandelingsproses.

Samevattend blyk dit dat die media 'n belangrike rol in hierdie transformasieproses van die ANC van terreurbeweging na politieke party sou speel, veral met betrekking tot die reflektoring van die veranderende beeld van die ANC (vgl. doelstelling 1.2.2a).

9.2.2 Empiriese gevolgtrekkings

Binne die konteks van bogenoemde teoretiese raamwerk, is die vraag na die beeld van die ANC gestel. Daar is spesifiek ondersoek na die beeld van die ANC gedoen, ten opsigte van die gebruik van geweld of onderhandeling as politieke strategie en in watter mate *Beeld* en *The Star* aan die ANC se beleidstandpunte publisiteit verleen het en die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela.

Ten einde die vraag te kon beantwoord, is daar deur middel van inhoudsanalise na verskeie temas wat met die ANC se politieke strategie verband hou, ondersoek gedoen. In die eerste instansie is gepoog om die vraag te probeer beantwoord in watter mate die beeld geskep is dat die ANC 'n politieke organisasie is, wat geweld voorgestaan het (vgl. doelstelling 1.2.2b & paragraaf 9.2.2.1). Tweedens is ondersoek gedoen na die mate wat die ANC as demokratiese beweging en onderhandelaar voorgestel is (vgl. doelstelling 1.2.2c & paragraaf 9.2.2.2) en derdens het die vraag na die beeld van die ANC as organisasie wat die eise van beleidformulering kan hanteer (vgl. doelstelling 1.2.2d & paragraaf 9.2.2.3), aan die orde gekom. In die laaste instansie is ondersoek gedoen na die beeld van onderskeidelik Nelson Mandela en Winnie Mandela in vergelyking met die beeld van die ANC (vgl. doelstelling 1.2.2e & paragraaf 9.2.2.4).

9.2.2.1 Die ANC as organisasie wat geweld as politieke strategie voorstaan

Om die vraag na die beeld van die ANC ten opsigte van die gebruik van geweld as politieke strategie te beantwoord (vgl. paragraaf 2.2.1), is in die eerste plek aan die temas wat met die ANC se *people's war*-strategie geïdentifiseer is, aandag gegee naamlik die gewapende stryd, terreur, ANC-SAKP alliansie en geweld in *townships*. Voorts is gefokus op die persepsie wat van die regering se rol in geweld, geskep is. Verder het die kwessie van massa-oproer en massa-aksie aandag geniet.

Beeld en *The Star* het albei, in terme van die agendastellingshipotese, die gewapende stryd as belangrike nuustema geïdentifiseer. Die kwessie van die gebruik van geweld as politieke strategie was dus beslis na die ontbanning van die ANC nog steeds 'n vraagstuk. Albei koerante het 'n negatiewe persepsie van die gewapende stryd voorgehou en is die gewapende stryd ook toenemend negatief voorgestel. Binne die konteks van instrumentele

aktualisering is 'n politieke beweging wat die gewapende stryd as politieke strategie voorstaan, negatief getipeer (vgl. paragraaf 5.3.1).

Beeld het aanvanklik, in 1989, stellings geplaas waarin die ANC die gewapende stryd gesteun het. In 1991 het albei koerante aangetoon dat die ANC nog steeds uitsprake ten gunste van die gewapende stryd gemaak het. Vanaf 1992 en ook in 1993 het albei koerante aangetoon dat die ANC toe begin het om die gewapende stryd af te keur. Albei publikasies het dus vanaf 1992 begin om die ANC van die gewapende stryd te distansieer. By implikasie is 'n meer positiewe beeld van die ANC voorgehou.

Ten spyte daarvan dat die gewapende stryd nog 'n belangrike punt op die nuusagenda was, het daar baie min verwysings na die sogenaamde tradisionele terreurdade, naamlik bomontploffings en bus/-treinaanvalle voorgekom. Dit is trouens die twee temas wat die minste aandag in die ondersoektydperk geniet het. Dit is voorts betekenisvol dat in die geval van bus- en treinaanvalle, sowel *Beeld* as *The Star* aangetoon het dat die ANC dié aanvalle afgekeur het. Daar het geen stellings verskyn waarin die ANC die gebruik van terreur probeer regverdig het nie. Sowel *Beeld* as *The Star* het dus die persepsie geskep dat die ANC wegbeweeg het van sy beleid van terreur en dat dit na 1990 nie meer 'n strydpunt op die nuusagenda was nie.

Dit was nie die geval met verwysings na die SAKP verbintenis met die ANC nie. Die SAKP-alliansie was nog in 1993 'n strydpunt op die nuusagenda en albei koerante het 'n negatiewe persepsie daarvan voorgehou. Dit was veral *Beeld* wat die ANC se verbintenis met die SAKP-ANC-alliansie as strydpunt geïdentifiseer het - 85,2% (N=61) van die stellings oor die SAKP het in *Beeld* verskyn. Dit is in ooreenstemming met *Beeld* se redaksionele beleidsrigting wat tradisioneel die NP-regering gesteun het en ook die *totale aanslag* onderskryf het om die ANC se verbintenis met die SAKP te beklemtoon. Dit is opmerklik dat *Beeld* in 1990 en *The Star* in 1992, aangetoon het dat die ANC nog dié verbintenis gesteun en regverdig het. In 1993 verander die prentjie, en begin die ANC en Nelson Mandela om ook die ANC verbintenis met die SAKP te bevraagteken. *Beeld* het dus weer eens 'n verskuiwing in die politieke realiteit gereflekteer. Gegee die tradisionele redaksionele posisie van *Beeld* is dit betekenisvol.

Die temas wat met massa-geweld verband gehou het (townshipgeweld en massa-oproer), het ietwat teenstrydige resultate getoon. *The Star* het geweld in *townships* as belangriker strydpunt beskou - 79,7% (N=153) van die stellings daaroor in het *The Star* verskyn, terwyl *Beeld* meer negatiewe stelings as *The Star* geplaas het. Ten opsigte van geweld in *townships* het albei koerante aangetoon dat die ANC dit veroordeel het. Massa-oproer was nie so belangrike strydpunt as townshipgeweld nie, maar in 1990 en 1991 is aangetoon dat

die ANC ten gunste van massa-oproer was. Massa-aksie, daarenteen het vanaf 1991 'n belangriker plek op die nuusagenda begin inneem. Die beeld is dus geskep dat massa-byeenkomste meer vreedsaam begin verloop het. *Beeld* het egter massa-aksie afgekeur, terwyl *The Star* dit gesteun het. Albei koerante het die persepsie voorgehou dat die ANC ten gunste van massa-aksie was. Dit was opmerklik dat albei koerante nie net aangetoon het dat die ANC massa-aksie voorgestaan het nie, maar daar was ook heelwat stellings in veral *Beeld* van die regering wat massa-aksie gesteun het. Dit kan moontlik as 'n poging gesien word om 'n beeld van samewerking tussen die ANC en regering te vestig.

Verwysings na algemene geweld het ook toenemend geweld afgekeur. Albei koerante het ook hier aangetoon dat dit die ANC was wat die geweld afgekeur het. Oor die algemeen het dit voorgekom asof die publikasies wel die ANC van geweld begin distansieer het. Wat die beleid ten opsigte van terreur betref, is dit reeds voor 1990 gedoen. Die grootste verandering in die beeld van die ANC, wat die ander temas ten opsigte van geweld betref, is egter eers vanaf 1992 waargeneem.

Die ander aspek wat deurgaans aandag op die nuusagenda geniet het, was die optrede van die veiligheidsmagte. *Beeld* het meer klem hierop gelê en dit is ook verstaanbaar binne die konteks van *Beeld* se redaksionele beleidsrigting. By die optrede van die veiligheidsmagte het die omgekeerde tendens voorgekom. Daar was 'n neiging om vanaf 1992 stellings te plaas wat die optrede van die veiligheidsmagte begin goedkeur het. Dit kan waarskynlik ook gesien word in die lig daarvan dat onderhandeling reeds in 'n gevorderde stadium was en dat daar nou 'n meer negatiewe houding teenoor geweld was.

In 1989 het *Beeld* die optrede van die veiligheidsmagte bevraagteken, maar die stellings is deur die ANC gemaak. In 1990 was dit die ANC in *Beeld* wat die optrede van veiligheidsmagte gesteun het en die regering in *The Star* wat die optrede gekritiseer het. In terme van die beeld van die ANC, kan moontlik gesê word dat *Beeld* 'n meer toegemoetkomende en samewerkende houding aan die ANC toegeskryf het. In 1991 is dit *Beeld* wat die optrede gesteun het, maar aangetoon het dat die ANC dit afgekeur het, terwyl *The Star* geen afkeurende uitsprake deur die ANC geplaas het nie. Die afkeurende uitsprake van die ANC, in *Beeld*, kan die idee skep dat die ANC probeer het om sake in eie hande te neem en by implikasie die gebruik van selfverdedigingseenhede goedgekeur het. In 1992 en 1993 het albei koerante steun vir die optrede van die veiligheidsmagte uitgespreek, terwyl *Beeld* ook aangetoon het dat die ANC die optrede van die veiligheidsmagte in 1992 gesteun het.

Ten slotte kan daar nie, in terme van die agendastellingshipotese, gesê word dat geweld as politieke strategie van die ANC minder belangrik op die nuusagenda geword het nie. In

die tydperk na ontbanning (1991 en 1992) is daar wel minder aandag aan geweld gegee, maar namate die ANC met die realiteite van konstitusionele politiek gekonfronteer is, het *Beeld* en *The Star* 'n meer kritiese houding teenoor die ANC se beleid ten opsigte van die gebruik van geweld begin toon. Binne die konteks van instrumentele aktualisering, beteken dit dat albei koerante geweld as politieke strategie bevraagteken het. Dit moet egter teen die agtergrond gesien word dat albei koerante ook aangetoon het dat die ANC 'n toenemend kritiese houding teenoor geweld ingeneem het. Daardeur is die ANC toenemend minder as voorstander van geweld as politieke strategie voorgestel, en is by implikasie 'n goedkeurende beeld van die ANC gereflekteer.

9.2.2.2 Die ANC as demokratiese politieke beweging

Om die vraag na die beeld van die ANC as demokratiese beweging wat onderhandeling voorgestaan het, te beantwoord (vgl. doelstelling 1.2.2c), is 'n tweeledige ondersoek gedoen. In die eerste instansie is ondersoek na aspekte gedoen wat met die sogenaamde ou Suid-Afrika verband gehou het of aspekte wat gesien is as struikelblokke in die weg van politieke verandering en in die tweede plek is meer spesifiek aan aspekte wat verband gehou het met politieke verandering deur onderhandeling, aandag gegee.

Die belangrikheid van temas in die kategorie oor struikelblokke in die pad van politieke verandering het in 1992 en 1993 afgeneem. *The Star* het glad nie tydens die ondersoektydperke in 1992 en 1993 na enige van dié temas verwys nie. *Beeld* het nog enkele verwysings gedoen. Binne die konteks van realiteitskepping beteken dit dat albei koerante die persepsie voorgehou het dat namate politieke verandering plaasgevind het dié struikelbokke nie meer vraagstukke was nie.

Albei koerante het die opheffing van die noodtoestand bepleit en ook aangetoon dat die ANC teen die noodtoestand gekant was. Binne die konteks van instrumentele aktualisering het *Beeld* en *The Star* dus 'n goedkeurende beeld van die ANC voorgehou. In terme van agendastelling, was dit betekenisvol dat *The Star* die noodtoestand reeds in 1989 as strydpunt geïdentifiseer het, terwyl *Beeld* dit eers in 1990 begin bevraagteken het.

Die ontbanning van politieke organisasies was net in 1990 werklik 'n strydpunt op die nuusagenda gewees. *Beeld* en *The Star* self het hoofsaaklik neutrale stellings gemaak. *Beeld* het egter aangetoon dat Nelson Mandela ten gunste van die ontbanning van politieke organisasies was, terwyl *The Star* aangedui het dat die regering ten gunste daarvan was. Binne die konteks van agendastelling het die vrylating van politieke gevangenes baie min blootstelling gehad. *Beeld* en *The Star* het albei die persepsie voorgehou dat politieke gevangenes vrygelaat moes word, maar soos in die geval van die ontbanning van politieke

organisasies, het hulle weer verskillende bronne gebruik om die posisie aan te dui. Die goedkeurende stellings in *Beeld* is hoofsaaklik deur die ANC gemaak, terwyl die goedkeurende stellings in *The Star* deur die regering gemaak is.

Beeld en *The Star* het by die terugkeer van bannelinge verskillende persepsies voorgehou. *Beeld* het hoofsaaklik negatiewe stellings van die regering geplaas, terwyl *The Star* self goedkeurende stellings gemaak het. Die terugkeer van bannelinge het eintlik net in 1991 aan die orde gekom.

Aangesien die temas in hierdie kategorie nie in al die tydperke voorgekom het nie, is dit baie moeilik om te bepaal of daar 'n verandering was in die realiteit wat weerspieël is. Dit het wel geblyk dat albei koerante hoofsaaklik die ANC se afkeur in die ou Suid-Afrika gedeel het. Die kategorie bied nie pertinente riglyne ten opsigte van die beeld van die ANC nie, maar dit het wel aangetoon dat die ANC politieke verandering voorgestaan het en dit het ook aangetoon wat die ANC as struikelblokke op die weg van politieke verandering beskou het. Dit is wel betekenisvol dat sowel *Beeld* as *The Star* die sogenaamde ou orde verwerp het, omdat hulle daardeur legitimiteit aan politieke verandering verleen het en by implikasie ook aan die ANC. In terme van instrumentele aktualisering, is dus bepaal dat hier wel 'n probleem situasie was en is in die tweede afdeling meer spesifiek ondersoek gedoen na 'n aanvaarbare strategie om dié probleem aan te spreek.

Die stellings oor onderhandeling en politieke deelname het meestal eers vanaf 1990, dit wil sê na die ontbanning van die ANC, aan die orde gekom.

Die meeste stellings in hierdie kategorie het aan onderhandeling aandag gegee en, in terme van agendastelling, was dit vanaf 1990 elke jaar die belangrikste aspek op die nuusagenda. Albei koerante het deurgaans 'n positiewe beeld van onderhandeling voorgehou, maar daar het nie toenemend meer goedkeurende stellings oor onderhandeling verskyn nie. Albei koerante het dit ook duidelik gestel dat die ANC ten gunste van onderhandeling was, en is die ANC veral vanaf 1991 as onderhandelaar voorgestel. Die kwessie van bilaterale same-sprekings tussen Nelson Mandela en FW de Klerk was net in 1990 werklik 'n strydpunt. Dit wil voorkom of dit aanvanklik meer aanvaarbaar was, maar namate die onderhandelingsproses begin vorm aanneem het, het dit minder belangrik geword en het daar ook meer negatiewe stellings oor bilaterale stellings begin verskyn.

Die stel van voorvereistes was in terme van agendastelling net in 1990 werklik 'n vraagstuk en het daarna toenemend minder aandag geniet. *Beeld* het meer aandag as *The Star* aan die kwessie gegee. *Beeld* en *The Star* het die persepsie geskep dat die ANC ten gunste van die stel van voorvereistes was, maar waar *The Star* self ook die gedagte

gesteun het, het *Beeld* self hoofsaaklik negatiewe stellings oor die stel van voorvereistes vir onderhandeling gemaak. Binne die konteks van instrumentele aktualisering, het *The Star* dus 'n positiewer beeld van die ANC voorgehou.

Dit is opmerklik dat daar deurgaans meer goedkeurende as afkeurende stellings ten opsigte van politieke verandering in albei koerante was. Daar was egter 'n effense daling in goedkeurende stellings oor politieke verandering vanaf 1990 tot 1993. Binne die konteks van realiteitskepping, beteken dit dat daar 'n toenemend negatiewer beeld van hervorming in *Beeld* en *The Star* voorgehou is. Dit kan miskien daaraan toegeskryf word dat namate, politieke verandering 'n realiteit geword het, daar ook meer oor gepaardgaande probleme berig is. Volgens die aannames van instrumentele aktualisering, is dit betekenisvol dat albei koerante, dit beklemtoon het dat die ANC vreedsame politieke verandering voorgestaan het. Dit het nie noodwendig geïmpliseer dat die ANC nie geweld voorgestaan het nie, aangesien die ANC die gebruik van geweld as deel van sy onderhandelingsstrategie beskou het, maar dit het minstens aangetoon dat die ANC 'n onderhandelde skikking oorweeg het.

In terme van agendastelling, het die nuwe grondwet 'n toenemend belangriker aspek op die nuusagenda geword en was daar 'n toename in stellings oor die nuwe grondwet. *Beeld* het die persepsie geskep dat hy toenemend die gedagte van 'n nuwe grondwet gesteun het en ook self die meeste goedkeurende stellings gemaak het. *The Star* het toenemend goedkeurende stellings geplaas en is die goedkeurende stellings ook hoofsaaklik deur die ANC en regering en nie *The Star* self gemaak nie. Die beskerming van minderhede het net in twee tydperke aan die orde gekom, maar albei koerante het dit duidelik gestel dat die ANC en Nelson Mandela ten gunste van die beskerming van minderhede binne die grondwet was. Daardeur is ook 'n meer gematigde beeld aan die ANC toegeskryf en aangetoon dat die ANC en Nelson Mandela, sensitief vir die vrese van minderhede was.

Die enigste tema wat nie deurgaans positief uitgebeeld is nie, was die kwessie van die regering en sy rol in 'n nuwe politieke bedeling. Daar was egter 'n toename in goedkeurende stellings. Dit wil dus voorkom of daar 'n positiewer persepsie van die regering voorgehou is, namate die politieke transformasieproses gevorder het.

In 1990, was die regering die belangrikste tema op die nuusagenda en was dit ook die enigste tydperk waar daar meer goedkeurende as afkeurende stellings verskyn het. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die stappe wat die regering geneem het om die noodtoestand op te hef en die ANC te ontban.

Samevattend kan gestel word dat albei koerante die persepsie voorgehou het dat die struikelblokke in die weg van politieke verandering uit die weg geruim moes word. *Beeld* en *The Star* het verder ook aangetoon dat vreedsame politieke transformasie deur middel van onderhandeling die weg was om te volg. Binne hierdie konteks het sowel *Beeld* as *The Star*, die ANC as onderhandelaar getipeer en aangetoon dat die ANC ten gunste van vreedsame grondwetlike politieke verandering was. In terme van die aannames van instrumentele aktualisering, het *Beeld* en *The Star* dus 'n goedkeurende persepsie van die ANC voorgehou.

9.2.2.3 Die ANC en beleidformulering

Die volgende vraag wat aangespreek is, is die vraag na die effektiwiteit van die ANC se organisasiestruktuur (vgl. doelstelling 1.2.2d). Die ANC se uitsprake oor beleidformulering ten opsigte van die ekonomiese, onderwys-, sport-, behuising- en gesondheidsaspekte is ondersoek. Dit is teen die agtergrond gedoen dat daar verwag is dat die ANC namate hul gereed gemaak het om die regering oor te neem, ook toenemend meer beleidsuitsprake sou maak wat deur die media bekend gemaak sou word.

In terme van die agendastellingshipotese, het beleidformulering nie belangriker geword nie en was daar nie 'n toename in stellings nie. Dit het geblyk dat daar nie toenemend meer stellings oor bogenoemde in *Beeld* en *The Star* verskyn het nie, maar dat albei koerante wel toenemend kritiese stellings teenoor die beleidformulering van die ANC geplaas het. Dit moet egter gesien word teen die agtergrond dat hierdie kritiek dikwels deur die ANC self uitgespreek is - dit kan op 'n moontlike weerspieëling van 'n houdingsverandering deur die ANC dui. Dit het dikwels beteken dat die koerante die ANC se beleid gekritiseer het, maar dan ook aangetoon het dat die ANC in die latere tydperke ook sy aanvanklike beleid begin bevraagteken het. Binne die konteks van instrumentele aktualisering, beteken dit dat die koerant dus 'n toenemend positiewer beeld van die ANC begin reflekteer het.

Oor die algemeen, het albei koerante deurgaans stellings geplaas wat 'n kritiese houding teenoor die ekonomiese beleid van die ANC ingeneem het. Dit was egter opmerklik dat daar by *Beeld* en *The Star* die teenoorgestelde tendens voorgekom het. Dit wil voorkom of *Beeld* toenemend stellings geplaas het wat die ANC se ekonomiese beleid gekritiseer het, terwyl *The Star* stellings geplaas het wat die ANC se ekonomiese beleid toenemend minder bevraagteken het en selfs in 1993 begin steun het. 'n Verdere ondersoek na aspekte binne die ekonomiese beleid, het getoon dat *The Star*, veral vanuit sy historiese

beleidsrigting, 'n kapitalistiese vryemarkstelsel ondersteun het en die ANC se ekonomiese beleid en spesifiek nasionalisering, gekritiseer het.

Beeld en *The Star* het albei self 'n negatiewe persepsie van die ANC se beleid van ekonomiese sanksies en nasionalisering voorgehou. *Beeld* het 'n houdingsverandering van sowel die ANC as Nelson Mandela ten opsigte van sanksies en nasionalisering weerspieël. Daar word aangetoon dat die ANC en Nelson Mandela aanvanklik stellings gemaak het wat nasionalisering en sanksies gesteun het, maar vanaf 1992 dit begin bevraagteken het. In terme van die beeld van die ANC, beteken dit dat *Beeld* die persepsie voorgehou het dat die ANC begin het om gereed te maak vir regeringsoorname en minder negatiewe of destruktiewe politiek begin bedryf het.

The Star het nie hierdie houdingsverandering van die ANC ten opsigte van sanksies weerspieël nie en het daar geen stellings oor sanksies deur die ANC in 1993 verskyn nie. Hoewel *The Star* self sanksies afgekeur het, het die koerant nie stellings geplaas wat die ANC met hierdie beleid verbind het nie, en derhalwe ook nie aangetoon dat die ANC se houding teenoor sanksies verander het nie.

Die kwessie oor die herverdeling van rykdom, het relatief min blootstelling gehad en is hoofsaaklik deur *The Star* aan die orde gestel. *The Star* het 'n negatiewe persepsie daarvan voorgehou, en aangetoon dat die ANC aanvanklik ten gunste daarvan was, maar later die herverdeling van rykdom begin bevraagteken het.

Die feit dat die ekonomie as die belangrikste beleidsaspek geïdentifiseer is, is heeltemal verstaanbaar en kan aanvaar word dat die ekonomiese beleid 'n integrale deel van enige politieke beleid vorm. Dit is egter opmerklik dat behuising en gesondheid, wat ook belangrike aspekte van die ANC se beleid sou vorm, relatief min blootstelling in die pers gehad het.

Die kwessie rondom die gesondheidsbeleid het nooit werklik aan die orde gekom nie. Dit is vreemd, gesien in die lig van die prominente rol wat die gesondheidsbeleid later in die ANC se beleid sou speel.

The Star het meer aandag aan die ANC se sportbeleid as *Beeld* gegee. Nadat daar aanvanklik kritiese stellings teenoor die ANC se sportbeleid vanaf 1989 tot 1991 geplaas is, het meer goedkeurende stellings vanaf 1992 begin verskyn. Dit was opmerklik dat *The Star* weer eens aangetoon het dat die ANC aanvanklik nie steun vir sy sportbeleid uitgespreek het nie. Binne die konteks van instrumentele aktualisering, is hier dus ook 'n toenemend goedkeurende beeld van die ANC voorgehou.

Wanneer die vraagstukke rondom die onderwysbeleid bestudeer word, blyk dit dat dié aspekte nie in al die jaartalle aan die orde gekom het nie. Dit maak dit moeilik om spesifieke tendense te bepaal. As gevolg van die afname van stellings oor die onderwysbeleid kan die aanname nie gemaak word dat daar toenemend 'n positiewer beeld van die ANC se onderwysbeleid voorgehou is nie. In verhouding was daar 'n toename in goedkeurende stellings.

Die uitsprake oor die ANC se onderwysbeleid het oor die algemeen die ANC se beeld as demokratiese politieke deelnemer verbeter. *The Star* het 'n negatiewe persepsie van stakings in die onderwys voorgehou, maar ook aangetoon dat die ANC hom teen stakings in die onderwys uitgespreek het. Binne die konteks van instrumentele aktualisering is dus 'n positiewe beeld van die ANC voorgehou het. *The Star* het ook steun vir die gedagte van een onderwysdepartement uitgespreek en ook aangetoon dat die ANC dit gesteun het.

Daar het toenemend minder stellings oor die ANC se behuisingsbeleid verskyn, maar daar is 'n taamlike positiewe beeld van die ANC se behuisingsbeleid voorgehou. Sowel *Beeld* as *The Star* het hoofsaaklik stellings wat plakkerskampe goedgekeur het, geplaas - hoewel hulle nie self die stellings gemaak het nie.

Samevattend blyk dit dat *Beeld* en *The Star* self, die ANC se beleidsuitsprake bevraagteken het. Dit is egter betekensvol dat veral *Beeld* 'n beleidsverandering by die ANC weerspieël het. Daar kan dus aangeneem word dat *Beeld* en *The Star*, wel die ANC as demokratiese beweging getipeer het, of minstens 'n aanduiding gegee het dat die ANC besef het dat sy beleid, as wettige politieke beweging, aangepas sou moes word. Dit was opmerklik dat veral *Beeld* aangetoon het dat daar 'n verandering in die ANC se beleidsrigting veral in terme van sy ekonomiese beleid was.

9.2.2.4 Nelson Mandela & Winnie Mandela

In die laaste instansie is ondersoek gedoen na die beeld van Nelson Mandela en Winnie Mandela, in vergelyking met die beeld van die ANC (vgl. doelstelling 1.2.2e). Dit het geblyk dat albei koerante 'n baie meer positiewe beeld van Nelson Mandela as Winnie Mandela, in terme van die bepaalde definisies, weerspieël het. 'n Interessante tendens wat na vore gekom het, is dat die beeld geskep is dat Nelson Mandela toenemend minder stellings gemaak het waarin geweld goedgekeur is, maar dat dieselfde tendens nie by die ANC voorgekom het nie. Dit is 'n moontlike manifestering van die probleem wat die ANC gehad het om sy meer radikale elemente tevrede te hou, terwyl die ANC ook aan die ander kant aan politieke onderhandeling deelgeneem het.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat Nelson Mandela toenemend as vredemaker voorgestel is, en Winnie Mandela toenemend van die ANC vervreem is nie.

Dit het wel duidelik geword dat albei koerante 'n meer positiewe beeld van die ANC en veral Nelson Mandela, as Winnie Mandela voorgehou het. Ongelukkig was daar te min uitsprake deur Winnie Mandela om dié met die stellings van die ANC te vergelyk. Dit opsigself is dalk betekenisvol, in die sin dat die aantal stellings oor Winnie Mandela ooreengekom het met die aantal stellings oor Nelson Mandela en die ANC, maar dat sy self veel minder uitsprake gemaak het. Dit kan moontlik daarop dui dat die pers, in terme van agendastelling, aan haar uitsprake en optrede groter blootstelling en belangrikheid gegee het.

Vanaf 1993 wil dit voorkom of *Beeld* en *The Star* begin het om Nelson Mandela, in terme van die definisie, in 'n positiewer lig as die ANC voor te stel. Wanneer die uitsprake van die ANC en Nelson Mandela ten opsigte van politieke deelname vergelyk word, word hierdie tendens nog duideliker. In die geval van Nelson Mandela het hy toenemend steun vir vreedsame politieke verandering uitgespreek, terwyl die steun van die ANC afgeneem het. Dit was moontlik 'n poging van *Beeld* en *The Star* om Nelson Mandela se beeld van die ANC te onderskei, en hom sodoende van die meer militante elemente binne die ANC te skei. Daardeur kon hy meer legitimiteit as onderhandelaar verwerf.

Samevattend kan gestel word dat daar wel 'n verandering in die beriggewing van *Beeld* en *The Star* oor die ANC was. Oor die algemeen het dit ook geblyk dat albei koerante 'n meer tegemoetkomende houding teenoor die ANC ingeneem het. Dit kan egter nie gestel word dat *Beeld* en *The Star* sonder voorbehoud hulle steun aan die ANC toegesê het nie.

9.2.3 Samevattende gevolgtrekking

Ten slotte blyk dit binne die konteks van realiteitskepping dat die beeld wat *Beeld* en *The Star* van die ANC voorgehou het, wel vanaf 1989 tot 1993 verander het. Dit wil voorkom of albei koerante, maar veral *Beeld*, die ANC toenemend as politieke party begin tipeer het. Die feit dat albei koerante meer kritiek teenoor die ANC, veral met betrekking tot geweld as politieke strategie en beleidformulering gelewer het moet nie gesien word as 'n negatiewe tipering van die ANC nie. In teendeel, dit dra by tot die ANC se beeld as legitieme politieke beweging en wat as sodanig deur die pers gekritiseer word. Daar moet verder in gedagte gehou word dat *Beeld* en *The Star* ook aangetoon het dat die ANC in baie gevalle ook self hul eie standpunt ooreenkomstig dié kritiek verander het. Daardeur is die groei en verandering binne die ANC ook gereflekteer.

9.3 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

- Die twee koerante wat gebruik is, het nie radikaal verskillende standpunte weerspieël nie en kan die vraag gevra word waarom nie meer koerante by die studie betrek is nie. Dit is egter doelbewus gedoen om te voorkom dat die studie te omvangryk word.
- Die studie het oor die algemeen na die beeld van die ANC ondersoek gedoen, wat beteken het dat baie fasette oorsigtelik aangespreek is. Die onderwerp van die studie het egter 'n breë benadering vereis, omdat soveel as moontlik fasette van die beeld van die ANC aangespreek moes word.

9.4 AANBEVELINGS

- Daar is relatief min binne die vakgebied van politieke kommunikasie in Suid-Afrika gepubliseer en hierdie studie spreek binne daardie konteks 'n aktuele Suid-Afrikaanse politieke tema aan.
- Daar is sover vasgestel kon word, nog relatief min kwalitatiewe inhoudsanalise oor die media se reflektoring van die sosiale realiteit gedoen. In die verband lewer die studie nie net 'n bydrae tot die vakgebied van kommunikasiekunde nie, maar ook op die gebied van die eietydse geskiedenis.
- Die studie bied ook 'n vertrekpunt vir verdere ondersoek oor die beeld van die ANC. Daar sal veral aandag gegee kan word aan die beeld van die ANC ná die 1994-verkiesing as meerderheidsparty in die regering van nasionale eenheid.
- Daar sou ook in aansluiting by die bestaande navorsing, ondersoek gedoen kon word na die mediadekking oor Winnie Mandela binne die konteks van haar afdanking as adjunk-minister van wetenskap, kuns, kultuur en tegnologie.

Bibliografie

- Agee, W.K., Ault, P.H. & Emery, E. 1985. *Introduction to mass communications*. New York: Harper Row.
- Alberts, L. 1991. Team spirit. *Leadership*, 10(5):14-15.
- Alexander, Y. 1978. Terrorism, the media and the police. *Journal of International Affairs*, 32(1):101-111.
- Allen, R.L. & Izcaray, F. 1988. Nominal agenda diversity in a media-rich, less-developed society. *Communication Research*, 15(1):29-50.
- Ammons, L., Dimmick, J. & Pilotta, J. 1982. Crime news reporting in a black weekly. *Journalism Quarterly*, 59(2):310-313.
- ANC. 1994a. *RDP: the reconstruction and development program: a policy framework*. Johannesburg: Umanyono.
- ANC. 1994b. *RDP white paper: discussion document*. Johannesburg: Umanyono.
- Anderson, J.A. & Meyer, T.P. 1988. *Mediated communication: a social action perspective*. London: Sage.
- Anon. 1985. *Race Relations Survey 1984*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Anon. 1986a. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, XXXII(3):34214-34216.
- Anon. 1986b. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, XXXII(1):34087-35692.
- Anon. 1986c. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, XXXII(10):34659-34662.
- Anon. 1986d. *Race Relations Survey 1985*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Anon. 1987a. *Race Relations Survey 1986 Part I*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Anon. 1987b. *Race Relations Survey 1986 Part II*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Anon. 1988a. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, XXXIV(8):36073-36075.
- Anon. 1988b. *Race Relations Survey 1987/1988*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

- Anon. 1989a. Broederstroom three: evidence in mitigation. *The New Nation*, 1989-06-15-22:3.
- Anon. 1989b. Looking toward unity. *New Nation*, 1989-08-18-25:7.
- Anon. 1989c. Nelson Mandela. *Clarion Call*, 1989-08-27:19.
- Anon. 1989d. Sisulu asks FW to join democratic movement. *Sunday Tribune*, 1989-12-10:3.
- Anon. 1989e. So here's hoping. *The Natal Mercury*, 1989-07-10:6-7.
- Anon. 1989f. VSA wys ANC as terroriste uit. *Die Burger*, 1989-01-12:1.
- Anon. 1989g. Winnie Mandela: fall of an icon. *Financial Mail*, 111(7):54, Feb.24.
- Anon. 1989h. Winnie Mandela: fallen angel. *Financial Mail*, 111(4):46-47, Feb.3.
- Anon. 1989i. Winnie Mandela: under investigation. *Financial Mail*, 111(6):48-56, Feb.17.
- Anon. 1989j. Curbs: ANC denies policy change. *Sowetan*, 1989-05-25:4.
- Anon. 1989k. *Race Relations Survey 1988*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Anon. 1990a. *Race Relations Survey 1989*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Anon. 1990b. Reform and the economy: waiting for the response. *Financial Mail*, 115(6):28-29, Feb. 9.
- Anon. 1990c. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 36(2):27232-37234.
- Anon. 1990d. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 36(3):37305.
- Anon. 1990e. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 36(5):37440-37442.
- Anon. 1990f. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 36(9):37698.
- Anon. 1990g. Unschooled. *The Economist*, 314(7638):71, Jan. 20.
- Anon. 1990h. Why dawn has been postponed in South Africa. *The Economist*, 317(7680):59-60, Nov. 10.
- Anon. 1990i. Naspers. *Bylae tot Finansies & Tegniek*, 1990-07-20.
- Anon. 1991a. How bad the old South Africa is smothering the new. *The Economist*, 318(7689):57-58, Jan. 12.
- Anon. 1991b. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(3):38131-38132.
- Anon. 1991c. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(1):37991-37992.

- Anon. 1991d. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(1):37951-37952.
- Anon. 1991e. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(7&8):38318-38324.
- Anon. 1991f. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(6):38270-38271.
- Anon. 1991g. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(5):38178-38179.
- Anon. 1991h. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(11):38560-38561.
- Anon. 1991i. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(10):38516-38517.
- Anon. 1991j. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(9):38422-38423.
- Anon. 1991k. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 37(2):38047-38048.
- Anon. 1991l. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, 37(5):38179.
- Anon. 1991m. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, 37(7&8):38324.
- Anon. 1991m. Softly, softly: property taxation. *Financial Mail*, 121(4):63-64, Jul. 26.
- Anon. 1991o. Will words become deeds?: Peace Accord. *Financial Mail*, 121(12):48-49, Sept. 20.
- Anon. 1992a. ANC economic policy: between the lines. *Financial Mail*, 124(6):33-34, May 8.
- Anon. 1992b. ANC: second thoughts. *Financial Mail*, 123(6):29 & 33, Feb.7.
- Anon. 1992c. Budget allocations: reslicing the cake. *Financial Mail*, 123(13):40, Mar. 27.
- Anon. 1992d. Codesa: special report. *Financial Mail*, 123(13):59-91, Mrt. 27.
- Anon. 1992e. Economic policy: playing a wild card. *Financial Mail*, 124(1):33 & 35, Apr. 3.
- Anon. 1992f. Industrial and mass action: two sides of a coin. *Financial Mail*, 124(11):36, Jun.12.
- Anon. 1992g. Mass action: catharsis. *Financial Mail*, 125(7):47-48, Aug.14.
- Anon. 1992h. Mass action: view from the trenches. *Financial Mail*, 124(13):35, Jun.26.
- Anon. 1992j. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 38(7&8):39037-39038.
- Anon. 1992k. The national crisis: in search of leadership. *Financial Mail*, 124(4):22-25.
- Anon. 1992l. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, 37(7&8):38324.

- Anon. 1992m. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 38(7&8):38990-38991.
- Anon. 1992n. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 38(4):38896-38897.
- Anon. 1992o. Mass action: knives and bottom lines. *Financial Mail*, 124(12):35-36, June 9.
- Anon. 1992p. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 38(4):39127-39128.
- Anon. 1992q. No Cheer for democracy: the ANC. *Financial Mail*, 123(4):40, Jan 24.
- Anon. 1992r. *Race Relations Survey 1991*. Johannesburg: Institute for Race Relations.
- Anon. 1992s. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, 39(11):39256.
- Anon. 1992t. Negotiation and protest: a question of bad faith. *Financial Mail*, 124(10):41, Jun.5.
- Anon. 1993a. Lessons out of school: government and ANC can take pause on speed of negotiations process. *Finance Week*, 57(8):3, May 20.
- Anon. 1993b. The role of the SACP in the transition to democracy and socialism. *African Communist*, 132:14-28.
- Anon. 1993c. Time to seize the nettle. *Financial Mail*, 128(13):37, Jun. 25.
- Anon. 1993d. *Keesings's contemporary archives: record of world events*, 39(11): 39256
- Anon. 1993e. Nelson Mandela: can he deliver. *Financial Mail*, 129(12):24-28, Sept.17.
- Anon. 1993f. *Race Relations Survey 1992*. Johannesburg: Institute of Race Relations.
- Anon. 1993g. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, 39(6):39497.
- Anon. 1993h. *Keesing's contemporary archives: record of world events*, 39(1):39256.
- Arbib, M.A. & Hesse, M.B. 1986. *The construction of reality*. London: Cambridge.
- Armstrong, A. 1987. Hear no evil, see no evil, speak no evil: media restrictions and the state of emergency. (In: Moss, G. & Obrey, I. eds. 1987. *South African Review* 4. Johannesburg: Raven. p. 199-214).
- Atwater, T., Salwen, M.B. & Anderson, R.B. 1985. Interpersonal discussion as a potential barrier to agenda-setting. *Newspaper Research Journal*, 6:37-43.
- Ball-Rokeach, S.J. & De Fleur, M.L. 1976. A dependency model of mass media effects. *Communication Research*, 3(1):3-21.
- Ball-Rokeach, S.J. 1985. The origins of individual media-system dependency: a sociological framework. *Communication Research*, 12(4):485-510.

- Barrell, H. 1990. *MK: the ANC's armed struggle*. London: Penguin.
- Bassiouni, C.M. 1982. Media coverage of terrorism: the law and the public. *Journal of Communication*, 32(2):120-143.
- Battersby, J.D. 1987. Sanctions: a war of attrition. *Africa Report*, 32(10):4-10.
- Becker, L.B. 1991. Reflecting on metaphors. (In: Anderson, J.A. ed. 1988. *Communication Yearbook 14*. Newbury Park, CA: Sage. p.341-346).
- Behr, R.L. & Iyengar, S. 1985. Television news, real-world cues, and changes in the public agenda. *Public Opinion Quarterly*, 49:38-57.
- Beniger, J.R. 1978. Media content as social indicators: the greenfield index of agenda-setting. *Communication Research*, 5(4):437-543.
- Benjamin, A. 1987. The State versus the Star. *The Star 100 years of newspapering*. 1987-10-16:71-73.
- Benton, M. & Frazier, P.J. 1976. The agenda setting function of the mass media at three levels of "information holding". *Communication Research*, 3(3):261-273.
- Berger, A.A. 1991. *Media research techniques*. London: Sage.
- Berger, A.A. 1993. *Media analysis techniques*. London: Sage.
- Berkowitz, D. 1987. The News sources and news channels: a study in agenda-building. *Journalism Quarterly*, 64(2):508-513.
- Bird, S.E. & Dardenne, R.W. 1988. Myth, chronicle and story: exploring the narrative qualities of news. (In: Carey, J.W. ed. 1988. *Media, myths and narratives: television and the press*. London: Sage. p.67-87).
- Black, E.R. 1982. *Politics and the news*. Toronto: Butterworth.
- Blaisse, M. 1992. Reporters' perspectives. (In: Paletz, D.L. & Schmid, A.P. eds. 1992. *Terrorism and the media*. London: Sage. p. 137-169).
- Booyse, W.J. 1987. Terrorism in South Africa. *Southern African Freedom Review*, 1(2):81-89.
- Booyse, W.J. 1988. The ANC and SACP alliance: the nationalist factor. *Southern African Freedom Review*, 2(2):1-13.
- Booyse, W.J. 1989. The united front strategy: the liberal dilemma. *South African Freedom Review*, 4(2):33-45.
- Breed, W. 1955. Social control in the news room. (In: Schramm, W. ed. 1960. *Mass communications*. Urbana, Chicago: University of Illinois Press. p.178-197).

- Brosius, H-B. & Kepplinger, H.M. 1990. The agenda-setting function of television news. *Communication Research*, 17(2):183-211.
- Brosius, H-B. & Kepplinger, H.M. 1992. Beyond agenda-setting: the influence of partisanship and television reporting on the electorate's voting intentions. *Journalism Quarterly*, 69(4):893-901.
- Budd, R.W., Throp, R.K. & Donohew, L. 1967. *Content analysis of communications*. New York: Macmillan.
- Bulger, P. 1989. ANC traitor feared execution: Broederstroom hit-squad mystery man speaks. *The Sunday Star*, 1989-11-12:1.
- Cargill, J. 1991a. Gathering of the faithful: "The Party" refuses to abandon its ideological attachments. *Finance Week*, 51(11):15 & 17, Dec. 12.
- Cargill, J. 1991b. Rollercoaster ride: ANC economic policy travels a difficult road. *Finance Week*, 51(10):22-23, Dec. 5.
- Cargill, J. 1992a. Boipatong to Bisho. *Finance Week*, 54(11):16. Sept.10.
- Cargill, J. 1992b. Policy pans out: a fresh and flexible tone from the ANC. *Finance Week*, 53(5):3-4, Apr. 30.
- Cassate, M. B. & Asante, M.K. 1979. *Mass communication: principles and practices*. New York: Macmillan.
- Chandler, N. 1989. Tears and salutes as freed ANC men visit trial. *The Star*, 1989-11-02:3.
- Cillié, P. 1990. Die bindende rol van die Nasionale Pers in die Suid-Afrikaanse omgewing. *Communicatio*, 16(2):9-13.
- Cillié, P.J. 1992. Pers en party. (In: Beukes, D.W. red. 1992. *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers: 1948-1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. p. 457-486).
- Clarke, J. 1987. *Like it was: The Star 100 years in Johannesburg*. Johannesburg: Argus Printing.
- Clarke, J. 1987. The newspaper which grew out of an anthill. *The Star 100 years of newspapering*, 1987-10-16:7-14.
- Clarke, P. & Fredin, E. 1978. Newspapers, television and political reasoning. *Public Opinion Quarterly*, 4(3):143-160.
- Cock, J. 1990. Enlarging the circle: a perspective on violence and rights. *Reality*, 22(6):16-20, Nov.
- Coetzee, J. 1991. SA houtinvoerders omseil sanksies al lank: nuwe ooreenkoms met Amerikaanse maatskappy. *Finansies & Tegniek*, 43(3):30, Okt.18.

Cook, F.L., Tyler, T.R., Goetz, E.G., Gordon, M.T., Protess, D., Leff, D.R. & Molotch, H.L. 1983. Media and agenda-setting: effects on the public, interest group leaders, policy makers, and policy. *Public Opinion Quarterly*, 47:16-35.

Cooper, T.W. 1991. Terrorism and perspectivist philosophy: understanding adversarial news coverage. (In: Alexander, Y. & Picard, G.P. eds. 1991. *The camera's eye: news coverage of terrorist events*. Washington: Brassey's. p. 11-29.)

Dearing, J.W. 1989. Setting the polling agenda for the issue of aids. *Public Opinion Quarterly*, 53:309-329.

De Beer, A.S. & Steyn, E.F. 1993. The National Party and the media: a special kind of symbiosis. (In: Louw, P.E. ed. 1993. *South African media policy* Bellville: Anthropos. p.204-226).

De Beer, A.S. 1982. *Joernalistiek vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

De Beer, A.S. 1986. Hot spot press: the case of South Africa. *World Media Report*, 1(2&3):25-33.

De Beer, A.S. 1988a. South Africa media-government relationships. *World Media Report*, 11(2):54-61.

De Beer, A.S. 1990. Terreursensuur: enkele teoretiese uitgangspunte en 'n blik op die Suid-Afrikaanse situasie. *Ecquid Novi*, 11(2):161-194.

De Beer, A.S. 1991. Mediahandves: ANC skryf met gesplete pen. *Word and Action*, 32(338):11-12.

De Beer, A.S. 1993a. Censorship of terror a struggle for freedom: a South African Case Study. *Journal of Communication Inquiry*, 17(2):36-51.

De Beer, A.S. 1993b. Mass communication in society. (In: De Beer, A.S. 1993. ed. *Mass media for the nineties: the South African handbook of mass communication*. Pretoria: Van Schaik. p.5-29).

De Beer, A.S. 1993c. Qualitive research in journalism: the quest for validity and objectivity. *Communicatio*, 19(1):80-87.

De Beer, A.S. 1994. Demokrasie en die media: voorwaardes en geleenthede vir 'n nuwe Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34(2):126-137.

Deeb, M. 1991a. Bold questions: the ANC and business. *Financial Mail*, 120(10):70-71, Jun. 7.

Deeb, M. 1991b. Falling on deaf ears: economic alternatives. *Financial Mail*, 122(5):93-94, Nov. 1.

DeFleur, M.L. & Ball-Rokeach, S.J. 1982. *Theories of mass communication*. New York: Longman.

- DeFleur, M.L. & Ball-Rokeach, S.J. 1989. *Theories of mass communication*. London: Longman.
- DeFleur, M.L. & Dennis, E. 1991. *Understanding mass communication*. Boston, MA: Houghton Mifflin Company.
- DeFleur, M.L. 1970. *Theories of mass communication*. New York: McKay.
- Demers, P.D., Craff, D., Choi, Y-H. & Pessin, B.M. 1989. Issue obtrusiveness and the agenda-setting effects of National Network News. *Communication Research*, 16(6):793-812.
- De Villiers, D.G. 1992. Die Beeld. (In: Beukes, D.W. red. 1992. *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers: 1948-1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. p.220-254).
- De Villiers, T. 1994. ANC-grondplanne neem vorm aan: die African National Congress se amptelike grondbeleid ... begin nou vorm aanneem. *Finansies & Tegniek*, 46(4):41, Jan. 28.
- De Wet, J.C. 1994. Nonviolent resistance as a strategy of agitation - impending or promoting unity through communication in South Africa. *Communicare*, 12(2):36-43.
- Diederichs, P. 1993. Newspapers: the fourth estate - a cornerstone of democracy. (In: De Beer, A.S. red. 1993. *Mass media for the nineties: The South African handbook of mass communication*. Pretoria: Van Schaik. p. 71-98).
- Dominick, J. 1977. Geographic bias in network TV news. *Journal of Communication*, 27(4): 94-99.
- Domisse, E. 1980. Afrikaans en English press: the case of the goose and the gander. *Ecquid Novi*, 1(2):118-127.
- Dowling, R.E. 1986. Terrorism and the media: a rhetorical genre. *Journal of Communication*, 36(1):12-24.
- Du Toit, P. 1994. The philosophy and methodology of nonviolent action. *Africanus*, 24(2):40-57.
- Eaton, H. 1989. Agenda-setting with bi-weekly data on content of three national media. *Journalism Quarterly*, 66(4):942-958.
- Ebersohn, W. 1987. Ring of fire. *Leadership*, 6(1):38-42.
